# Hermeneutiek van kerkreg toegepas op die kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

**RJ Jones**
**orcid.org/0000-0003-4629-2769**

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad *Philosophiae Doctor* in *Kerkreg* aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof J Smit

Gradeplegtigheid: Mei 2024

# VOORWOORD

Die afhandeling van ‘n studie soos hierdie bring mens by die punt waar jy jou afhanklikheid van God besef omdat Hy die een is wat ’n mens mét al jou tekortkominge roep om in sy diens te staan en daagliks die krag en genade gee om hierdie roeping uit te leef. Verskeie persone vorm deel van ‘n mens se lewenspad en speel ‘n geweldige groot rol in jou vorming. Dit is onmoontlik om almal op te noem wat oor jare heen ‘n aandeel daarin gehad het. Tog wil ek graag die volgende persone uitlig wat ‘n reuse aandeel gehad het in my vorming en my deurgaans ondersteun het tydens hierdie studie:

- Aan my vrou Elize dankie vir die liefde en ondersteuning en dat jy elke keer geluister het wanneer ek met groot opgewondenheid ‘n nuwe ontdekking gemaak en met jou kom deel het.
- Dankie aan my kinders Robert en Christien vir wie dit soms moeilik was om te verstaan dat daar nie nóu tyd is om iets saam met julle te doen nie, omdat ek besig is met ‘universiteit huiswerk’. Dankie ook vir julle opgewondenheid toe hierdie proefskrif voltooi is.
- Dankie aan my ouers en broer vir die ondersteuning van julle kant af.
- Professor Johannes Smit, dankie vir jou leiding en dat jy bereid was om ‘n Hervomer te akkommodeer.
- Dankie aan kollegas wat dikwels verneem het na my vordering, spesifiek dr Barry van Wyk. Baie dankie vir soveel gesprekke en saam dink oor die kerkreg en kerkorde, nie net tydens die tydperk van hierdie studie nie, maar vir etlike jare voor dit alreeds. Jy het by my ‘n liefde gekweek vir die kerkreg. Die entoesiasme en passie waarmee jy dit beoefen is aansteeklik.
- Dank is ook verskuldig aan die Nederduitsch Hervomde Kerk gemeente Villieria wat aan my die ruimte gun om my roeping uit te leef en met hierdie studie besig te kon wees.
- Dankie aan die Noordwes-Universiteit vir finansiële steun in die vorm van ‘n studiebeurs.

Kerkelijk denken, voorwaarde voor kerkorde
(Dr Oepke Noordmans)

## ABSTRACT

**Hermeunetics of Church Polity applied to the Church Order of the Netherdutch Reformed Church of Africa**

The purpose of this study was to show that hermeunetics of church polity is of the utmost importance in the interpretation and application of a church order. The necessity of this study is due to the absence of hermeunetics of church polity with many users of a church order. This results in the wrong interpretation and application of a church order.

Hermeunetics of church order requires certain hermeunetic principles which are necessary for the forming of such hermeunetics from which a church order can be implemented and applied.

An overview is given of the development of hermeunetics as a science. The purpose of this is to see how the various principles of Hermeunetics bear relation to the hermeunetics of church polity. Various historical church orders were discussed in order to see if these documents had an infulence on the Church Order of the Netherdutch Reformed Church of Africa (NRCA).

An hermeunetical principle which is essential to the understanding of a church order is the relation it has with the Bible and the church' creed. This relationship was shown in such that the church order can be seen as an extension of the church' creed, without being given the same authority to the Church Order as to the Bible and creed.

The implementation of the NRCA's Church Order is based on a resolution of it's general assembly. This gives the Church Order a certain authority, again not equal to that of the Bible and creed.

The results obtained from this study were then applied to the Church Order of the NRCA. This was done by posting the uniqueness of various principles of church polity as well as regulations from the Church Order against the background that a unique approach and way of thinking is required when acting in the church.

## OPSOMMING

### Hermeneutiek van kerkreg toegepas op die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Hierdie studie het ten doel gehad om aan te toon dat ‘n hermeneutiek van kerkreg wesenlik van belang is vir die interpretasie en toepassing van ’n kerkorde. Die noodsaaklikheid vir hierdie studie lê teen die agtergrond dat ’n hermeneutiek van Kerkreg by baie gebruikers van die kerkorde ontbreek, en daarom ‘n verkeerde interpretasie en toepassing daarvan tot gevolg het.

’n Hermeneutiek van Kerkreg vereis sekere hermeneutiese beginsels wat noodsaaklik is vir die vorming van sodanige hermeneutiek van waaruit ‘n kerkorde geïnterpreteer en toegepas word.

‘n Oorsig is gegee van die ontwikkeling van hermeneutiek as wetenskap. Die doel hiermee was om die beginsels van hermeneutiek in verband te bring met ‘n hermeneutiek van kerkreg. Omdat hierdie studie se doel was om die hermeneutiek van Kerkreg toe te pas op die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), is verskeie historiese kerkordes bespreek. Die rede hiervoor is om die historiese ontwikkeling aan te toon waaruit die Kerkorde van die NHKA ontstaan het.

‘n Hermeneutiese beginsel waarsonder ‘n kerkorde nie kan betsaan nie, is die verband wat dit het met die Skrif en kerklike belydenis. Hierdie verband is duidelik verdiskonteer ten einde aan te toon dat die Kerkorde, sonder om die gesag daarvan gelyk te stel aan dié van die Skrif of belydenis, in die verlengstuk daarvan lê.

Alhoewel die Kerkorde van die NHKA die produk is van teologiese besinning, word dit in die Kerk geïmplementeer op grond van ‘n sinodale besluit. Sodanige besluit verleen ‘n bepaalde gesag aan die Kerkorde wat uiteraard ondergeskik is aan dié van die Skrif en belydenis.

Die resultate wat verkry is uit bogenoemde word dan toegepas op die Kerkorde van die NHKA. Hierdie toepassing vind plaas deur die eiesoortigheid van verskeie kerkregtelike beginsels en kerkordelike reëlings uit te lig teen die agtergrond dat kerklike optrede ‘n eie unieke benadering en denkwyse vereis.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Titel en sleutelwoorde | 1 |
| 1.1.1 | Titel | 1 |
| 1.1.2 | Sleutelwoorde/Key words | 1 |
| 1.2 | Inleiding | 1 |
| 1.3 | Agtergrond en probleemstelling | 12 |
| 1.3.1 | Agtergrond | 12 |
| 1.3.2 | Probleemstelling | 13 |
| 1.3.3 | Voorlopige literatuuroorsig en kontekstualisering | 15 |
| 1.3.4 | Stand van huidige navorsing | 16 |
| 1.3.5 | Bydrae wat die studie lewer | 16 |
| 1.4 | Navorsingsvraag, doel en doelwitte | 17 |
| 1.4.1 | Navorsingsvraag | 17 |
| 1.4.2 | Navorsingsdoel en doelwitte | 20 |
| 1.4.2.1 | Doel | 20 |
| 1.4.2.2 | Doelwitte | 20 |
| 1.5 | Sentrale teoretiese argument | 21 |
| 1.6 | Navorsingsmetodologie | 21 |
| 1.6.1 | Metodologie | 21 |
| 1.6.2 | Navorsingsontwerp | 23 |
| 1.6.3 | Navorsingsmetodes | 23 |
| 1.6.3.1 | Navorsingskonteks | 23 |
| 1.6.3.2 | Metode van dataversameling | 23 |

## HOOFSTUK 2

## DIE NOODSAAKLIKHEID VAN ’n KERKORDELIKE HERMENEUTIEK


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding | 24 |
| 2.2 | Die wetenskap van hermeneutiek | 25 |
| 2.3 | Hermeneutiek en die Kerkorde | 30 |
| 2.4 | Hermeneutiese velde bydraend tot die vorming van ’n hermeneutiek van kerkreg | 37 |
| 2.4.1 | Litirêre/taalkundige hermeneutiek | 37 |
| 2.4.2 | Strukturele hermeneutiek | 39 |
| 2.4.3 | Historiese hermeneutiek | 41 |
| 2.4.4 | Sistematiese hermeneutiek | 43 |
| 2.4.5 | Teologiese hermeneutiek | 47 |
| 2.5 | Hermeneutiek van Kerkreg | 48 |
| 2.6 | Karl Barth se beskouing van die kerklike orde | 50 |
| 2.7 | *Hermeneutiek van Kerkreg* en *Kerkordelike hermeneutiek* | 61 |
| 2.8 | Samevattend | 64 |


## HOOFSTUK 3

## HISTORIESE AGTERGROND VAN KERKORDES


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding | 67 |
| 3.2 | Kerkorde – historiese ontwikkeling | 68 |
| 3.2.1 | Martin Luther (1483 – 1546) | 68 |
| 3.2.2 | Johannes Calvyn (1509 – 1564) | 72 |
| 3.2.3 | Discipline Ecclésiastique 1559 | 77 |
| 3.2.4 | Konvent van Wezel 1568 | 79 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.2.5 | Die nasionale sinode van Emden 1571 | 83 |
| 3.2.6 | Provinsiale sinode van Holland en Zeeland te Dordrecht 1574 | 90 |
| 3.2.7 | Die nasionale sinode van Dordrecht 1578 | 95 |
| 3.2.8 | Die sinode van Middelburg 1581 | 99 |
| 3.2.9 | Die nasionale sinode van Den Haag 1586 | 104 |
| 3.2.10 | Die nasionale sinode van Dordrecht 1618 – 1619 | 106 |
| 3.2.11 | Algemeen Reglement 1816 | 110 |
| 3.2.12 | Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk | 117 |
| 3.2.13 | De Mist se *Kerken-Ordre* 1804 | 128 |
| 3.2.14 | Kerkwet en Bepalings van die NHKA 1951 | 133 |
| 3.2.15 | Die Kerkorde van die NHKA 1997 | 139 |
| 3.2.16 | Die Kerkorde van die NHKA 2016 | 140 |
| 3.3 | Histories kerkregtelike tradisie van die NHKA se Kerkorde | 149 |
| 3.3.1 | Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip | 149 |
| 3.3.2 | Belydenis en kerk | 150 |
| 3.3.3 | Besondere ampte en ampsdraers | 151 |
| 3.3.4 | Vergaderings van die ampte | 155 |
| 3.3.5 | Erediens | 158 |
| 3.3.6 | Kerklike dissipline | 159 |
| 3.3.7 | Kerkorde | 163 |
| 3.3.8 | Ontwikkeling op kerkregtelike gebied na die sinode van Dordt 1618 – 1619 | 164 |
| 3.4 | Kerkreg – Hervormd of Gereformeerd | 166 |
| 3.5 | Gevolgtrekking | 169 |

## HOOFSTUK 4

## DIE VERHOUDING: SKRIF, BELYDENIS, KERKLIKE ORDE


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Die Skrif as bron vir die kerkorde | 171 |
| 4.2 | Skriftuurlike kerkorde | 184 |
| 4.3 | Liturgiese geskrifte | 188 |
| 4.4 | Teologiese norm by die aanvaarding van ’n kerkorde | 190 |
| 4.5 | Gesag van die kerkorde | 200 |
| 4.6 | Kerkorde as vergestalting van ‘n bepaalde ekklesiologie | 202 |
| 4.7 | Eiesoortigheid van die kerkorde | 208 |
| 4.8 | Samevattend | 210 |


## HOOFSTUK 5

## HERMENEUTIEK VAN KERKREG TOEGEPAS OP DIE KERKORDE VAN DIE NHKA


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Grondbeginsels van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip | 211 |
| 5.1.1 | Jesus Christus as Hoof van die kerk | 211 |
| 5.1.2 | Kerkregering teenoor kerkbestuur | 217 |
| 5.1.3 | Ampte – *Officium* of *ministerium*? | 221 |
| 5.1.4 | Stemming tydens kerklike vergaderings – noodmaatreël of demokrasie? | 226 |
| 5.1.5 | Plaaslike gemeente | 231 |
| 5.1.6 | Skeiding tussen kerk en staat | 235 |
| 5.1.7 | Kerkorde teenoor konstitusie | 239 |
| 5.1.8 | Beroepsbrief teenoor kontrak | 242 |
| 5.1.9 | Anti-hiërargiese- en rotasiebeginsel | 249 |
| 5.1.10 | Broederlike gesprek teenoor die beroep op ’n wêreldlike hof | 256 |

# HOOFSTUK 6
# SLOTOPMERKINGS

# BIBLIOGRAFIE

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

## 1.1 TITEL EN SLEUTELWOORDE

### 1.1.1 Titel

Hermeneutiek van Kerkreg toegepas op die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

### 1.1.2 Sleutelwoorde/ Key words

**Sleutelterme:** Hermeneutiek van kerkreg, Kerkreg, Kerkordelike hermeneutiek, Kerkorde,[1] Skriftuurlike kerkorde, Algemene Kerkvergadering, Sinodebesluit, Diensformuliere, Usansie, Histories kerkregtelik, Jesus Christus as Hoof van die kerk, Plaaslike kerk, Beroepsbrief.

**Keywords:** Hermeunetics of church polity, Church polity, Hermeunetics of a church order, Church Order, Biblical church order, General Synod, Resolution of the synod, Formulary of the church, Usance, Historical church polity, Jesus Christ as Head of the church, Local church, Letter of calling.

## 1.2 Inleiding

Hierdie studie het ten doel gehad om aan te toon dat ‘n hermeneutiek van kerkreg wesenlik van belang is vir die interpretasie en toepassing van ‘n kerkorde. Die noodsaaklikheid vir hierdie studie lê teen die agtergrond dat ‘n hermeneutiek van Kerkreg by baie gebruikers van die kerkorde ontbreek, en daarom ‘n verkeerde interpretasie en toepassing daarvan tot gevolg het.

---

[1] In hierdie studie word die woord kerkorde afwisselend met ‘n hoofletter en en kleinletter gespel. In die geval waar dit met ‘n kleinletter gespel word, dui dit op ’n kerkorde in die algemene sin van die woord. Wanneer dit egter met ‘n hoofletter gespel word dui dit spesifiek op die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA).

‘n Hermeneutiek van Kerkreg vereis sekere hermeneutiese beginsels wat noodsaaklik is vir die vorming van sodanige hermeneutiek van waaruit ‘n kerkorde geïnterpreteer en toegepas word.

Met die oog op hierdie studie word die sleutelterme soos volg gedefinieer:

- *Hermeneutiek van Kerkreg*

Hermeneutiek is die wetenskap wat verband hou met die metode van verstaan en interpretasie van geskrewe en gesproke taal. Hermeneutiek het as wetenskap ontwikkel in die laat 18de tot vroeë 19de eeu. Friedrich Schleiermacher (1768-1834) word gesien as die vader van die hermeneutiek as wetenskap. Wilhelm Dilthey (1833-1911) se bydrae tot hermeneutiek het bygedra tot die verdere ontwikkeling daarvan en vestiging as wetenskap.

Die beginsels wat neergelê is in hermeneutiek as wetenskap, dien ook as hulpmiddel vir die vorming van ’n hermeneutiek van kerkreg en toepassing op die hermeneutiek van kerkreg. Die verband tussen hermeneutiek van kerkreg en die interpretasie van kerkordelike maatreëls word deur Van de Beek (1988:60) soos volg beskryf: “Bij fundamentele artikelen die te maken hebben met de eigen aard van de traditie van de kerk, kan de discussie over de interpretatie van een artikel of zinsnede zeer gecompliseerd zijn. Bij andere artikelen kan deze vaak veel eenvoudiger verlopen. Maar in wezen behoeft elk artikel interpretatie en is er dus discussie over moegelijk. De regles voor deze discussie probeert de hermeneutiek formuleren.”

- *Kerkreg*

Kerkreg is die teologiese dissipline wat homself besig hou met die studie van kerkreg. Bakker (1988:13) beskryf kerkreg soos volg: “By ‘kerkrecht’ denkt men meestal aan het geheel van de voorschriften en bepalingen waarmee kerken haar organisatie en werkzaamheden, alsook haar betrekkenningen naar buiten, trachten te regelen… Dit betekent dat zij zich niet alleen afvraagt, hoe de kerk is ingericht, maar ook en vooral, hoe zij behoort te worden ingericht... Anders gezegd: het kerkrecht wortelt in de ecclesiologie, de leer aangaande de kerk.”

Wat betref die relevansie van kerkreg en dat kerkreg uiters genuanseerd is, bevestig Van Wyk (2018:1) met die volgende stelling: "In dié verband kan 'n mens nie anders as om te verwys na die historiese aanloop van kerkreg sedert die Hervorming nie, maar ook te wys op die genuanseerde betekenis van kerkreg en kerkorde met verwysing na bepaalde prinsipiële vertrekpunte."

- *Kerkordelike hermeneutiek*

Hierbo is verwys na die hermeneutiek van kerkreg. Afwisselend daarmee sal die begrip kerkordelike hermeneutiek ook gebruik word. Eersgenoemde verwys na die hermeneutiek wat van toepassing is op die kerkreg as teologiese dissipline. Kerkordelike hermeneutiek is meer afgebaken en dui op die resultate van 'n hermeneutiek van kerkreg wat toegepas is op die kerkorde in die besonder.

- *Kerkorde*

Die kerkorde is die dokument wat kerkordelike maatreëls bevat as neerslag van ekklesiologiese denke op grond van die Skrif. Die benaming Kerkorde (*Kerkenordening*) dateer uit 1581 tydens die Sinode van Middelburg. Tydens die sinode te 's Gravenhage in 1586 is 'n gedeelte bygevoeg om te lees *Kerckenordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken.* Die Sinode van Dordrecht het egter weer die gedeelte wat in 1586 bygevoeg is weggelaat (vgl Jansen 1937 [1952]:7).

Dingemans (1988:207) beskryf kerkorde soos volg:

> Een kerkorde is gestructureerde en in praktijk gebrachte theologie. Of nog preciezer gezegd: een kerkorde is een in rechtsregels vertaalde ecclesiologie. Wat een kerkgemeenschap denkt over haar eigen wezen en gestalte, over haar positie in de wereld, haar vormgeving en inrichting, wordt in een kerkorde vertaald in rechtsregels, die gelden voor het functioneren van die gemeenschap.
>
> (Dingemans 1988:207)

- *Skriftuurlike kerkorde*

Die Bybel vorm die norm vir die kerk en daarom ook van die kerkorde wanneer 'n kerk die orde in die kerk wil handhaaf.

Dit beteken nie dat elke maatreël in die kerkorde deur 'n betrokke bybelvers ondersteun of gestaaf behoort te word nie. Daar is in die Skrif ook geen uitgewerkte kerkorde te vinde nie (vgl. Smit 1984:58-62). Tog is sekere riglyne duidelik afleibaar uit die Skrif vir die regering van die kerk en daarom ook vir gebruik van 'n kerkorde. Bronkhorst (1947:13-14) stel die saak soos volg:

> Wanneer wij ons dus beperken tot de vraag of en zoo ja in hoeverre het juist is, dat het NT ons geen voldoende gegevens voor de afleiding eener kerkorde schenkt, zoodat meerdere systemen van kerkorganisatie zich met gelijk recht schriftuurlijk zouden mogennoemen, zal het allereerst noodig zijn, dat wij ons rekenschap geven van den inhoud der Bijbelsche gegevens betreffende de kerkorde.
>
> (Bronkhorst 1947:13-14)

Van Wyk (2004:91) verwys soos volg hierna: 'n Skriftuurlike beroep is nie 'n reglynige afleiding uit die Skrif nie, maar geskied aan die hand van verantwoordelike Skrifgebruik wat daarop bestem is om *praesentia realis Christi* deur Woord en Gees te realiseer. Daarmee is ook die uitgangspunt van 'n kerklike orde in die Reformatoriese kerkreg aangedui, naamlik dat die kerkorde deur die Skrif en belydenis genormeer is, en uit dié rigting in die kerklike lewe of praktyk van toepassing gemaak word.

Met die verwysing na die verband tussen die Skrif en kerkorde, wat dui op 'n Skriftuurlike kerkorde, maak Noordmans (1984:444) die volgende belangrike uitspraak:

> Dat die binding verschillend kan worden geïnterpreteerd, is al opgemerkt. Mits de eis van kerkelijk denken, dat er verband is tussen belijdenis en

> organisatie, worde vastgehouden. Ik heb vroeger geschreven dat de kerkorde niet met dezelfde geestelijke macht uit de Schrift wordt afgeleid als het *sola fidei.* Maar de afleiding uit de bijbel dient vastgehouden.
>
> (Noordmans 1984:444)

Deur ’n kerkorde te gebruik los van die Skrif, word dit gelyk gestel aan ’n konstitusie of grondwet van ’n sosiale vereniging, iets wat die kerk beslis nie is nie!

Coertzen (1991:177-178) begrond die verhouding tussen Skrif en kerkorde in die feit dat God self die orde en reg vir sy kerk in die Skrif weergee. Hy stel dit soos volg:

> Die unieke van die orde/reg in die kerk bestaan enersyds in die feit dat die kerk as sodanig die skepping van God Drie-enig is, maar andersyds ook in die feit dat God self die reg/orde vir Sy kerk in Sy Woord gegee het... Langs teologies verantwoorde weë moet die kerk (kerkregtelik) luister na wat God se reg vir die kerk is en dit moet dan in ’n kerkorde wat in die betrokke kerk geld, verwoord word.
>
> (Coertzen 1991:177-178)

Hierby sluit Koffeman (2009:16) aan met die volgende stelling: “Alleen in een voortdurend luisteren naar de Schrift kan de gemeente zich daarbij laten bepalen.”

Die verband tussen Skrif en kerkorde word in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika duidelik aangetoon in Ordereël 10.5 van die Kerkorde: “In noodsituasies waarvoor die Kerkorde nie voorsiening maak nie, neem vergaderings van ampte, ampsdraers en lidmate besluite op grond van die Skrif, in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk, getrou aan die Kerkorde en met inagneming van die gebruike van die kerk (reg van usansie).

- *Algemene Kerkvergadering*

Die Algemene Kerkvergadering is die algemene sinodale vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat driejaarliks plaasvind. Dié vergadering neem besluite oor die leer en belydenis, liturgie, asook vasstelling en uitvoering van die Kerkorde. Die besluite van dié vergadering is bindende besluite namens alle gemeentes, ampsdraers en lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die Algemene Kerkvergadering tree ook op as bykomende vergadering wanneer 'n beroep gedoen word teen 'n bevinding van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (NHKA Kerkorde, Ordinansie 4.4.3 (i) - (iii)).

Die Algemene Kerkvergadering kan ook in 'n buitengewone sitting byeenkom. Sodanige sitting is 'n voortsetting van die vorige vergadering en word saamgestel uit die afgevaardigdes na die vorige vergadering. Ander ampsdraers kan as plaasvervangers na die vergadering afgevaardig word per geloofsbrief. Die geloofsbrief moet vergesel word van 'n skrywe van die betrokke kerkraad(e) wat die verandering van afgevaardigde motiveer (NHKA Kerkorde, Ordinansie 4.5).

- *Sinodebesluit*

Hier word verwys na besluite wat geneem word deur die Algemene Kerkvergadering. Sodanige besluite is bindend namens alle gemeentes, ampsdraers en lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA Kerkorde, Ordinansie 4.4.3 (i)).

Die aanhef tot Ordereël 10 van die Kerkorde verwoord iets van die verhouding tussen die kerkorde en sinodebesluite: “Die Algemene Kerkvergadering formuleer en aanvaar ordereëls en ordinansies ter wille van die doeltreffende vervulling van die roeping van die Kerk.

- *Diensformuliere*

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika beskryf diensformuliere in Ordereël 1.3.4 as uitdrukking van die Kerk se geloof. In verskeie ordinansies van die Kerkorde word duidelik gestel dat formuliere in eredienste gebruik word en dat die toepaslike formulier gebruik sal word vir bepaalde geleenthede soos byvoorbeeld die bevestiging van

ampsdraers, nagmaal, doop, huwelik, afneem van geloofsbelydenis en die ban. Dit word dus in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika belangrik geag dat die geloof wat dié kerk bely ook duidelik neerslag vind in bepaalde eredienste met die gebruik van die betrokke formulier. Die gebruik van formuliere is vir die NHKA ook ’n middel waardeur die gemeente onderrig word en lidmate ook opgeroep word tot deelname (vgl Beukes 2004:34).

In die Diensboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verskyn verskeie diensformuliere (NHKA 2008:40-119) vir gebruik in die Kerk, wat deel uitmaak van die kerk se liturgiese dokumente. Hierdie formuliere word, alvorens dit in gebruik geneem word, eers goedgekeur deur die Algemene Kerkvergadering. Goedkeuring van formuliere geskied dus by wyse van ’n sinodebesluit, wat na my mening aan diensformuliere ’n bepaalde gesag verleen.

Pont (1993:3) definieer ’n formulier as: “...’n amptelike uiteensetting en onderwysing ten opsigte van die instellings en betekenis van bepaalde handelinge in die erediens.” Beukes (2004:31) voer aan dat die Reformatore se doel met formuliere nie was om lidmate te bind aan die kerklike dogma nie, maar eerder aan die Woord van God en aan God self. Hy beskryf die doel van formuliere verder deur te stel dat dit gelowiges ook toerus vir hulle dienswerk in die wêreld. Daarom het formuliere afgesien van die didaktiese doel ook ’n pastorale doel. Beukes (2004:34) brei Pont se definisie van ’n formulier verder uit en definieer dit as: “’n Amptelike uiteensetting en onderwysing ten opsigte van ’n bepaalde handeling in die erediens met die oog op aktiewe deelname en eenheid.”

- *Usansie*

Besluite in die kerk kan ook geneem word op grond van gebruike in die kerk. Sodanige besluitneming staan bekend as die reg van usansie. Natuurlik vind hierdie wyse van besluitneming ook nie plaas in isolasie van die Skrif en kerklike belydenis nie, maar is dit ook ingebed binne die riglyne van die Skrif en gegrond op ’n ekklesiologie as die vergestalting van ’n bepaalde Skrifverstaan.

Die begrip usansie kom voor in die kerkorde van die NHKA in Ordereël 4.1 (ii) (NHKA 2016: 42) en Ordereël 10.5 (NHKA 2016:98). Dit hou verband met besluitneming van die

vergaderings van die ampte waar die kerkorde hom nie duidelik uitspreek oor ’n bepaalde saak nie. Hieruit is dit baie duidelik dat ’n sekere hermeneutiek nodig is wanneer die kerkorde gebruik word om leiding te gee. Ook in Ordinansie 8.7 (v) (NHKA 2016:88) word verwys na usansie waar dit verband hou met die aanhoor van ’n klag. Die reg van usansie beteken dat sekere kerkordelike gebruike wat oor jare heen gevestig geraak het in die kerk kan dien as kerkordelike riglyne vir die kerk in sy besluitneming, sonder dat daardie gebruike amptelik as kerkordelike maatreëls gestalte kry in ’n kerkorde. Hierdie gebruik maak deel uit van ’n hermeneutiek van kerkreg op grond waarvan die kerkorde gebruik en toegepas word.

- *Histories-kerkregtelik*

Uiteraard het die kerkreg wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika beoefen word ’n historiese verloop wat in ag geneem behoort te word wanneer die kerkreg beoefen word.

Pont (1981:3) voer aan dat die beginpunt van die kerklike orde vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika lê by die convent van Wezel 1568 en dat daar by hierdie convent reeds ’n redelik gevestigde kerkordelike tradisie bestaan het. Die kerkordelike denke wat neerslag gevind het in die Londonse Kerkorde (1554), Ordonances Ecclésiastiques (1541/61), Discipline Ecclésiastique (1559) asook die kerkordelike besluite wat geneem is in die Waalse of Franssprekende gemeentes vanaf 1563-1566, is volgens Pont (1981:3-4) ook noodsaaklik vir die evaluering van die genoemde kerkordelike tradisie. Tydens die convent van Wezel (1568) kom ’n ontwerp kerkorde tot stand. In 1571 vind die eerste nasionale sinode plaas te Emden. Vanaf 1571 loop ’n bepaalde kerkordelike tradisie tot by die sinode van Dordrecht (1618-1619). Die sinode van Dordrecht gee die klassieke kerkordelike formulerings binne die Nederlandse konteks weer wat in die sestiende eeu ontstaan het.

Die presbiteriaal-sinodale vorm van kerkregering spruit uit die denke van Calvyn wat begin neerslag vind het in die kerkordes wat hierbo genoem is.

In 1816 tree die kollegiale kerkreg na vore wat ’n kerkordelike lyn is wat parallel loop met dié van die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel. Hierdie ontwikkeling het ook ’n

invloed gehad op die kerkregtelike tradisie in hierdie stadium in Suid Afrika. Dit vorm die grondslag vir die eerste kerkwet wat in Suid Afrika tot stand kom in 1824, naamlik die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid Afrika.* Die reglement van 1824 asook dié van 1862 wat in die Voortrekkerkerk gebruik is het die kerkordelike strukturering van die NHKA gebly totdat die NHKA in 1950 ’n nuwe kerkwet opstel in navolging van die Nederlandse Hervormde Kerk. Die kerkwet van 1950 reduseer die administratief-bestuurlike element van die kollegiale stelsel sodat die presbiteriaal-sinodale stelsel uitgebou kan word in die NHKA (vgl Pont 1981:3-5).

Vanaf die aanvaarding van die Algemeen Reglement op 7 Januarie 1816 en die Nederlandse Hervormde kerkorde op 7 Desember 1950 en die implementering daarvan 1 Mei 1951, is daar bykans geen kerkregtelike ontwikkeling in Nederland nie. Die NHKA aanvaar ook in 1951 ’n nuwe Kerkwet. Hierdie Kerkwet is geskoei op die nuwe Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk.

Die NHKA se kerkordelike denke is baie lank deur die kerklike reg bepaal soos wat dit in Nederland ontwikkel het.

- *Jesus Christus as Hoof van die kerk*

Dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, word binne die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel as ’n gegewe beskou. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verwoord hierdie belydenis ook in sy kerkorde in die aanhef tot Ordereël 5 waar dit duidelik gestel word: “Jesus Christus is die Hoof van die kerk” (NHKA 2016:42). Jesus Christus se Hoofskap van die kerk dien as die fondament waarop enige kerkregtelike uitgangspunt gebaseer word. Van Wyk (2018:2) maak die opmerking dat die Hoofskap van Jesus Christus ’n uiters belangrike uitgangspunt verwoord in die kerkordes van reformatoriese oorsprong. Hierdie uitganspunt dien nie net die kerkreg nie, maar ook die kerk as skriftuurlike uitgangspunt soos verwoord in Effesiërs 1:22-23.

Hier kan kennis geneem word van verskeie eksegetiese opmerkings van Van Wyk (2015:140-158) uit die Efesiër- en Kolossensebrief oor Christus se hoofskap van die kerk ten einde aan te dui dat bybelse eksegese die basis van kerkordelike reëlings en begrippe vorm.

Die saak rondom die hoofskap van Jesus Christus word ook gevind in die belydenisskrifte van die kerk. Die Nederlandse Geloofsbelydenis maak melding hiervan (Artikel 27, 29, 30 en 31). Die saak word ook genoem in die Dordtse Leerreëls in deel 7 van hoofstuk 1.

In 'n antwoord van Bronkhorst (1947:204) op die vraag hoe Christus sy kerk regeer, verwys hy na Calvyn se antwoord hierop. Hy verwoord dit soos volg:

> Hoe regeert Christus dan Zijn Kerk? Calvijns leer — de corrrelatie van Woord en Geest — legt hier een nauwe verbinding tusschen een middellijke en een onmiddellijke relatie van Christus tot de Zijnen. Zij maakt het mogelijk eenerzijds van heerschappij van Christus te blijven spreken, zonder dat anderzijds het karakter van heerschappij van Christus in gevaar komt. In de wijze, waarop Calvijn de Christocratie weet uit te werken zijn het direct en het indirecte element met elkander verbonden.
>
> (Bronkhorst 1947:204)

Die uitgangspunt dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, is dus uiters belangrik vir die vorming en toepassing van 'n hermeneutiek van kerkreg (vgl Du Plooy 2012:4; Van de Beek 1988:62).

- *Plaaslike kerk*

Die saak rondom die plaaslike gemeente kom in die NHKA se kerkorde voor in die aanhef tot Ordereël 2. Hier word gestel dat 'n gemeente die plaaslike gestaltegewing is van die Kerk (NHKA 2016:5). Daar word in dieselfde aanhef vervolg deur die verhouding en eenheid van gemeentes onderling, maar ook die eenheid en verhouding tussen die plaaslike gemeente en die NHKA in sy geheel, te verwoord. Dit staan soos volg geformuleer: "Gemeentes binne 'n bepaalde gebied vorm 'n ring. 'n Ring gee gestalte aan die eenheid tussen gemeentes soos ringe onderling en gesamentlik aan die eenheid van die Kerk. 'n Gemeente handhaaf die eenheid van geloof, belydenis en liturgie met ander gemeentes van die Kerk." (NHKA 2016:5).

Hieruit blyk dit duidelik dat die plaaslike gemeente deel vorm van die groter kerk, maar ook selfstandig georganiseer is. Die plaaslike gemeente funksioneer selfstandig en kan selfstandig besluite neem oor sake wat die gemeente raak. Die gemeente kan egter nie besluite neem oor sake wat die belang van die breër kerk (NHKA) in die algemeen raak nie. Besluite oor belydenis, liturgie en kerklike orde word op sinodale vlak geneem (vgl Pont 1981:42).

In die lig daarvan dat die plaaslike gemeente selfstandig as kerk funksioneer maar tog nie die bevoegdheid het om oor alle sake te kan besluit nie word in kerkreg beskryf met die begrip *ecclesia completa ét incompleta.* Van den Heuvel (2004:17) verduidelik die begrip soos volg:

> Er bestaat tussen beide een organisch heen en weer. Wanneer er in de kerkorde over de kerk gesproken wordt, gaat het over de saamhorigheid van de gemeenten en wanneer er over de gemeenten gesproken wordt, kan dit niet zonder dat de samenhang met andere gemeenten en de meerdere vergaderingen in het oog gehouden wordt.
>
> (Van den Heuvel 2004:16-17)

- *Beroepsbrief*

’n Beroepsbrief is ’n dokument wat ’n dienaar van die Woord ontvang waarvolgens sy/haar roeping na ’n bepaalde werkruimte verwoord word. By wyse van die ondertekening van ’n beroepsbrief aanvaar die beroepene die beroep na die werkruimte, al dan nie.

Beroepsbriewe asook die samevatting van versorgingsvoordele wat daarmee saam gaan, vorm nie deel van die inhoud van die Kerkorde nie. Dit is onontbeerlik dat die kerkorde as deel van die beroepsproses wel kerkordelike maatreëls neerlê wat betref die beroepsbrief en versorgingsvoordele.

Die beroepsbrief dra wel ’n bepaalde gesag omdat die werkopdrag van die predikant in so ’n mate in Ordereël 3.4 (NHKA 2016:17) en Ordinansie 3.2.4.2 (iii) (NHKA 2016:26)

van die Kerkorde uiteengesit word dat dit die wesenlike van die werkopdrag aan dienaars van die Woord in die beroepsbrif uiteensit. Dit is interessant om daarop te let dat na die opgawe van versorgingsvoordele, die dokument wat die beroepsbrief vergesel, in Ordinansie 3.2.4.2 (iv) verwys word as ’n ooreenkoms tussen die beroepene en die beroepende kerkraad (NHKA 2016:26). Na die beroepsbrief self word nie verwys as ooreenkoms nie. Hierdie is ’n uiters belangrike onderskeid wat getref word wat in hierdie studie aangespreek gaan word.

## 1.3 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

### 1.3.1 Agtergrond

Die kerk kan nie anders nie as om voortdurend na die Woord van God te luister en dit as riglyn en maatstaf te gebruik wanneer besin word oor die orde in die kerk. ’n Kerkorde is daarom ’n eiesoortige dokument wat gelees word teen ’n bepaalde Bybelse en teologiese agtergrond. ’n Kerkorde word anders geïnterpreteer as ’n wet- of reëlboek. Die bedoeling van ’n kerkorde is nie juridies van aard nie, maar teologies, en wel in dié sin dat dit die orde in die kerk reël in gehoorsaamheid aan die Woord van God. Daarom vereis die interpretasie van ’n kerkorde ’n bepaalde hermeneutiek. Sonder genoemde hermeneutiek bestaan die moontlikheid dat ’n kerkorde verkeerd geïnterpreteer en aangewend kan word. So ’n verkeerde interpretasie en aanwending van ’n kerkorde kan die kerk onmeetlike skade berokken omdat die ekklesiologie van die kerk daaronder sal lei en ernstig daardeur beïnvloed of dalk skeefgetrek, kan word. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat kerkreg in die eerste plek gesien word as ’n teologiese wetenskap en tweedens dat die kerkorde ’n teologiese dokument is wat afgelei is uit die Skrif en kerklike belydenis sonder om daaraan dieselfde gesag te verleen as wat aan die Skrif (*norma normans*) en die belydenis (*normata normata*) toegeken word.

’n Kerkorde bly ’n produk van menslike handeling wat in goeie geloof tot stand gekom het op grond van ’n bepaalde verstaan van die Skrif en belydenis. Omdat dit steeds ’n menslike produk is, is dit ook feilbaar. Daarom moet ’n kerkorde voortdurend beoordeel word aan die hand van die Skrif en belydenis en wanneer dit blyk dat die kerk se werk

deur ordereëls of ordinansies gerem of ingeperk word, moet ’n wysiging in die betrokke deel van die kerkorde ondersoek word.

### 1.3.2 Probleemstelling

Die moontlikheid bestaan dat ’n kerkorde verkeerd geïnterpreteer en toegepas kan word omdat dit ’n dokument is wat ’n bepaalde hermeneutiek vereis van die gebruiker. Hierteen waarsku Coertzen (1991:178) pertinent wanneer hy die probleem soos volg opsom: “Daar is ongelukkig meermale bewys dat ’n kerkorde en die daaruitvloeiende kerkregering as blote ongeestelike bestuursvaardigheid gesien word sonder dat dit hoegenaamd bewys lewer dat Jesus Christus die Here en Hoof van sy kerk is.”

Tydens die herskrywingsproses van die NHKA se kerkorde gedurende 2013 tot 2016 is gedeeltes wat deur die herskrywingskomitee afgehandel is, aan groepe wat direk by die bepaalde gedeelte belang het, voorgelê vir kommentaar. Uit die kommentaar wat dan ontvang is en in gesprekke wat met die groepe gevoer is, het dit duidelik geword dat ’n kerkordelike hermeneutiek ontbreek by die grootste gedeelte van persone met wie gesprek gevoer is.

Dit het ook duidelik geword tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering in September 2016, waar die kerkorde voorgelê is vir goedkeuring, dat ’n kerkordelike hermeneutiek ontbreek in die debatte wat gevoer is. Die indruk is geskep dat die kerkorde vir sommige gebruikers slegs ’n handleiding is wat sake prakties reël. Die toets wat ’n Ordereël of Ordinansie[2] dan moet slaag alvorens dit in die kerkorde opgeneem kon word al dan nie,

[2] Die onderskeid tussen Ordereël en Ordinansie hou verband met die wyse waarop die Kerkorde van die NHKA saamgestel is. Dit is ingedeel in verskeie Ordereëls wat beskryf kan word as die verskillende hoofstukke waaruit die Kerkorde bestaan. Elke Ordereël word ingelei deur ‘n aanhef. Die essensie van die kerkregtelike beginsel wat in die betrokke Ordereël gestel word, word in die aanhef verwoord. Die Ordereël is ‘n uitbreiding van die aanhef. Die Ordinansie wat volg op die Ordereël is op sy beurt ‘n verdere uitbreiding van die Ordereël. In wese is die aanhef die verwoording van die kerklike orde, maar word uitgebrei deur Ordereëls en Ordinansies. Ordereëls dra meer gewig as Ordinansies. Dit word duidelik in die verskillende werkswyses op grond waarvan Ordereëls en Ordinansies gewysig word. Die Kerkorde bepaal in Ordereël 10.1 dat die voorstel tot wysiging van ‘n Ordereël minstens een jaar voor die Algemene Kerkvergadering ingedien word by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die voorstel tot wysiging word dan in die Kerk gesirkuleer ten einde geleentheid te bied om kommentaar te lewer. Sodanige kommentaar word dan opgeneem in die agenda van die Algemene Kerkvergadering. Die voorstel tot wysiging van die Ordereël word aanvaar met ‘n twee derde meerderheid waarna dit dan in die Kerkorde opgeneem word. Ordereël 10.2 bepaal die prosedure vir die wysiging van Ordinansies. ‘n Voorstel tot wysiging van ‘n

was volgens sommige of dit prakties uitvoerbaar sou wees in die tydsgees van die wêreld waarin die kerk hom tans bevind.

Dit het duidelik geword uit die aandag en tyd wat in kommentaar en debatte spandeer is aan byvoorbeeld die wysiging van die verlofreglement[3] vir predikante in vergelyking met die belydenis, dat eersgenoemde baie meer aandag en kommentaar ontlok het.

Sommige ampsdraers en lidmate is van mening dat die kerk se werk gerem word deur die kerkorde en dat die kerkorde die spreekwoordelike meulsteen om die nek is vir die kerk wanneer sake kerkordelik hanteer word. Sodra konflik in ringe en gemeentes ontstaan word die kerkorde egter baie gou geraadpleeg om sake 'volgens die kerkorde' te hanteer. By hierdie gedagte sluit Van Staden (2019:3) ook aan wanneer hy skryf:

> In die NHKA is dit nie ongewoon om te hoor hoe daar met groot stelligheid verklaar word: *Die Kerkorde is nie hier by ons nodig nie, want ons vertrou mekaar;* of: *Ons doen dinge op ons eie manier, en dit werk vir ons.* Maar soos klokslag wanneer verhoudings begin versuur, stof daardie einste kerkrade en individue flink hul (dikwels verouderde) Kerkordes af in 'n poging om hul eie belange te beskerm of om die teenparty oor die kole mee te haal. Om egter terugwerkend gebreke in prosedures te herstel of te ontkom aan die gevolge van slordige strukture en besluitnemingsprosesse, is meestal futiel. Groot skade word dan in die proses gely.
>
> (Van Staden 2019:3)

Daar bestaan dus ook 'n selektiewe gebruik van die kerkorde. So 'n gebruik van die kerkorde bevestig weereens die gebrek aan 'n kerkordelike hermeneutiek. By hierdie

Ordinansie word by wyse van 'n beskrywingspunt (voorstel) opgeneem in die agenda van die Algemene Kerkvergadering. Dit word aanvaar by wyse van 'n meerderheid van stem.

[3] Verskeie reglemente word in die NHKA gebruik om sekere sake te reël. Hier kan verwys word na die Reglement vir toelating en opleiding as predikant van die Kerk, Verlofreglement vir predikante en die Reglement vir die prosedure by die ondersoek na 'n klag (NHKA 2019: 96-118). Hierdie reglemente vorm nie deel van die Kerkorde as sodanig nie, maar dien as riglyn waarvolgens genoemde sake hanteer word.

bepaalde gebruikers van die kerkorde bestaan die gedagte dat die kerkorde die praktiese funksionering van die kerk rem, eerder as wat dit sou bydra tot uitvoering van die kerk se roeping. Kuyper (1898:11-12) merk op dat kerklike vryheid nooit bandelose vryheid is nie, maar eerder ’n vryheid wat gesetel is binne ’n raamwerk wat deur God daargestel is. Hy verwoord dit soos volg:

> Vrijheid is nooit bandelooze willekeur, maar het leven in het element, waarin God ons schiep; het beantwoorden aan het levensdoel, waartoe Hij ons bestemde. Een locomotief die van de rails afgaat is niet vrij, maar woelt vast in den grond en vernielt zichzelf. Een visch, ook al ligt hij ongebonden op het droge, is niet vrij; vrij maakt ge hem eerst, wanneer ge hem weergeeft aan het water, dat zijn levenselement is. Een boom, die vrij opgroeit, is niet een boom, die als de roos van Saron losraakt van den wortel, en nu een speelbal der winden wordt, maar die vastgeworteld in den grond, door niets belemmerd wordt om zijne volle kracht te ontplooien. Alles wat in strijd is met den aard van ons wezen, maakt ons onvrij. Alleen dan wanneer we al de ons geschonken gaven en talenten naar den Raad Gods kunnen ontwikkelen, dan zijn we waarlijk vrij.
>
> (Kuyper 1898:11-12)

In hierdie lig kan die kerkorde dus gesien word as die grense waarbinne die kerk se vryheid gedefinieer word. Belangrik is egter dat die beginsel van die kerklike orde as derde skakel in die ketting van Skrif (*norma normans*), belydenis (*norma normata*), kerklike orde, steeds gehandhaaf word. Daarom is die kerk se vryheid nooit bandeloos nie, maar gebind aan die bande Skrif en belydenis.

### 1.3.3 Voorlopige literatuuroorsig en kontekstualisering

Van die studies wat reeds gedoen is in dié verband kon daar niks gevind word wat die hermeneutiek van kerkreg toepas op die kerkorde van die NHKA nie. Die beginsels van kerkordelike hermeneutiek word wel uiteengesit deur Van de Beek (1988:63-64) en

Strauss (2010:22-25). Van Wyk (2018:2) verwys ook na die bruikbaarheid van hierdie uiteensetting van Van de Beek (vgl Du Plooy 2012:5-8). Van Wyk (2018:2-4) verwys ook in verskeie publikasies na die noodsaaklikheid van bepaalde hermeneutiek wat dien as agtergond waarteen die kerkorde geïnterpreteer en toegepas behoort te word en maak dit dan spesifiek ook van toepassing op die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Van Wyk 2018:4-7).

Die gaping wat na my mening bestaan is dat die kerkregtelike beginsels wat voorkom in die vorm van kerkordelike maatreëls, nog nie genoeg onder die hermeneutiese vergrootglas geplaas is ten einde die eiesoortigheid daarvan en onderskeid tussen die kerklike en wêreldlike karakter daarvan te identifiseer nie.

### 1.3.4 Stand van huidige navorsing

Du Plooy (2012:8) kom tot die slotsom dat daar oor die onderwerp van die hermeneutiek vir kerkreg nog nie genoegsaam gepubliseer is nie en dat daar ’n gaping is wat benut behoort te word. Hy merk die volgende op: “Die navorsing oor die hermeneutiek van kerkreg het aangetoon dat daar waarskynlik ’n leemte, oor die onderwerp bestaan omdat daar nog nie omvattend en sistematies hieroor geskryf is nie.” (Du Plooy 2012:8). Dit is egter nie slegs die feit dat daar nie veel navorsing oor die tema gedoen is wat ’n gaping laat nie, maar ook dat kerke nie werklik kennis neem en onder die indruk verkeer van die noodsaaklikheid van ’n hermeneutiek van die kerkreg nie. Hierdie gedagte verwoord Du Plooy (2012:8) soos volg: “Dit is my oortuiging dat dit van besondere belang is dat kerke en kerklike vergaderinge wat in die praktyk van die kerklike lewe daarmee werk ter wille van die opbou en die bediening van die kerke, ernstig sal kennis neem van die belang van ’n saak soos die hermeneutiek van kerkreg.”

### 1.3.5 Bydrae wat die studie lewer

Die doel van hierdie studie is om aan te toon dat ’n bepaalde eiesoortige hermeneutiek vereis word ten einde ’n kerkorde te interpreteer en toe te pas. Die ontbreking van so ’n hermeneutiek kan skade aanrig aan die kerk deurdat dit onder andere die orde en die eenheid in die kerk kan versteur. Die teendeel hiervan is egter ook waar, dat wanneer die

kerkorde reg aangewend en geïnterpreteer word vanuit sy eie hermeneutiek as eiesoortige dokument wat nie juridies van aard is nie, maar teologies, kan die kerk daarby baat.

’n Hermeneutiek van kerkreg wat toegepas word op ’n kerkorde bring verder ook mee dat die Woord dien as basis van die kerkorde en dat die kerkorde, sonder om die gesag daarvan gelyk te stel aan die Woord, as Skriftuurlike kerkorde in die verlengstuk lê van die Woord en die kerklike belydenis. Die Skrif dien as bron vir kerkregtelike beginsels wat saam met die Skrif en belydenis as prinsipiële uitgangspunte dien vir die verstaan, interpretasie en regte gebruik van die kerkorde. So behoort gehoorsaamheid aan die Skrif as Woord van God te dien as riglyn in die optrede van lidmate.

Die bydrae wat hierdie studie kan lewer is dus om verskeie van die prinsipiële uitgangspunte en kerkregtelike beginsels, soos wat dit ook gevind word in die kerkorde van die Nederduitsch Hervomde Kerk van Afrika se kerkorde, te omskryf teen die agtergrond van ’n hermeneutiek van kerkreg. Die bedoeling is dat gebruikers van die kerkorde dan besef dat die kerkorde met ’n eiesoortige hermeneutiek geïnterpreteer en verstaan behoort te word. Die studie poog dus om deur die gebruik van die hermeneutiek van kerkreg ’n kerkordelike hermeneutiek daar te stel wat sal help nie net om die eiesoortigheid van die kerkorde duidelik uit te lig nie, maar om ook die eiesoortige interpretasie en toepassing van die kerkorde ’n moontlikheid te maak. Daar gaan dus gepoog word om ’n hulpmiddel vir die verstaan en gebruik van die kerkorde daar te stel.

## 1.4. NAVOSINGSVRAAG, DOEL EN DOELWITTE

### 1.4.1 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag wat in hierdie studie gaan beantwoord word is: “Hoe kan die hermeneutiek van kerkreg toegepas word op die kerkorde van die NHKA ten einde ’n korrekte interpretasie en gebruik van die kerkrode tot gevolg te hê.” Vanuit hierdie navorsingsvraag spruit ook verskeie ander vrae voort.

*(i) Wat is die huidige verstaan van die kerkorde?*

In die literatuur wat handel oor hierdie saak word aanvaar dat 'n bepaalde hermeneutiek dien as basis vir die interpretasie en uitleg van 'n kerkorde. Die verhouding van Skrif, belydenis en kerklike orde is uiters belangrik en is onmisbaar in hierdie hermeneutiek. 'n Probleem word egter ervaar wanneer die kerkorde uitgelê word deur ampsdraers en lidmate van die kerk omdat hierdie hermeneutiek by baie van die interpreteerders ontbreek en as oorbodig beskou word omdat die kerkorde juridies gelees en geïnterpreteer word, eerder as 'n vergestalting van 'n bepaalde ekklesiologie.

*(ii) Wat is die rede vir hierdie gebruik van die kerkorde?*

Na my mening is deel van die rede vir bogenoemde verskynsel dat die kerkorde geïsoleer word van die Skrif en belydenis. Wanneer die argument gevoer word dat die kerkorde skriftuurlik van aard is, is die teenargument wat dikwels gehoor word dat daar nêrens in die Skrif sake gereël word in terme van kerkraadsvergaderings, beroepsbriewe, bevestigingsformuliere of sinodebesluite nie. Dikwels word die eiesoortigheid van die kerk ondermyn wanneer die standpunt gehuldig word dat die kerk bestuur behoort te word soos 'n wêreldse instelling en die kerkorde van so 'n aard behoort te wees dat dit kan stand hou in 'n wêreldse hof dat die kerk homself duidelik in sy handel en wandel kan beskerm teen arbeidswetgewing. Die indruk word geskep dat die kerk se beskerming van homself teen die burgerlike regstelsel belangriker geword het as die vergestalting van 'n skriftuurlike ekklesiologie.

Die isolasie van die kerkorde word ook duidelik sigbaar waar die argument soms gevoer word dat sekere dele van die kerkorde nie op almal van toepassing is nie as gevolg van omstandighede wat verskil van gemeente tot gemeente. Die uniekheid van elke gemeente se omstandighede word dan gebruik as verskoning of rede waarom die hele kerkorde nie van toepassing is op 'n betrokke gemeente nie, maar slegs dele daarvan. Hierdie toepaslike dele van die kerkorde word selektief gebruik wanneer dit kan bydra tot die stawing van argumente om 'n bepaalde optrede te regverdig. Kerkordelike maatreëls word dus gebruik om sekere optredes te regverdig. Aan die ander kant word die uniekheid van sommige gemeentes se situasie gebruik om die argument te staaf dat sekere

kerkordelike maatreëls geformuleer is vir gemeentes wat anders as die betrokke gemeente saamgestel is of in ander omstandighede leef en werk. Van Wyk (2019:3) verwoord hierdie probleem in *Die Hervormer* van Mei 2019 deur soos volg daarna te verwys:

> In die Kerk is ’n bepaalde independentisme waarneembaar waar veral kerkordelike besluite van minder belang beskou word. Eie weë word gevolg wat nie noodwendig uiting gee aan besluite en derhalwe aan die etos van die Kerk nie. Dit is nie gelyk aan kerkordelike usansie nie, maar beteken eenvoudig ek maak wat ek wil en jy maak wat jy wil. Dit is ’n rampspoedige koers wat in die Kerk waarneembaar is en uiteindelik alle kerklike dissipline ondergrawe.
>
> (Van Wyk 2019:3)

Dit blyk dus duidelik dat die praktyk in sommige gevalle dit wil dikteer wat tuishoort in die kerkorde en ook watter gedeeltes van die kerkorde van toepassing is al dan nie. Die Skrif en kerklike belydenis dien nie meer as die vertrekpunt vir die interpretasie, gebruik en toepassing van ’n kerkorde nie, maar eerder die praktyk waarbinne die kerk hom bevind.

*(iii) Hoe behoort die kerkorde verstaan te word vanuit die Bybels reformatoriese teologie?*

By die verstaan van die kerkorde is die belangrikste vertrekpunt sekerlik die verhouding Skrif, belydenis, kerklike orde. Daarnaas is die Hoofskap van Jesus Christus ewe belangrik. Indien hierdie twee gedagtes as vertrekpunt dien in die interpretasie en gebruik van die kerkorde word die eerste stappe gevolg in die rigting van die regte hermeneutiek vir die gebruik van die kerkorde.

*(iv) Watter hermeneutiese sleutels kan voorgestel word*

Ten einde verskeie hermeneutiese sleutels daar te stel om die korrekte gebruik en interpretasie van die kerkorde te ontsluit word verskeie sake teenoor mekaar gestel soos byvoorbeeld kerkreg teenoor die burgerlike reg, kerkregering teenoor kerkbestuur, beroepsbrief teenoor kontrak, ’n broederlike gesprek teenoor ’n beroep op ’n wêreldlike hof.

Die hermeneutiese sleutels wat hieruit voortvloei is onder andere die Hoofskap van Jesus Christus; die verhouding Skrif, belydenis, kerklike orde; die kerkreg as *ius sui generis*; en kerkorde teenoor konstitusie, asook die anti-hiërargiese beginsel en anti-independentisme.

### 1.4.2 Navorsingsdoel en doelwitte

#### 1.4.2.1 Doel

Die doel van hierdie studie is om die hermeneutiek van kerkreg toe te pas op die kerkorde van die NHKA ten einde ’n korrekte interpretasie en gebruik van die kerkorde tot gevolg te hê.

#### 1.4.2.2 Doelwitte

Om die doel wat hierbo gestel is te beantwoord word die volgende doelwitte gestel wat deel uitmaak van die antwoord:

(i) om die huidige interpretasie en verstaan van die kerkorde te bestudeer,

(ii) om die redes en geskiedenis vir die genoemde interpretasie en gebruik van die kerkorde vanuit toepaslike literatuur te bestudeer,

(iii) om die kerkorde te benader vanuit ’n hermeneutiek van kerkreg as deel van die Bybels Reformatoriese teologie,

(iv) om hermeneutiese beginsels en praktyke voor te stel vir die interpretasie en uitleg van die kerkorde in die NHKA.

## 1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die hermeneutiek van kerkreg kan op die kerkorde van die NHKA se kerkorde toegepas word ten einde die interpretasie en toepassing daarvan te bevorder sodat die NHKA daarby kan baat. Vir hierdie doel moet gebruikers van die kerkorde bewus gemaak word van ’n hermeneutiek van kerkreg waarsonder die interpretasie en toepassing van die kerkorde kan veroorsaak dat die kerk en sy ekklesiologie skade ly.

## 1.6 NAVORSINSGSMETODOLOGIE

### 1.6.1 Metodologie

Die studie gaan van die veronderstelling uit dat ’n bepaalde kerkordelike hermeneutiek uiters noodsaaklik is vir die verstaan, interpretasie en toepassing van ’n kerkorde. By hierdie veronderstelling word die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en sy kerkorde ingesluit.

’n Poging word aangewend om te toon dat ’n kerkorde onbruikbaar is sonder ’n bewustelike kerkordelike hermeneutiek by die gebruiker van die kerkorde. Wat hierdie hermeneutiek behels en hoe dit toegepas word op die kerkorde, sal aangetoon word. Verskeie hermeneutiese sleutels wat as voorwaardes dien sal geïdentifiseer word. Hierdie voorwaardes sal ook van hulp wees ten einde die onderskeid te tref tussen ’n juridiese of teologiese benadering tot die kerkorde. Hierdie kwessie is van uiterste belang omdat die kerkorde funksioneer as teologiese dokument waarin iets van die kerk se skrifverstaan en ekklesiologie verwoord word en nie as regsdokument wat wette en reëls neerlê vir optrede van ampsdraers en lidmate nie.

Die studie begin deur ’n werkbare definisie daar te stel van wat ’n kerkordelike hermeneutiek behels ten einde ’n kerkorde reg te interpreteer. Eerstens word gekyk na wat hermeneutiek in die algemene sin van die woord behels deur te verwys na die ontwikkeling van hermeneutiek as wetenskap soos begin deur Friedrich Schleiermacher. Die resultate van hermeneutiese denke van verskeie persone wat voortgebou het op die fondament wat gelê is deur Schleiermacher, sal ook gebruik word ten einde ’n definisie van hermeneutiek vas te stel wat dan sal dien as die verstaan van hermeneutiek vir die

doel van hierdie studie. Omdat hierdie studie fokus op ’n kerkordelike hermeneutiek sal aangetoon word hoe die hermeneutiek gevorm word tot ’n hermeneutiek van kerkreg wat uiteraard ’n kerkordelike hermeneutiek insluit.

Daar word van die standpunt uitgegaan dat daar ’n duidelike verband bestaan tussen Skrif, belydenis en kerklike orde. Hierdie verband word in ’n daaropvolgende hoofstuk aangetoon. In die verhouding tussen Skrif, belydenis en kerkorde word onder meer ook aangetoon dat die kerkorde nie dieselfde gesag dra as die Skrif (*norma normans*) of die belydenis (*norma normata*) nie, maar tóg ‘n verlengstuk daarvan is. As gevolg van hierdie verhouding word die kerkorde beskou as ’n skriftuurlike kerkorde. Die betekenis daarvan sal duidelik uitgelê word. Die saak dat die kerkorde ’n eiesoortige dokument is in dié sin dat die kerkordelike reëlings nie gesag dra op sigself nie, maar dat die gesag daarvan te vinde is in ’n bron anders as die kerkorde, naamlik die Skrif, word ook verdiskonteer. Die rede vir kerklike orde op grond van orde in die Skrif geniet ook aandag. Die vraag sal ook beantwoord word of daar vir die kerk enigsins gesag lê in die kerkorde as sodanig. Verder word daar ook gepoog om die vraag te beantwoord of die kerkorde ’n vergestalting is van die kerk se ekklesiologie ten einde daarmee die orde in die kerk te kan handhaaf.

In ’n volgende hoofstuk word die saak van die kerkorde as ’n eiesoortige dokument aan die orde gestel op grond van die eiesoortigheid van die kerkreg. Teen hierdie agtergrond sal die eiesoortigheid van die kerkorde beredeneer word met spesifieke verwysing na die kerkorde van die NHKA. Verskeie beginsels sal teenoor mekaar gestel word soos onder andere kerkregering teenoor kerkbestuur, kerkorde teenoor konstitusie en beroepsbrief teenoor kontrak.

Vervolgens word daar aandag gegee aan verskeie kerkregtelike beginsels wat dien as hermeneutiese sleutels waarmee die korrekte lees, interpretasie en gebruik van ’n kerkorde ontsluit kan word.

Die resultate van hierdie studie sal dan gebruik word om aan te toon dat ’n spesifieke kerkordelike hermeneutiek nodig is ten einde ’n kerkorde te interpreteer en toe te pas, omdat ’n kerkorde ’n eiesoortige dokument is waardeur die orde in die kerk gereël kan word.

### 1.6.2 Navorsingsontwerp

Die navorsing wat in hierdie studie gedoen word gaan plaasvind by wyse van ’n proefskrif waar verskeie sake wat van toepassing is in afsonderlike hoofstukke aan die orde sal kom.

### 1.6.3 Navorsingsmetodes

#### 1.6.3.1 Navorsingskonteks

Die data wat gebruik gaan word in hierdie studie word versamel uit literatuur wat reeds gepubliseer is oor sake wat hiermee verband hou. Hoe die NHKA in die verlede die kerkorde toegepas en geïnterpreteer het, word gesoek in artikels wat in die kerk se tydskrifte verskyn het, asook notules van vergaderings waar dit aan die orde gekom het. Met die resultate wat die navorsing in hierdie studie oplewer, word gepoog om in die konteks van die NHKA ‘n bydrae te lewer tot die interpretasie en toepassing van dié kerk se kerkorde.

#### 1.6.3.2 Metode van dataversameling

Data word versamel by wyse van ’n literatuurstudie.

# HOOFSTUK 2

# DIE NOODSAAKLIKHEID VAN ‘n KERKORDELIKE HERMENEUTIEK

## 2.1 Inleiding

Alvorens die saak rondom die verband tussen hermeneutiek en kerklike orde aandag geniet, sal dit die moeite loon om baie kortliks eers aandag te gee aan die betekenis van hermeneutiek as wetenskap, óók in die wyer sin van die woord. Die idee is egter nie om in hierdie studie ‘n filosofiese uiteensetting te gee van wat hermeneutiek is en die ontstaan oftewel ontwikkeling daarvan as wetenskap nie. Dit word veronderstel dat die leser reeds ‘n kennis het van die doel en plek van hermeneutiek binne die teologie. Tóg meen ek dat dit nodig is om meer intensief aandag te gee aan spesifiek die rol en plek van hermeneutiek van kerkreg in die besonder. Dit sal gedoen word deur te verwys na verskeie definisies wat reeds gegee is oor die rol van hermeneutiek binne die teologie, ten einde ‘n definisie te vorm van ‘n hermeneutiek van kerkreg. Dié definisie van hermeneutik sal dan gebruik word wanneer die hermeneutiek van kerkreg toegepas word op die Kerorde van die NHKA. Die toepassing van genoemde hermeneutiek op die NHKA se Kerkorde het ten doel om die inhoud van die kerkorde te lees, interpreter en toe te pas volgens die aanvanklike bedoeling daarvan binne die grense van ‘n hermeneutiek van kerkreg.

In hierdie hoofstuk word kortliks verwys na die ontwikkeling van hermeneutiek as wetenskap met verwysing na die besondere rol wat onder andere Friedrich Schleiermacher (1768-1834) gespeel het in die proses. Die gedagtes van Karl Barth rakende die verstaan van die kerklike orde, sal ook verdiskonteer word. Daar sal aangetoon word dat Barth se verstaan van die kerkreg beduidend is vir die vorming van ‘n hermeneutiek van kerkreg. Twee begrippe gaan afwisselend gebruik word naamlik *Hermeneutiek van Kerkreg* en *Kerkordelike hermeneutiek.* Hierdie twee begrippe sal aan die einde van die hoofstuk, nadat kennis geneem is van die rol van hermeneutiek in die

teologie, gedefinieer word. Die definisies van hierdie twee begrippe,  soos verwoord aan die einde van die hoofstuk, sal dan deurgaans in hierdie studie geld wanneer daarna verwys word.

## 2.2 Die wetenskap van hermeneutiek

Tekste, uitsprake, geboue en kuns is die uitdrukking van mense se denke. Aan die fondament hiervan lê verskillende ervarings wat lei tot die spesifieke uitdrukking wat neerslag vind in geskrewe tekste, uitsprake, ontwerp van geboue, kuns ensovoorts. Hierdie tekste, uitsprake, argitektuur en kuns vra om geïnterpreteer (*verstehen*[4]) te word as uitdrukking van sekere ervarings (*Erlebnis*[5]). Verskillende persone se interpretasies van een teks kan verskil. Die vraag is dan wat die regte interpretasie daarvan is en waarom al die interpretasies nie dieselfde is nie. Die dissipline wat hom op ‘n wetenskaplike wyse hiermee besig hou staan bekend as hermeneutiek.

### Friedrich Schleiermacher (1768-1834)

Die wetenskap van hermeneutiek het die afgelope tweehonderd jaar ontwikkel. Friedrich Schleiermacher staan algemeen bekend as die vader van hermeneutiek en vestig hermeneutiek as wetenskap. Vir Schleiermacher was sy hermeneutiese model nie net

[4]Volgens Wilhelm Dilthey (1833-1911) om die uitdrukking van mense se ervarings te verstaan gebruik hy die begrip *verstehen.* Hiermee bedoel hy nie net om kognitief te begryp wat bestudeer word nie. *Verstehen* verwys na ‘n spesiale manier van verstaan wat jou in die skoene plaas van die persoon wat die ervaring gehad het wat dan lei tot ‘n bepaalde uitdrukking. Dilthey bedoel met *verstehen* dat die leser van ‘n gedig byvoorbeeld, in presies dieselfde gedagtegang kan wees waarin die digter was toe die gedig geskryf is. *Verstehen* is volgens Dilthey iets wat bestaan slegs in die geesteswetenskappe en nie in die natuurwetenskappe nie. Die natuurwetenskaplike kan nie bestudeer wat die appel ervaar het toe dit van die boom afgeval het nie.

[5]Volgens Dilthey bestudeer die geestewetenskappe mense se bewustelike ervarings (*Erlebnis*). Dit is onmoontlik om te bestudeer wat mense dink en voel, of hoe dit vir ‘n spesifieke mens voel om op ‘n sekere plek of in ‘n sekere tyd te leef. Iemand se ervarings is nie sommer toeganklik vir ander mense nie. Wat wel toeganklik is en wat wel bestudeer kan word, is hoe mense hierdie ervarings tot uitdrukking bring. Op grond van mense se ervarings word sekere boeke geskryf, skilderye geverf en uitsprake gemaak. Dit is dus onmoontlik om iemand se ervaring te beskryf of bestudeer, maar wel moontlik om die uitdrukking daarvan te bestudeer en te interpreteer. Die interpretasie van dit wat tot uitdrukking kom kan help om iets van die ervaring wat daartoe gelei het te verstaan. Steeds kan die ervaring nie eenhonderd persent korrek verstaan of geïnterpreteer word nie.

van toepassing op Bybeltekste nie, maar op enige teks. Teks verwys in hierdie verband nie net na geskrewe teks nie, maar ook na gesproke taal. Bowie (2005:83) verwys soos volg hierna:

> His [Schleiermacher] most well known work on hermeneutics, a compendium of texts from different periods published posthumously in 1838 as *Hermeneutics and Criticism*, is mainly concerned with the interpretation of the New Testament, but he always insists that there is no difference between interpreting religious texts and interpreting secular texts.
>
> (Bowie 2005:83)

Hierby sluit Rutt (2006:1) aan met die volgende stelling:

> Hermeneutics, or the art of interpretation, was originally used for the interpretation of scripture and other difficult texts, and dates back to the ancient Greek philosophers. In the last two centuries though, hermeneutics has grown to incorporate the interpretation of texts onto a universal level.
>
> (Rutt 2006:1)

**Hans-Georg Gademer (1900-2002)**

Die filosoof Hans-Georg Gadamer stem slegs gedeeltelik saam met Schleiermacher se hermeneutiese model wat interpretasie betref. Hy voer aan dat dit vir die leser of interpreteerder van die teks nie moontlik is om die outeur van die teks ten volle te verstaan ten einde op hierdie manier die teks korrek te interpreteer nie. Gadamer oordeel dat die leser homself eerder in die posisie van die oorspronklike hoorders moet plaas, as in dié

van die outeur. Rutt (2006:4) stel dat Gadamer se kritiek op Schleiermacher se model nie vra vir ‘n keuse tussen ‘n grammatiese of psigologiese interpretasie nie, maar dat die twee teorieë parallel met mekaar kán loop. Rutt som hierdie gedagte van Gadamer soos volg op:

> He is not trying to negate Schleiermacher’s phsychological interpretation, but rather enter this type of understanding at a new level. Instead of merely concentrating on the reconstruction of the author’s mind and intentions, Gadamer suggests recapturing the ‘perspective within which he has formed his views’…If one can fuse the reintegration of the author’s original meaning with the interpreter’s reality, a significant understanding of the text can be reached.
>
> (Rutt 2006:4)

**Wilhelm Dilthey (1833-1911)**

Vanuit Schleiermacher se hermeneutiek ontwikkel Wilhelm Dilthey wat hy noem die hermeneutiese sirkel. Hy baseer die hermeneutiese sirkel op die feit dat die betekenis van woorde holisties[6] is (vgl. Grondin 2017:5-6).

Die betekenis van ‘n teks is nie bloot die somtotaal van die betekenis van die woorde en sinne waaruit hierdie teks bestaan nie. Die onderskeie dele van die teks het nie betekenis

[6]Die holistiese benadering berus daarop dat die betekenis van ‘n teks, oftewel die sin wat deur die woorde gevorm word, nie slegs die somtotaal is van die betekenis van die woorde in die sin nie. Die woorde vind hulle betekenis in relasie tot mekaar en binne die konteks van die sin. Betekenis word bepaal deur die geheel en nie deur die individuele onderdele van die teks nie. Gijsbers (2017) gebruik die volgende voorbeelde om hierdie saak te verduidelik. Die gewig van ‘n sak is die somtotaal van die sak se gewig plus die gewig van al die voorwerpe binne-in die sak. Hierdie is nie ‘n voorbeeld van ‘n holistiese benadering nie, maar eerder van ‘n atomistiese benadering. Die ander voorbeeld wat hy noem waarmee hy ‘n holistiese benadering beskryf, hou verband met smaak van verskeie kossoorte. Die smaak van ‘n dis is nie bloot die somtotaal van die smake van al die bestanddele van die dis nie. Salm smaak goed en grondboontjiebotter smaak goed. Vir die meeste mense smaak die twee saam nie goed nie. ‘n Goeie sjef kan ‘n dis voorberei waar die smaak van elke dis op die agtergrond geskuif word, maar saam tog ‘n nuwe goeie smaak kan hê. In hierdie geval is die smaak van die dis nie bloot die somtotaal van die smake van al die bestandele nie, maar het die dis ‘n holistiese smaak.

indien dit nie gelees word binne die konteks van die groter geheel nie. Woorde wat dieselfde klink en gespel word, kry verskillende betekenisse wanneer hierdie woord in die konteks van 'n sin geplaas word. As voorbeeld kan verwys word na die woord 'gevolg' Dit kan een van twee of meer betekenisse hê wat nie vasgestel word indien die woord nie in relasie tot ander woorde in 'n sin staan nie. Die sin waarin die woord staan gaan die betekenis daarvan bepaal. In die sin: 'Die een motor het die ander gevolg tot by sy bestemming' het die woord gevolg 'n ander betekenis as in die sin: 'Die nuwe leier het 'n groot gevolg.' In die eerste sin is dit 'n handeling wat uitgevoer word, en in die tweede sin is die betekenis daarvan dat daar 'n groep mense is wat hulle self kan assosieer met die nuwe leier. So word die relasie waarin woorde tot mekaar staan wesentlik vir die betekenis daarvan. Dieselfde beginsel geld ook vir sinne wat in relasie tot mekaar staan en in 'n sekere konteks aangehaal moet word. Indien die konteks buite rekening gelaat word, kan die betekenis van die betrokke sin totaal verskil van wat die werklike bedoeling daarvan is.

Net soos die woorde in 'n sin nie betekenis op hulle eie het los van die sin nie, het sinne ook nie betekenis los van die konteks van die paragraaf waarvan dit deel vorm nie. Woorde het betekenis omdat hulle deel vorm van 'n groter eenheid (sin). Sinne het betekenis omdat hulle ook deel vorm van 'n groter geheel (paragrawe).

Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar dus voortdurend 'n heen en weer beweging is tussen die betekenis van woorde en sinne, en ook tussen die betekenis van sinne en paragrawe. Dis 'n beweging tussen die groter en kleiner eenhede van 'n teks ten einde die betekenis daarvan te begryp en dit te interpreteer. Die leser lees die sin en het 'n voorlopige idee van wat hier moet staan na aanleiding van die woorde wat hy lees. Op grond van hierdie interpretasie word 'n interpretasie gevorm van die sin in sy geheel. Nadat die sin gelees is en 'n nuwe interpretasie gevorm is, word die voorlopige interpretasie weer geëvalueer in dié sin dat die betekenis van die woorde en sin in geheel weer geëvalueer word. Indien die twee interpretasies nie ooreenstem nie, dan word die eerste voorlopige interpretasie hersien totdat die leser tevrede is met sy interpretasie.

Namate die teks meer gekompliseerd raak word die hele proses stadiger en vereis dit dat die proses baie meer bewustelik gedoen word. Hierdie heen en weer beweging sien

Dilthey as ‘n sirkelbeweging en daarom noem hy dit ‘n hermeneutiese sirkel. Hoe meer hierdie sirkelbeweging uitgevoer word, hoe beter is die interpretasie van die teks.

Die hermeneutiese sirkel wat Dilthey beskryf sluit, gesien vanuit ‘n hermeneutiek van kerkeg, die Skrif, belydenis en kerkorde in omdat die interpretasie van ‘n kerkorde geskied in die lig van die interpretasie van die Skrif en belydenis.

Uit die beskrywing van Dilthey se gedagte van die hermeneutiese sirkel is dit dus duidelik dat die hermeneutiese proses nooit afgehandel word nie.

In sy verduideliking van die betekenis van die begrip hermeneutiek stel Koekemoer (1966:1) dat hermeneutiek ten doel het om die betekenis van ‘n saak uit te lê of te vertolk. Hermeneutiese wetenskap handel oor die beginsels, metodes en hulpmiddels vir die uitlê van ‘n geskrif. Koekemoer (1966:1) wys op die verhouding wat bestaan tussen hermeneutiek en eksegese deurdat die betekenis van die twee begrippe baie na aan mekaar is omdat beide te make het met die uitleg van die Skrif, maar dat daar tog ook ‘n onderskeid getref kan word tussen die betekenis van die twee begrippe omdat elkeen ook ‘n eie fokus het. Hy verwoord dit soos volg:

> Hulle het naamlik albei met die uitleg van die Skrif te doen. Ons kan egter die onderskeiding maak en sê dat Eksegese die praktiese doenigheid van die uitleg van die Skrif is, terwyl Hermeneutiek nie eksegese van die Skrif nie, maar besinning oor die geskiedenis, beginsels, aard en verhouding van die eksegese tot die res van die Teologiese vakke is. Die doenigheid van die Eksegese is dus eintlik die objek van die Hermeneutiek, ‘n Mens kan ook sê die Hermeneutiek is ‘n hulpmiddel vir die Eksegese. Die Bybelse Hermeneutiek hou sig besig met die probleme insake die interpretasie van die Ou en die Nuwe Testamente.
>
> (Koekemoer 1966:1-2)

Volgens Deist (1992:113) is teologiese hermeneutiek ‘n teoretiese refleksie op die proses van verstaan. Hy brei hierdie definisie uit deur hermeneutiek ook te verbind met twee

ander velde naamlik homiletiek en eksegese. Wat betref homiletiese hermeneutiek, beskryf Deist (1992:113) hermeneutiek deur daarop te wys dat dit ‘n teoretiese refleksie is op die proses om die boodskap van ‘n teks te kommunikeer aan ‘n spesifieke gehoor. Hy definieer hermeneutiek ook as die teoretiese refleksie oor die interpretasie van metodes van eksegese.

Vos (2008:111) beskryf hermeneutiek as ‘n wetenskap sowel as ‘n kunsvorm. Hieruit kan afgelei word dat hermeneutiek bepaalde wetenskaplike metodes volg vir interpretasie en verduideliking, maar dat ‘n sekere aspek daarvan ook oorgelaat word aan die interpreteerder se eie verstaan en leefwêreld wat ‘n invloed uitoefen op sodanige interpretasie of verduideliking. Die verdere ontwikkeling van hermeneutiek deur Schleiermacher hou ook daarmee verband dat die gedagtes wat by die outeur teenwoordig was tydens die skep van die teks, gepeil word. Dit is na my mening waarna Vos verwys wanneer hy die opmerking maak dat hermeneutiek ook ‘n kunsvorm is.

## 2.3 Hermeneutiek en die kerkorde

Die vraag kan gestel word of daar ‘n verband bestaan tussen hermeneutiek en die kerkorde, en indien wel, wat dit behels. ‘n Kerkorde vind neerslag in die vorm van ‘n teks. Hierdie teks moet korrek geïnterpreteer word ten einde in die doel te slaag waarvoor dit geskryf is. Van Wyk (2005:148) sluit hierby aan.

> Die bergip hermeneutiek wat in die teologiese diskussie bekend is, is ook in die Kerkreg bruikbaar as die wyse waarop die kerkorde geïnterpreteer word. Eenvoudig gestel, kom dit daarop neer dat die kerkorde geïnterpreteer moet word aan die hand van die agtergronde en uitgangspunte onderliggend aan die kerkorde. Aangesien ‘n kerkorde nie bedoel is om rigied toegepas te word nie is interpretasie noodsaaklik, maar gekontroleerd binne bepaalde kerkordelik-hermeneutiese riglyne.

Die agtergronde en uitgangspunte onderliggend aan die kerkorde, oftewel kerkordelik-hermeneutiese riglyne waarna Van Wyk hierbo verwys, kan aangegee word as 'n verhouding tussen Skrif, belydenis en kerklike orde, spesifiek dan ook in hierdie rangorde. 'n Kerkorde ontstaan nie in ‘n lugleegte nie, en funksioneer daarom ook nie in isolasie van die Skrif en belydenis nie.

Verskeie faktore maak deel uit van die ontstaan van ‘n kerkorde. Die tydsgees waarin die kerk hom bevind het ‘n beduidende invloed op die formulering van die kerkorde se inhoud. Hierdie aspek bepaal ook die verstaan en interpretasie van die kerkorde. Net so ook is dit nie die kerklike praktyk wat die bepalende rol speel wat betref die inhoud van die kerkorde nie. Alhoewel die tydsgees asook die kerklike praktyk wel ‘n rol speel in die interpretasie van die kerkorde, is gehoorsaamheid aan die Skrif en die Skrif as norm die belangrikste. Dit kan daarom nie genoeg beklemtoon word nie dat die kerkorde nie die produk is van juridiese nadenke nie, maar teologiese nadenke wat gegrond is in ‘n bepaalde verstaan van die Skrif. Die kerkorde verwoord ‘n bepaalde verstaan van die kerk op grond van ‘n gelowige lees van die Skrif.

Die tekortkoming dat die Kerkorde deur sommiges in die NHKA as juridies gebruik word, word duidelik uit navrae wat gerig word aan die Raad vir Kerkregtelike Advies van die NHKA. Advies word gevra oor sake wat byvoorbeeld arbeidsregtelik van aard is (NHKA 2018:3), asook sake wat verband hou met vaste en roerende bates (NHKA 2023:1). Alhoewel sake rondom eiendom wél in die NHKA se Kerkorde aan die orde gestel word, moet sodanige reëlings steeds geïnterpreteer word deur middel van ‘n kerkordelike hermeneutiek wat nie juridies van aard is nie, maar wel telogies, en ingebed is binne die breër begrip naamlik ‘n hermeneutiek van Kerkreg.

Die binding van die kerkorde aan die Skrif is ‘n beginsel wat in die reformatoriese Kerkreg geheel aanvaar word en wat terselfdertyd ook dien as uitgangspunt by die gebruik van die kerkorde as deel van ‘n kerkordelike hermeneutiek. Kerkordelike hermeneutiek en Bybelse hermeneutiek, op grond van eksegese van die Skrif, is dus onlosmaaklik aan mekaar verbind. Kerkordelike hermeneutiek kan nie beoefen word los van eksegese van die Skrif nie. Indien kerkordelike beginsels soos wat dit neerslag vind in 'n kerkorde nie

uit die Skrif begrond kan word nie, kan dit nie bydra tot die regte interpretasie van daardie kerkorde nie. Van de Beek (1988:60) verwoord hierdie gedagte met die volgende stelling:

> Bij fundamentele artikelen die te maken hebben met de eigen aard van de traditie van de kerk, kan de discussie over de interpretatie van een artikel of zinsnede zeer gecompliseerd zijn. Bij andere artikelen kan deze vaak veel eenvoudiger verlopen. Maar in wezen behoeft elk artikel interpretatie en is er dus discussie over mogelijk. De regels voor deze discussie probeert de hermeneutiek te formuleren.

Van Wyk (2005:148) verwys na twee sake naamlik die *ius constitutum* en *ius constituendum* wat uiters belangrik is binne die hermeneutiese raamwerk van die interpretasie van die kerkorde. Hierdie begrippe verwys daarna dat die Kerkreg die reg bestudeer soos wat dit is (*ius constitutum*) en soos wat dit behoort te wees (*ius constituendum*). Coertzen (1991:158) verduidelik hierdie twee begrippe deur die *ius constitutum* te verduidelik in terme van die begrip Kerkreg of kerkregering. Die *ius constituendum* verwys na die kerkorde of regering in die kerk. Met verwysing na Kerkreg en kerkorde stel hy dit soos volg: 'Laasgenoemde twee uitdrukking [sic] het hulle ekwavilente in die Latynse uitdrukking *ius constituendum* en *ius constitutum. Ius constituendum* dui op die reg vir die kerk oftewel die reg soos dit behoort te wees en *ius constitutum* dui op die reg soos wat dit op 'n gegewe oomblik in die kerk is.' Die verduideliking van Bouwman (1928:2) in hierdie verband is ook van waarde.

> Het ius constituendum is de ideëele opvatting van de regelen in de kerk gemaakt, gelijk ze der kerk voor ogen zweven en door de studie van het kerkrecht, het onderzoek van de Heilige Schrift en de deductie uit de gevondene beginselen, steeds helderder in het licht treden…Het ius constitutum is de practische regelen van het recht, dat een proces doorloopt, en poogt het ideëele recht te realiseren…'

Dit is duidelik dat die orde in die kerk nie bloot dit is wat neerslag vind in die kerkorde nie, maar daarmee saam ook die ideaal van hoe dit in die kerk behoort te wees. Daarom is die hermeneutiek van Kerkreg nooit afgehandel nie en verg dit ‘n voortdurende bestudering van die Skrif ten einde die orde in die kerk te formuleer. Op grond van die verhouding tussen *ius constitutum* en *ius constituendum* kan die stelling gemaak word dat die bestudering van die Kerkreg, en daarom ook soos wat die Kerkreg en ekklesiologie neerslag vind in die kerkorde, ‘n ‘oop einde’ het omdat die studie van die Skrif as bron van die Kerkreg nooit afgehandel is nie (vgl. Smit 1984:61; 62; Du Plooy 2012:2).

Hierby sluit Koffeman (2009:89) aan wanneer hy verwys na Torfs:

> ...als een bepaalde opvatting oor hoe het zou moeten zijn is uitgemond in regelgeving, is daarmee het laaste woord nog altijd niet gezegd...Geldend recht dient voortdurend geëvalueerd te worden. Torfs noemt dat de ‘kritische blik achteraf’. Functioneren de regels zoals ze bedoeld zijn? Leidne ze tot het soort samenleving dat beoogd werd? Passen zij nog by een samenleving die in verandering is?

Coertzen (1991:158) verwys na nog twee sake wat belangrik is in ‘n kerkordelike hermeneutiek, naamlik die *ius divinum* en *ius humanum* wat ook verband hou met die gesag van die kerkorde (vgl. Van Wyk 1991:44; 2005:148)*. Ius divinum* dui op die reg soos wat God dit aan die kerk gegee het, en *ius humanum* soos wat die reg in die kerk geformuleer en toegepas word. Coertzen (1991:158) wys daarop dat die bergip *ius divinum* in die Rooms-Katolieke teologie en protestantse teologie verskillend gebruik word.

> Met betrekking tot die begrip *Ius Divinum* moet daar onderskei word tussen die gebruik van die begrip in die Rooms-Katolieke teologie. In die Rooms-

> Katolieke teologie is ‘n *Ius Divinum* onveranderlike Goddelike reg, ‘n Goddelike tradisie wat deur die ampte en met name dan die biskopamp aan en in die kerk oorgedra word. Hoewel die begrip nie in dieselfde sin in die Protestantse teologie gebruik word nie kom dit tog wel voor by iemand soos Voetius.
>
> (Coertzen 1991:158)

Smit (1985:15-21) toon aan dat die verstaan van die *ius divinum* in die Rooms-Katolike Kerk in ‘n groot mate verskil van die verstaan daarvan in die refomatoriese tradisie. Volgens die Rooms Katolieke tradisie reël die kerkreg verhoudinge in ‘n vredevolle samelewing. Ten einde hierdie doel te bereik is die mense, wat hierdie samelewing vorm, se insette nodig. Om hierdie rede kan sodanige ordening nie slegs bestaan op grond van die hoogste (Goddelike) outoriteit nie. Dit vereis menslike outoriteit wat begrond is in en begrens word deur die Goddelike outoriteit. Oor die samelewing waarna hier verwys word merk Smit (1985:16) die volgende op:

> Welliswaar is Christus in die Nuwe Testament as die enigste Hoof van die kerk erken. Maar die kerk was, volgens die Roomse beskouing, toe nog nie ‘n regsgeordende gemeenskap nie. Die kerk was veel eerder ‘n liefdesgemeenskap, ‘n pneumatiese gemeenskap wat ongedwonge, sonder ‘n gepositiveerde regstelsel as σῶμα Χριστοῦ gefunksioneer het.
>
> (Smit 1985:16)

Verder toon Smit (1985:16-17) aan dat die gemeentes ‘n eenheid gevorm het wat deel uitmaak van die groter kerk en dat hierdie gemeentes wat dan die kerk gevorm het, ‘n eie regsorde begin vereis het. Die oorsprong van hierdie reg word as goddelik beskou omdat dit direk herlei kan word na Christus se voorskrifte aan sy apostels. Om hierdie rede is

die hiërargiese struktuur wat in die Roomse kerk geld gefundeer in die goddelike reg omdat Christus in die Nuwe Testament as die Hoof van die kerk erken word.

Die Roomse beskouing van die kerkreg berus volkome op die wil van God, en word daarom ook beskryf as *ius divinum* (Smit 1985:17).

Van Wyk (1991:46) verwys ook na dat die begrippe *ius divinum* en *ius humanum* en stel dat dit veel ouer is as die reformasie en wel uit die Rooms-Katolieke wêreld kom. Wat betref die funksionering van die begrippe in die reformatoriese tradisie, kan verwys word na Calvyn. By Calvyn het die *ius divinum* en *ius humanum* nie gefunksioneer nie omdat hy nie daardie onderskeid wou tref nie. Vir Calvyn het die Kerkreg gesag omdat dit gegrond is in die soewereine wil van God. 'Die gevolg is dat die meeste Calvinistiese teoloë in die sestiende eeu ook nie die begrippe gebruik nie. Die begrippe kom weer in die sewentiende eeu na vore en wel by die Nederlandse teoloog Gysbertus Voetius (1589-1676)' (Van Wyk 1991:47). Die vraag na die keuse of kerkreg *ius divinum* of *ius humanum* is, is deur verskeie teoloë beredeneer en nie almal kom tot dieselfde konklusie nie.

Van't Spijker (1972:35) verwys na Bucer se onderskeid tussen 'n tweeledige kerklike ordening. Hy verwoord dit soos volg:

> Daarom moet ook alles in de kerk daarbij aangepast worden: "Tijden, gelegentheden, het aantal en de manier van de bijeenkomsten, de schriftlezing en –verklaring, psalmgezang en gebed, bediening van de sacramenten, het moet alles zodanig in de kerken geregeld worden, en daarop gericht, dat het Woord en de sacramenten en de discipline van Christus met meer majesteit bediend worden en met grotere eerbied ontvangen worden en gebruikt, en méér waarde krijgen tot de opbouw van de heiligen. Overigens bestaat er in deze dingen een vrijheid en verscheidenheid, aangezien immers hierover niets in het Woord van God is

> bepaald". Daarom bepleit Bucer, wat deze dingen betreft een zekere libertas in variando.
>
> (Van't Spijker 1972:35)

Vir Bucer gaan dit dus daaroor dat sekere sake soos die verkondiging van die Woord en bediening van die sakramente 'n opdrag van God is (*ius divinum*). Hierdie opdrag word egter volgens menslike reëlings ingerig (*ius humanum*). Van't Spijker (1972:36) verduidelik hierdie siening van Bucer met die volgende opmerking:

> De eerste is noodzakelijk voor het christelijke leven, valt samen met Gods ordening, vloeit onmiddelijk voort uit de Schrift. Wie daaraan niet gehoorzamen wil, bewijst dat hij een verachter van de kerk is, en daarom onder de tucht valt. Maar er zijn ook veel andere ordeningen, die niet zo noodzakelijk zijn, en toch voor de christenen wel gepast. Wanneer daartegen gezondigd wordt, dient men te verdragen en medelijden te tonen. Overigens is het van groot belang, hoe deze ordeningen gehanteerd worden.
>
> (Van't Spijker 1972:36)

Van't Spijker (1972:38) vat Bucer se siening oor *ius divinum* en *ius humanum* soos volg saam waaruit dit duidelik blyk dat 'n kerkorde nie volledig as *ius divinum* óf volledig as *ius humanum* funksioneer nie: '...dat het een goddelijk recht der gemeente is, zich te mogen ordenen naar het Woord Gods met de belofte, dat zo de poorten der hel haar nimmer zullen overweldigen.'

Dit is dus duidelik dat Bucer ook klem daarop lê dat die interpretasie van kerkordelike reëlings geskied in die lig van 'n bepaalde hermeneutiek. Die beginpunt van sodanige

hermeneutiek lê in gehoorsaamheid aan die Woord van God. Die interpretasie van kerkordelike reëlings is dus ingebed in 'n gehoorsame lewe aan God.

Die debat oor die *ius divinum* en *ius humanum* en watter plek dit inneem in die Kerkreg word deur verskeie teoloë gedebatteer (vgl. Van Wyk 1991:45-55).

Ten einde die vorming van ‘n kerkordelike hermeneutiek is dit wesenlik om die vraag te vra of kerkeg *ius divinum* (Goddelike reg) of *ius humanum* (menslike reg) is. Die antwoord op hierdie vraag sal in ‘n groot mate die hermeneutiek bepaal waarmee ‘n kerkorde gelees en geïnterpreteer word.

Indien dit *ius divinum* is beteken dit alles moet volgens die letter verloop. Dit word egter tog geinterpreteer en daarom word die *ius humanum* deel daarvan. Dit is dus nie die een of die ander nie, maar ‘n vermenging van die twee. Dit is in hierdie lig wat die kerkorde ook geïnterpreteer behoort te word.

Die verband tussen *ius divinum* en *ius humanum* toon duidelik aan dat ‘n bepaalde hermeneutiek nodig is in die beoefening van die Kerkreg. Die beoefening van kerkreg kan nie plaasvind sonder die aanname dat 'n kerkorde in die verlengstuk lê, eerstens van die Skrif as normerende norm en tweedens die kerklike belydenis as genormeerde norm nie. Dit moet duidelik gestel word dat 'n kerkorde nie dieselfde gesag dra as die Skrif of die belydenis nie.

## 2.4 Hermeneutiese velde bydraend tot die vorming van ’n hermeneutiek van Kerkreg

‘n Uiters belangrike bydrae tot die hermeneutiek van die Kerkreg word gelewer deur Van de Beek. Van de Beek (1988:63-64) stel dat verskeie hermeneutiese velde te vinde is in die Kerkreg en dat al hierdie velde bydra tot die vorming van ‘n hermeneutiek van Kerkreg. Hy identifiseer hierdie velde soos volg:

### 2.4.1 Litirêre/taalkundige hermeneutiek

Met litirêre/taalkundige hermeneutiek word bedoel dat ‘n maatreël verstaan behoort te word binne ‘n bepaalde litirêre konteks. Met spesifieke fokus op ‘n kerkorde bleik dit dus

dat verskillende dele van ‘n kerkorde nie in isolasie van mekaar gelees kan word nie. Dit is deurgaans nodig om kruisverwysings te maak ten einde ‘n saak duideliker stel. As voorbeeld kan hier verwys word na Ordinansies 3.2.14.3 en 3.2.14.4 in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA 2016:33-34). Beide hierdie Ordinansies handel oor die bedanking van die predikant. Eersgenoemde handel oor die beginsel van die predikant se bedanking, waar laasgenoemde die saak prakties reël. Dit is vanselfsprekend uit die inhoud van hierdie twee Ordinansies dat die een nie sonder die ander gelees kan word ten einde die saak rondom die bedanking van die predikant te reël nie.

Dit is wat Van de Beek ([1988]:63) bedoel wanneer hy praat van litirêre hermeneutiek. Een Ordinansie hou verband met ‘n ander en vul mekaar aan. Die een Ordinansie moet verstaan word binne die litirêre konteks wat die agtegrond daarvan vorm. Vir Van de Beek gaan dit dus om die groter geheel soos ‘n maatreël wat verstaan word binne ‘n bepaalde litirêre konteks.

Strauss (2010:25) verwys hierna as taalkundige hermeneutiek en fokus op bepaalde woorde as deel van ‘n kerklike woordeskat. Hierdie woorde moet volgens Strauss verstaan word teen ‘n bepaalde agtergrond wat verband hou met die tradisie en gebruike in ‘n bepaalde kerk.

Van de Beek se verduiliking van litirêre hermeneutiek fokus dus op ‘n wyer area as dit wat Strauss taalkundige hermeneutiek noem.

Hiervan is daar verskeie voorbeelde van woorde wat eie is aan die NHKA en ook neerslag vind in sy Kerkorde. Eerstens kan verwys word na die term *losmaking* wat voorkom in die Kerkorde van die NHKA (NHKA 2016:29; 36; 37; 40; 45; 46; 47; 48; 59; 62; 126; 127; 129). In sy Kerkorde gebruik die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) die term *demissie* (NGK 2013:3; 49; 53; 57; 59; 66; 117). Beide hierdie terme, losmaking en demissie, beskryf dieselfde saak. Tog word verskillende woorde gebruik as gevolg van ‘n litirêre/taalkundige hermeneutiek wat eie is aan elk van die twee kerke. Ander voorbeelde in die Kerkorde van die NHKA is: *werkruimte* (NHKA 2016:21; 24; 36; 37; 52; 77; 126; 129); *besondere opdrag* (NHK 2016:32; 41; 44; 46; 51; 52; 57; 62) en *Algemene*

*Diakensvergadering* (NHKA 2016:56; 62; 65; 67; 68; 70; 72; 73; 75; 76 77; 78; 79; 80; 98; 100; 104; 108; 109).

### 2.4.2 Strukturele hermeneutiek

Ook in hierdie tipe hermeneutiek, wat noodsaaklik is vir die vorming van ‘n kerkordelike hermeneutiek, is wisselwerking en kruisverwysings tussen verskeie reëlings in die kerkorde noodsaaklik. Strukturele hermeneutiek dui daarop dat ‘n Ordinansie in die kerkorde uitgelê word teen die agtergrond van ‘n ander Ordinansie wat met eersgenoemde verband hou. Van de Beek ([1988]:63) vergelyk dit met ‘n Bybelse hermeneutiek waar een uitspraak in die Bybel verklaar word teen die agtergrond van ‘n ander. Die Skrif word met die Skrif vergelyk ten einde die betekenis van ‘n bepaalde gedeelte toe te lig. ‘Het komt overeen met ‘Schrift met Schrift vergelijken’ in de bijbelse hermeneutiek’ (Van de Beek [1988]:63). Wanneer hierdie beginsel op die kerkorde toegepas word, word Ordinansies ook verklaar in terme van ander Ordinansies wat daarmee verband hou. Dus kan Ordinansies nie geïsoleer word van ander en wetties toegepas word nie. Een Ordinansie staan altyd in verband met ‘n ander. Kruisverwysing in die Kerkorde is dus deel van ‘n kerkordelike hermeneutiek. Na my mening kan dit egter nie genoeg beklemtoon word nie dat hierdie hermeneutiek nie slegs een Ordinansie lees of uitlê teen die agtergrond van ‘n ander nie, maar ook teen die agtergrond van die Skrif en belydenis.

Hierdie saak vorm deel van die NHKA se kerkordelike hermeneutiek en vind duidelik neerslag in Ordereël 10.5 en Ordinansie 10.3 van die NHKA se Kerkorde. Ordereël 10.5 lui soos volg:

> In noodsituasies waarvoor die Kerkorde nie voorsiening maak nie, neem die vergaderings van die ampte, ampsdraers en lidmate besluite op grond van die Skrif, in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk, getrou aan die Kerkorde en met inagneming van die gebruike van die Kerk (usansie).
>
> (NHKA 2019:94)

Hierby sluit Ordinansie 10.3 aan:

> Hierdie Kerkorde moet te alle tye uitgelê word aan die hand van die Skrif, die belydenis van die Kerk soos vervat in Ordereël 1 en met inagneming van die besluite en gebruike van die Kerk.
>
> (NHKA 2019:95)

Nog 'n voorbeeld waarna verwys kan word waar bogenoemde beginsel voorkom in die Kerkorde van die NHKA is in Ordinansies 2.3.1 en 4.2.2 (xix). In beide hierdie ordinansies word sake gereël in verband met die vorming van nuwe gemeentes. Eersgenoemde ordinansie, wat deel uitmaak van hoofstuk 2 van die Kerkorde en handel oor *Kerk, Ringe en Gemeentes*, verduidelik dat die proses van die vorming van 'n nuwe gemeente begin met 'n versoek wat gerig word aan die ringskommissie wat daarby betrokke is. Die werskwyse wat gevolg word in hierdie proses word in die volgende hoofstuk van die Kerkorde gereël in Ordinansie 4.2.2 (xix) en vorm deel van die hoofstuk wat handel oor die vergaderings van die ampte. Hier word die werkopdrag van die rinsgvergadering, wie se verantwoordelikheid dit is om verder hiermee te handel, uiteengesit.

So kan ook verwys word na die saak rondom die verkryging en vervreemding van die gemeente se vaste eiendom. In Ordinansie 2.5.2 (vii) bepaal die Kerkorde dat 'n gemeentevergadering bevoeg is om besluite te neem oor vaste eiendomme wat geregistreer is in die naam van die gemeente (Ordinansie 2.5.2 (vii)). Hierby word die kerkraadsvergadering en ringsvergadering ook betrek, beide as die opsighoudende liggaam (Ordinansie 4.1.2 (xxvii) (g); 4.1.2 (xxxv)). Saam met die genoemde ordinansies word moet Ordinansie 9.2.2.2 (ii) ook gelees word. Dit is dus duidelik dat ordinansies in die Kerkorde van die NHKA nie in isolasie van ander ordinansies gelees word nie omdat ordinansies wat met mekaar verband hou ook mekaar verklaar.

Dit is belangrik om onder strukturele hermeneutiek ook die plek te verstaan van reglemente wat in die geval van die NHKA se Kerkorde ingebind is in die Kerkorde.

Hierdie reglemente het nie dieselfde gesag as die Kerkorde nie en vorm nie inhoudelik deel van die Kerkorde nie. Die reglemente vorm saam met die besluite van kerklike vergaderings die vierde skakel in die ketting van Skrif, belydenis, kerkorde, reglemente en besluite (kyk Du Toit 1991:54-55; Strauss 2010:25) en kan as verdere uitleg van die Kerkorde beskou word.

### 2.4.3 Historiese hermeneutiek

Wanneer gevra word na die verduideliking van historiese hermeneutiek binne die konteks van ‘n kerkorde, begin Van de Beek ([1988]:63) so ‘n verduideliking deur te verwys na drie vrae as beginpunt vir die verstaan van wat bedoel word met historiese hermeneutiek. Hierdie drie vrae vorm myns insiens die vertrekpunt van die verstaan van historiese hermeneutiek en wanneer dit toegepas word op die kerkorde, kry die inhoud van die kerkorde betekenis in dié sin dat dit ook binne ‘n bepaalde konteks van die kerk waarin dit funksioneer, gelees word. Die drie vrae waarna verwys word is eerstens: Watter betekenis het die kerkordelike reëling binne die geheel van die kerkorde? Tweedens word die vraag gevra na wat die aanvanklike bedoeling van die opstellers van die kerkorde was deur die inhoud te formuleer soos wat dit gedoen is. Die derde vraag is na wat die funksie van die betrokke inhoud in die verlede was.

Uit hierdie vrae word dit duidelik dat die Kerkorde nie los van die eie kerk se verlede gelees kan word nie. Daarom sal dit die moeite loon om ondersoek in te stel na die betekenis van historiese kerkordes ten einde vas te stel hoe die NHKA se kerkregtelike lyn ontwikkel het. Aan hierdie saak sal in hoofstuk 3 aandag gegee word.

Van de Beek ([1988]:63-64) verwys na drie aspekte wat verband hou met historiese hermeneutiek, naamlik: wetshistories, regshistories en geskiedenis van die funksionering van ‘n saak (*Wirkungsgeschichte*).

Wetshistories verwys na wat die *bedoeling* van ‘n spesifieke reëling in die kerkorde was toe dit opgestel is. Dit word dus binne ‘n bepaalde historiese konteks gelees wat verband hou met die betrokke kerk se situasie in dié tyd. Ten einde die betrokke reëling korrek te interpreteer sal dit ook die moeite loon om in vorige Kerkordes van die betrokke kerk die

reëling na te slaan. Die ontwikkeling van die reëling saam met die huidige situasie in die betrokke kerk is van kardinale belang by die verstaan en interpretasie daarvan.

Reëlings in ‘n kerkorde ontstaan nie in ‘n lugleegte nie. Dit ontstaan binne ‘n bepaalde konteks. Ook is daar sekere historiese gebeure wat dit voorafgaan wat dan die rede is waarom ‘n bepaalde reëling sy plek in die kerkorde vind. Die teendeel kan ook waar wees naamlik dat ‘n bepaalde konteks of bepaalde gebeure daartoe lei dat ‘n reëling uit die kerkorde weggeneem word. Dit noem Van de Beek die regshistoriese beginsel.

Hier kan verwys word na twee wysigings wat in die Kerkorde van die NHKA aangebring is naamlik die verwydering van Artikel 3 uit die Kerkwet en Bepalings warin die NHKA se kerkordelike reëlings vervat was voor 1997, asook die verwydering van die begrip volkskerk in die onlangse verlede. In beide hierdie gevalle was dit op ‘n tydstip in die verlede relevant vir die NHKA om in bepaalde omstandighede waarin die NHKA hom bevind het, die twee genoemde sake te reglementeer in onder andere die Kerkwet en Bepalings en die Kerkorde. So het bepaalde omstandighede die NHKA ook genoop om die besluit te neem dat hierdie twee sake nie meer in die Kerkorde tuishoort, soos in die verlede nie.

Met funksioneringsgeskiedenis (*Wirkungsgeschichte*) word verwys na die manier waarop ‘n kerkordelike reëling in die verlede toegepas is, as riglyn vir die toepassing daarvan in die huidige omstandighede. Die manier waarop ‘n kerkordelike reëling toegepas of geïnterpreteer word kan bepalend word vir die toekomstige toepassing daarvan. Daarom is dit van uiterste belang dat kerkordelike reëlings geïnterpreteer en toegepas word deur al die hermeneutiese velde as norm in ag te neem, sodat ‘n presedent nie geskep word vir die toekomstige interpretasie en toepassing daarvan deur ‘n verkeerdelike interpretasie van die verlede te gebruik as norm nie. Van de Beek (1988:63) gebruik die volgende voorbeeld vanuit die konteks van die Nederlandse Hervormde Kerk (NHK) wanneer hy hierdie beginsel verduidelik:

> Een jonge kandidaat werd bevestigd in een Hervormde gemeente. Zo ‘n eerste bevestiging gebeurt met handoplegging. Daartoe worden volgens ordinantie 3,21,5 de aanwezige dienaren des Woords uitgenodigd. Bij de

> bevestiging zou ook een bevriende predikant van een buitelandse kerk aanwezig zijn. Het lag voor de hand ook deze predikant uit te nodigen. Wat is immers mooier dan dat een jonge dominee bij zijn bevestiging is verbonden met de wereldkerk? Maar het mocht niet. Want in het verleden is de uitdrukking 'dienaren des Woords' geïnterpreteerd als 'dienaren des Woords *in de Hervormde Kerk'.*

### 2.4.4 Sistematiese hermeneutiek

Twee baie belangrike aspekte by die interpretasie en gebruik van 'n kerkorde kom byeen in hierdie hermeneutiese veld, naamlik 'n bepaalde (regs)reël en teologiese tradisie. Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat 'n kerkorde nie gelees word as bloot 'n versameling van regsreëls wat sake in die kerk prakties reël en grense vir optrede in die kerk neerlê nie, maar dat al die reëlings in die kerkorde staan teen die agtergrond van 'n bepaalde teologiese tradisie. Dit sou tot gevolg hê dat die kerkorde juridies toegepas word en geïnterpreteer word as 'n regsdokument, wat dit juis nié is nie. Die kerkorde is 'n teologiese dokument (ekklesiologie) wat ook vanuit dáárdie hoek toegepas en geïnterpreteer behoort te word met die Skrif en belydenis as maatstaf. Dingemans (1988:207) stel dit baie duidelik dat daar 'n wesenlike verskil is tussen 'n kerkorde as teologiese dokument of 'n kerkorde as juridiese dokument.

> Een kerkorde is gestructureerde en in praktijk gebrachte teologie. Of nog preciezer gezegd: een kerkorde is een in rechtsregels vertaalde ecclesiologie. Wat een kerkgemeenschap denkt over haar eigen wezen en gestalte, over haar positie in de wereld, wordt in een kerkorde vertaald in rechtsregels, die gelden voor het functioneren van de gemeenschap…Een kerkorde is een organisatie-concept, dat verschillende theologische en ecclesiologische uitgangspunte probeert te verenigen. Vanuit een teologische gezigspunt zijn kerkorden vooral interessant, als men kijkt welke ecclesiologische concepten de boventoon voeren en op welke wijze de theologische compromissen zijn gesloten.

Dingemans se verwysing na *rechtsregels vertaalde ecclesiologie* moet in ‘n kerkregtelike konteks verstaan word, naamlik dat met regsreëls kerkordelike bepalings bedoel word en dat dit nie verwys na reëls of wette in die juridiese sin van die woord nie, alhoewel dit sodanige karakter toon.

Koffeman sluit by hierdie gedagte van Dingemans aan wanneer hy die volgende stelling maak:

> ...kerkrecht is een theologische discipline, omdat het kerkrecht draai om de praktische, uiteindelijk ook juridische vormgeving van een ecclesiologische visie. Aan wat wij geloven aangaande de kerk wordt – hoe beperkt wellicht ook – handen en voete gegeven in de kerkrechtelijke praktijk, zowel in de regelgeving als in de wijze waarop met deze regels wordt omgegaan... Kerkrecht is een vorm van recht, en recht heeft zijn eigen structuren, methodes en dynamiek.
>
> (Koffeman 2009:84)

Daar is egter ook ‘n ander kant van hierdie saak.[7] Koffeman (2009:84) verwys ook na die volgende twee opmerkings van Rudolph Sohm rakende die verband tussen kerklike en

[7] Verskillende definisies van kerkreg is oor die jare gegee. Hier kan verwys word na die volgende: Gysbert Voetius verstaan dit as die heilige regering van die sigbare kerk. Dit is volgens hom nodig om kerkreg van die burgerlike reg te onderskei. Volgens A Kuyper is twee sake belangrik in die verstaan van kerklike reg. Eerstens moet die struktuur van die kerklike instelling (*Kirchenverfassung*), bepalend wees en tweedens moet kerkordelike reëlings deur die kerk self geformuleer word (vgl. Bakker 1988:15). Bakker (1988:15) voer aan dat kerkreg die benaming is van die wetenskap wat hom met die bestudering van die kerkreg besig hou. Dit dui op die voorskrifte en bepalings waarmee die organisasie en werksaamhede van 'n kerk gereël word. Verder reël dit ook die betrokke kerk se betrekkinge na buite. Volgens Smit (1984:70) is kerkreg 'die navorsing en die handhawing van wat vir God goed en reg is vir God se herstelde volk oor wie Christus die Koningsheerskappy voer.' Smit (1984:69) voer ook aan dat kerkreg verklaar moet word teen die Bybelse agtergrond van geregtigheid. Deur hierdie geregtigheid is die verhouding tussen God en sondaarmense hertsel en moet kerkreg dus verstaan word as 'herstelreg'. Die afleiding kan ook hieruit gemaak word dat die bedoeling van kerkreg nie juridies van aard is in die sin van die wêreldlike reg nie, maar dat dit eerder 'herstelde' verhoudings wil handhaaf deur die orde in die kerk te reël. Van Wyk (1991:18) voer aan dat kerkreg hom besig hou met die bestudering van die Woord van God ten einde die regte orde

wêreldlike reg: 'Das Kirchenrecht steht mit dem Wesen der Kirche im Widerspruch' en 'Das Wesen der Kirche is geistlich, das Wesen des Rechts ist weltlich.' Volgens hierdie siening van Sohm, is kerkreg nie iets wat tuishoort in die kerk nie omdat reg volgens hom 'n wêreldlike karakter het, en nie geestelik nie. Sohm se vrees was dat dit sou kon lei tot 'n juridiese afdwingbaarheid van die kerk se leer (Koffeman 2009:85).

Volgens Bakker (1988:15) kan die oplossing vir hierdie probleem daarin gevind word dat kerkordelike reëlings geformuleer en toegepas word volgens die spesifieke karakter van die kerk as geloofsgemeenskap.

> De oplossing zal veeleer hierin gezocht moeten worden, dat men er naar streeft de kerkelijke bepalings als zodanig én de wijze waarop zij gehanteerd worden in overeenstemming te doen zijn met het specifieke karakter van de kerk als christelijke geloofsgemeenschap.
>
> (Bakker 1988:15)

Met verwysing na die verband tussen kerkordelike reëlings en landswette, kan die vraag gevra word of 'n kerkorde net so afdwingbaar is op die lidmate van die kerk as wat landswette afdwingbaar is op landsburgers. Die antwoord op hierdie vraag moet weereens benader word ten opsigte van die verskillende ruimtes waarbinne beide, die kerkorde en landswette toegepas word. Die doel van die landswette is om wet en orde toe te pas in die burgerlike samelewing. Hierdie opdrag het die owerheid ook van God ontvang en het die owerheid daarmee saam ook die opdrag om te straf wanneer landswette oortree word. 'n Kerkorde word toegepas binne die ruimte van die kerk wat 'n

---

daar te stel vir die kerk. Om hierdie rede is die kerkreg ook ten volle deel van die teologiese wetenskap. Na my mening kan kerkreg dus geklassifiseer word as 'n teologiese wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die Woord van God en die kerklike belydenis ten einde orde in die kerk te handhaaf. Hierdie orde het nie ten doel om sake in die kerk te reël as die nakoming van 'n stel wette en reëls nie, maar om eerder op grond van God se geregtigheid te verseker dat God se liefde, genade en versoening die lewe van gelowiges bepaal, óók daar waar hulle saam groepeer as kerk. Kerkreg is dus wesenlik ekklesiologies van aard omdat dit uitdrukking wil gee aan die praktiese inrigting van die kerk op grond van Skrifgegewens.

eiesoortige ruimte is en drasties anders as die wêreld is. Die orde wat in hierdie ruimte, naamlik die kerk, toegepas word is gegrond in die Skrif as Woord van God en daarom word die kerkreg getipeer as ‘n *ius sui generis*. Die Goddelike openbaring is dus deel van die hermeneutiek waarmee die orde in die kerk toegepas word.

As gevolg van die eiesoortigheid van ‘n kerkorde geskied die nakoming en gehoorsaamheid daarvan op grond van gehoorsaamheid aan God, ‘n saak wat dus gegrond is in die geloof.

Om bogenoemde redes kan stelling van Dingemans (1988:207) na my mening dien as die vertrekpunt vir die interpretasie van die Kerkorde en as teenargument wanneer met die Kerkorde bloot omgegaan word as ‘n juridiese dokument.

Daar bestaan ook ‘n verband tussen die teologiese tradisie waarbinne ‘n kerk staan en sy kerkorde. Hierdie verband beskryf Van de Beek ([1988]:64) soos volg:

> De kerkorde is een van de expressievormen van de traditie en dient dus ook tegen dezen achtergrond gelezen te worden. Daar de traditie niet stilstaat maar een levend proces is, zal ook de interpretatie van de kerkorde steeds weer nieuw moeten worden bezien. By een voortgaande theologische bezinning is er ook een voortgaande systematische hermeneutiek van het kerkrecht nodig.

Hierby sluit Strauss (2010:22) aan wanneer hy opmerk dat kerkregtelike standpunte nie in isolasie van die Dogmatiek en kerklike tradisie gemaak kan word nie. Na my mening geld hierdie beginsel ook vir die interpretasie van ‘n kerkorde omdat ‘n kerkorde die vergestalting is van ‘n ekklesiologie binne die raamwerk van die Kerkreg waar die Dogmatiek en kerklike tradisie ‘n wesenlike rol speel.

As voorbeeld kan verwys word na die belydenis wat in die NHKA se Kerkorde verwoord is in die aanhef tot Ordereël 4: ‘Jesus Christus is die enigste Hoof van die kerk’ (NHKA 2016:42), asook in die aanhef tot Ordereël 8: ‘Die Woord van God skep die orde en dissipline in die Kerk. Daaruit vloei die verwagting dat almal ooreenkomstig die Woord

van God glo en leef, *en Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk erken.* So word die eenheid en eendrag bewaar en bevorder (eie kursivering) (NHKA 2016:82).

Die inhoud van die Ordereëls waarna hierbo verwys is, naamlik dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, is 'n verwoording van kerklike leerstellings wat dus Strauss se standpunt bevestig dat kerkregtelike standpunte nie gemaak word in isolasie van die dogmatiek nie.

### 2.4.5 Teleologiese hermeneutiek

‘n Kerkorde bestaan as deel van die kerk se ekklesiologie met ‘n sekere doel. Dit is nie ‘n doellose dokument wat na willekeur of eie keuse gebruik kan word al dan nie. Die kerkorde is doelloos in isolasie van die Skrif en kerklike belydenis. Die doel van ‘n kerkorde is gebind aan die Skrif. Die doel van die kerkorde is meer as net om die orde in die kerk te handhaaf, maar ook om verskeie bybelse beginsels van kerkwees wat daarin neerslag vind, gestalte te gee in ons verstaan van hoe om kerk te wees na aanleiding van wat ons lees in die Woord en verstaan uit die belydenis van die kerk.

Om bogenoemde rede kan die kerkorde nie verhef word tot ‘n wetboek waar elke maatreël in die kerkorde volgens die letter van die wet nagekom moet word nie. Dit bly steeds iets wat geïnterpreteer word op grond van die Bybel.

In sy kort verduideliking van teleologiese hermeneutiek as deel van verskeie hermeneutiese velde vir die vorming van ‘n kerkordelike hermeneutiek, maak Van de Beek ([1988]:64) in hierdie veld dit ook duidelik dat ‘n kerkorde nie ‘n juridiese karakter vertoon nie, maar ‘n teologiese karakter wat maklik verwar kan word met eersgenoemde. Die kerkorde toon ‘n eiesoortige karakter met ‘n teologiese doel voor oë wat nie juridiese van aard is nie. Ten grondslag van ‘n gesonde ekklesiologie lê wel deurdagte en egte eksegese van die Skrif, en nie bepaalde regsbeginsels nie. Van de Beek (1988:64) stel hierdie gedagte soos volg: ‘de *teleologische hermeneutiek:* een hantering van het kerkrecht gericht op het doel: dat er recht wordt gedaan aan het rechtsgevoel van de gemeenschap, soms redenerend vanuit bestaande juridische regelgeving, soms om te voorzien in leemten in de wet, soms zelfs tegen de letterlijke tekst van de wet in.’

## 2.5 Hermeneutiek van Kerkreg

Soos reeds aangetoon word ‘n hermeneutiek van Kerkreg gevorm deur verskeie hermeneutiese sirkels wat oorvleuel. Die beginsels wat neergelê is in hermeneutiek as wetenskap, dien ook as hulpmiddel vir die vorming van ‘n hermeneutiek van Kerkreg en die toepassing van sodanige hermeneutiek. Van de Beek (1988:70) verwys na hierdie drie hermeneutiese sirkels wat oorvleuel by die vorming van ‘n hermeneutiek van Kerkreg. Die eerste sirkel waarna hy verwys is ‘n gesprek met die Skrif. Dit is onmoontlik om ‘n hermeneutiek van Kerkreg te vorm sonder dat die Skrif dien as die bron waaruit geput word ten einde die vorming van so ‘n hermeneutiek. Tweedens verwys hy na die kerklike tradisie waarvan die rol wat die reg van usansie in die betrokke kerk speel, nie onderskat moet word nie. Die laaste hermeneutiese sirkel is die konkrete kerklike en maatskaplike situasie waarin die kerk hom op ‘n bepaalde oomblik bevind. Laasgenoemde verwys na wat die omstandighede was tydens die opstel van die kerkorde asook die omstandighede waarin die kerkorde op die gevraagde tydstip geïnterpreteer word.

Dit is nodig om deurgaans in die nadenke oor die hermeneutiek van Kerkreg, rekening te hou met die gedagte dat die Kerkreg ‘n teologiese dissipline is. Hierdie stelling is van wesenlike belang by die gebruik en interpretasie van ‘n kerkorde om daardeur te verseker dat kerkordelike maatreëls nie juridies geïnterpreteer word nie. Bakker (1988:13) beskryf Kerkreg soos volg:

> By ‘kerkrecht’ denkt men meestal aan het geheel van de voorschriften en bepalingen waarmee kerken haar organisatie en werkzaamheden, alsook haar betrekkingen naar buiten, trachten te regelen … Dit betekent dat zij zich niet alleen afvraagt, hoe de kerk is ingericht, maar ook en vooral, hoe zij behoort te worden ingericht ... Anders gezegd: het kerkrecht wortelt in de ecclesiologie, de leer aangaande de kerk.

Verskeie prinsipiële uitgangspunte is daarom belangrik om in gedagte te hou wanneer nagedink word oor ‘n hermeneutiek van Kerkreg. Sonder hierdie uitganspunte is die vorming van ‘n hermeneutiek van Kerkreg nie haalbaar nie. Hierdie uitgangspunte is eerstens die feit dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is (Ef 1:22-23). Van Wyk (2018:2) meld dat Jesus Christus se Hoofskap van die kerk as ‘n uiters belangrike hermeneutiese sleutel dien in die vorming van ‘n hermeneutiek van Kerkreg. Hierdie beginsel dien as uitgangspunt in alle kerkordes van reformatoriese oorsprong. Hierdie hermeneutiese sleutel, naamlik dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, sê dadelik dat die kerk nie regeer word deur mense nie maar deur Christus self. Hierdie gedagte is natuurlik ook die uitgangspunt van die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel, dié kerkregeerstelsel waarvoor die NHKA gekies het.

Die uitgangspunt dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, is eerstens van toepassing op die kerk. Dit vorm die fondament van die kerkbegrip van die NHKA. ‘n Kerkorde is by uitstek die dokument waarin ‘n kerk die orde vir die kerk verwoord. Hierdie verwoording van die orde in die kerk is ingebed in die kerkbegrip, oftewel ekklesiologie van die betrokke kerk. Hierdie stelling dien dus as motivering vir die feit dat die kerkorde hermeneuties benader word vanuit die hoek dat Christus die Hoof van die kerk is.

‘n Volgende uitgangspunt waarna verwys word is dat ‘n kerkorde nie kan bestaan in isolasie van die Skrif nie. Hierdie uitganspunt bevestig ‘n kerkorde as kerklike maatreëls met ‘n eiesoortige karakter. Dit onderskei ‘n kerkorde ook in wese van ‘n konstitusie of grondwet van enige sosiale organisasie wat op grond van demokratiese meerderheid van stem aanvaar is.

Wat betref die onderskeid tussen die karakter van ‘n kerkorde en konstitusie, wys Van Staden (2014:240) onder andere op die eiesoortigheid van die kerklike reg (*ius sui generis*)[8] in terme van die begrippe *ius constitutum* en *ius constituendum*. *Ius constitutum*

[8] Luther het ook onderskeid getref tussen die kerk en staat wat dui op sy verstaan daarvan dat die kerklike reg eiesoortig is (*ius sui generis*) en sodanig toegepas behoort te word. Luther deel die wêreld in twee koninkryke. Die eerste bestaan uit gewloiges wat die Skrif as norm gebruik ten einde orde in die samelewing te reël. Die ander koninkryk bestaan uit die res van die samelewing. In die eerste koninkryk dien gehoorsaamheid aan God as basis waarop die orde in hierdie koninkryk gehandhaaf word en word hiérdie koninkryk dus regeer volgens Skriftuurlike beginsels en leiding van die Heilige Gees. Vir die ander koninkryk is dit nodig dat wette daargestel word ten einde die orde te handhaaf omdat gehoorsaamheid aan God ontbreek. Hierdie wette het dan ook ten doel om hulle wat in harmonie leef op grond van hulle

dui op wette, wat in hierdie sin kerkordelike maatreëls insluit, soos wat dit neerslag vind in 'n kerkorde en toegepas word. Hierteenoor staan die *ius constituendum* wat dui op die wette, weereens kerkordelike maatreëls ingesluit, soos wat dit behoort toegepas te word. In die kerkordelike sin van die woord staan die *ius constitutum* egter voortdurend onder korreksie van die *ius constituendum* omdat dit 'n menslike interpretasie is van die Skrif.

Hier kan ook verwys word na Smit (1984:73) wat soos volg opmerk:

> Die *jus constitutum* is as vormgewing van die reg feilbaar en is dus altyd as appèl onderworpe aan die gevalle waar die *jus constituendum* deur navorsing duideliker uit die Skrif aan te wys is. Trouens, die *jus constitutum* moet 'n voortdurende proses deurloop waarin dit na die *jus constituendum* reik.

Coertzen (1991:158) sluit hierby aan deur die volgende opmerking te maak: '*Jus constituendum* dui op die reg vir die kerk oftewel die reg soos dit behoort te wees en *jus constitutum* dui op die reg soos wat dit op 'n gegewe oomblik in die kerk is.'

In hoofstuk 4 sal hierdie saak rondom die eiesoortigheid van die kerkorde, meer breedvoerig bespreek word in die lig van die verhouding: Skrif, Belydenis en Kerklike orde.

### 2.6 Karl Barth se beskouing van die kerklike orde

Dit kan nie ontken word dat Karl Barth se denke 'n geweldige invloed op die dogmatiek van die Christelike kerk uitgeoefen het nie. Die dogmatiek wat Karl Barth aan die orde gestel het, soos onder andere verwoord in sy *Kirchliche Dogmatik*, het grootliks die rigting aangedui vir die christelike kerk se nadenke oor die Skrif, asook oor ekklesiologie.

---

gehoorsaamheid aan God, te beskerm teen dié by wie dit ontbreek. Volgens Calvyn moet die koninkryk van God en die staat duidelik van mekaar onderskei word. Hulle staan egter nie teenoor mekaar nie en het 'n gedeelde verantwoordelikheid. Vanuit die koninkryk van God word geloof in mense gevestig, terwyl die staat 'is assigned to advance worship, defend sound doctrine, uphold civil justice, and cherish peace' (Van Staden 2014:241-242).

Wanneer dit in ag geneem word dat kerkregtelike standpunte, wat na my mening kerkordelike reëlings insluit, nie gemaak word in isolasie van die dogmatiek nie (vgl. Strauss 2010:22) kan dit waardevol wees om ook Karl Barth se beskouing van die kerkreg en kerklike orde in aanmerking te neem wanneer besin word oor 'n hermeneutiek waarmee 'n kerkorde geïnterpreteer en toegepas word.

Die orde wat in die kerk gehandhaaf behoort te word lê vir Barth nie slegs in die afwesigheid van chaos nie. Kerklike orde is, volgens hom, gesetel in die verhouding tussen God en mens waarin die mens se verlossing op grond van Jesus se kruisdood, die basis vorm. Die mens se hele bestaan asook die bestaan van die kerk, moet ‘n weerspieëling wees van die verlossing wat die mens uit genade ontvang het op grond van Christus se kruisdood. Barth (1964:767) stel dit soos volg: ‘Nicht mehr und nicht weiniger als das ganze menschliche Sein und Tun der christlichen Gemeinde als der vorläufigen Darstellung der in Jesus Christus geschehenen Heiligung des Menschen.’

Die christelike gemeente word volgens Barth gekonstitueer deur die verhouding tussen God en mens, oftewel tussen Christus en sy kerk. So begrond hy dan die kerklike orde in hierdie verhouding en noem hy dit *Grundrecht.* Wanneer nagedink word oor die kerklike orde kan daar dus geen ander vertrekpunt wees as ‘n christologies-ekklesiologiese uitgangspunt nie. Die verhouding tussen Christus en sy kerk is van wesenlike belang. Daarsonder kan kerklike orde nie realiseer nie.

> Dieser Sache entsprechend geht es in der christlichen Gemeinde auf alle Fälle um ein Anordnen, Befehlen, Verfügen des einen Heiligen, in welchem Alle geheiligt sind und also Jesu Christi auf der einen Seite – und auf der anderen um ein ihm gehorsames, ihm sich unterordnendes Verhalten der menschlichen Gemeinschaft der Heiligen. Dieses Verhältnis konstituiert die christliche Gemeinde. Dieses Verhältnis ist ihr Ordnungsprinzip, ihr Grundrecht.
>
> (Barth 1964:770)

Indien die kerklike orde volgens Barth nie begrond word in wat hy noem *Grundrecht* nie, verloor die kerk, en so ook die kerklike orde, sy eie unieke karakter. Dit het tot gevolg dat die kerk beskou word as 'n instelling wat gelyk is aan enige sosiale instelling, met sy eie konstitusie of grondwet, en ontstaan het as gevolg van gedeelde belangstelling van sy lede. Dit kan tot gevolg hê dat die gemeente homself misverstaan en nie die 'broederlike christokrasie' is wat hy veronderstel is om te wees nie. Barth (1964:777) beklemtoon hierdie standpunt soos volg:

> Bevor wir von daher zur Erkenntnis der Grundsätze rechten Kirchenrechtes vorzudringen versuchen, eine notwendige Zwischenerklärung: Die Gemeinde kan es der die umgebenden Welt nicht verwehren, sie zunächst – und im entscheidenden Punkt, solange die Zeit dauert, sogar endgültig – ganz anders zu verstehen, als sie sich selbst versteht und also: sie mißzuverstehen. Was weiß die Welt – was kann sie, bevor Jesus Christus auf den Wolken des Himmels wiederkommt und es uas ihr offenbar macht, wissen von der "bruderschaftlichen Christokratie" als dem in der christlichen Gemeinde gültigen Grundrecht?

Barth (1964:781) defineer kerkreg as die orde in die kerk wat deur die gemeenskap van gelowiges, op grond van hulle verhouding met Christus, daargestel word ten einde uitgevoer te word gehoorsaam aan die Woord van God. Wanneer kerkreg dus die uitvloeisel is van genoemde handelinge, is kerkreg volgens Barth *Grundrecht*. Daarom tref hy ook onderskeid tussen *Kirchenrecht* en *Staatskirchenrecht* en verwoord kerkreg soos volg:

> Unter "Kirchenrecht" sei nun also im Unterschied zu "Staatskirchenrecht" verstanden: diejenige Ordnung, die die Gemiende von ihrem Grundrecht her sich selbst – gemeint ist: unabhängig von allem Staatskirchenrecht und

> ohne die – wäre es auch leiseste – Einwirkung staatlicher Instazen... im Gehorsam gegen ihren Herrn selber zu finden, aufzurichten und zu handhaben hat.
>
> (Barth 1964:781)

Plomp (1988:39-40) som Barth se siening van kerkreg soos uiteengesit in sy *Kirchliche Dogmatik* soos volg op:

> Het kerkrecht moet gefundeerd worden op een christologisch-ecclesiologisch verstaan van de gemeente. Deze is de gemeenschap der heiligen waarvan Hij de Hoofd en de Heer is. De Heer is het 'primaire subject' van de gemeente. Hij ordent, beveelt en beschikt en de gemeente gehoorzaamt. Deze Christokratie is bepalend voor heel de ordening van de gemeente, ze is in het kerkrecht het 'Grundrecht', ius divinum.

Grundrecht is dus van toepassing op die ganse kerk. Hierdie opmerking moet egter onmiddelik gekwalifiseer word deur te sê dat die kerk gestalte vind in die gemeente waar lidmate Sondag vergader rondom die Woord en gedurende die week hulle geloof uitleef. Kerkreg is dus van toepassing op die kerk, maar vind gestalte in die gemeente wat as gemeenskap van gelowiges in verhouding tot Christus, die Hoof van die kerk, leef. Die weerspieëling van hierdie verhouding tussen Christus en sy kerk vind egter nie net plaas wanneer die gemeente Sondag byeen is nie, maar ook waar gelowiges leef van Sondag tot Sondag.

Barth (1064:781-824) baseer die *Grundrecht* op vier pilare naamlik diensreg (*Dienstrecht*), liturgiese reg (*liturgisches Recht*), lewendige reg (*lebendiges Recht*) en voorbeeldige reg (*vorbildliches Recht*) (vgl. Plomp 1992:40).

**Kerkreg as diensreg (*Dienstrecht*)**

Barth tipeer kerkreg in die eerste plek as *Dienstrecht*. Hy baseer dit op Jesus se uitspraak in Markus 10:45[9] dat Hy nie gekom het om gedien te word nie maar om self te dien. Op grond van hierdie vers beskryf Barth kerkreg as *Dienstrecht, Recht im Rahmen einer Dienstordnung.* Barth stel dat Jesus nie heers omdat Hy dien, of dien omdat Hy heers nie. Hy heers as Dienaar, as vernederde Seun van God, en as verhoogde Mens.

> Es ist also nicht so, daß er herrscht und daneben auch noch dient – oder dient, indem er daneben auch herrscht. Sondern eben indem er dient, herrscht er. Eben als der erniedrigte Gottessohn ist er ja der erhöhte Menschesohn. Und so kann der seinem Herrschen entsprechende Gehorsam seiner Gemeinde nur Dienst, so kann das in ihr geltende Recht – Recht nach Maßgabe ihres Grundrechtes, das in der in ihr aufgerichten Herrschaft Jesu Christi besteht – nur Dienstrecht sein.
>
> (Barth 1964:782)

Kerklike dienswerk sluit alle terreine in die kerk in en nie net sommiges nie. Lidmate van die kerk besluit nie self of hulle wil dien al dan nie. Om deel van die kerk van Christus te wees plaas die appél op lidmate om diensbaar te wees. So word elke lidmaat van die kerk opgeroep tot diensbaarheid. Kerklike dienswerk setel in die feit dat Jesus Christus

---

[9] "Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Markus 10:45 vorm die afsluiting van die laaste van drie geleenthede in die Markusevangelie waar Jesus aan sy dissipels leer wat die betekenis van sy lyding en dood is. Hierdie lering geskied nadat Hy vir die derde keer sy lyding aankondig en die dissipels dit, net soos by twee ander geleenthede vroeër, misverstaan het. Die betekenis van sy lyding lê juis in die feit dat Hy die mensdom kom dien het met sy lewe en dat dit die voorbeeld is wat Hy stel. Jesus verduidelik hier dat status nie pas by iemand wat sy dissipel wil wees nie. Om 'n dissipel of volgeling van Jesus te wees word daar nie gestreef na mag, status, eer en aansien nie, maar eerder na nederigheid en diensbaarheid. Die diensbaarheid waarop Jesus hier wys dui ook daarop dat niemand verhef is bo 'n ander nie (vgl. Malbon 1986:168; Van Eck 1995:269-270; Jones 2010:55-57).

die Hoof van die kerk is. Daarom is dienswerk in die kerk ook niks anders as diens aan God nie.

Om deel te wees van die gemeenskap van gelowiges beteken sonder twyfel ook diensbaarheid in hierdie gemeenskap. Diensbaarheid is wesenlik aan hierdie gemeenskap. Elke lidmaat is geroep tot diensbaarheid. Hierdie diensbaarheid word nie in isolasie gedoen van ander lidmate nie. Dit is diens saam met ander en vir ander. Barth (1964:786) bring diensbaarheid wat plaasvind, nie in terme van die individu nie maar as deel van die gemeenskap van gelowiges, in verband met die priesterskap van die gelowige wanneer hy sê: 'Ordnung und Recht in der Gemeinde ist nie und nimmer das besondere Priestertum einiger, sondern das allgemeine Priestertum aller Gläubigen.'

**Kerkreg as liturgiese reg (*liturgisches Recht*)**

Die kerk vind gestalte in sy gemeentes waar die Woord van God verkondig word. Waar die gemeente Sondag vergader rondom die Woord word die kerk sigbaar. Alhoewel die kerk institusionele trekke toon, en nooit daarvan sal los kom nie, kan dit nie verval in institusionalisme nie. Die kerk is 'gebeure', 'n dinamiese organisme wat lewend is en diensbaar is in die wêreld waar hy leef. 'n Gemeente, die verskyningsvorm van die kerk op aarde, moet wys dat hy bestaan onder die Hoofskap van Christus. Christus is die Hoof van die kerk en dít moet 'n gemeente uitleef. Daarom is die erediens as samekoms van die gemeente waar hy vergader om te luister na die Woord van God, die hartklop van die kerklike lewe. Barth (1964:791) bestempel die wese van die kerkreg as liturgies: 'Eben darum wird sich ihr Kirchenrecht von seiner Wurzel her als liturgisches: (1) vom Gottesdienst her ordendes, (2) in ihm immer wieder zu findendes und (3) ihn seinerseits ordnendes Recht verstehen müssen.'

Barth plaas die klem van die erediens ook op die 'saamwees' van gelowiges. In die erediens bely elkeen nie op sy eie nie, luister elkeen nie op sy eie nie, en bid elkeen nie op sy eie nie, maar saam met mekaar. Gelowiges se saamwees in die erediens stuur dus ook 'n boodskap die wêreld in dat die gemeensksap van gelowiges belangrik is en duidelik sigbaar word tydens die erediens.

> Diese im gemeinsamen Hören des Wortes Gottes gemeinsam gegebene Antword, das in Erneuerung der gemeinsam Erkenntnis gemeinsam gesprochene und vernommene Bekenntnis ist das erste Element des christliche Gottesdienstes.
>
> (Barth 1964:793)

Juis omdat menslike handelinge deel is van die erediens, skep dit die moontlikheid dat daar tydens 'n erediens ook misverstande kan ontstaan. Om hierdie rede merk Plomp (1988:40) op dat die kerkreg, en na my mening dus ook die kerklike orde, hom ook moet besig hou met die erediens. Daarom dat die kerkreg ook beskou kan word as liturgiese reg.

Karl Barth het in sy nadenke oor die kerklike orde nooit die bedoeling gehad om riglyne neer te lê vir die daarstel van 'n kerkorde nie. So was hy ook nooit van mening dat dit nodig was om 'n algemene kerkreg daar te stel nie. Barth het geoordeel dat elke kerk sy eie kerkreg beoefen. Hy wou wel met sy nadenke oor die kerklike orde breë riglyne trek waarvolgens kerke moet handel in die beoefening van kerkreg en die daarstel van 'n kerkorde (vgl. Plomp 1988:40).

Barth (1964:800) voer aan dat kerkreg onder andere ook in die erediens gesoek en ontdek moet word. Een saak wat kerklike reg en menslike reg met mekaar in gemeen het, is volgens hom dat dit gesoek en gevind moet word. Kerkreg word gesoek en gevind in die Skrif. In die Skrif word getuig van Jesus Christus wat die Hoof en Heer van die kerk is. Dit is dus in die Skrif waar God Homself ook in Jesus Christus openbaar aan die mens. Dit is alleen op grond van wat God die mens leer in Jesus Christus, wat bepaal kan word wat vir die kerk reg en goed is.

> Die Feststellung, mit der wir zu Erklärung des Kirchenrechtes als liturgisches Recht fortfahren müssen, lautet (2), daß es ursprünglich im

> Geschehen des christlichen Gottesdienstes zu finden, zu entdecken, zu erkennen ist. Kirchenrecht hat das mit allem menschlichen Recht – und es ist ja selbst auch menschliches Recht – gemeinsam, daß es gefunden, erkannt werden muß. Die Richtung, in der es zu suchen, in der bei der Aufstellung seiner Sätze zu blicken ist, ist gegeben: hier wie sonst nicht anderswohin als auf den in der Heiligen Schrift bezeugten Jesus Christus als das Haupt und den Herrn der Gemeinde.

Die fondament van die kerkreg volgens Barth, is dus Christus waarvan die Skrif getuig, oftewel God wat Hom in Christus aan die mens openbaar in die Skrif. Dit bring mee dat geen kerkordelike reëlings in die Skrif teruggevind word nie, maar dat die wesenlike betekenis of bedoeling van elk daarvan gevind word in dit wat God van mense vra in Jesus Christus. Dit is vanselfsprekend dat dit wat God vra, in mensetaal gestel sal word en neerslag vind in kerkordelike reëlings op grond van 'n christelik-ekklesiologiese verstaan en interpretasie daarvan. Dit hou ook verband met die *ius divinum* en *ius humanum* wat vroeër bespreek is.

Vir Barth gaan dit dus om die openbaring van God in Jesus Christus wat as die basis dien vir die beoefenig van die kerkreg/kerklike orde. Hierdie reg/orde vind dan neerslag in dit wat geput word uit die wêreldlike reg naamlik die formulering van sekere reëlings van toepassing op die saak waaroor dit dan gaan. Dit vereis 'n bepaalde hermeneutiek wat Barth soos volg beskryf:

> Sie werden zwar selber keine liturgischen Sätze (weder Bekenntnisformeln, noch Gesänge, noch Verkündigung und Predigt!), sie werden auch keine teologischen Sätze – sie werden aber auf das liturgische Geschehen des Bekennttnisses ausgerichtete und auf theologische Besinnung begründete juristische Sätze sein.
>
> (Barth 1964:801)

**Kerkreg as lewendige reg (*lebendiges Rechts)***

Barth beklemtoon die rol wat die openbaring van God in Jesus Christus speel in die kerkreg verder wanneer hy meen dat die kerkreg lewendige reg is juis omdat dit begrond is in die verhouding tussen Christus en sy kerk, wat hy *Grundrecht* noem. Barth (1964:805) stel dit soos volg: 'Kirchenrecht is lebendiges Recht. Auch das ergibt sich unmittelbar aus dem Grundrecht der Gemeinde, laut dessen sie der Leib ist, dessen Haupt – oder die Gemeinschaft, deren Gesetz der lebendige Jesus Christus ist.' Hieruit blyk dit baie duidelik dat kerkreg nooit 'n afgehandelde saak is nie. Verder blyk dit ook dat kerkreg en kerklike orde nie beperk of gereduseer kan word tot 'n kerkorde nie. Kerkreg is gegrond in die *Grundrecht,* die lewendige verhouding tussen Christus en die kerk as sy liggaam. Sonder Christus verloor die kerkreg sy identiteit. 'Im Kirchenrecht ist sie schon von dessen Wurzel und Wesen, von dem Grundrecht der Gemeinde, von der Herrschaft Jesu Christi über sie als seinen Leib her abgewehrt.' (Barth 1964:808). Kerkreg is onlosmaaklik verbind aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus. Daarom word kerkreg beskou as 'n eiesoortige reg, 'n *ius sui generis.*

Kerkreg as lewendige reg bevestig dus die feit dat 'n kerkorde nie in sement gegiet is nie, en daarom ook nie gekanoniseer kan word tot 'n onveranderlike wet wat geld vir tyd en ewigheid nie (vgl Plomp 1988:40).

**Kerkreg as voorbeeldige reg (*vorbildliches Recht*)**

Met Barth se beskrywing van die kerkreg as *vorbildliches Recht*, meen hy daarmee dat die kerkeg se unieke aard as voorbeeld dien vir die reg wat in ander dele van die samelewing voorkom.

> Rechtes Kirchenrecht is vorbildliches Recht: in seiner ganzen Eigenartigkeit exemplarisch für die Bildung und Handhabung des menschlichen Rechtes überaupt und also des Rechtes auch der anderen, der politischen, wirtschaftlichen, kulturellen und sonstigen menschlichen Gemeinschaften.

(Barth 1964:815)

Die bedoeling van Barth is nie dat die reg in al die sfere van die samelewing verkerklik word en dieselfde moet wees as die kerkreg nie, juis omdat kerkreg soos enige ander reg wat deur mense beoefen word, onvolkome is. Dit gaan vir hom eerder daaroor dat Jesus Christus, net soos in die kerkreg, ook in die ander sfere van die reg erken word as Heer van die wêreld. Hieruit blyk dit duidelik dat die kerkreg volgens Barth radikaal verskil van enige ander vorm van reg en word die kerkreg beskryf as *ius sui generis* en terselfdertyd ‘n *ius in sacra* en nie *ius circa sacra* soos enige ander vorm van reg nie. Die volgende opmerkings van Barth is hier van toepassing:

> Das bedeutet nun aber: Es ist schon recht mit dem Satz, daß das Kirchenrecht ein *ius sui generis*, in seiner Begründung und Gestaltung von dem des Staats und von dem aller anderen Gemeinschaften *toto coelo* verschiedenes Recht ist. Es ist schon recht, daß es vom Staatskirchenrecht, das nur der Ausdruck eines *ius circa sacra* sein kann, als *ius in sacra* scharf zu unterscheiden und also streng als Ausdruck der einigen Hoheit der Gemeinde – vielmehr als der Reflex der Hoheit ihres Herrn zu verstehen ist.

(Barth 1964:816)

Kerkreg as voorbeeldige reg, toon aan die wêreld ‘n baie belangrike saak wat betref die gesag waarmee in die reg opgetree word, naamlik dat daar altyd ‘n hoër gesag is as die regering van die dag. Hierdie gesag is die gesag van Jesus Christus (Barth 1964:820).

In sy beskrywing van die kerkreg as voorbeeldige reg, trek Barth (1964:821-822) ‘n belangrike verband tussen die kerkreg en wêreldlike reg in terme van Christus se gesag.

> Man verstehe die ganze Gegenüberstellung von kirchlichem und weltlichen Recht richtig! Die Welt mit ihrem Recht liegt im Argen. Sie liegt aber immerhin auch abgesehen von ihrer Konfrontierung mit der Kirche und ihrem Recht nicht nur im Argen! Sie ist doch auch in Gottes Hand, und seinem Gericht und seiner Gnade ist auch sie nicht entfallen. So gewiß es ja unter Gottes Anordnung und Führung geschiet, daß auch in der Welt außerhalb der Kirche nach Recht gefragt, Rech proklamiert, respektiert und praktiziert wird! So gewiß ja Jesus Christus Herr und König über Alle und Alles und als solcher auch *extra muros ecclesiae* nicht mußig ist.
>
> (Barth 1964:821-822)

Hy meen dus dat kerklike reg en wêreldlike reg beide menslike reg is, maar dat beide in relasie staan tot die Goddelike reg in dié sin dat Jesus Christus Koning is oor alle mense en alle dinge. Hierdie koningskap strek ook wyer as net die kerk deurdat Hy koning is oor alle mense en dinge ook búíte die kerk (*extra muros ecclesiae*). Hierdie twee sisteme van reg kan volgens Barth in harmonie met mekaar bestaan omdat beide gegrond is in die Heerskap van Christus wat regeer aan die regterhand van sy Vader.

Die volgende gevolgtrekking kan gemaak word uit Barth se beskrywing van die kerklike orde: Geen kerkordelike model is direk uit die Skrif af te lei nie. Kerkreg en kerklike orde is geskoei op regsbeginsels soos wat dit ook na vore kom in die wêreldlike reg. Dit stel egter nie die kerkreg en wêreldlike reg gelyk aan mekaar nie. Die kerkreg is ‘n eiesoortige reg. Die openbaring van God in Jesus Christus stel die inhoud van die kerkreg vas, maar terselfdertyd ook die karakter daarvan in dié sin dat die kerkreg geskoei is op grond van die lewendige verhouding tussen Christus en sy kerk wat Barth *Grundrecht* noem. Hierdie *Grundrecht* is diensbaar van aard op grond van die feit dat Christus die mensdom kom dien het, liturgies van aard omdat die verkondiging van die Woord en die aandagtige luister daarna wesenlik is vir die daarstel van ‘n hermeneutiek van kerkreg. Dit is ook

lewendig van aard omdat die verhouding tussen Christus as Hoof van die kerk en die kerk as sy liggaam ‘n lewendige verhouding is. Laastens is dit ‘n voorbeeldige reg waarin die kerkreg aan die reg wat beoefen word in elke sfeer van die samelewing, die voorbeeld stel dat reg toegepas word met gesag wat setel in Christus as Heer van die wêreld, en nie in die gesag wat soms self toegeëien is deur hulle wat meen dat hulle diensbaar is nie. So word ook voorkom dat byvoorbeeld die amp nie gesien word as *officium* nie, maar eerder as *ministerium*.

Geen kerkorde spreek ooit die laaste woord oor enige saak binne die kerk nie. Op grond van die lewendige verhouding tussen Christus en sy kerk moet gelowiges voortdurend gelowig luister na die Woord en dit interpreteer vir die kerk van vandag. Daarom het gelowiges ook nooit klaar geluister, en is ‘n kerkorde ook nooit afgehandel nie.

In sy eie gevolgtrekking hieroor sê Barth dat kerkordelike maatreëls slegs bruikbaar is en betekenis het in soverre dit die evangelie van Jesus Christus weerspieël. Und eben darin wird sich ihr Recht als richtig erweisen: als vom Evangelium her Evangelium verkündigendes Recht (Barth 1964:824).
Kerkreg word beoefen in gehoorsaamheid aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus. Dit impliseer weereens gehoorsaamheid aan die Woord as onontbeerlik vir die beoefening van die Kerkreg. Daarom kan dit ook nie anders nie as dat daar ‘n voortdurende heen en weer beweging behoort te wees tussen die Kerkreg en die Woord, omdat die Woord tog dié bron is waaruit God se stem gehoor word. Kerkreg word dus beoefen as deel van ‘n konstante pendulumbeweging tussen die Skrif en die praktyk aan die hand van ’n kerkorde soos vasgestel deur ’n Sinodale vergadering.

## 2.7 *Hermeneutiek van Kerkreg* en *Kerkordelike Hermeneutiek*

Twee begrippe word in hierdie studie afwissellend met mekaar gebruik naamlik *Hermeneutiek van Kerkreg* en *Kerkordelike hermeneutiek*. Dit is twee begrippe wat nie dieselfde betekenis dra nie, maar tóg met mekaar verband hou. Die verband lê daarin dat ‘n kerkordelike hermeneutiek ingebed is binne die groter geheel van ‘n hermeneutiek van Kerkreg. Smit (1987:17) ondersteun hierdie stelling deur kerkreg soos volg te beskryf:

> Kerkreg is nie ‘n laboratoriumwetenskap nie. Kerkreg is ‘n ‘wetenskap te velde’. Interessante teorieë oor die kerkreg en die kerkorde bly bloot van akademiese belang as dit nie ’n bruikbare basis vir die praktyk bied nie. ’n Skriftuurlike beskouing oor kerkreg en kerkorde, as ’n hegte basis vir die kerkregering, is derhalwe van primêre belang. Die ontwerp van so ’n basis het ten doel om die Woord van God oor die hele spektrum van die kerkregering te laat spreek.

Smit (1987:18) beskryf kerkreg as ‘n ‘nie-staatlike verbandsreg’. Daarmee sê hy dat die kerkreg nie as iets op sy eie gesien kan word nie, maar dat dit in verband staan met die kerk wat die eiesoortige en unieke karakter daarvan weerspieël. Wat hier belangrik is, is dat hy die kerk sien as ‘n gemeenskap wat deur God herskep is nadat Hy die mens verlos het in Jesus Christus. Hierdie gemeenskap wil God dan ook onderhou by wyse van die kerkregering waarvan die beginsels in die Woord gevind word. Kerkreg is dus die ‘herstellingsreg’ vir dié gemeenskap wat homself kerk noem. Met die Skrif en belydenis as norm vind die kerkregering neerslag in ‘n kerkorde. In ‘n kerkorde verwoord die kerk sy selfverstaan. Uit 'n betrokke kerk se kerkorde kan dus afgelei word wat hy verstaan onder die verkondiging van die Woord en hoe dit ingerig word, wat sy roeping in die wêreld is, en wat van ampsdraers verwag word as deel van God se regering van die kerk. Die volgende beskrywing van kerkreg wat Smit (1987:18) gee is belangrik vir die definiering van ‘n hermeneutiek van kerkreg: ‘Kerkreg is die wetenskap waarin God se reg en orde vir sy kerk, soos geopenhaar in sy Woord, in die kerk bedien word deur dit na te vors, te verklaar en vir die kerkregering toepaslik te maak.’

‘n Kerkorde is die resultaat van ‘n Christologies-ekklesiologiese besinning van die Skrif wat ‘n bepaalde ekklesiologie in die betrokke kerk se kerkorde tot gevolg het. Dit is na my mening die resultaat van van ‘n hermeneutiese proses wat spruit uit ‘n bepaalde verstaan van die Skrif asook van die kerkreg. Dit sluit aan by die volgende stelling van Smit (1987:24):

> Hieruit blyk dat ’n Skrifgebonde kerkorde die beginseldraende modus quo vir die kerkregering is. Die beginsels wat deur die kerkorde gedra word, is onveranderlik, maar praktiese ordereëlings, prosedures, ensovoorts val onder die aspek van die betreklikheid. Dit mag en móét verander as die uiterlike omstandighede op grond van die herstelmotief dit noodsaak.

Tog is die twee begrippe, naamlik *Hermeneutiek van Kerkreg* en *Kerkordelike hermeneutiek* verweef in mekaar. Waar ‘n hermeneutiek van Kerkreg ontbreek, ontbreek ‘n kerkordelike hermeneutiek en kan dit uiters skadelik wees vir die interpretasie van die kerkorde. Die moontlikheid bestaan dan dat die kerkorde juridies geïnterpreteer word as 'n wetboek. Dit impliseer dan dat die orde in die kerk ingerig word volgens die letter van die wet en geen oortreding daarvan geduld word nie. So ‘n gebruik van ‘n kerkorde gee daaraan ‘n gesag wat dit nie veronderstel is om te hê nie. Hierdie gesag kring dan verder uit na die toepassers daarvan en kan maklik ‘n burokrasie tot gevolg hê wat kerkordelike reëlings wetties toepas. Dit het verder tot gevolg dat die werk van die kerk gerem word, eerder as dit wat 'n kerkorde onder andere ten doel het, naamlik die bevordering van die kerk se werk. Daar is in hoofstuk 1 reeds verwys na die verhouding tussen die kerkorde en vryheid. Van den Heuvel (1991:23) verwys na hierdie gedagte deur dit soos volg te verwoord: ‘Voor velen is de kerkorde niet meer dan een ingewikeld boek met een grote hoeveelheid lastige, ingewikkelde en overbodige voorschriften. De kerklijke organisatie is verworden tot een complete bureaucratie, zo wordt wel beweerd.’

Wanneer verwys word na Kerkreg, dui dit dus op 'n teologiese vakdissipline wat 'n wetenskaplik studie van die Skrif en kerklike belydenis insluit ten einde meer te wete te kom oor die regering van die kerk. Die belangrikste hermeneutiese beginsel lê daarin dat die Skrif en kerklike belydenis dus dien as die bron en vertrekpunt vir hierdie studieveld. 'n Verdere hermeneuties beginsel is dat die studie en beoefening van die Kerkreg in die NHKA ingebed is in die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip waar Christus die Hoof van die kerk is en sy kerk regeer by wyse van sy Woord en Gees, asook die ampte wat ter vergadering byeenkom. Kerkreg is dus die teologiese wetenskap wat hom besig hou met die studie van die regering van die kerk. In hierdie studie is die dogmatiek onontbeerlik omdat sake wat in die dogmatiek aan die orde gestel word soos byvoorbeeld Godsbegrip,

Christologie, Skrifbeskouing en ekklesiologie, wesenlik deel uitmaak van die Hermeneutiek van Kerkreg ten einde 'n Kerkordelike Hermeneutiek daar te stel.

Hermeneutiek van Kerkreg is nooit ‘n afgehandelde saak nie. Dit is deurgaans ‘n beweging tussen die Skrif, kerklike belydenis en praktyk, oftewel die konkrete situasie waarin die kerk hom op ‘n bepaalde stadium bevind. In verskillende tye van die kerk se geskiedenis word verskillende vrae gevra na gelang van dit waarmee die kerk op daardie bepaalde tydstip mee gekonfronteer word.

'n Kerkordelike Hermeneutiek word gevorm wanneer die Hermeneutiek van Kerkreg toegepas word binne 'n bepaalde kerklike tradisie en kerklike opset met sy eie ekklesiologie. Dit vind neerslag in 'n kerkorde wat ten doel het om by te dra tot die Christusregering van die kerk sodat eerstens die eer van God daardeur gedien word en daar in gehoorsaamheid aan Hom, orde in die kerk geskied.

Uit dit wat hierbo genoem is word gepoog om 'n definisie van 'n Hermeneutiek van Kerkreg en Kerkordelike Hermeneutiek te gee ten einde die betekenis daarvan duidelik te stel en ook om die verband wat daar bestaan tussen die twee begrippe, te verduidelik.

'n Hermeneutiek van Kerkreg is dus die wetenskaplike resultaat van 'n ekklesiologies-Christologiese besinning van die Skrif en toepassing daarvan op die kerk. Uit die Hermeneutiek van Kerkreg word 'n Kerkordelike Hermeneutiek afgelei. Omdat die kerk nie in 'n kokon leef en werk nie, maar in 'n omgewing met sy eie omstandighede, kultuur en taal, is 'n Kerkordelike Hermeneutiek noodsaaklik ten einde, gehoorsaam aan die Skrif en belydenis, 'n ekklesiologie prakties in te rig by wyse van die daarstel van 'n kerkorde wat die kerk kan begelei in sy unieke omstandighede, taal en kultuur waarbinne hy moet kerk wees en getuig van sondaarmense se verlossing in Jesus Christus.

### 2.8 Samevattend

Die wesenlike van 'n kerkordelike hermeneutiek en die noodsaaklikhied daarvan kan saamgevat word deur eerstens te verwys na die beginsel dat die Skrif dien as die fondament van 'n kerkorde. Vir Barth is die Skrif die openbaring van God in Jesus Christus. Barth wys daarop dat sodanige begronding nié beteken dat kerkordelike

reëlings direk teruggevind word in die Skrif nie, maar dat die bedoeling of betekenis daarvan gevind word in dit wat God van mense vra in Jesus Christus.

Tweedens is dit belangrik om 'n kerkorde ook te interpreteer teen die agtergrond van Barth se redenasie dat kerkreg ook lewendige reg is. 'n Kerkorde is dus nie in sement gegiet sodat dit die status kry van 'n onveranderlike wet wat duur vir tyd en ewigheid nie. 'n Kerkorde is 'n eiesoortige dokument wat ingebed is in die kerkreg as 'n *ius sui generis.* Dit is om hierdie rede ook belangrik om met die interpretasie van 'n kerkorde te let op die heen- en weer bewegeing tussen kerkorde en die Skrif ten einde die vorming van 'n kerkordelike hermeneutiek. 'n Kerkorde is nooit 'n afgehandelde saak nie omdat die gelowige luister na die Skrif, oftewel openbaring van God aan die mens, nooit 'n afgehandelde saak is nie.

Derdens kan daarop gewys word dat 'n kerkorde die resultaat is van 'n Christologies-ekklesiologiese besinning oor die Skrif. As resultaat wat spruit uit 'n bepaalde hermeneutiese proses, is 'n kerkorde dus die neerslag van 'n bepaalde ekklesiologie. 'n Kerkorde is geskoei op die Skrif en gerig op die kerklike praktyk en omstandighede waarin 'n betrokke kerk hom op 'n bepaalde tydstip bevind. Die interpretasie en toepassing van 'n kerkorde is daarom 'n ekklesiologie wat prakties toegepas word in die hedendaagse leefwêreld van die kerk.

Die bedoeling van 'n kerkorde is nie dat dit rigied toegepas behoort te word nie, maar dat dit geïnterpreteer word teen die agtergrond van die Skrif en belydenis, en prakties toegepas word binne 'n bepaalde konkrete situasie. Om hierdie rede is dit dus onvermydenlik dat die nterpretasieproses van ‘n kerkorde bepaal word deur 'n kerkordelike hermeneutiek. Daarmee saam is 'n hermeneutiek van Kerkreg net so noodsaaklik. 'n Hermeneutiek van Kerkreg vorm die nis waarbinne 'n kerkorde sy beslag kry, en 'n kerkordelike hermeneutiek dien as riglyn by die interpretasie van 'n kerkorde in 'n konkrete situasie.

Elke kerkorde ontstaan in ‘n bepaalde kerklike tradisie en spesifieke omstandighede. Hierdie kerklike tradisie het 'n eie Godsbgrip, kerkbegrip, Skrifbeskouing, ampsbegrip, soteriologie en so meer. Hoe die genoemde sake deur die loop van die geskiedenis vorm gekry het op verskeie kerklike sinodes, dra by tot die hedendaagse interpretasie daarvan.

Dit hou egter ook direk verband met hoe daardie sake aandag kry in ‘n kerkorde. Om hierdie rede sal dit die moeite loon om die vergrootglas te plaas oor verskeie kerklike sinodes van die verlede ten einde te bepaal hoe die NHKA se kerklike tradisie gevorm is. Dit kan ‘n wesenlike bydrae lewer tot die interpretasie van die NHKA se Kerkorde wanneer ‘n hermeneutiek van Kerkreg toegepas word op die Kerkorde van dié kerk.

In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan verskeie kerklike sinodes in die verlede ten einde vas te stel hoe die Kerkregtelike tradisie van die NHKA gevorm is en wat die belangrikste invloede was op hierdie tradisie. Daar gaan egter nie in diepte aandag gegee word aan élke sinode en kerkorde wat dit tot gevolg gehad het nie, maar slegs dié wat bydrae tot die hermeneutiek waarmee die huidige Kerkorde van die NHKA gelees en geïnterpreteer word.

# HOOFSTUK 3

# HISTORIESE AGTERGROND VAN KERKORDES

## 3.1 Inleiding

Die NHKA het ‘n bepaalde metodologie van die beoefening van kerkreg, wat uiteraard ook bepalend is vir dié kerk se gebruik, interpretasie en aanwending van sy Kerkorde. Dit het nie in ‘n lugleegte ontstaan nie, maar is die resultaat van verskeie invloede vanuit die kerkreg deur die eeue. Verskeie kerkregtelike beginsels, waaraan later in hierdie studie aandag gegee gaan word en die beoefening van kerkreg deur die eeue, het bygedra tot die manier waarop die NHKA vandag Kerkreg beoefen en sy Kerkorde interpreteer en aanwend. Om hierdie rede is die geskiedenis en inhoud van kerkordes deur die geskiedenis, van kardinale belang ten einde die vorming van ‘n kerkordelike hermeneutiek[10] wat dan toegepas word op die Kerkorde van die NHKA.

In hierdie hoofstuk word sommige kerkordes vanuit die geskiedenis aan die orde gestel ten einde die invloed aan te toon wat dit gehad het op kerkordelike reëlings soos wat dit neerslag vind in die huidige Kerkorde van die NHKA. Die uiteindelike doel hiervan is om aan te toon dat die Kerkorde van die NHKA vanuit ‘n bepaalde tradisie kom en dat daardie tradisie baie kompleks is. Die gedagte is dat die resultate van die ondersoek in hierdie hoofstuk sou help om aan te toon dat die NHKA ‘n bepaalde hermeneutiek behoort uit te oefen in sy gebruik van sy eie Kerkorde.

---

[10] Die twee begrippe *hermeneutiek van kerkreg* en *kerkordelike hermeneutiek* is reeds in hoofstuk 2 van hierdie studie gedefinieer. Daar is ook aangetoon hoe hierdie twee begrippe in die res van die studie gebruik gaan word.

## 3.2 Kerkorde – historiese ontwikkeling

### 3.2.1 Martin Luther (1483-1546)

Reformatoriese kerkordes kan volgens Van't Spijker (2019:90) teruggevoer word na 'n lugleegte wat ontstaan het na 10 Desember 1520 toe Luther die *Corpus Iuris Canonici,* die kerkorde van die Rooms Katolieke Kerk, asook verskeie ander kerklike dokumente, in die openbaar verbrand het. Met hierdie daad toon Luther aan dat hy die leer van die Rooms Katolieke Kerk verwerp. Die *Corpus Iuris Canonici* was nie 'n kerkorde in die reformatoriese sin van die woord nie, maar eerder 'n juridiese dokument waarmee die orde in die Rooms Katolieke Kerk gereël is. Luther se verbranding daarvan in die openbaar was ook 'n daad waarmee hy te kenne gegee het dat hy die kerkbegrip van die Roomse kerk, asook die gesag van die pous, verwerp het (vgl. Van Wyk 1991:1-2).

Van't Spijker (1988:86) voer aan dat die kerk na 'n tyd die behoefte na kerklike organisasie begin voel het. Die vraag word dan gestel of die belydenis van die regverdiging deur die geloof alleen, Luther se ontdekking wat 'n slagspreuk van die Reformasie geword het, opsigself nie kon lei tot kerklike organisasie nie. Die rede hiervoor is omdat elke christen deur geloof in 'n direkte verhouding met God staan. Wanneer Luther hierdie verhouding dan verder omskryf in terme van die christen se vryheid,[11] word die suggestie gelaat dat kerkordelike maatreëls nie werklik nodig is nie, omdat gelowiges wat in vryheid voor God leef, gehoorsaam aan Hom leef. Hierdie gehoorsaamheid is gegrond in die onderlinge liefde tussen gelowiges. Van't Spijker (1988:86) verwys soos volg daarna: 'Maar in de broederschap van de christen onderling gaat het toe naar een andere wet, die van de liefde, die geheel vrijwillig te werk gaat.' Hierdie verhouding word dus bepalend vir die orde in die kerk, en is nie afhanklik van 'n kerkorde nie.

[11] In Augustus 1520 laat Luther 'n geskrif die lig sien met die titel: *Oor die vryheid van 'n Cristenmens,* wat sekerlik een van sy bekendste publikasies is. Hierin vat Luther die sentrale temas van die Reformatoriese Teologie saam. Luther stel die vraag na wat die implikasie is van die vryheid wat Christus vir die mens bewerk het. Uit verskeie tekste naamlik I Korintiërs 9, Romeine 13 en Galasiërs 4 formuleer Luther sy antwoord op hierdie vraag soos volg: ''n Christen is geheel en al 'n vrye heer oor alles en niemand se onderdaan nie. 'n Christen is geheel en al almal se dienende kneg en almal se onderdaan.' (vgl. Van Wyk 2020:101-103; Van't Spijker 2019:91).

Weens die feit dat weggedoen is met die amp wat hoofsaaklik verantwoordelik was vir visitasie, naamlik die biskopamp, moes bepaalde reëlings getref word wat as riglyn kan dien vir visitasie in protestantse gemeentes. Dit het onvermydelik kerkordelike reëlings tot gevolg gehad. Van Wyk (2022:8) maak die opmerking dat van die eerste kerkordes alreeds in 1520 die lig gesien het as gevolg van visitasies wat gedoen moes word by die eerste protestantse gemeentes. Hier het Philipp Melanchton ‘n reuse rol vervul. Junghans verwys ook daarna.

> Luther, Jonas, Bugenhagen and Melanchton are the reformers of the core group in Wittenberg, who develop Protestant theology through their fruitful collaborations and shape the Protestant church order through their participation in church and school visitations.
>
> (Junghans 2003:30)

Nog ‘n saak wat vir Luther belangrik was en nie pertinent in die eerste kerkordes genoem is nie maar tóg duidelik deursyfer, is die saak rondom die priesterskap van die gelowige. Van Wyk (2020:105) wys daarop dat gelowiges as vrye diensknegte van God, die verantwoordelikheid het om voorbidding vir ander mense te doen. Hy begrond hierdie taak van gelowiges in wat hy noem die ‘priesterskap van die gelowige’. Luther begrond die ‘priesterskap van die gelowige’ in Christus se priesterkap. Van Wyk (2020:105) verwoord dit soos volg:

> Christus is vir Luther die ‘eersgeborene van God’, en het daarom reg op koningskap en priesterskap. Christus deel egter sy koningskap en priesterskap met diegene wat in Hom glo. Op grond van hulle geloof in Christus noem Luther Christene ‘priesters’. Priesterskap is vir Luther

> belangriker as koningskap, aangesien priesters vir mense in gebed by God kan intree. Voorbidding vir ander is vir Luther die beste daad van vrye diensbaarheid.

Luther onderskei egter tussen die algemene priesterskap wat konsentreer op voorbidding vir ander mense, en die predikant wat die gewone Woordverkondiging waarneem. Van Wyk (2013:7-8) verduidelik dit soos volg:

> As Luther na 'priester' verwys, gebruik hy die Latynse woord *sacerdos*. As hy na die amp verwys, gebruik hy die woord *minister*. Luther het nooit *minesterium* vir die algemene priesterskap gebruik nie. Die 'priester' was vir hom nooit die ampsdraer nie. Elkeen is 'n priester deur die doop, terwyl die ampsdraer deur God geroep (*vocatio*) word.

In 1522 beroep die stadsraad van Leisnig twee protestantse predikante. Nadat die beroep uitgebring is skryf die stadsraad aan Luther 'n brief om te vra of hulle reg gehandel het. Protes van lidmate wat nog oorwegend Rooms gesind was kon moontlik die rede wees vir die skryf van hierdie brief omdat hulle gemeen het dat so 'n optrede in stryd is met die patronaatsreg van die Sistynse Kloosterorde. Luther se reaksie op hierdie navraag is egter nie kerkregtelik van aard nie. Hy gebruik die reformatoriese ampsbeskouing wat hy in die Skrif begrond, as basis vir sy antwoord. Die kern van sy antwoord was dat die beroep van die predikant ten doel gehad het om toe te sien dat die verkondiging in die gemeente kan voortgaan wat niks anders is as diens van die Woord nie. Die kerk is volgens Luther slegs daar waar die evangelie verkondig word en nie waar menslike leerstellings verkondig word nie. Sonder die verkondiging van die evangelie kan daar nie kerk wees nie (Van Wyk 2020:141 & 142).

Van't Spijker (2019:92) wys daarop dat Luther se verstaan van die priesterskap van die gelowige ook verband hou met die verkondiging van die evangelie in terme van die

prediking. Hy meld dat gelowiges wat gedoop is nie net die bevoegdheid het om die evangelie te kan verkondig indien daar nie ‘n predikant is om dit te doen nie, maar dat dit ook hulle verantwoordelikheid is. Luther het daarom ook wanneer hy verwys na die ’priesterskap van die gelowige’ soms die term gebruik ‘priesterskap van die gedooptes’ omdat hy die priesterskap van die gelowige in die doop begrond het (Van Wyk 2013:7; 2020:105).

> Dit is te verstane dat Luther in die beginjare van die Reformasie positief gedink het oor die ‘priesterskap van die gedooptes’. Daar is geen twyfel daaroor dat hy groot verwagtinge gehad het oor die positiewe rol wat gemeentelede sou kon speel nie. Hy het alreeds in sy lesings oor die Romeinebrief in 1515–1516 (Luther WA 56, 251, 25–27) ’n radikale uitspraak in hierdie verband gemaak: ‘Elke woord wat uit die mond van ’n kerkleier of ’n vroom en heilige man kom, is die woord van Christus ....’ (my vertaling). Sedert sy Sermon von dem Neuen Testament (1520) het hy begin om die ‘leer oor die priesterskap van die gedooptes’ te verduidelik en te verdedig.
>
> (Van Wyk 2013:7)

Dit moet egter ten sterkste beklemtoon word dat Luther nooit die ‘priesterskap van die gelowige’ daar wou stel ten koste van die predikantsamp of die doel gehad het dat dit die predikantsamp behoort te vervang nie. Sodanige standpunt getuig van ‘n teologies oningeligte opinie waardeur die predikantsamp gering geskat word (Van Wyk 2013:7).

Luther se beskouing van die 'priesterskap van die gelowige' hou ook verband met die kerklike orde. Die priesterskap van die gelowige berus na my mening op twee bene. Die eerste been is dat lidmate van die gemeente, op grond van hulle 'priesterskap' die verantwoordelikheid het om bepaalde dienswerk in die gemeente te verrig. Net soos die ampswerk van ampsdraers, word daar oor die dienswerk van die lidmate van die

gemeente opsig gehou. Alhoewel die handhawing van die opsig primêr die verantwoordelikheid van die ouderlingamp is, lê die verantwoordelikheid om opsig te hou óók by elke gelowige, oftewel lidmaat van die gemeente. Daarom kan die tweede been waarop die priesterskap van die gelowige berus, gesien word as die opsig wat lidmate hou oor ander lidmate in die gemeente, asook oor ampsdraers van die gemeente en die verkondiging van die Woord wat plaasvind by wyse van die prediking. Juis op grond van die priesterskap van die gelowige is 'n kerk se kerkorde, met sy afgeleide gesag uit en ondergeskiktheid aan die Skrif en belydenis, bindend op elke lidmaat van díe betrokke kerk.

### 3.2.2 Johannes Calvyn (1509 – 1564)

Die genoemde invloed oor die regering deur ampsdraers en nie die hele gemeente nie, is as gevolg van Calvyn se denke wat hy soos volg verwoord het:

> Regeerders zijn, naar ik meen, ouderen geweest uit het volk gekozen, om tezamen met de opzieners toezicht te houden op de handel en wandel en de tucht te oefenen. Immers men kan niet anders uitleggen, wat hij zegt (Rom. 12:8): ‘die aan het hoofd staat, doe het in naarstigheid’. Dus heeft van het begin af iedere kerk haar raad gehad, verkozen uit vrome, ernstige en heilige mannen, bij wie de rechtspraak ter verbetering der gebreken berustte, over welke wij later zullen spreken. Verder, dat de ordening niet van één eeuw is geweest, bewijst de ervaring zelve. Dus is ook dit ambt der regering voor alle tijden noodzakelijk.
>
> (Calvyn Inst IV, III, 8)

Vir Calvyn is die ouderlingamp by uitstek die amp wat gemoeid is met die opsig in die kerk. Hy verwys na drie tekste in die Nuwe Testament waar daar pertinent verwys word

na die ouderlingamp as opsieners, naamlik Titus 1:5 & 7,[12] Filippense 1:1[13] en Handelinge 20:17 & 28[14]. In die drie genoemde tekste word die woorde πρεσβύτερος en ἐπίσκοπος afwisselend gebruik. Dit dui spesifiek op die taak wat hierdie ampsdraers as opsieners en regeerders in die vroeë kerk sou hê.

Dit is belangrik om die opmerking te maak dat Calvyn se gedagtes rondom die verkiesing van ampsdraers as't ware 'n uitvloeisel is van sy denke oor roeping. Volgens Calvyn (Inst IV, III, 13) dien ampsdraers eerstens omdat hulle deur God geroep is tot diens en positief op daardie roeping geantwoord het. Hy verwoord dit deur te sê: Zij hebben dus niet door menselijke verkiezing, maar alleen op het bevel van God en Christus sich tot het werk aangegord. Tóg word menslike verkiesing deel van die proses alvorens iemand in die amp bevestig word. Vir Calvyn dra die menslike verkiesing by tot die orde in die kerk. Daardeur word verhoed dat enige persoon wie se leer en lewe dalk nie aanvaarbaar is nie, in die amp bevestig word.

> Waartoe die afzondering en oplegging der handen anders dan opdat de kerkelijkeorde in het verkiezen der dienaren door middel van mensen zou in acht genomen worden: Door geen duidelijker bewijs dus heeft God zulk een orde kunnen goedkeuren, dan doordat Hij, na vooraf gezegd te hebben, dat Hij Paulus tot een apostel der heidenen bestemd heeft, toch
>
> will, dat hij door de kerk verkozen wordt.

[12][5]Ek het jou op Kreta agtergelaat met die bedoeling dat jy die dinge wat nog gereël moes word, in orde moet bring en dat jy in elke dorp ouderlinge moet aanstel soos ek dit aan jou opgedra het. [7]'n Ouderling is immers 'n bestuurder van die huishouding van God. Daarom moet hy onberispelik van gedrag wees, nie aanmatigend en opvlieënd nie, nie 'n dronkaard of 'n rusiemaker of 'n soeker na oneerlike wins nie.

[13][1]Van Paulus en Timoteus, dienaars van Christus Jesus. Aan almal in Filippi wat deur Christus Jesus aan God behoort, met hulle ouderlinge en diakens.

[14][17]Van Milete af het Paulus 'n boodskap na Efese toe gestuur om die ouderlinge van die gemeente te laat roep. [28]Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.

(Calvyn Inst IV, III, 14)

Calvyn vat sy siening oor die verkiesing van ampsdraers deur die gemeente soos volg saam:

> Wij zien dus, dat dit naar Gods Woord de wettige roeping van een dienaar is, wanneer door de eenstemmigheid en goedkeuring van het volk diegenen gekozen worden die geschikt bevonden zijn. En dat de andere herders de verkiezing moeten leiden, opdat niet door lichtvaardigheid, of door partijschap, of door oproerigheid door de menigte wordt gezondigd.

(Calvyn Inst IV, III, 15)

Na my mening kan Calvyn se siening van die verkiesing van ampsdraers deur die gemeente, nie as demokraties beskou word nie. Die rede hiervoor lê daarin dat hy dit begrond in roeping en ordelikheid in die kerk. God roep mense om in sy diens te staan. Om te verhoed dat ’n lidmaat in ’n amp will 'dien’ sonder dat hy daartoe geroep is en dit sien as ’n magsposisie, is verkiesing deur die gemeente volgens Calvyn ’n poging om sodanige situasie te vermy. Die saak van gebed en leiding deur die Heilige Gees maak vir hom ook wesenlik deel uit van die rol wat die gemeente speel in die verkiesing. In hoofstuk 5 van hierdie studie word die vraag of stemming tydens kerklike vergaderings demokraties is al dan nie, breedvoerig bespreek.

By Calvyn speel die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip ‘n belangrike rol. Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip kan soos volg gedefinieer word: Jesus Christus is die Hoof van die kerk. Hy regeer sy kerk eerstens deur sy Woord en Gees, en tweedens deur die ampte wat in vergaderings byeenkom. Die volgende opmerking van Van Wyk (1991:5) oor die

presbiteriaal-sinodale kerkbegrip is relevant:

> Die ordeningstruktuur maak daarop aanspraak dat die stelsel van kerkregering Bybels gefundeerd is. Tog wil die stelsel niks meer wees nie as middel tot ‘n doel wat die heerskappy van Christus as die enigste Hoof en Heer van die kerk moet bevorder en in die praktyk rigting gee, en wat die regte verkondiging van die Woord die beste tot sy reg sal laat kom.
>
> (Van Wyk 1991:5)

Die beginsel van ‘n verband tussen die Skrif en kerklike orde kan beskou word as ‘n belangrike impuls vir die ontstaan van die Ordonnances Ecclésiastiques. Dit was vir Calvyn van uiterste belang dat ‘n kerkorde gebou word op die Skrif en die leer van die kerk. Van belang vir Calvyn was dat die grondbeginsel van die presbiteriaal sinodale kerkbegrip ook kerkordelik ingerig moet word in die kerk.

Vir Calvyn was die kerkordelike reëlings wat in die kerk dien net so belangrik soos die leer van die kerk, juis omdat die praktiese inrigting van die kerk by wyse van kerkordelike reëlings ‘n weerspieëling is van ‘n betrokke kerk se leer en verstaan van die Skrif. In die lig daarvan kan gesê word dat die orde van die kerk uitdrukking vind in die bediening van die Woord. Om hierdie rede was daar by Calvyn nie ’n spanning tussen die uiterlike orde van die kerk en die Woord nie. In die kerkorde het die kerk bloot dít verwoord wat die Skrif sê oor byvoorbeeld kerklike orde. Daarom het Calvyn vrede daarmee gehad dat die kerkregering ook neerslag vind in ’n kerkorde. Oor hierdie siening van Calvyn dat ’n kerkorde dit wat in die Skrif staan verwoord, maak Speelman (2019:99) die volgende opmerking:

> Calvijn is bedacht op hetgeen Christus in Zijn Woord heeft verordend. Hij formuleer deze voor hem belangrijke notie op verschillende manier: het

gaat om een orde, ’volgens welke de Here zijn kerk gereerd will hebben’, om een gouvernement van de kerk, ’dat de Here voor altijd heeft ingesteld’, een orde om de kerk te regeren, ’die ons uit het zuivere woord van God is overgeleverd’, een vorm van bestuur, ’die Hijzelf heeft voorgeschreven’, een geestelijk regiment, ’dat gewijd is door het eigen spreken van God’. Achter dit spreken van God weet Calvijn het behagen van God, dat will zeggen dat God het nu eenmaal zo gewild heeft. Daarom heeft men niet het recht daarvan af te wijken.

Die denke van Calvyn was dus uiters rigtinggewend vir die praktiese vorm van kerkordelike reëlings. Juis hier is ‘n bepaalde kerkordelike hermeneutiek reeds te bespeur. Pont (1981:3) (vgl. Botha 1989:5) verduidelik Calvyn se benadering soos volg:

> Dit is eers Johannes Calvyn, die geniale hervormer van die tweede generasie, wat duidelik besef dat die kerklike orde van die hervormde kerk net so belangrik is as die hervormde leer. Die kerk is en moet immers die draer wees van die ware evangelie en om daardie taak reg te kan doen, moet die kerk ook ‘n regte organisasie of struktuur hê. Calvyn word deur beginselvaste dinkwerk wat hy op die vlak van die ordening van die kerk doen, die vader van die Bybels-reformatoriese presbiteriaal-sinodale kerklike orde.
>
> (Pont 1981:3)

Calvyn se gedagte van ‘n presbiteriaal-sinodale kerkbegrip is volgens Botha verweef met sy beskouing van die verhouding tussen kerk en staat. Botha maak die volgende opmerking hieroor:

> In die kerk regeer Christus alleen, onmiddelik deur sy Woord en Gees en middelik deur die ampte. Alle ampte is gelyk en enige hiërargie is uitgesluit. Hierdie Christokratiese visie het ook enige owerheidsvoogdyskap of inmenging in die kerk se sake uitgesluit. Dit beteken nie dat Calvyn daarmee die owerheid neutraal wou hê nie. Inteendeel, hy het ‘n neutrale owerheid wat ten opsigte van die waarheidsvraag onverskillig kon wees, afgewys. Ook die owerheid moes ‘n beslissing ten opsigte van die Waarheid, dit is Christus, neem... Oor die verhouding tussen owerheid en kerk, het Calvyn baie skerp tussen twee groothede onderskei sonder om hulle van mekaar te skei.
>
> (Botha 1989:4-5)

Calvyn se bedoeling van die samewerking tussen die kerk en die owerheid is dus volgens Botha ook nie dat die owerheid die kerk sal oorheers nie, maar van hulp sal wees sodat die kerk sy Godgegewe roeping kan vervul. Die owerheid het dus as instelling van God ook die verantwoordelikheid om God te dien deur die manier waarop hy die volk regeer.

### 3.2.3 Discipline Ecclésiastique 1559

Die ontstaan van die Discipline Ecclésiastique van 1559 kan teruggevoer word na twee jaar vroeër wanneer een van Parys se predikante, Antoine de Chandieu, in Poitiers gaan help om verskeie kerklike vraagstukke op te los. Die poging om tydens hierdie besoek ‘n kerkorde daar te stel lei tot die eerste sinodale vergadering van die Franse gemeentes. Hierdie vergadering vind in Parys plaas op 25 en 26 Mei 1559. Tydens hierdie vergadering word ‘n kerkorde opgestel naamlik die Discipline Ecclésiastique. Die kerkorde wat opgestel is in 1557 in Poitiers tydens de Chandieu se besoek daar asook die Ordonnances Ecclésiastiques van 1541 (Geneefse Kerkorde) dien as onderbou vir die nuut opgestelde Discipline Ecclésiastique en het ook ‘n groot invloed daarop uitgeoefen. Pont (1981:48) voer aan dat die waarde van die Discipline Ecclésiastique juis

daarin lê dat dit ‘die eerste poging is om vanuit die Calvinistiese kerkordelike denke ‘n kerkorde te skep vir die nasionale kerk. Hier word dus ‘n orde geskep wat ál die gemeentes saamvat in één, geordende geheel en waar die geestelike regering van Jesus Christus, die Heer van die kerk, deur middel van sy diensknegte, die ampsdraers, uitgespel word.’ Verder is die beginsel ook neergelê dat sekere kerklike sake op sinodale vergaderings hanteer word en ander sake weer op gemeentelike vlak. Hierdie beginsel sou in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling later ook ‘n groot rol speel en lei tot groot debat in Nederland wat later aan die orde gestel sal word.

Hierdie kerkorde kan na my mening beskou word as die stukrag vir die vestiging van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip wat met verloop van tyd kerkregtelike denke al hoe meer sou beïnvloed.

Verskeie kerkordelike reëlings wat vandag steeds geld in die NHKA word teruggevind in die Discipline Ecclésiastique van 1559. Eerstens kan verwys word na die anti-hiërargiese beginsel wat voorkom in die Discipline Ecclésiastique, naamlik dat geen gemeente oor 'n ander heers nie. Hierdie beginsel kom uitgebreid voor in die Kerkorde van die NHKA ook in dié sin dat geen vergadering oor 'n ander heers nie. So heers geen amp oor 'n ander of ampsdraer oor 'n ander ampsdraer nie (NHKA 2019:39) Dit beteken egter nie dat 'n gemeente in isolasie bestaan teenoor ander gemeentes nie, maar vorm dit, as selfstandige gemeente, saam met ander gemeentes van dieselfde kerk, deel van 'n kerkverband.

Die Discipline Ecclésiastique is ook die eerste kerkorde waarin reëlings getref word rondom meerdere vergaderings (vgl. Pont 1981:48).

Artikel 40 van die Discipline Ecclésiastique gee aandag aan die gesag van die kerkorde. In hierdie artikel word gereël dat die kerkorde nie in sement gegiet is nie en aangepas behoort te word indien die welwees van die kerk so ‘n aanpassing vereis. Toestemming tot die wysiging van die kerkorde berus by die algemene sinode. Hierdie is 'n belangrike hermeneutiese beginsel wat steeds van toepassing is in die NHKA vandag en ook duidelik verwoord word in Ordereëls 10.1 en 10.2 van die Kerkorde van die NHKA.

### 3.2.4 Konvent van Wezel 1568

Alvorens aandag gegee kan word aan die kerkordelike reëlings soos vasgestel by die Konvent van Wezel in 1568[15], is dit nodig om eers aandag te gee aan die stand van sake in die Waalse gemeentes in die suide van Nederland vanaf 1563. Die tydperk vanaf die begin van die vervolging van die kerk in 1550 tot 1568 kan gesien word as ‘n historiese aanloop tot die aanvaarding van ‘n kerklike orde tydens die Konvent van Wezel in 1568. Hierdie vervolging, wat deur Karel V se seun Filips II voortgesit is, het bygedra tot die vestiging van verskeie gemeentes in die suide van Nederland. Pont (1981:55) beskryf dit soos volg: ‘So het die Waalse Calvinistiese kerk in die suidelike Nederlande ontstaan uit Waalse gelowiges wat nié net in hulle geboorteplekke nie, maar ook in Oos- en Wes-Vlaandere gemeentes gevorm het.’

In die lig daarvan dat dit vir die kerk as gevolg van die vervolging deur Filips II steeds bykans onmoontlik was om byeen te kom of te organiseer, stel Guido de Brès wat vanaf 1559 predikant was te Doornik, ‘n geloofsbelydenis op. Dit was ‘n poging om aan koning Filips II die belydenis van die Calvinistiese kerk te verwoord en dit daarin duidelik te maak dat die kerk nie ‘n groep ketters is soos wat deur die owerheid aanvaar is nie.

Gedurende die nag van 1 en 2 November 1561 word ‘n pakkie oor die muur van die kasteel te Doornik gegooi. Hierdie pakkie bevat 'n kopie van die Nederlandse Geloofsbelydenis asook ‘n brief aan Filips II waarin die vervolgde Calviniste ‘n beroep op die koning doen om die vervolging wat heers, te staak.

---

[15] Boersma (1994:197) huldig die standpunt dat die Konvent van Wezel nie plaasgevind het in 1568 nie, maar wel in Julie 1571, ‘n paar maande voordat die Sinode van Emden plaasvind in Oktober 1571. Hy baseer sy argument grootliks op die feit dat daar geen rekord beskikbaar is van so ‘n byeenkoms wat gehou is in 1568 nie, asook die feit dat daar in die tyd tussen die Konvent van Wezel in 1568 en die Sinode van Emden in 1571 geen ontwikkeling op kerkordelike gebied was nie. Dit Convent van Wezel stelt de (kerk-)historicus al lange tijd voor vragen. Wanneer we de kerkhistorische handboeken raadplegen over het Convent, merken we een zekere verlegenheid op bij de beschrijving van de volgorde van de gebeurtenissen. Het Convent van Wezel komt min of meer uit de lucht vallen in 1568. De periode van drie jaar tussen het Convent en de synode van Emden roept ook vragen op. Is er in de tussentijd niets gebeurd? Na enkele voorzichtig geformuleerde alinea’s gewijd aan het Convent gaat men over tot de bespreking van de synode van Emden. Bij die gebeurtenis kan men zich weer baseren op verscheidene schriftelijke bronnen (Boersma 1994:197).

> Het pakje bevatte een brief namens de burgerij gericht aan twee commissarissen van de landvoogdes, die juist op de burcht vertoefden en de opdracht hadden een onderzoek naar de nieuwe godsdienstige beweging in te stellen. Verder zat er een klein boekje in, dat de volgende titel droeg: Belijdenis des geloofs gemaakt met een gemeen accoord door de gelovigen, die in de Nederlanden gevonden worden, die verlangen te leven naar de ware reformatie van het evangelie van onze Here Jezus Christus.
>
> (Polman 1957:23)

As gevolg van die Roomse vervolging in die suide van Nederland het die gemeentes wat daar gevestig was teen 1568 feitlik weggekwyn en het lidmate gevlug na die noorde van Nederland waar die Waalse gemeentes dan weer georganiseer is. Die taalverskil tussen die Waalse en Nederlandse gemeentes het daartoe gelei dat die Waalse gemeentes in eie klassisse en provinsiale sinodes georganiseer is terwyl hulle egter deel van die Nederlandse kerk gebly het. Pont (1981:57) merk op dat daar tot en met 1568 in die Waalse gemeente nog nie ‘n kerkorde opgestel is nie maar dat daar wel verskeie kerkordelike maatreëls in plek gestel is in navolging van die Geneefse Kerkorde van 1541.

Dit is belangrik om daarop te let dat die byeenkoms te Wezel nie ‘n sinodale vergadering was nie omdat dit slegs saamgestel is uit verteenwoordigers van die Nederlandse gemeentes. Geen ampsdraer is per vergaderingbesluit afgevaardig na die byeenkoms nie. Op grond hiervan dra die kerkordelike reëlings wat getref is by Wezel nie amptelik gesag as ‘n kerkorde nie, maar dien dit as ‘n konsep wat later tydens die Sinode van Emden as kerkorde vasgestel word. Pont beskryf dit soos volg:

> In Wezel word dan ook die basis gelê vir ‘n presbiteriaal-sinodale kerkorde en hierdie werk is by die eerste volwaardige sinode wat te Emden in 1571 gehou is, verder gevoer met die totstandbrenging van ‘n eerste kerklike orde. *Wezel skep die konsep, Emden stel die kerkorde vas.* Die konsep van Wezel bly egter belangrik omdat dit die eerste poging tot ‘n definitiewe formulering was.
>
> (Pont 1981:70)

Die konsep soos vasgestel by Wezel is hoofsaaklik beïnvloed deur Calvyn se gedagtegang soos gevind in die Geneefse Kerkorde (Ordonnances Ecclésiastique 1541), asook die kerkordelike reëlings wat getref is in die Waalse gemeentes in Nederland.

Haitjema (1951:17-18) verwys na die geweldige invloed wat die Ordonnances Ecclésiastique uitgeoefen het op die formulerings wat opgestel is by die Konvent van Wezel in 1568. Hierdie invloed is volgens hom veral duidelik in die gedeelte wat handel oor die ampte.

> Dit is wel het klaarste bewijs, dat er op de tafel in de vergaderzaal te Wezel in 1568 een exemplaar van de *Ordonnaces Ecclésiastique* moet aanwezig geweest zijn... De inleiding bij de Wezelse Acta verwijst zonder twijfel de allereerste plaats naar de Kerk van Genève, als het heet, dat bij de ‘kerken, die op de beste wijze tot reformatie zijn gebracht’, advies werd ingewonnen voor de grondlijnen der kerkinrichting. Voorts is de opsomming der ambten in de Wezelse Acta, cap. I, § 11, geheel overeenkomstig de formulering in de *Ordonnances Ecclésiastique* van 1561. Evenzo herinneren de bewoording, waarin de dienaar des Woords de ambsbelofte moet bij zijn bevestiging (*Wezelse Acta*, cap. II, § 11), heel sterk aan de *Ordonnances*;...

(Haitjema 1951:18)

Die doel van die kerkordelike reëlings soos vasgestel by Wezel word in die voorrede duidelik uiteengesit. Hierdie reëlings word gebaseer op die Skrif. Dit word duidelik gemaak dat hierdie konseporde nie slegs geldig is vir een of twee gemeentes nie, maar vir al die gemeentes in Nederland en dat hierdie orde toegepas word met die instemming van al hierdie gemeentes. Weereens is hier sprake van 'n belangrike hermeneutiese beginsel naamlik dat die kerkorde van toepassing is en bindend is op alle gemeentes van die betrokke kerk.

Afgesien van die ampte van dienaar van die Woord en ouderlinge, is by die Konvent van Wezel ook sprake van profete. Profete is hulle ‘die in de vergadering der gemeente de eene of andere Schriftuurplaatst behoorlijk uitleggen, gelijk Paulus heeft ingesteld’ (Pont 1981:79). Die profete bestaan uit dienaars van die Woord, leeraars, diakens en enige lidmaat in die gemeente wat van oortuiging is dat hy die gawe van God ontvang het om te profeteer. Sodanige profete moet egter voor die gemeente ‘n belofte aflê ‘dat zij de Schriften niet zullen verdraaijen, maar de zeer opregt tot Gods eer en stichting der gemeente uitleggen en zich zonder bezwaar onderwerpen aan de kerklijke censuur, ten zijnen tijde in de Classicale bijeenkomsten te oefenen’ (Pont 1981:79). Hierdie praktyk word egter nie aangemoedig nie omdat die opstellers van die Acta geoordeel het dat dit aanleiding kan gee tot verdeeldheid en twis in die gemeente.

Dit blyk duidelik uit die Konvent van Wezel dat die bedoeling van die kerklike[16] tug nie

---

[16] Vir Calvyn was die toepassing van die kerklike tug, saam met die suiwer verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente, bestempel as een van die merktekens van die ware kerk. Koffeman (2009:175-176) toon aan dat die eerste twee tekens van die ware kerk, naamlik die suiwer verkondiging van die Woord en die regte bediening van die sakramente, reeds vasgestel is in die Augsburgse belydenis en dat die derde kenmerk, naamlik die toepassing van die kerklike tug, deur die Calvinistiese tradisie ingevoer is. Koffeman (2009:175-176) verwoord dit soos volg: ‘Want de kerk is de gemeenschap van de heiligen, waarin het evangelie zuiver geleerd wordt, en waarin de sacramenten op de juiste wijze worden bediend’, zegt de *Onveranderde Augsburgse Confessie,* daarmee het noodzakelijk minimum voor kerkelijke eenheid aanwijzend. De calvinistische traditie – of altans de continentale variant daarvan – voegde daar nog een derde kenmerk aan toe, namelijk de uitoefening van de kerkelijke tucht, en richtte zich met dat al eerder op de ‘waarheid’ van de kerk, dat wil zeggen de ‘ware kerk’, dan op haar eenheid. In het toevoegen van de kerkelijke tucht aan de twee kenmerken van de *Onveranderde Augsburgse Confessie*

slegs was om orde in die kerk te handhaaf nie, maar ook en veral om, as verlengstuk van die opsig, toe te sien dat lidmate se lewe ooreenkom met hoe God in sy Woord beveel sy kinders moet leef. Hier kan dus ook ‘n duidelike verband aangetoon word tussen Skrif, belydenis en kerklike orde.

By Wezel is ‘n klomp maatreëls neergelê wat nie die gesag dra van kerkordelike maatreëls/ordinansies nie, juis omdat die Konvent van Wezel nie die status van ‘n Sinode gehad het nie. Die rede vir hierdie stelling is dat die afgevaardigdes na die Konvent van Wezel nie deur vergaderings afgevaardig is as verteenwoordiging van hulle ampte nie, maar bloot afgevaardig is as verteenwoordigers van die streke waar hulle woonagtig is en kerklik betrokke is.

Die maatreëls wat neergelê is by Wezel sou eers by die komende sinode, wat Emden sou wees, kerkordelike gesag kry. So word die weg in 1568 by die Konvent van Wezel gebaan vir ‘n selfstandige kerkorde wat dan drie jaar later by die Sinode van Emden die lig sou sien.

### 3.2.5 Die nasionale sinode van Emden 1571[17]

Onder navorsers bestaan nie eenstemmigheid of die Sinode van Emden ‘n volwaardige sinodale vergadering was, of nie. Rutgers (1889:45-46) is van mening dat hierdie nie as ‘n volwaardige sinodale vergadering gesien kan word nie, omdat daar slegs van twee uit die drie Nederlandse provinsies ampsdraers afgevaardig is. Rutgers stel dit soos volg:

---

herkennen we het besef dat er het voor de herkenbaarheid van de kerk niet alleen toe doet hoe verkondigd en gevierd wordt, maar ook hoe in die kring gestalte wordt gegeven aan het leven van alledag: onder de tucht ligt de belang van een christelijk levenswandel, de *disciplina* of levensheiliging.'

[17] Pont (1981:92) gee die datum aan as 5 Oktober 1571, terwyl Rugers (1889:42) dit aangee as 4-13 Oktober 1571. Die datum van die sinode word in opskrif van die kerkorde soos volg weergegee: *‘Acta Synodi Ecclesiarum Belgicarum, quae sub cruce sunt, et per Germaniam et Phrisiam Orientalem dispersae: habitae 4º. Die Octobris Anno 1571*’ of in Nederlands vertaal: ‘*Acta ofte Handelinghen der versamelinghe der Nederlandtsche Kercken die onder ’t Cruys sitten, ende in Duytschlandt, ende Oost-Vrieslandt verstroyt zijn, gehouden tot Embden den 4. Octobris Anno 1571*’ (vgl. Rutgers 1889:55; Plomp 1971:88).

> Zij is het eerst openbaar gemaakt in de Kercken-ordeninghen der Ghereformeerde Nederlandscher Kercken (Delft, 1612); echter onder den minder juisten naam, op het titelblad, van Kerkenordening eener Nationale Synode (van welke de Emdensche Synode zich juist uitdrukkelijk onderscheidde, zich zelve slechts beschouwende als een Synode twee der drie groote provinciën, waarin alle Nederlandsche Kerken waren ingedeeld;...) en voorts alleen voor zoover de acta betrekking hadden op de tot eene kerkenordening samengevoegde besluiten...
>
> (Rutgers 1889:45-46)

Haitjema (1951:16) deel egter nie die mening van Rutgers nie en verwys na die Sinode van Emden as: 'de oudste nationale Synode te Emden (1571)' (vgl. Haitjema1951:23). Pont (1981:92) voeg sy stem ook by dié van Haitjema en verwys daarna as: '...die eerste sinodale vergadering van die Calvinisties-hervormde Nederlandse gemeentes.'

Volgens Pont behoort die argument van Haitjema ten gunste van Emden as sinodale vergadering, nie gediskwalifiseer te word vanweë die afvaardiging wat volgens Rutgers nie volledig was nie. Pont voer (1981:92) aan dat die Sinode van Emden as sinodale vergadering beskou kan word, ook in terme van die werk wat daar gedoen is, in dié sin dat hier 'n eerste kerkorde opgestel is vir die Nederlandse gemeentes onder die kruis. Tydens die sinode van Emden is daar dus kerkordelik kollektief aan die kerk gedink deurdat plaaslike gemeentes saam resorteer onder die sinode en dat kerkordelike reëlings sinodaal vasgestel word.

Inhoudelik is die kerkorde soos vasgestel by die sinode van Emden van groot waarde omdat verskeie kerkregtelike beginsels daarin vasgelê is wat vandag steeds geld. Hierdie kerkregtelike beginsels is baie duidelik begrond in die Skrif en belydenis. Dit is ook duidelik gevorm binne die raamwerk van 'n hermeneutiek van kerkreg. Vervolgens word van die genoemde kerkregtelike beginsels verdiskonteer soos wat dit vasgestel is in die Emdense Kerkorde van 1571.

Die heel eerste artikel beskryf die anti-hiërargiese beginsel wat daarop betrekking het dat geen hiërargie bestaan tussen verskillende gemeentes, ampsdraers wat in dieselfde amp dien, of tussen die verskillende ampte nie.[18] Vir die invoeging van anti-hiërargiese beginsel word verskeie redes aangegee. Pont (1981:97) gee as rede dat die bedoeling van die reformatore bloot was om ontslae te raak van die hiërargie wat geheers het in die ampstruktuur van die Roomse Kerk waar die pous beklee was met uiters baie gesag en mag. Verder wil dit ook poog om die amp van biskop uit die weg te ruim omdat hierdie 'n hoër posisie gehad het as die ander ampte en dit ook beklee was met 'n gesag wat bo vanuit die hiërargie op ander ampte toegepas kon word. Hierby sluit Plomp (1971:89) aan deur die gedagte soos volg te verwoord:

> Dit artikel is uitgesproken anti-hiërarchisch. Het wijst het episcopaat af, de instelling waarbij één ambtsdrager, de bisschop, bekleed is met een hoger ambt dan de andere en uit dien hoofde gezag over hen uitoefent. Maar ook de cathedraliteit, die trouwens onlosmakelijk met het episcopaat verbonden is: de kerk waarin zich de „cathedra', de zetel van de bisschop bevindt, heeft zeggenschap over andere kerken. De emdense kerkorde poneert reeds in haar eerste artikel de „aequalitas', de gelijkheid in rang en rechten zowel tussen kerken als ambtsdragers.
>
> (Plomp 1971:89)

Volgens Pont (1981:97-98) kan artikel 31[19] van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat handel oor die ampte, ook aanleiding gegee het tot die inskrywing van die anti-hiërargiese

[18] Die anti-hiërargiese beginsel het reeds neerslag gevind in artikel 1 van die Discipline Ecclésiastique van 1559, alhoewel dit in hierdie verband slegs verwys na die verhoudings van gemeentes tot mekaar en nie ook ampsdraers en verskillende ampte nie. Die artikel lui soos volg: 'Ten eerste, dat géén gemeente (église) vir hom voorrang of heerskappy oor 'n ander kan aanmatig nie.

[19] Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: Hulle het, op watter plek hulle ookal mag wees, een en dieselfde mag en gesag omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is – die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk.

beginsel. Die gelykheid van die ampte is volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis gegrond in Jesus se Hoofskap van die kerk en dat Hy die eintlike ampsdraer is en al die ampte iets van Jesus in die uitoefening van die amp moet weerspieël. Polman (1957b:213) verwys soos volg hierna:

> Uit het feit, dat Christus als Profeet, Priester en Koning de eigenlijke Ambtsdrager in de kerk is en deze ambten van herder en leraar, ouderling en diaken dit ambt van Christus representeren, wordt tereg de principiële gelijkstelling der ambten en de volledige uitsluiting van elke hiërarchische rangorde afgeleid.
>
> (Polman 1957b:213)

Polman (1957b:213) begrond artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis in dieselfde rede as wat Pont (1981:97) en Plomp (1971:89) aangee vir die invoeging van die anti-hiërargiese beginsel in die kerkorde van Emden deur die volgende opmerking hieroor te maak: 'Hier keert de Belijdenis sich scherptegen het papale en episcopale stelsel, gelijk dit met name in de Rooms-Katholieke en Anglicaanse kerk gevonden wordt.'

Die eenheid van die kerk en organisering van die kerk, nie net op plaaslike vlak nie, maar ook nasionaal blyk duidelik uit artikel 2. Die eenheid van die kerk in Nederland berus op die kollektiewe aanvaarding van die kerk se belydenis. Die belydenis wat deur die Franse kerke aanvaar is, is ook deur die Nederlandse kerke onderteken 'om daarmede haar verbinding en enigheid  met dezelve Franse kerken te betuigen.' (Pont 1981:103).

Aan reëlings rondom die vergaderings van die ampte word besondere aandag geskenk. Eerstens word bepaal dat alle ampsdraers naamlik predikante, ouderlinge en diakens een maal per week sal byeenkom. Die presiese rede daarvoor word nie gegee nie, maar op grond van hierdie reëling kan die afleiding gemaak word dat die kerkraad 'n beduidende rol speel in die regering van die kerk. Hierdie reëling impliseer ook dat die

plaaslike gemeente die verskyningsvorm van die kerk is en ook kerk is in die volle sin van die woord. Daarom dat dit nodig geag word dat die kerk reeds op hierdie vlak regeer word deur ampsdraers.

Elke drie tot ses maande word ook klassikale byeenkomste gehou. Jaarliks word ‘n provinsiale sinode gehou waar die kerke wat versprei is oor Duitsland, Oos-Friesland, Engeland en die Nederlandse gemeentes onder die kruis teenwoordig sou wees. Twee-jaarliks vind ‘n algemene byeenkoms plaas van al die gemeentes van die Nederlandse kerke.

Die indeling van gemeentes in ‘n klassis word kerkordelik gereël. Opdrag word ook aan die gemeentes in Londen gegee ten einde hulleself in klassisse in te deel.

Vanuit die kerkraadsvergaderings is twee predikante en twee ouderlinge of diakens afgevaardig na die klassikale vergadering, of net een predikant en een diaken.

Die doel van die klassikale vergadering is volgens die kerkorde van Emden, om opsig te hou oor die verskillende kerkrade. Verslag is gelewer oor die werksaamhede van die gemeente en die kerkraad. Elke afvaardiging moes op verskeie vrae antwoord oor die werksaamhede van die gemeente en die kerkraad.

Die struktuur van meerdere vergaderings as wyse waardeur die kerk regeer word, is dus ook vasgelê by Emden. Uit die inrigting van kerklike vergaderings tydens die Sinode van Emden blyk dit dus dat die doel van meerdere vergaderings nie was om 'n hoër posisie in te neem met betrekking tot ander vergaderings nie. Met die afwysing van 'n hiërargie was die doel juis dat meerdere vergaderings die kerkraadsvergadering, wat die primêre vergadering van die ampte is, tot hulp sal wees.

Wat die verkiesing van ampsdraers betref word dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens deur die kerkraad verkies. Alvorens iemand in die amp van dienaar van die Woord bevestig word, moet dit deur die klassis goedgekeur word (Artikel 13). Dit was egter nie van toepassing op die verkiesing van ouderlinge en diakens nie (Artikel 14). Dit is nie duidelik of dit die klassikale vergadering of ‘n kommissie wat verteenwoordigend was van die klassikale vergadering was wat hierdie keuring van dienaars van die Woord

behartig het nie.

In artikel 15 word ‘n reëling getref rondom die dienstydperk van ampsdraers deurdat helfte van die ampsdraers in die gemeente, ouderlinge en diakens, jaarliks afgewissel word deur nuwe ampsdraers in hulle plek te bevestig. Hier blyk dus die eerste tekens van die rotasiebeginsel. Die rotasiebeginsel vind ook neerslag in die Kerkorde van die NHKA in dié sin dat ampsdrers slegs vir 'n sekere periode op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering of ringsvergaderings kan dien. Die rotasiebeginsel word ook gereël op gemeentelike vlak wat betref die posisie van die gemeenteskriba. Later in hoofstuk 5 sal meer uitgebrei word oor die hierdie beginsel.

Alvorens ‘n predikant in ‘n ander gemeente mag preek moet die kerkraad of ander predikant van die gemeente, of predikante van die gemeente waar die predikant gaan preek, toestemming daartoe verleen.

In die reëlings wat getref word rondom die doop en nagmaal kom die vryheid van die gemeente ter sprake. Dit dui op verskeie sake rakende die doop en nagmaal wat as ‘middelmatig’ beskou word. Hierdie vryheid van die gemeente kry gestalte in die gebruike rondom die bediening van die sakramente waar verskeie metodes gebruik kan word vir die bediening wat nie ‘n effek het op die betekenis van die sakrament nie. As voorbeelde van ‘n ‘middelmatige’ saak, is dit nie noodsaaklik dat ‘n doopgetuie teenwoordig sal wees nie (Artikel 21). Wat die nagmaal aanbetref kan dit sittend of staande gebruik word (Artikel 22). Wat egter belangrik is en nie aan die gemeente oorgelaat word om te besluit nie is dat die brood gebreek en gesamentlik gebruik word tydens die viering van die nagmaal. Daar is dus geoordeel dat sommige sake belangrik is om deel uit te maak van die bediening van die sakramente omdat die betekenis van die sakramente daarin weerspieël word, terwyl ander sake as randsake gesien kan word.

Wat die kerklike dissipline aanbetref word gereël dat daar eers onder die opsig gehandel word met lidmate en ampsdraers voordat die tug toegepas word. Verskeie reëlings is in plek gestel wat deel uitmaak van die opsigproses. Dit is die taak van die predikant om iemand wat oortree het te vermaan en te straf (Artikel 25). Wat belangrik is in Emden se

maatreëls oor die opsig en tug is die begronding daarvan in Matteus 18[20]. Daar word pertinent na Matteus 18 verwys in die teks van die kerkorde.

Die oortreder word persoonlik vermaan voor getuies, daarna voor die kerkraad en sou dit ook nie slaag nie word hy, in die teenwoordigheid van die gemeente, die gebruik van die sakramente ontsê. Indien ook hierdie aksie nie die wenslike resultaat oplewer nie, word die oortreder van die gemeenskap van gelowiges afgesny.

Indien enige ampsdraer sonde sou pleeg wat tot nadeel sou strek van die kerk, hanteer die kerkraad die saak. Die kerkraad het die bevoegdheid om ouderlinge en diakens uit hulle amp te onthef. Die kerkraad het nie die bevoegdheid om ‘n predikant uit die amp te onthef nie, maar kan hom wel tydelik van sy pligte onthef. Die klassis sal oordeel of die predikant permanent onthef moet word, al dan nie. Indien die predikant appél wil aanteken teen die besluit van die klassis, beroep hy hom op die Provinsiale- of Landsinode.

Emden spreek hom ook uit oor die metode waarop die kerkorde gewysig word (Artikel 53). Twee sake kom hier baie prominent na vore en is ook van wesenlike belang vir die vorming van 'n hermeneutiek waarmee 'n kerkorde vandag geïnterpreteer word. Die eerste saak is dat ‘n kerkorde nie in sement gegiet is nie maar dat wel gewysig kán word indien omstandighede en nuwe insigte dit noodsaak. Die Skrif en belydenis bly egter steeds die maatstaf in hierdie wysiging. Van’t Spijker (1971:66) verwys na die feit dat die kerkorde nie in sement gegiet is nie deur te sê: ‘Zij is niet bij voorbaat versteend maar afgestemd op de historische omstandigheden.’

Tweedens kom hier ook ‘n bepaalde ekklesiologie baie duidelik na vore in terme van die eenheid in die kerk wat betref die onderlinge verhouding tussen gemeentes as deel van een kerk. Die besluit rakende die wysiging van die kerkorde word geneem deur die sinodale vergadering (Artikel 53). Van’t Spijker (1971:66) wys ook op die bepaling van

[20] ‘As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na die gemeente nie luister nie, moet jy hom as ‘n heiden en ‘n tollenaar behandel.’ (Matt 18:15-17).

Emden dat die kerkorde 'met gemeen accoord zijn vastgesteld' word. Sodanige besluit van die sinodale vergadering om die kerkorde te wysig is bindend aan elke gemeente. Dit is steeds vandag die gebruik in die NHKA dat die bevoegde vergadering om wysigings aan die kerkorde aan te bring, die sinodale vergadering is, in die geval van die NHKA dus die Algemene Kerkvergadering.

Uit die reëlings rondom die vergaderings van die ampte soos vasgestel by Emden word dit duidelik dat die anti-hiërargiese beginsel deurgaans 'n beduidende rol gespeel het in die daarstelling van die reëlings rondom vergaderings van die ampte. Die rotasiebeginsel is duidelik ingebed binne die anti-hiërargiese beginsel.

Die feit dat kerklike reëlings so wyd getref word oor landsgrense heen, dui op 'n sinodale organisering van die kerk wat vroeër nie bestaan het nie. Die eenheid van die kerk strek dus oor landsgrense heen sonder om daarmee die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes enigsins te bevraagteken. 'n Bepaalde verstaan van die plek en die rol van kerklike vergaderings as deel van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip het dus ook by Emden ontstaan.

### 3.2.6 Provinsiale sinode van Holland en Zeeland te Dordrecht 1574

Tussen die nasionale sinodes van Emden (1571) en dié van Dordrecht (1578), vind verskeie provinsiale sinodes plaas waarvan een op Nederlandse bodem, dié van die provinsies Holland en Zeeland in 1574 te Dordrecht. Dit vorm die aanloop tot die nasionale sinode van Dordrecht in 1578.

Die nasionale sinode van Emden het 'n bepalende invloed uitgeoefen op die provinsiale sinode van Holland en Zeeland. Pont (1981:116) verwys soos volg daarna:

> Met die aanvang van hierdie sinodale vergadering op 16 Junie 1574 is allereers die artikels van Emden voorgelees en aanvaar. Daarná gaan hierdie vergadering voort om toevoegings, veranderings en verbeterings van die Emdense besluite te oorweeg. Hier is dus 'n voortbou op die werk

> wat reeds gedoen is en telkemale word daar dan ook na die Emdense besluite terugverwys.
>
> (Pont 1981:116)

Die invloed wat die Nasionale sinode van Emden gehad het op kerkordelike hermeneutiek en nie net op historiese kerkordes nie, maar ook op hedendaagse kerkordelike hermeneutiek, word onderskat.

Dit is belangrik om ‘n paar sake te noem wat vorm begin aanneem het in die aanloop na die eerste provinsiale sinode op Nederlandse bodem. Eerstens kan gewys word op die reëling rakende die versorging van predikante, dat die owerheid voortaan verantwoordelik was vir die betaal van traktemente. Die predikant was in hierdie sin dus ‘n amptenaar van die staat en ook van die staat afhanklik. Pont (1981:115) meld dat die bedoeling hiervan was dat die owerheid die kerk en godsdiens wou beskerm. Hierdie reëling sou in later jare verreikende gevolge inhou en tot nadeel van die predikante strek. Hierdie saak word later meer breedvoerig hanteer teen die agtergrond van die 1816 Reglement waarvolgens die owerheid al hoe meer insae en gesag in kerklike sake gekry het.

Alle kerklike eiendomme wat vroeër aan die Roomse Kerk behoort het en nou deur Hervormde gemeentes gebruik is, het staatseiendom geword. Dit het ernstige kritiek ontlok teen die owerheid.

Klassikale vergaderings is ook in die lewe geroep wat die eerste provinsiale sinode tot gevolg gehad het.

In artikel 10 van die acta van Dordrecht word ‘n belangrike reëling getref rondom die klassikale vergadering. Hierdie vergadering sal maandeliks of twee maandeliks plaasvind. Volgens Kersten (1961:65) word die saak soos volg gereël:

> Aangaande de tijd der classikale samekomsten is besloten, dat ze alle

> maanden vergaderen zullen, uitgenomen Dordrecht en Gouda, die alle twee maanden tezame komen zullen, totdat ze op zichzelve zullen gezet worden. Zullen toch de dienaren van alle classen gehouden zijn bijeen te komen, telkens dat ze om enige noodzaken geroepen worden.
>
> (Kersten 1961:65)

Weens die feit dat klassikale vergaderings elke twee maande plaasgevind het kan die afleiding gemaak word dat kerklike organisering en die strukturele inrigting van die kerk, uiters noodsaaklik is. Hierdie inrigting vind nie plaas in ‘n lugleegte nie, maar binne bepaalde omstandighede en konteks waarin die kerk hom op ‘n spesifieke stadium bevind. Verder kan die gevolgtrekking ook hieruit gemaak word dat institusionalisering in die kerk, ‘n deurlopende proses is en ook iets is waarvan die kerk nooit sal kan wegkom nie.

Stemming in kerklike vergaderings, ‘n saak wat vandag steeds in baie gevalle verkeerd verstaan word, kom ter sprake wanneer die saak rondom die uitbring van ‘n beroep gereël word. In artikel 12 word bepaal dat die kerkraad van die gemeente waarin die beroepe predikant sal werk, ‘n beroep sal uitbring tydens ‘n vergadering van die kerkraad, en nie van die gemeente nie. Die bedoeling is dat die predikant nie beroep word op grond van ‘n demokratiese stemming nie, maar tydens ‘n kerkraadsvergadering wat plaasvind onder leiding van die Heilige Gees. Dit sê egter nie dat die besluite van ‘n gemeente nie ook onder leiding van die Heilige Gees plaasvind nie. Wanneer ‘n beroep uitgebring word vorm die diakens vir die doel deel van die kerkraad wat ter vergadering byeenkom.

Ouderlinge en diakens moes by bevestiging in die amp nie net instemmend die geloofsbelydenis onderteken nie maar ook die kerkorde.

Afgevaardigdes na sinodale vergaderings word per geloofsbrief afgevaardig. Dit is interessant om te merk dat daar in hierdie reëling duidelik gestel word dat die owerheid nie deel het aan die afvaardiging van ampsdraers nie. Artikel 90 lui soos volg: ‘Is besloten, dat de kerken dienaars, die op de Synode te gaan, gedeputeerd worden, getuigenis

brengen zullen van de konsistorie en de classe en niet van de overheid' (Kersten 1961:81).

Kerkordelike reëlings het nie slegs vanuit die kerk gekom nie, maar ook vanuit owerheidsweë. In 1576 het kerkordelike reëlings wat deur die provinsiale state van Holland en Zeeland ontwerp is, 'n botsing van opinies tot gevolg gehad tussen die kerk en die owerheid. Die kerk was staatskerk en daarom is geoordeel dat die owerheid 'n sê het in kerklike sake, en ook in kerkordelike reëlings. Hierdie botsing van opinie waarna verwys word hou verband met toelating tot die kerk. Predikante was van mening dat niemand wat nie die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus onderskryf nie, tot die kerk toegelaat moet word nie. Die owerheid daarteenoor was van mening dat àlle Christene wat 'n onbesproke lewe lei toegelaat moes word as lid van die kerk. Die probleem het egter wyer gestrek as net die toelating tot of lidmaatskap van die kerk. Predikante het van die owerheid ook verwag om Lutherse en Anabaptistiese gemeentes te onderdruk op grond van Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die uiteinde hiervan verwoord Pont (1981:119) soos volg:

> Dit het meegebring dat daar dikwels langdurige twiste tussen kerklike ampsdraers en vergaderings en die owerhede was en wat ook daartoe gelei het dat die kerklike ordes soos ontwerp deur kerklike vergaderings én die owerheid, baie selde deur beide partye aanvaar is.
>
> (Pont 1981:119)

Die kerkorde wat opgestel is by die provinsiale sinode van Holland en Zeeland in 1574 kon nie geïmplementeer word alvorens dit goedgekeur is deur die owerheid nie. Die owerheid sou byvoegings tot die kerkorde maak waarin duidelik aangetoon word dat die owerheid van mening is dat sekere kerkordelike sake van owerheidsweë gereël behoort te word. Die owerheid sou dus bepaal wat die finale inhoud van die kerkorde sou wees, en dit daarna ook goedkeur voordat dit in die kerk enige gesag mag hê. Die argument

waarmee die owerheid hierdie maatreël gestaaf het was dat dit die plig van ‘n godvresende landsowerheid is om kerklike wette te maak. Dit is interessant om te let op die terminologie wat gebruik word, naamlik wet en wetgewing in die kerk. Die saak word later meer breedvoerig bespreek wanneer gehandel word oor die kerkreg as ‘n *ius sui generis* en ook waar die verskil tussen kerkorde en grondwet, oftewel konstitusie uiteengesit word binne die raamwerk van ‘n hermeneutiek van kerkreg.

Die invloed van die owerheid op die kerkorde van 1574 is twee jaar later in 1576 gefinaliseer. Die owerheid se byvoegings tot die kerkorde van 1574 hou grootliks verband met die ampte. Eerstens is dit die owerheid wat predikante aanstel en verantwoordelik is vir hulle besoldiging. Dit is interessant om te let op die woordkeuse wat hier gebruik word, naamlik die *aanstel* en *besoldiging* van predikante. Vanuit ‘n hermeneutiek van kerkreg sou eerder gepraat word van die beroep en bevestiging van predikante en versorging by wyse van ‘n traktement. Hierdie saak word in hoofstuk 5 breedvoerig bespreek. Tweedens word professore deur die owerheid aangestel en die kerk het geen seggenskap daaroor nie. Dit het meegebring dat die kerk ook geen opsig of tugbevoegdheid oor die professore gehad het nie omdat hulle nie meer kerklike ampsdraers was nie, maar amptenare in diens van die owerheid.[21] Derdens word die belydenisskrifte nie as norm neergelê waarbinne die verkondiging plaasvind nie, maar slegs die Heilige Skrif. Ouderlinge en diakens is ook deur die owerheid aangestel, diakens met die spesifieke opdrag om die armes te versorg.

Gemeentes word staatsinstellings onderworpe aan burgerlike maatreēls. Die magistraat kon na sy eie goeddunke predikante voorstel om in gemeentes te werk. Dit het meegebring dat dit nie altyd predikante was vanuit die Calvinistiese tradisie nie.

Hierdie toevoegings van die owerheid tot die kerkorde van 1574 is nie in die kerk geïmplementeer nie en het ook nie verder gekom as bloot ‘n konsep nie. Na my mening het dit tog die weg begin baan vir die Algemene Reglement van 1816 waar die owerheid, in die lig van soortgelyke maatreëls soos dié van 1574, beheer oor die kerk begin kry het

[21] Hier kan ook verwys word na die onderskeid wat in die kerkreg getref word tussen *ministerium* en *officium* wanneer die amp ter sprake kom. Die amp word verstaan in terme van ‘n dienskneg (*ministerium*) en nie van 'n amptenaar (*officium*) nie.

en dit etlike jare geneem het voordat die kerk hierdie juk kon afskud met die verskyning van 'n nuwe kerkorde vir die kerk in Nederland in 1951.

### 3.2.7 Die nasionale sinode van Dordrecht 1578

Die sinode van Dordrecht vind plaas in ‘n situasie waar spanning bestaan het tussen Roomse en Hervormde lidmate. Die doel van die sinode was om aan die kerk leiding te gee in dié verband. Die kerk het geleef en werk in ‘n tyd waarin onvrede en onrus hoogty gevier het.

Dit is van uiterste belang om daarop te let dat hierdie sinode nie in isolasie van ander sinodes plaasgevind het nie. Die stelling kan gemaak word dat die sinode van Dordrecht (1578) in die verlengstuk lê van die nasionale sinode van Emden (1571) en die provinsiale sinode van Dordrecht (1574). Die werk wat by hierdie twee sinodes gedoen is, is hersien tydens die sinode van 1578.

‘n Uiters belangrike beginsel wat betref die kerkorde vloei voort uit ‘n besluit van die sinode, naamlik dat kerkordelike maatreëls nie in sement gegiet is nie en aangepas kan word na gelang van omstandighede. So ‘n aanpassing is slegs geldig wanneer dit binne die grense lê van die Skrif en belydenis. Die gronde van hierdie besluit kan na my mening teruggevoer word na dieselfde kerkordelike beginsel wat ook na vore gekom het reeds by die sinode van Emden sewe jaar vantevore.

Die eerste saak wat aandag geniet in die kerkorde wat opgestel is tydens die sinode van Dordrecht in 1578, is dié van die ampte. Volgens Pont (1981:126) is dit vanselfsprekend omdat die amp beskou word as een van die pilare waarop die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip berus.

Die funksionele ampsbeskouing wat teruggevoer kan word na Calvyn[22] kom ter sprake in artikel 6 waar gereël word dat ‘Ghelijckerwijs niemant tot desen dienst en behoort

[22] In ‘n poging om homself af te grens teen die Roomse verstaan van die amp, oordeel Calvyn dat die amp funksioneel moet wees en gee hy ‘n inhoudelik-funksionele karakter daaraan. Hy meen dat die kerklike amp sy betekenis kry wanneer dit uitgeoefen word in diens van God wat self sy kerk regeer. Graafland (1999:57) verwoord hierdie gedagte van Calvyn soos volg: ‘In de tweede plaats springt het inhoudelijk-functionele karakter van het ambt naar voren. Het kerkelijk ambt bezit geen eigen waardigheid. Het krijgt

beroepen te worden dan deghene die men een seker plaetse toestelt alsoo moet een dienaer die noch aen gheen kercke verbonden is, hem selven gheheelick der ghemeynte die hem beroept, toeeyghenen' (Nauta & Van Dooren 1978).

Die amp van dienaar van die Woord word beskou as 'n lewenslange amp, tensy besluit word om van lewenstaat te verander. Indien die predikant weens ouderdom of siekte nie meer die dienswerk van dienaar van die Woord kan verrig nie, dien hy steeds in die amp van dienaar van die Woord en bly hy ook onder opsig van die gemeente waarvan hy deel is.

In artikel 17 word 'n reëling getref wat baie duidelik die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip weerspieël deur te stel dat die kerkraadsvergadering met niks anders besig mag wees as met kerklike sake en dit wat die regering van die kerk raak nie. Die artikel bepaal dat: 'In dese versamelinghen en [sic] sal niet ghehandelt worden dan van kerckelicken dinghen ende dat na wijse der kerckenregieringhe' (Nauta & Van Dooren 1978). Dit word ook duidelik gereël dat die kerkraadsvergadering sake wat binne sy bevoegdheid lê afhandel en dit nie onnodig verwys na meerdere vergaderings nie. Indien iemand nie tevrede is met 'n bepaalde uitkoms of besluit van die kerkraadsvergadering nie, mag die saak dan na die meerdere vergadering verwys word.

Ampsdraers word na meerdere vergaderings afgevaardig met 'brieven van credentie ende instructie'. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat hierdie brief waarmee ampsdraers afgevaardig word ook dien as 'n getuigskrif dat die vergadering waardeur die ampsdraer afgevaardig is tevrede is met sy ampswerk en lewe. Wat egter onduidelik is, is of die moontlikheid bestaan dat ampsdraers afgevaardig word na meerdere vergaderings met 'n bepaalde mandaat van die vergadering wat afvaardig omdat dit nie alleen 'n brief is van *credentie* nie maar ook van *instructie*.

---

zijn betekenis in het inhoudelijk uitoefen ervan in de dienst van God, die zelf door zijn Woord en Geest zijn kerk regeert. Niet alleen de woorden *munus* en *functio*, maar ook de termen *adminiculum, organum* en *praesidia* wijzen daarop.' Dit is hieruit ook duidelik hoe Calvyn se ampsbegrip wesenlik deel uitmaak van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip deur die amp te verstaan as 'n wyse waarop Christus self sy kerk regeer.

Iets van die rotasiebeginsel word ook gemeld in artikel 28, wat betref die verkiesing van die klassikale vergadering se voorsitter deur te bepaal dat dieselfde persoon nie vir langer as twee termyne as voorsitter kan dien nie. Die kerkorde bepaal dat die nuwe voorsitter word verkies 'met ghemeynen kuerstemmen, dogh alsoo dat de selfde gheen tweemael achter malcanderen sal moghen ghenomen werden,...' (Nauta & Van Dooren 1978).

Pont (1981:128) wys daarop dat daar na afloop van die partikuliere sinode nie 'n kontinueringsliggaam was wat toesien dat die besluite van dié vergadering uitgevoer word nie. Die rede daarvoor is volgens hom tweeledig. Eerstens was dit die verantwoordelikheid van die kerkraadsvergadering om die besluite van die sinode uit te voer. Die tweede rede was omdat die sinode jaarliks plaasgevind het. 'n Kontinueringsliggaam sou indruis teen die bedoeling van hierdie stelsel, naamlik dat die verskillende vergaderings almal daartoe geroepe is om dit te doen en daarom verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

Die kerkorde van die NHKA bepaal dat tydens elke ringsvergadering 'n ringskommissie, en tydens elke Algemene Kerkvergadering 'n Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gekies word. Hierdie kommissies se werksaamhede neem 'n aanvang aan die einde van die vergadering. Hulle verantwoordelikheid is om toe te sien dat die besluite van die betrokke vergaderings uitgevoer word en sit die werk van die vergaderings voort vir die tyd wanneer die vergaderings nie in sitting is nie.[23] Hier geld die beginsel van *synodus contracta* wat beteken dat die ringskommissie namens die ringsvergadering en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering namens die Algemene Kerkvergadering kan optree wanneer dié vergaderings nie in sitting is nie (vgl. Klei 2001:198).

Vervolgens word sake rondom die nagmaal hanteer. Persone van ander kerke wat nagmaal wil gebruik en in besit is van 'n getuigskrif, word toegelaat daartoe. Dié wat nie in besit is van so 'n getuigskrif nie word nie tot die nagmaal toegelaat nie.[24] In die week

---

[23] Hierdie werkswyse het eers in die negentiende eeu na vore gekom toe die kerk homself in 'n ander bedeling bevind het as wat die geval was in die 16de eeu (kyk Pont 1981:145).

[24] Die NHKA se uitnodiging na die nagmaal verskil egter hiervan en kan geklassifiseer word as 'n 'oop uitnodiging' na die nagmaal. 'Broers en susters in die Here, u word hartlik uitgenooi om te kom aansit aan die nagmaal van die Here! Namens die kerkraad van die gemeente word belydende lidmate van ander

wat die nagmaal voorafgaan sal lidmate deur die dienaars van die Woord en die ouderlinge besoek word. Die doel van hierdie besoeke is om die betekenis van die nagmaal aan lidmate te leer en ander, waar dit nodig mag wees, te vermaan alvorens hulle die nagmaal gebruik die daaropvolgende Sondag.

In die laaste artikel van die kerkorde word die anti-hiërargiese beginsel van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip vasgelê.

> Geen kerk zal over andere kerken, geen dienaar over andere dienaars, geen ouderling of diaken over andere ouderlingen of diakenen enige heerschappij voeren of overhand hebben... Hoewel uit plicht der liefde de ene kerk de andere, de ene dienaar de andere etc niet alleen mogen, maar ook behoren te vermanen.
>
> (Pont 1981:143)

Hierdie beginsel wat by die sinode van Emden reeds vasgelê is, weerklink ook in die Kerkorde van die NHKA in die aanhef tot Ordereël 4 wat handel oor die vergaderings van die ampte.[25]

Dit is dus duidelik uit bogenoemde dat die kerkordelike nadenke van die sinode van Dordrecht 'n beduidende invloed het op die Kerkorde van die NHKA in dié sin dat verskeie van die maatreëls wat vasgelê is by Dordrecht, steeds vandag neerslag vind in die NHKA se kerkorde.

---

gemeentes van ons kerk en belydende lidmate van kerke met dieselfde belydenis as ons kerk, van harte uitgenooi om saam met ons nagmaal te gebruik; mits u nie onder kerklike tug staan nie en die vrymoedigheid het om in u eie gemeente aan die tafel van die Here aan te sit' (NHKA 2008:65;71;75). In hierdie uitnodiging na die nagmaal word die onus op die lidmaat self geplaas deurdat dit 'n saak van die gewete is omdat daar nie van sodanige lidmaat verwag word om 'n getuigskrif in te dien nie.

[25] Die een vergadering heers nie oor die ander, die een amp nie oor die ander en die een ampsdraer nie oor die ander nie (NHKA 2019:39)

### 3.2.8 Die sinode van Middelburg 1581

Die betrokkenheid van die owerheid het al hoe meer klem begin kry. Die gemeentes van Delft en Antwerpen wat die sinode byeengeroep het, het ook in lyn met die gebruik van die tyd aan die Staten-Generaal ‘n uitnodiging gerig om die sinode by te woon. Die invloed van die owerheid het veld gewen en was egter sterker as net om die sinode by te woon. Dit was die verantwoordelikheid van die kommissaris-politiek om ook die besluite van die sinode te bevestig en te onderteken. Verder het hy ook die verantwoordelikheid gehad om toe te sien dat die besluite uitgevoer word. Tóg besluit die Staten-Generaal om nie die kommissaris politiek af te vaardig om die sinode van Middelburg by te woon nie. Die owerheid het dus slegs kennis geneem van die besluit van die sinode.

Die kerkorde wat opgestel is tydens die sinode van Middelburg meld heel aan die begin (Artikel 1) wat die doel van die kerkorde is. Die kerkorde het eerste ten doel om die orde in die gemeente te handhaaf. Dit word gedoen deur sake te reël rakende die ampte, samekomste van die gemeente, bediening van die sakramente, asook die opsig en tug. Artikel 1 van die kerkorde van Middelburg waarna verwys word lui soos volg:

> Om goede ordene inder Ghemeijnte Christi te onderhouden, zijn daer inne noodich, de Diensten, Tsamencoemsten, Opsicht der Leere, Sacramenten ende ceremonien, ende Christelicke straffe: waer van hier na ordentlick ghehandelt sal werden.
>
> (Van’t Spijker 1981)

Wat die ampte aanbetref word onderskeid getref tussen vier ampte, naamlik dienaar van die Woord, doktor, ouderling en diaken. Dit is opmerklik dat onderskeid getref word tussen dienaar van die Woord en dié wat die amp van doktor beklee in soverre dit die prediking en bediening van die sakramente betref. Kerkordelik word bepaal dat die doktor slegs die

Woord en sakramente mag bedien indien hy wettiglik daartoe geroep is. Die afleiding kan gemaak word dat slegs doktore wat ook as predikant georden is wel mag preek en die sakramente bedien. Onderskeid word getref tussen die kerkraad en diakens (artikels 4 en 15). Dit skep die indruk dat diakens nie deel uitgemaak het van die kerkraad nie.

In artikel 4 word bepaal dat die dienaar van die Woord twee eksamens moet aflê alvorens hy as dienaar van die Woord georden mag word. Die rede hiervoor was dat die opleiding wat dienaars van die Woord ondergaan het uiteenlopend was. Pont (1981:148) verduidelik dat die eerste eksamen, die *praeparatior,* deur die klassis afgeneem is. Nadat hierdie eksamen suksesvol afgelê is ontvang die proponent preekvergunning en word hy beroepbaar gestel. Die tweede eksamen, die *peremptior,* word afgelê na die aanvaarding van ‘n beroep. Die klassis waarbinne die beroepende gemeente val, neem die eksamen af. Nadat hierdie eksamen suksesvol afgelê is, kan die proponent georden en bevestig word in die gemeente.

Weens die feit dat die kerk dit nodig geag het dat kandidate hierdie twee eksamens moet aflê alvorens hulle as dienaars van die Woord georden mag word, laat mens tot die gevolgtrekking kom dat die kerk geen insae gehad het in die akademiese opleiding van predikante nie.

Die funksionele ampsbegrip wat sy oorsprong het by Calvyn kom baie duidelik na vore wanneer bepaal word dat ‘n predikant nie na ‘n gemeente beroep word sonder om ook die ampspligte van die predikant in die gemeente te verrig nie. In artikel 7 word die saak soos volg gereël:

> Men sal niemandt tot den Dienst des Woordts beroepen, sonder hem in een Kercke te stellen, die hij dienen sal, aen dewelcke soo hij sonder conditie verbonden is,...
>
> (Van’t Spijker 1981)

‘n Predikant mag ook nie terselfdertyd in twee gemeentes werksaam wees sonder toestemming van die klassis en van beide gemeentes nie.

Dit word die gemeente op die hart gedruk dat hy verantwoordelik is vir die versorging van die predikant. Hierdie verantwoordelikheid van die gemeente strek egter ook verder in díé sin dat, sou die predikant siek word en nie meer in staat wees om sy ampsplig te kan verrig nie, die gemeente steeds die verantwoordelikheid het om hom te versorg. Die gemeente dra ook die verantwoordelikheid om studente in die teologie wat lidmate van die gemeente is, finansieel te versorg.

Die ampsplig van die ouderling behels die opsig oor die predikant en moet as deel van sy opsigtaak ook toesien dat die nagmaal ordelik geskied en hulle wat nie erns maak met die nagmaal nie, vermaan.

Die diakens se ampswerk behels die insameling van aalmoese en die uitdeel daarvan, nie net aan behoeftiges wat lidmate van die gemeente is nie, maar ook aan behoeftiges buite die gemeente. Die diakens moet verslag doen oor hulle werksaamhede aan die kerkraad. Verder is diakens ook daarvoor verantwoordelik om die bedroefdes te vertroos.

Vier vergaderings van die ampte word geïdentifiseer, naamlik die kerkraadsvergadering, klassis, partikuliere (provinsiale) sinode en die algemene sinode. Alhoewel elke vergadering se bevoegdheid nie pertinent uitgespel word nie, word dit wel duidelik dat elke vergadering sy eie bevoegdheid het in dié sin dat een vergadering nie sake hanteer en afhandel wat by óf ‘n mindere óf 'n meerdere vergadering tuishoort nie (artikel 22).

‘n Saak wat reeds by Emden 1571 voorgekom het, word tydens Middelburg 1581 meer spesifiek in artikel 24 soos volg gereël:

> De handelinghen aller Tsamencoemsten sullen van de aenroepinghe des naems Godts aenghevanghen ende met een dancksegghinghe besloten werden.
>
> (Van’t Spijker 1981)

Emden het bepaal dat kerklike vergaderings geopen word met Skriflesing en gebed. As rede hiervoor kan aangevoer word dat die kerk nie anders kan as om sy roeping wat hy van die Heer self ontvang het na te kom deur homself voortdurend te meet en te rig aan die Woord nie. Verder bely die kerk daarmee ook die prinsipiële uitgangspunt van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, naamlik dat Jesus Christus as Hoof van die kerk onder andere ook deur die vergaderings van die ampte sy kerk regeer. Pont (1981:150) meld dat hierdie reëling wat reeds by Emden getref is, nou 'n reëling word wat alle kerklike vergaderings insluit. Om dié rede verskyn hierdie reëling in al die opvolgende kerkordes. Tydens Middelburg 1581 is ook bepaal (artikel 30) dat 'n preek deel sal uitmaak van die opening van die vergadering van die klassis. Die preek word dan bespreek en indien nodig word korreksies aangebring.

Die rotasie beginsel word ook in hierdie kerkorde aangetref wanneer in artikel 30 soos volg bepaal word:

> In desen tsamencoemsten sullen de Dienaers bij ghebeurte, ofte andersins die van deselve vergaderinghe vercoren wordt, presideren, soo nochtans dat deselve tweemael aen een niet sal moghen vercoren werden.
>
> (Van't Spijker 1981)

Die algemene sinode vind driejaarliks plaas, die provinsiale sinode jaarliks en die klassis vier maal per jaar. Afvaardiging na meerdere vergaderings word trapsgewys[26] gedoen.

Die vierde en laaste gedeelte van die kerkorde handel oor die opsig en tug.

[26] Die kerkraadsvergadering stuur twee ouderlinge en twee predikante na die klassis. Die klassis dieselfde getal na die provinsiale sinode en die provinsiale sinode ook so na die nasionale sinode. So is sorg gedra dat die verskillende vergaderings van die ampte *vergaderings* sal bly en nie in 'n soort kerklike kongres verwater nie (Pont 1981:150).

Die doel van die kerklike tug word in artikel 58 aangedui as versoening. Hierdie beginsel maak 'n wesenlike deel uit van die hermeneutiese raamwerk waarbinne die kerklike tug, ook vandag, toegepas word. Aan hierdie beginsel word meer aandag gegee wanneer later gehandel word oor 'n beroep op 'n wêreldlike hof ten einde 'n kerklike geskil op te los.

Die uitoefening van die opsig wat die tug voorafgaan, word ingerig teen die agtergrond van Matteus 18:15-17. Indien die opsig nie slaag nie word die tug toegepas by wyse van sensuur, en in sommige gevalle afsnyding van die gemeente.

Wat die toepassing van die tug betref bepaal die Sinode van Middelburg dat wanneer enige *ampsdraer een openbare grove sonde bedrijven, die der Kercke schandelick ofte oock bijder Overicheijt strafweerdich is,* word diakens en ouderlinge onmiddelik deur die kerkraad uit hulle amp onthef (Van't Spijker 1981). Predikante wat hulleself vermoedelik skuldig maak aan die genoemde oortreding, word tydelik geskors. Indien bevind word dat hulle wel skuldig is, sal die klassis besluit of hulle uit die amp onthef word.

Dieselfde reëling wat die anti-hiërargiese beginsel beklemtoon by die sinode van Emden (Artikel 1) en Dordtrecht 1578 (Artikel 102), kom ook voor in artikel 68 van die kerkorde wat opgestel is by die sinode van Middelburg. Hierdie herhaling van die anti-hiërargiese beginsel in opeenvolgende kerkordes beklemtoon na my mening die belangrikheid daarvan in die kerkregering.

Die kerkorde wat opgestel is tydens die sinode van Middelburg, is nooit formeel goedgekeur nie. As rede kan aangevoer dat die vrees by die staat bestaan het dat die kerk hom met politieke sake sou bemoei indien die kerk selfstandig en in onafhanklikheid van die owerheid sou bestaan. Die gesag van die staat moes ook in die kerk gehandhaaf word. Om hierdie rede het die staat aangevoer dat dit noodsaaklik is vir die staat om self die kerkorde op te stel en inhoud daaraan te gee. Hierdie kerkorde is in 1583 voltooi. Groot verset daarteen het in die kerk ontstaan. Dit het tot gevolg gehad dat hierdie kerkordelike bepalings nooit deur óf die kerk óf die owerheid aanvaar is nie.

Die owerheid het beheer uitgeoefen oor ampsdraers. Dit is pertinent in die owerheid se reëlings genoem dat die predikant aan die owerheid gehoorsaam moet wees. Die

predikant was lewenslank aan ‘n gemeente verbind. Hierdie verbintenis kon alleen opgehef word indien die predikant en die gemeente beide daartoe instem. Dieselfde kommissie van die owerheid wat verantwoordelik was vir die aanstel van predikante, was ook verantwoordelik vir die aanstelling van ouderlinge en diakens. Die owerheid het ook sittingsreg gehad op vergaderings van die kerkraad en die klassis asook die provinsiale sinode. Enersyds is die kerk die vryheid gegun om onafhanklik van die owerheid kerklike dissipline te hanteer, en andersyds moes die uitsprake wat hierdie saak betref deur die owerheid bekragtig word.

Die hele saak rondom owerheidsdeelname en –betrokkenheid het vinnig momentum begin optel wat later ‘n hoogtepunt sou bereik in die Algemene Reglement van 1816.

### 3.2.9 Die nasionale sinode van Den Haag 1586

Die nasionale sinode van Den Haag vind plaas op 20 Junie 1586. Dit gebeur in ‘n tyd wat Nederland in ‘n oorlogsituasie gedompel was met Spanje en die politieke situasie ook uiters onstuimig was. Weens hierdie situasie kon die sinode te Den Haag ook nie plaasvind drie jaar na die vorige sinode soos wat bepaal is tydens Middelburg dat dit driejaarliks moet plaasvind nie.[27] Wat die samestelling van die sinode betref is daar slegs twee ouderlinge teenwoordig nadat by die sinode van Middelburg 5 jaar vantevore bepaal is dat ewe veel ouderlinge as dienaars van die Woord in die vervolg afgevaardig sal word na die nasionale sinode.[28]

---

[27] Hierdie reëling kom voor in artikel 35 van die kerkorde van Middelburg (1581) en lui soos volg: ‘De Nationale Sijnode sal ordinaerlick alle drie iaren eens ghehouden werden, ten ware datter eenighe dringhende noodt ware om den tijdt corter te nemen’ (Van’t Spijker 1981).

[28] In artikels 34 en 35 word die saak rondom afvaardiging na die provinsiale- en nasionale sinodes gereël. ‘Alle iaers, ten ware dat de noodt eenen corteren tijdt vereijschte, sullen vier ofte vijf, of oock meer ghenabuerde Classes tsamencomen, tot welcke Particuliere Sijnod uut ijder Classe twee Dienaers ende twee Ouderlinghen afgheveerdicht sullen werden (Artikel 34). De Nationale Sijnode sal ordinaerlick alle drie iaren eens ghehouden werden, ten ware datter eenighe dringhende noodt ware om den tijdt corter te nemen. Tot deselve sullen twee Dienaers ende twee Ouderlinghen uut elcke Particuliere Sijnode beijde der Duijtsche ende der Walsche sprake afghesonden werden (Artikel 35)

Die kerkorde van Den Haag was ‘n verwerking van die kerkorde van Middelburg en het slegs op ‘n paar punte daarvan verskil. Dit het dieselfde indeling as die Middelburgse kerkorde van 1581, naamlik: die ampte, die vergaderings, sakramente en seremonies en laastens kerklike dissipline.

‘n Predikant is na ‘n gemeente beroep sonder enige voorwaardes, maar terselfdertyd ook met die veronderstelling dat die beroep na die bepaalde gemeente lewenslank was. Die predikant kon slegs ‘n beroep na ‘n ander gemeente aanneem indien die kerkraad saam met die diakens daartoe toestemming verleen het. Die rede hiervoor was dat die predikant se verbondenheid aan die gemeente 'n ooreenkoms was tussen die predikant en die kerkraad. Die ooreenkoms kon nie eensydig opgehef word nie. Beide partye moes daartoe instem.

Net soos by Middelburg, weerspieël die sinode van Den Haag ook, wat betref die dienswerk van die dienaar van die Woord, ‘n funksionele ampsbegrip wat teruggevoer kan word na Calvyn.

Wat betref die kerklike vergaderings het die owerheid al hoe meer seggenskap op hierdie vergaderings gekry. ‘n Nasionale sinode kon nou alleen byeengeroep word nadat die owerheid daarvan in kennis gestel is ten einde toesig te hou oor die voorbereiding vir sodanige vergadering.

Net soos by Middelburg, bepaal die kerkorde van Den Haag dat die Nederlandse Geloofsbelydenis onderteken moet word deur ampsdraers om hulle op so 'n manier te bind aan die leer van die kerk. Die verwagting daarmee was ook dat dit in die kerk 'n eenheid ten opsigte van die leer tot gevolg sou hê.

Dit word baie duidelik gestel dat daar ‘n verpligting op predikante lê om die Nederlandse Geloofsbelydenis te onderteken en so daarmee akkoord te gaan om binne die grense van die kerklike belydenis te bly ten einde die uitvoer van hulle ampsopdrag. Van ouderlinge en diakens is nie verwag om hierdie geloofsbelydenis te onderteken nie.

### 3.2.10 Die nasionale sinode van Dordrecht 1618-1619

Die nasionale sinode van Dordrecht neem sitting vanaf 13 November 1618 tot 29 Mei 1619.[29] Hierdie sinode is nie primêr byeengeroep om kerkordelike reëlings te tref nie, maar eerder om 'n leersaak aan te hoor en te besleg tussen die Remonstrante en Kontra-remonstrante.[30] Dit is eers op 13 Mei 1619 wat kerklike aangeleenthede van die

[29]Die nasionale sinode van Dordrecht word geopen in die Grote Kerk te Dordrecht op 13 November 1618. Die agenda van die sinode is opgedeel in vier dele. Die eerste hiervan staan bekend as die *Pro-Acta* gedeelte (13 November 1618 tot 5 Desember 1618). Tydens hierdie gedeelte is die volgende sake hanteer: die vertaling die Bybel in Nederlands (Staten-vertaling wat eers in 1637 verskyn); Kategismus prediking en onderrig omdat hierdie saak verwaarloos is en reeds by vorige sinodes bespreek is; doop van slawekinders; opleiding van teologie studente waar besluit is dat studente in die teologie nie die doop mag bedien nie maar dat die klassis kan besluit om aan hulle preekvergunning te gee, terwyl die kerkraad mag besluit wie in die gemeente mag preek en sakramente bedien en wie nie (artikel 15); die daarstel van 'n 'sensorraad' om te verhoed dat verkeerde kerklike leer in publikasies opduik. Tydens hierdie eerste gedeelte van die sinode is die Remonstrante per brief opgeroep om voor die sinode te verskyn. Gesprek word gevoer met die Remonstrante tydens die tweede fase van die sinode (5 Desember 1618 tot 14 Januarie 1619) waartydens hulle geleentheid gegee word om hulle saak te stel. Die Remonstrante bevraagteken egter die gesag en bevoegdheid van die sinode om hulle saak aan te hoor. Op 1 Januarie 1619 besluit die Staaten-Generaal dat die sinode wel bevoeg is om die saak aan te hoor en uitspraak te lewer oor die geskrifte van die Remonstrante indien hulle nie bereid sou wees om saam te werk nie. 'n Groep van ongeveer 200 predikante wat die Remonstrante se leer aanhang word deur die Staaten-Generaal uit die land verban. Die derde fase van die sinode duur vanaf 15 Januarie 1619 tot 9 Mei 1619. Tydens hierdie fase word die Dordtse Leerreëls geformuleer in die lig van die stryd met die Remonstrante. Die Dordtse Leerreëls word op 23 April 1619 deur die voorsitter van die sinode, Johannes Bogerman, voorgelees by 'n geleentheid in die Grote Kerk te Dordrecht. Daarna word dit onderteken deur elkeen van die afgevaardigdes. Die buitelandse afgevaardigdes onttrek op hierdie stadium van die sinode. Tydens die vierde fase, die *Post-Acta* fase van die sinode, word sake bespreek wat die Nederlandse kerk raak. Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om kennis te neem dat die kerkorde wat opgestel is tydens die sinode van Den Haag, drie en dertig jaar vantevore, in 1586 voorgelees is. Ses artikels van hiérdie kerkorde is gewysig en sewe is bygevoeg. Ander sake wat tydens hierdie fase van die sinode bespreek is was die hervorming van Nederlandse universiteite; sondagviering; 'n dokument is opgestel wat deur predikante onderteken moes word waardeur hulle onderneem om binne die belydenis van die kerk te bly; die teks van die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561) is hersien en gefinaliseer; 'n versoek is aan die Staaten-Generaal gerig om die volgende nasionale sinode byeen te roep. As gevolg van die verhouding tussen die kerk en die staat op hierdie stadium, het dit egter nie plaasgevind vir die volgende tweehonderd jaar nie. Die sinode sluit af op 29 Mei 1619 in die Grote Kerk te Dordrecht.

[30] Die saak tussen die Remonstrante en Kontra-remonstrante word teruggevoer na die Jacobus Armenius en Fransiscus Gomarus (kyk Van Wyk 2020:1). Die inhoud van die stryd het gehandel oor die uitverkiesing. Armenius gee inhoud aan hierdie saak deur te stel dat God sommige mense salig maak en ander verdoem. Hierdie saak berus volgens hom op die feit dat God vooraf weet wie sal glo en wie nie. Die mens is self vir sy heil verantwoordelik omdat hy die gawe van die geloof kan afwys en die heil verwerp. Hy meen verder dat 'n oproep tot bekering sinneloos is omdat alles reeds deur God se raadsbesluit bepaal is. Later die jaar tree Gomarus tot die debat toe en stel dat God op grond van sy genade enkele mense uitverkies het en hulle bestem het vir die ewige lewe en dat die wat nie uitverkies is nie, bestem is vir die dood en verdoemenis. Volgens Gomarus kies God die mens aan wie Hy die geloof uit genade gee en is God se besluit nie afhanklik van 'n menslike daad nie (kyk Pont 1994:85-86). Verder verwys Pont (1994:85-870 na Graafland se bydrae dat die eintlike probleem tussen Armenius en Gomarus nie handel oor die uitverkiesing nie, maar ook oor 'n verskillende verstaan van die regverdigingsleer. In sy beswaar teen Armenius handel Gomarus oor die regverdigingsleer en nie oor die uitverkiesing nie. Die insig van Graafland dui daarop dat

Nederlandse kerk aan die beurt gekom het, waartydens die bespreking van die kerkorde ook hanteer is.

Die kerkorde wat tydens die sinode van Dordt (1618-1619) aanvaar is, was nie 'n nuwe kerkorde nie. Die kerkorde wat opgestel is in 1586 by die sinode van Den Haag het gedien as basis en is geredigeer tydens Dordt deur sommige van die artikels in die kerkorde van Den Haag saam te voeg in die Dordtse kerkorde en 'n paar nuwes te skep. Die volgende opmerking van Haitjema (1951:23) sluit hierby aan:

> Na het Convent van Wezel (1586) en de eerste nationale Synode van Emden (1571) zijn het de Nederlandse Synoden van Dordrecht (1574, een Provinciale Synode, die in haar besluiten nationale perspectieven voor de organisatie van het Gereformeerde Kerkverband opent; 1578, een nationale Synode in dezelfde stad), Middelburg (1581), en van 's Gravehage (1586) geweest, die het Nederl. Geref. Kerkrecht verder tot ontwikkeling brachten naar de presbiteriaal-synodale grondlijnen, die reeds van Wezel af waren uitgestippeld!

Die indeling van die kerkorde handhaaf dieselfde patroon wat deurgaans geld vanaf 1571 tydens die sinode van Emden. In die eerste gedeelte word die reëlings hanteer rondom die dienste oftewel die amp, vervolgens kerklike vergaderings, derdens die leer, sakramente en seremonies, en laastens die sensuur en kerklike vermanings.

In hierdie indeling word die merktekens van die ware kerk soos gevind by Calvyn, naamlik die suiwer verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente soos wat Christus se bedoeling daarmee was toe Hy dit ingestel het, weerspieël.[31]

---

volgens Armenius die regverdiging van die mens gesetel is in 'n geregtigheid wat God self in die mens plaas. Pont (1994:87) maak die volgende opmerking hieroor: 'Omdat Gomarus, die Contra-Remonstrante en die Sinode van Dordrecht die geskil waarom dit gegaan het deur die Remonstrante laat omlyn, gebeur dit dat die verskille oor die uitverkiesing die botoon voer. Die oorsaak van die probleem lê egter in Armenius se foutiewe regverdigingsleer.'

[31]Oor die merktekens van die ware kerk skryf Calvyn (1559 [1949]:18) in sy Institusie oor die Christelike godsdiens: 'Want op geen enkele wijze moeten we er aan twijfelen, dat overal, waar we zien, dat Gods Woor zuiver gepredikt en aangehoor wordt, en de sacramenten naar Christus' instelling bediend worden, een kerk van God is;...' Selderhuis (2009:328) wys daarop dat dit wat Calvyn identifiseer as die merktekens

In die heel eerste artikel van die kerkorde blyk die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip baie duidelik deurdat Christus in daardie artikel bely word as die Hoof van die kerk asook die plek wat die ampte en vergaderings van die ampte inneem, as vertrekpunt van die kerkorde.

Artikel 28 word ingevoeg en handel oor die owerheid se betrokkenheid in die kerk. Hier word gestel dat die owerheid ‘n verantwoordelikheid het om toe te sien dat die suiwer leer in die kerk verkondig word en ook om enige vals leer uit die kerk te weer. Hierteenoor word bepaal dat die kerk op sy beurt die verantwoordelikheid het om gehoorsaam aan die owerheid te wees. Die doel van hierdie kerkordelike reëling was om ‘n goeie verhouding tussen kerk en owerheid te handhaaf.

Artikel 42 wat handel oor stemreg tydens kerklike vergaderings word by Dordt in die kerkorde ingevoeg. Later in hierdie studie word stemreg tydens kerklike vergaderings breedvoerig bespreek omdat daar 'n uiters belangrike kerkregtelike beginsel daaragter lê wat betref die regering van die kerk.

Reëlings wat by Den Haag getref is in terme van visitasie word by Dordt uitgebrei (artikel 44). By Dordt is bepaal dat twee visitatore na die afloop van die sinode aangestel word om die visitasie te behartig omdat die moderamen van die vergadering na die afsluiting van die vergadering nie hulle funksies behou nie.

Alhoewel artikel 53 wat bepaal dat die belydenis van die kerk onderteken moet word deur predikante en professore, net so gehandhaaf is (Kerkorde van Den Haag Artikel 47), verdien dit tog om vermeld te word dat die sinode ook besluit het om ‘n ondertekeningsformule op te stel. Bouwman (1934:573) verwys soos volg na die besluit rakende die ondertekeningsformule:

> De synode van Dordrecht besloot in haar 162e zitting (16 Mei) „dat ontworpen worde een accuraet formulier van onderteeckeninghe der

---

van die ware kerk, nie ontstaan het uit Calvyn se eie denke nie. Hy verwys soos volg daarna: ‘Then (and here Calvin uses the wellknown formula from article VII of the Augustana Confession) the preaching of the Word and the administering of the sacraments are the marks *(symbols)* of the church. The church is present wherever the sacraments are administered purely, even if it otherwise suffers from many defects *(vitii)*.’

> Confessie, Catechismo ende synodale verclaringhe waarmede alle Kerckendienaren hun overeenstemminge in de rechtgevoelende leere claerlicke betuygen'.

Pont (1981:173) wys op die ontwikkeling van hierdie gebruik deur te meld dat tydens die Konvent van Wezel in 1568 dit slegs nodig was dat die predikant die belydenis en kategismus modelings aanvaar het. By Emden is vereis dat predikante hulle handtekeninge geplaas het op 'n afskrif van die belydenis, terwyl daar nog nie 'n vaste ondertekeningsformule bestaan het nie.

Die laaste gedeelte van die kerkorde wat vasgestel is tydens die sinode van Dordt, is net so oorgeneem uit die kerkorde van Den Haag.

Kerkregtelik vind daar vanaf die Konvent van Wezel (1568) 'n konstante ontwikkeling plaas tot en met die sinode van Dordt in 1618-1619. Haitjema beskryf hierdie ontwikkeling soos volg:

> Na het Convent van Wezel (1568) en de eerste nationale Synode van Emden (1571) zijn het de Nederlandse Synoden van Dordrecht (1574, een Provinciale Synode, die in haar besluiten national perspectieven voor de organisatie van het Gereformeerde kerkverband opent; 1578, een nationale Synode in hetzelfde stad), van Middelburg (1581), en van 's Gravenhage (1586) geweest, die het Nederl. Geref. Kerkrecht verder tot ontwikkeling brachten naar de presbyteriaal-synodale grondlijnen, die reeds van Wezel af waren uitgestippeld!
>
> (Haitjema 1951:23)

Volgens Haitjema (1951:24-25) is daar grootliks twee redes waarom die kerkorde van Dordt (1619) waardeer behoort te word. Die eerste rede wat hy noem is dat daar vir meer

as tweehonderd jaar na die sinode van Dordt geen sinodale byeenkoms plaasgevind het soos wat in die verlede vasgestel is elke drie jaar moet plaasvind nie. Tweedens het die afgeskeidenis van 1834 en die doleansie van 1886 hulle self kerklik gestruktureer volgens die kerkorde van Dordt. Op die tweede rede spreek Haitjema egter ook die volgende kritiek uit teen die twee groeperinge:

> Zowel de mannen van de ‘Christelijk Afgescheiden Kerk’, later de ‘Christelijk Gereformeerde Kerk’, als die van de ‘Dolerende Kerken’, later de ‘Gereformeerde Kerken in Nederland’, drukten maar al te gretig díe kerkordelike bepalingen van de Dordtse Synode cursief, of zetten ze tussen haakjes, waarin vanuit de theokratische belijdenis van een organische vereniging van Kerk en Staat aan de overheid bevoegdheden werden toegekend, die de 19e-eeuwse overheden niet meer begeerden te bezitten, b.v. het recht van approbatie op de beroeping van predikanten naar gemeenten, die over het territoir van hun burgerlijk gemenebest zich uitstrekken.
>
> (Haitjema 1951:24-25)

Die kerk in Nederland bevind hom dus vir meer as tweehonderd jaar in ‘n vakuum omdat daar gedurende hierdie tyd geen sinodale byeenkomste gehou is nie. Dit is eers in 1816 wat daar op kerkregtelike gebied weer iets van betekenis gebeur met die verskyning van die *Algemeen Reglement voor de Nederl. Hervormde Kerk* wat uitgevaardig word op 7 Januarie 1816 (kyk Haitjema 1951:43; Rasker 1986:27).

### 3.2.11 Algemeen Reglement 1816

Die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden*, wat op 7 Januarie 1816 per koninklike besluit vasgestel is, was die resultaat van ’n nuwe bestuursplan vir die kerk vanuit owerheidsweë. Hierdie reglement het egter

‘n kort aanloop alvorens dit amptelik in gebruik geneem is op 1 April 1816 (kyk Rasker 1986:24-27). In die sentrum van die historiese aanloop waarna verwys word staan die feit dat die kerk deur die owerheid uitgesluit was by die opstel en aanvaarding van die *Algemeen Reglement* (Haitjema 1951:45; 1964:100; Rasker 1986:27)

Dit bly ‘n ope vraag of die kerk geoordeel het dat dit vir hom makliker sou wees indien die owerheid die taak van kerklike regering, wat dit nie was nie, hanteer en daarmee ook verantwoordelik was vir verskeie ander sake wat die kerklike lewe aanbetref, waarvoor die kerk doodeenvoudig nie nodig gehad het om toe te sien dat dit in stand gehou word nie. Die uiteinde hiervan was dat die kerk bestuur word en nie deur Christus regeer word nie. Dit het ook tot gevolg gehad dat die kerk sy verantwoordelikhede soos byvoorbeeld die versorging van predikante, befondsing vir verskeie sake en die verkiesing van kerkraad nie nagekom het nie en dit eerder aan die staat oorgelaat het. So het die kerk sy verantwoordelikheid ontduik.

Wanneer die inhoud van die Algemeen Reglement bestudeer word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat dit opgestel is vanuit ‘n bestuursoogpunt. Uit die hantering van sommige dele van die inhoud van die Algemeen Reglement sal aangetoon word dat ‘n hermeneutiek van kerkreg ontbreek.

Die kerkbegrip wat in die *Algemeen Reglement* verwoord word verskil van dié van die Calvinistiese tradisie. Volgens die betrokke tradisie is die plaaslike gemeente die verskyningsvorm van die kerk. Dit is juis daar, in die plaaslike gemeente, waar die Woord verkondig word en die sakramente bedien word. In artikel 1 van die Algemeen Reglement val die fokus nie op die plaaslike gemeente nie, maar op die kerk in die breër sin van die woord, naamlik op die wye gemeenskap wat versprei is oor ‘n uitgestrekte gebied. Haitjema (1964:101) beskryf die kerkbegrip soos verwoord in artikel 1 as ‘n ‘*geseculariseerde genootschapsgedachte* voor een kerkidee’ en ook as ‘een bedrijfssector van de staat’ (Haitjema 1964:103). Hierdie beskouing van die kerk ontneem die kerk van sy eiesoortige karakter en beskryf dit asof dit ‘n vrywillige vereniging is waar enige persoon na willekeur kan aansluit of van bedank. Haitjema (1964:101) verwoord die kerkbegrip in die Algemeen Reglement soos volg:

> De hervormde kerk is eigenlijk niet anders dan de over het Koninkrijk der Nederlanden verbreide vereniging van hervormd-godsdienstigen. De plaatselijke gemeenten spelen als op zichzelf levende cellen der landelijke kerkelijke samenleving in het geheel geen rol.
>
> (Haitjema 1964:101)

Volgens die kerkbegrip soos gevind in artikel 1 van die Algemeen Reglement, bestaan die kerk op grond van sy lidmate wat uit eie wil by die kerk aansluit. Van Wyk (2005:38-39) toon aan dat hierdie kerkbegrip teenstrydig is met artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis waar dit soos volg verwoord word:

> ...Inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar, deur hulle almal – as lede van een en dieselfde liggaam – aan sy leer te onderwerp,... Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in
>
> stryd met die bevel van God.
>
> (NHKA 1997:127)

In die volgende kommentaar wat Polman (1957b:165) lewer oor artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is dit duidelik dat die kerk nie bestaan op grond van sy lidmate se deelname nie, maar eerder op grond van die genade van God.

> De kerk bestaat alleen bij de gratie Gods en de leiding van de Geest van Christus en onder de scepter van het Woord Gods, zodat droeve inzinking

> intreedt, zodra het Woord des Heren gesloten blijft en de goddelijke genade verontachtzaamd en de Geest bedroefd wordt.
>
> (Polman 1957b:165)

In artikel 2 word die kerk beskryf as ‘n instelling waarvan mense kan bedank na willekeur (vgl. Hooijer 1846:25).

Die Algemeen Reglement toon ‘n karakter van kerklike bestuur ten koste van kerkregering. Die klem word deurlopend geplaas op die bestuur van die kerk terwyl die regering van die kerk, spesifiek in die lig van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, afwesig is. Hierdie stelling word bevestig in artikel 5 en 6. In hierdie artikels kom begrippe voor soos *mindere* – en *hoogere kerkbesturen* wat die karakter van kerklike bestuur bevestig.

Die wyse van kerkbestuur in plaas van kerkregering het verder ook, soos blyk uit die genoemde twee artikels, ‘n bepaalde hiërargie tot gevolg gehad. Hiervan was die ‘hoogste posisie’ in die kerk die koning van Nederland. Dit blyk ook uit artikel 15 wat handel oor die proses van wysigings aan die reglement. Kommentaar op besluite van die Algemene sinode word van die provinsiale kerkbestuur ingewin. Daarna ‘zal zoodanig besluit, alvorens te worden uitgevoerd, aan Zijne Majesteit den Koning, ter bekrachtiging worden aangeboden’ (Hooijer 1846:28).

In hierdie bestuursraamwerk het die koning dus gedien as die hoof van die kerk en het die finale goedkeuring van kerklike besluite by hom berus (vgl. Haitjema 1964:101). Rasker (1986:28) maak twee belangrike opmerkings in dié verband. Die eerste opmerking is dat die sinodale vergaderings as die belangrikste beskou is en die kerkraadsvergadering as die minder belangrike vergadering van die ampte. Hieruit blyk duidelik dat 'n hiërargiese bestuurstyl in die kerk gegeld het. In die lig van die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel is dit juis die teenoorgestelde wat geld, naamlik dat die kerkraadsvergadering die primêre vergadering van die ampte is. Die tweede opmerking wat Rasker maak in dié verband is dat die koning van Nederland as die hoof

van die kerk beskou word en dat die finale bekragtiging van kerklike besluite die taak van die koning is. Weereens, volgens die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip is Jesus Christus die Hoof van die kerk.

Haitjema (1964:101) se opmerking sluit hierby aan wanneer hy sê dat die Algemeen Reglement 'een *hiërarchisch-synodale* vorm van *bestuursorganisatie*' weerspieël.

Dit is dus duidelik dat die bestuur van die kerk soos hierbo beskryf totaal ingedruis het teen die Christusregering van die kerk. Die kerk word nie bestuur nie. Die kerk word regeer deur sy Hoof Jesus Christus.

Die leer van die kerk kom in artikel 9 ter sprake omdat die *consulerende commissie* wat deur die koning benoem is om die reglement op te stel, dit nodig geag het. Dit word duidelik gestel dat die leer onderhou moet word.

Haitjema (1964:102-103) gee 'n konteks waarteen die invoeging van die leer van die kerk in hierdie artikel verstaan behoort te word. Hy verwys na 'n beswaarskrif wat ingedien is deur die klassis van Amsterdam, wat hom uitspreek teen 'n '*verdoezeling van de leer*'. Hierop reageer die kommissaris-generaal 'dat de kerkbesturen volgens artikel 9 zich dus nimmer hadden in te laten met 'het beslissen van leergeschillen'!' (Haitjema 1964:103). Die kerkbestuur vanuit owerheidsweë wou dus betrokke wees by die bestuur van die kerk, maar wou nie 'n uitspraak maak oor leersake nie.

Predikante en ouderlinge word trapsgewys afgevaardig na die nasionale sinode deurdat hulle deur die provinsiale kerkbestuur benoem word en nie deur die kerkraadsvergadering nie. Die vraag kan tereg gevra word of hier nie eerder 'n bestuursbeginsel geld nie omdat ampsdraers deur die kerkbestuur *benoem* word, en nie deur 'n kerkraadsvergadering, as primêre vergadering van die ampte, *afgevaardig* word as verteenwoordiger van die amp nie. Na my mening sou die werkswyse wat deur die provinsiale kerkbestuur gevolg word eerder beskou kan word as die *bestuur* van die kerk, as die regering daarvan, teen die agtergond van die presbiteriaal-sinodale stelsel.

'n Reëling in artikel 30 wat op die oog af kan lyk na goedgunstigheid van die owerheid teenoor die kerk, beteken dat die owerheid al hoe meer beheer oor die kerk begin kry. In die genoemde artikel word 'n klomp sake gelys waarvoor die owerheid finansieel

verantwoordelikheid aanvaar. Die owerheid finansier dus die kerk om sy roeping in die wêreld na te kom. Dit is egter reeds duidelik dat die owerheid aan die hand van die Algemeen Reglement beheer oor die kerk verkry in dié sin dat die kerk nie selfstandig kan besluite neem oor bepaalde sake alvorens dit nie deur die owerheid goedgekeur is nie. Die finansiering van kerklike werk stel die kerk in die posisie dat hy afhanklik van die owerheid raak omdat die owerheid die kerk finansieel onderhou. Hierdie beginsel duik ook op in artikel 36 wat betref die finansiering van die sinode en provinsiale kerkbestuur.

Uit die reëlings rondom die verkiesing van die provinsiale kerkbestuur, klassikale bestuur asook die bestuur van die Waalse kerk en die Engelse en Skotse Presbiteriaanse kerk, wil dit blyk of daar ‘n rotasiebeginsel daarin vervat is. Hierdie reëling is soos volg verwoord in artikels 33, 58 en 71:

> Elk jaar treedt af een derde, of, zoo na mogelijk een derde der Predikanten, leden der Provinciale Kerkbesturen, volgens een daartoe te maken rooster. De aftredende blijven steeds verkiesbaar. De eerste aftreding zal plaats hebben den 1 Januarij 1818.
>
> (Hooijer 1846:33)

In artikel 58 word bygevoeg dat:

> De gecommitteerden worden alsmede door den Koning benoemd uit de Predikanten, Ouderlingen en Oud-Ouderlingen van het classikaal ressort, de eerste maal onmiddelijk en vervolgens uit gelijke nominatie al in het voorgaande artikel is vermeld.
>
> (Hooijer 1846:37)

Die vraag kan tereg gevra word of dit werklik ‘n rotasiebeginsel is wat hier ter sprake is soos wat dit gevind word by die sinode van Emden (Artike 15) en in die kerkorde van die NHKA (Ordinansie 4.2.1 (ii); 4.2.3 (x); 4.4.4 (vii)). Die rede vir hierdie vraag is omdat die rotasiebeginsel soos by Emden en die NHKA nie gekaap is deur die owerheid nie, soos in die geval van die Algemeen Reglement waar die koning die bestuur van die kerk benoem.

Die provinsiale kerkbestuur, asook die klassikale bestuur, het die bevoegdheid om ampsdraers uit die amp te onthef nadat die klagte wat teen sodanige ampsdraer gebring is, ondersoek is en hy skuldig bevind is. Appél kan gerig word aan die sinode. Ampsdraers wat skuldig bevind is aan onsedelike gedrag word uit die amp onthef en word nie weer toegelaat om in die amp te dien nie.

Die kerkraad het bestaan uit die gemeentepredikant, ander predikante in die gemeente en ouderlinge. Die amp van diaken funksioneer wel in die gemeente maar maak nie amptelik deel uit van die kerkraad nie. Diakens kan wel by die kerkraad betrek word soos ‘door het Synode bij het Reglement op de Kerkenraden omschreven en bepaald’ (Hooijer 1846:40). Van den Heuvel (2001:40) voer aan dat diakens wel volgens die Algemeen Reglement amptelik deel vorm van die kerkraad, ‘maar zij werden niet afgevaardigd naar de meerdere vergaderingen en namen dus ook niet deel aan de beraadslagingen die daar werden gevoerd’ (Van den Heuvel 2001:41).

Dit is interessant om te merk dat ‘n reëling spesifiek getref word vir gemeentes waar daar glad nie ‘n kerkraad bestaan nie. Hierdie gemeentes funksioneer onder die opsig van *classikale Moderatoren* en die gemeentepredikant. Afgesien daarvan dat die kerkraad opsig hou oor die openbare godsdiens, asook lidmate, is hy ook verantwoordelik vir opsig oor die christelike onderwys. Die kerkraadsvergadering is dié vergadering wat primêr verantwoordelik is vir die opsig en toepassing van die tug. Dit geskied egter volgens ‘de bepalingen van het Reglement op de manier van kerkelijke zaken te behandelen’ (Hooijer 1846:40).

Haitjema (1951:49; 1964:103) wys daarop dat die owerheid aan die hand van die Algemeen Reglement nie net betrokke was in die bestuur van die kerk nie, maar in ‘n

groot mate ook beheer oor die kerk gekry het. Die koning is as die 'Opperkerkvoogd beschouwde over de kerkelijke goederen, die de eindbeslissing inzake het beheer daarvan had te nemen (Haitjema 1951:49). Wat betref die saak rondom bestuur en beheer maak hy die volgende opmerking:

> In het algemeen reglement van 1816 word de kloof tussen 'bestuur' en 'beheer' schier onoverkomelijk diep. De beheerssector wordt in dit Koninklijk Besluit onmiskenbaar een staatsaangegelegenheid, waarin 'Zijne Majesteit de Koning' (artikel 92) als 'Opperkerkvoogd' voorals nog zal fungeren.
>
> (Haitjema 1964:103)

Die resultate van die ondersoek na die inhoud van die Algemeen Reglement sal later weer aandag geniet wanneer die histories-kerkregtelike lyn van die NHKA aan die orde gestel word.

### 3.2.12 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk 1951

Alhoewel daar gedurende 1852 en 1948 gewysigde uitgawes van die Algemeen Reglement van 1816 verskyn het, het daar vanaf die implementering daarvan in 1816 tot en met die aanvaarding van die Nederlandse Hervormde Kerk se kerkorde op 1 Mei 1951, weinig ontwikkeling plaasgevind op kerkregtelike vlak. Dit beteken egter nie dat die situasie gelate aanvaar is nie. Bronkhorst beskryf hierdie tyd soos volg:

> Wanneer wij thans spreken over de pogingen om tot verbetering in dezen toestand te komen, dan gebruiken wij meestal al spoedig het woord „reorganisatie'. Het is echter goed te bedenken dat dit begrip met zijn

> tegenwoordigen inhoud pas na tientallen jaren van zoeken en strijden is geformuleerd.
>
> (Bronkhorst 1945:38)

Noordmans sluit hierby aan met die volgende opmerking:

> Een der mees kenmerkende eigenaardigheden van de organisatie van 1816 is haar vermogen om te duren. Bij de poging om haar te breken zijn geslachten versleten, zonder dat er merkbare ruimte tussen haar voegen kwam... Het lijkt wel vermetelheid en verspilling van kracht en tijd om weer met een voorstel tot wijziging van de kerkelijke wet aan te komen.
>
> (Noordmans 1984:209)

Vanaf 1827 word drie en dertig pogings aangewend ten einde los te kom van die inmenging vanuit owerheidsweë en die houvas wat die owerheid op die kerk in Nederland gehad het as gevolg van die Algemeen Reglement van 1816 (Bronkhorst 1945:39-42).

Die omstandighede wat skielik verander het as gevolg van die Duitse inval in Nederland het die kerklike landskap ook verander. Hierdie gebeure het daartoe bygedra dat die kerklike landskap in Nederland nou vinnig sou verander. Die waarde wat uit hierdie gebeure gevloei het vir die kerklike situasie in Nederland, stel Haitjema soos volg:

> In het vuur van verdrukking onder het geweld van de meedogenloze bezetter werd een nieuwe eenheid in ons volksleven en ook in ons door partijschap zo verscheurd kerkelijk leven gesmeed. Wat men vóór Mei 1940 in onze Hervormde Kerk voor volslagen onmogelijk had gehouden, òf, zo

> men al het voor denkbaar hield, toch in ieder geval onder de bedenkelijkste grensoverschrijdingen ven het synodale bestuurslichaam meende te moeten rubriceren, gebeurde: de Kerk begon te soreken. Getuigenissen en kanselafkondigingen verschenen op gezag van een Synode, die naar de grondlijnen van het Gereformeerde kerkrecht tot zulk belijdend spreken volstrekt niet in staat was, wijl een administrerend bestuurscollege toch immers niet kòn doen, want alleen een amptelijke vergadering, met het Woord Gods open vóór zich, wagen mocht.
>
> (Haitjema 1951:94-95)

Dit blyk duidelik uit hierdie beskrywing van gebeure dat die Algemeen Reglement, op grond van die bestuursbeginsel waarop dit geskoei is, die situasie waarin die kerk was nie pastoraal kon aanspreek vanuit die sinode nie. Verder word hiermee ook gesê dat die pastorale werk van die kerk gegrond is in sy belydenis. Daarom het die Algemeen Reglement te kort geskiet en kon hierdie situasie nie hanteer word volgens die bestuursreëlings soos vervat in die reglement nie.

Uit 'n gewigtige stelling wat Haitjema maak blyk 'n ander beginsel wat uiters belangrik is vir 'n kerkordelike hermeneutiek baie duidelik, naamlik dat in situasies waarvoor die kerkorde nie voorsiening maak nie, die Skrif, in ooreenstemming met die belydenis dan dien as norm. Haitjema (1951:95) skryf: 'Zó bleek ook hier nood wet te breken; zelfs de wet van de kerkelijke 'ordelijkheid''.

In Februarie 1942 word die *'Commissie voor beginselen van kerkorde'* benoem (Haitjema 1951:96). Weens die oorlogsomstandighede wat heers kon die *Commissie* eers werklik op dreef kom met sy werksaamhede in Februarie 1943 (Van Wyk 2005:49). Hierdie kommissie se doel was tweeledig. Eerstens moes die bestuurstelsel wat spruit uit 1816 vervang word en tweedens moes die belydenis en leertug herstel word. Laasgenoemde saak het die hele proses bemoeilik. Van Wyk verduidelik dit soos volg:

> Vanweë die feit dat die herstel van die belydenis en die gevolglike leertug wat daaruit spruit pogings tot vernuwing laat struikel het, word deur die Voorsitter Scholten aan die hand gedoen om eers net ‘n werkorde op te stel wat die kerk in staat sou stel om die bestuurstelsel van 1816 af te skaf, en te vervang met ‘n breë kerklike vergadering wat ‘n nuwe kerkorde sou ontwerp.
>
> (Van Wyk 2005:49)

Balke & Oostenbrink-Evers (1993:XXIV) wys daarop dat hierdie werkorde dit vir die kerk sou moontlik maak om self ‘n nuwe kerkorde op te stel. Die proses om wysigings aan die Algemeen Reglement aan te bring moes gevolg word. Dit word aanvaar op 25 Julie 1945. Die wysigings het tot gevolg dat ‘n nuutsaamgestelde sinode op 31 Oktober 1945 sitting neem. Op 11 Desember is die *Commissie voor de Kerkorde* saamgestel. Van Wyk (2005:50-51) verduidelik dat hierdie kommissie bestaan het uit die lede van die vroeëre *Commissie voor beginselen van Kerkorde* asook lede van die moderamens en ander kundiges. Die *Ontwerp voor een Kerkorde* word finaal aanvaar op 7 Desember 1950.

Die kerkorde is in gebruik geneem op 1 Mei 1951. In die Nederlandse Hervormde Kerk word ’n nuwe era van kerkregering ingelei.

Met die lees van die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk (NHK 1951) is dit onmiddelik duidelik dat ‘n totaal ander hermeneutiese karakter te bespeur is as in die Algemeen Reglement van 1816, in dié sin dat die kerk regeer, eerder as bestuur word. Hieroor skryf Rasker (1986:299): ‘Het ambtelijk karakter van de leiding der kerk ontvangt grote nadruk. De regering der kerk wordt uitgeoefend in vergaderingen, waarin de ambten bijeen zijn.’ Die presbiteriaal-sinodale beginsel dat die kerk onder andere regeer word by wyse van die vergaderings van die ampte, tree duidelik na vore in die Kerkorde van 1951.

Die kerkorde is in twee gedeeltes verdeel. Die eerste gedeelte bestaan uit artikels, en die tweede uit ordinansies.

Die kerkbegrip word gegrond in die belydenis van die kerk, deur dit te verwoord as deel

van die ‘openbaring van de ene heilige katholieke of algemene Christelijke Kerk’ (HNK 1951:1). Van Wyk (2005:52) wys daarop dat die Nederlandse Hervormde Kerk, op grond van hierdie verduideliking van sy kerkbegrip, ‘homself as belydende Kerk in die wêreld verstaan wat dus nie gegrond is in die wil van en konsensus van sy lede nie.’ Verder word gestel dat lidmate deel vorm van die kerk op grond van die genadeverbond van God. Hierdie lidmate wat so die kerk vorm vergader rondom die Woord en sakramente en leef onder die opsig van die kerk. Die wyse waarop iemand lid word van die kerk word ook hier aangedui.

Dit is reeds duidelik dat die kerkbegrip, soos verwoord in artikels 1 en 2, soos dag by nag verskil van dié in die Algemeen Reglement van 1816. Die kerk is nou gesien as openbaring van God waarvan mense op grond van die genadeverbond deel word. Die kerk word nie meer bestuur soos gereël in die reglement van 1816 nie en is ook nie vervlak tot ‘n staatsdepartement wat deur die owerheid bestuur word nie. Volgens die kerkorde van 1951 kon die kerk nou weer diensbaar kerk wees in die wêreld waartoe hy geroep is.

Wanneer die orde in die kerk ter sprake kom in artikel 3, dan is dit baie duidelik dat daar geen spoor is van ‘kerklike bestuur’, soos wat die geval was in die verlede nie.

Die ampte word duidelik beskryf as dienste en word verstaan as *ministerium* en nie as *officium* nie. Dit is ook nie die middel waardeur die kerk ‘bestuur’ word nie maar eerder ‘n regeerinstrument in die hand van Christus wat as Hoof van die kerk, die kerk middelik regeer deur van ampte gebruik te maak. Van Wyk (2005:52) stel dat die ampte nie ten dienste is van die bestuurstaak van die kerk soos wat dit in die verlede was nie, maar eerder ten dienste is van die onderhouding van die kerk, en verder ook die taak het om die orde in die kerk van Christusweë te onderhou. Uit die omskrywing van die predikant se ampswerk in artikel 4.3, word gestel dat die primêre opdrag aan predikant is om die Woord te verkondig en sakramente te bedien.

Die anti-hiërargiese beginsel van kerkregering, wat in verskeie reformatoriese kerkordes voorkom en wesenlik deel vorm van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, word soos volg verwoord in artikel 5.1:

Opdat niet de ene gemeente over de andere, het ene ambt over het andere, noch de ene ambtsdrager over de andere heerschappij voere, wordt de regering der Kerkuitgeoefend in vergaderingen, waarin de ambten bijeen zijn.

(NHK 1951:4)

Hierdie beginsel kan teruggevoer word na die Discipline Ecclesiastique waar dit bykans woordeliks ook so voorkom en stel dat geen gemeente of vergadering oor ‘n ander heers nie.

Die bestuur van die kerk is vervang met die vergaderings van die ampte naamlik die kerkraadsvergadering, klassikale vergadering, provinsiale kerkvergadering en die algemene sinode. Elke vergadering kry ook sy werkopdrag van bepaalde sake wat daardie vergadering hanteer en binne sy bevoegdheid lê. Daar kan wel daarop gewys word dat die kerkraadsvergadering die primêre vergadering van die ampte is in dié sin dat in artikel 5.3 gereël word dat geen saak op meerdere vergaderings sal dien wat nie deur die kerkraadsvergadering afgehandel kan word nie. Al drie die ampte vorm saam die kerkraad alhoewel daar tog afsonderlike vergaderings, ingebed in die kerkraadsvergadering, gevorm word. Hierdie vergaderings staan bekend as die *‘consistorie’*,[32] en word saamgestel uit die predikant en ouderlinge, ‘n *‘college van*

[32] Die verwysing na die *consistorie* word reeds gevind in Luther se denke oor die ordening van die kerk wanneer die verhouding tussen kerk en owerheid ter sprake kom. Volgens Luther moes die kerk en gemeenskap hervorm word deur die verkondiging van die Woord. Dit is egter die owerheid se plig om die kerk by te staan, al het die owerheid volgens Luther nie noodwendig ‘n Bybels-omskrewe funksie nie. Die owerheid vorm kragtens sy verantwoordelikheid deel van die visitasieproses. Met die owerheid se hulp moes die kerk georden word sodat die kerk sy eie regering selfstandig kon voortsit. Dit het uitgeloop op die aanstelling van konsistories wat gefunksioneer het as ‘n tipe van kerklike geregshof. Hierdie konsistorie het nie net die bevoegdheid gehad om die opsig en tug toe te pas nie, maar kon ook strawwe, boetes en selfs tronkstraf oplê en afdwing (Van Wyk 1991:113-114). Die verwysing na *consistorie* kom 22 keer voor in die Nederlandse Kerkorde van 1951. Van den Heuvel (2001:146-148) dui die taak van die *consistorie* aan as opsig oor lidmate, pastoraat rondom die doop en die nagmaal, opsig oor die kategese en verantwoordelikhede rondom huweliksbevestigings. Bybelonderrig by skole maak deel uit van die *consistorie* se werksaamhede. Alhoewel hierdie verantwoordelikhede in gemeentes kleiner as ‘n duisend lidmate aan die kerkraad opgedra word, bly die opsig en tug steeds die verantwoordelikheid van die *consistorie*. Die *consistorie* het in beginsel dus dieselfde taak as by Luther, naamlik die hantering van die

*kerkvoogden'* bestaande uit ouderlinge en ook 'n *'college van diakenen'* bestaande uit diakens. Hierdie drie vergaderings hanteer dan elkeen verskillende sake wat binne elkeen se werksterrein lê.

Afvaardiging na die vergaderings van die ampte vind trapsgewys plaas. Die kerkraad vaardig ampsdraers af na die klassikale vergadering, wat op sy beurt weer ampsdraers afvaardig na die provinsiale vergadering asook na die algemene sinode (art 5.6).

In artikel 10 word die belydenis van die kerk aan die orde gestel. Die Bybel word bely as die enigste bron van die prediking en bron van die geloof. Die belydenis dien ook as die grense waarbinne kerklike vergaderings plaasvind. Dit gee aan kerklike vergaderings ook 'n eiesoortige aard wat dit anders maak as enige wêreldlike vergadering of onderhandelinge.

Uit die plek wat die belydenis inneem in kerklike vergaderings word die gesag van kerklike vergaderings beklemtoon in dié sin dat dit, net soos die ampte, ook 'n regeerinstrument in die hand van die Hoof van die kerk is waardeur Hy sy kerk regeer. Om moontlike verwarring te voorkom oor watter belydenis ter sprake is, word die belydenisskrifte gelys in artikel 10.2. Kerklike vergaderings word dus 'n geleentheid waar ampsdraers en lidmate van die kerk in eerbied teenoor Christus, die Hoof van die kerk, gelowig luister na die leiding deur sy Gees om die pad van die kerk in die regte rigting te laat gaan in 'n gebroke en sondige wêreld, wat juis die plek is waar die kerk sy dienswerk doen.[33]

Die belydenis wat voorkom in artikel 10.3 vorm die basis, nie net van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip nie, maar ook van enige reformatoriese kerkorde, naamlik dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is. Artikel 10.3 lui:

---

opsig en tug, maar in praktyk is dit, soos die bedoeling daarvan in die 1951 Kerkorde, nie so ekstreem soos by Luther nie.

[33]Die plek wat die Bybel, en daarom ook die belydenis en geloof inneem in kerklike vergaderings kan teruggevoer word na 'n bepaling wat voorkom in die kerkorde wat opgestel is by Emden in 1571 (vgl. Pont 1981:150). Hierdie reëling geld by al die kerklike sinodes na Emden. By die sinode van Middelburg in 1581 word verder bepaal dat ook 'n preek sal deel uitmaak van die opening. Die rede is dat die kerk nie op sy roeping kan antwoord of diensbaar wees in die wêreld indien hy hom nie voortdurend meet aan en rig volgens die Woord van God nie.

> In haar verantwoordelijkheid voor het heden en levende in de uit de Schrift geputte belijdenis der vaderen, belijdt de Kerk telkens opnieuw in haar prediking, getuigenissen, kanselboodschappen, herderlijke brieven, kerkliederen, gebeden, formulieren, leerboeken en belijdenisgeschriften Jezus Christus als Hoofd der Kerk en als Heer der wereld.
>
> (NHK 1951:9)

Van die belydenis dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, sê Van Wyk:

> [Hierdie] belydenis is die mees wesenlike vir enige Reformatoriese kerkorde, en plaas meteen die totale dienswerk van die kerk in al sy gedinge onder die heerskappy van Christus. Die belydenis onderskei die kerk van ‘n vereniging van die wêreld en ‘n kerkorde van die konstitusie van ‘n vereniging.
>
> (Van Wyk 2005:54)

Geleentheid word gegee om beswaar aan te teken oor die belydenis van die kerk (art 10.7). Sulke besware moet Skriftuurlik begrond word. Daarna word dit voorgelê aan die kerk wat daaroor uitsluitsel sal gee.

Die kerk verrig sy diakonale werksaamhede (art. 19) kragtens die barmhartigheid wat God aan mense bewys soos wat herdenk word tydens die nagmaal. Gehoorsaamheid aan die barmhartigheidsopdrag het dienswerk tot gevolg wat gespesifiseer word op drie velde, naamlik liggaamlike-, sedelike- of maatskaplike nood.

Waar oor die opsig gehandel word in artikel 22.4 word 'n uiters belangrike uitspraak daaroor gemaak wat wesenlik is vir die hermeneutiek waarmee die kerkorde geïnterpreteer word. Die artikel lui soos volg:

> Het opzicht, gegrond in de barmhartigheid van Jezus Christus, het Hoofd der Kerk, geschiedt tot eer van God, tot bewaring der gemeente, en tot behoud van hen, die dwalen.
>
> (NHK 1951:16)

Die opsig is dus gegrond in die barmhartigheid wat God in Jesus Christus aan die mensdom bewys het. Uit dankbaarheid vir God se goedheid sien lidmate van die kerk toe dat medegelowiges se lewens ook gerig word volgens wat God in sy Woord beveel. Dit dra by tot bewaring van die kerk en om hulle wat op die verkeerde pad is tot die regte insigte te bring. Wanneer die bewaring van die kerk kragtens die opsig plaasvind, kan dit ook gestel word dat die orde in die kerk afhanklik is van die opsig, soos begrond in God se barmhartigheid in Jesus Christus. Dit sou nie vergesog wees om die kerklike orde dan ook te tipeer as ‘n uitvloeisel van God se barmhartigheid nie. Op grond hiervan kan ook gestel word dat die kerkorde dus nie dien as 'n wetboek vir die kerk nie, maar eerder as riglyn hoe om die orde in die kerk te handhaaf op grond van God se barmhartigheid wat Hy aan mense bewys.

Die opsig dra nie net by tot die opbou van die kerk nie, maar ook tot die kerk se diens aan die wêreld, in gehoorsaamheid aan God.

‘n Uiters belangrike hermeneutiese beginsel, naamlik dat ‘n kerkorde nie in sement gegiet is nie, word gevind in die laaste paar artikels van die kerkorde. Artikel 24.1 sê die volgende hieroor:

> Bezwaren en geschillen, voor de behandeling van welke in de orde der Kerk niet een afzonderlijk orgaan of een bijzondere wijze van behandeling is aangegeven,worden voorgelegd aan commissies voor de behandeling van bezwaren en geschillen.

(NHK 1951:18)

Reëlings wat getref word in ‘n kerkorde, kan dus gewysig word na gelang van omstandighede, of wanneer bevind sou word dat ‘n kerkordelike reëling strydig is met die Skrif as *norma normans,* of die Skrif weerspreek. Die kerkorde is ingebed in die gesag van die Skrif en ontleen sy gesag aan die Skrif. Dit is waarom die kerkorde ‘n bepaalde gesag dra, kragtens die verband wat bestaan tussen Skrif (*norma normans*), belydenis (*norma normata*) en kerklike orde. Die saak word aangeraak in artikel 27.6 van die kerkorde van 1951:

> Indien de naleving van een bepaling ener ordinantie door buitengewone omstandigheden in een bepaald geval naar het oordeel der generale synode tot kennelijke onrechtvaardigheid zou leiden, kan de generale synode, bij met redenen omkleed en ter algemene kennis van de Kerk gebracht besluit, van de naleving van die bepalingin dat bijzondere geval ontheffing verlenen.

(NHK 1951:20)

Dieselfde beginsel waarna hierbo verwys is en voorkom in artikels 24.1 en 27.6 geld ook in die kerkorde van die NHKA in Ordereël 10.5[34] en Ordinansie 10.3.[35]

Artikel 28 handel oor die proses wat gevolg word vir die wysiging van kerkordelike reëlings. Onderskeid word nie getref tussen die wysigings van artikels of ordinansies nie.

[34] In noodsituasies waarvoor die kerkorde nie voorsiening maak nie, neem die vergaderings van die ampte, ampsdraers en lidmate besluite op grond van die Skrif, in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk, getrou aan die Kerkorde en met inagneming van die gebruike van die Kerk (usansie) (NHKA 2016:99).

[35] Hierdie Kerkorde moet te alle tye uitgelê word aan die hand van die Skrif, die belydenis van die Kerk soos vervat in Ordereël 1 en met inagneming van die besluite en gebruike van die Kerk (NHKA 2016:100).

Beide volg dieselfde proses. ‘n Voorstel tot wysiging word deur die klassis of provinsiale sinode ingedien by die algemene sinode. Die algemene sinode kan ook ‘n wysiging voorstel. Ten einde kommentaar in te win sirkuleer die sinode die konsep aan kerkrade, ten minste drie maande voor die sperdatum, vir kommentaar. Tydens ‘n sinode word die voorstel dan hanteer en word daar finaal besluit daaroor. Afvaardiging na die sinode waartydens die voorstelle tot wysigings finaal dien, is anders as afvaardiging na ‘n gewone sinode. Na die sinode waar die wysigings hanteer word vaardig die klassikale vergadering ‘n ekstra ampsdraer af. Hierdie ampsdraer neem deel aan die sinode met adviserende stem.

Indien omstandighede sou opduik wat dit vir die kerk bemoeilik om normaal te funksioneer, word ander maatreëls vir hierdie nuwe situasie deur bevoegde liggame in die kerk getref.

Die kerkorde van 1951 het die kerk weer op die regte spoor geplaas ten einde kerk te wees in die wêreld deur te antwoord op sy roeping. Dingemans verwoord ook hierdie standpunt en beskryf die karakter van die kerkorde van 1951 as belydend en apostolêr.

> Onder de reglementenbundel van 1816 was de kerk vooral beschouwd onder bestuurlijk gezichtspunt. De reglementen regelden het leven van de kerk vooral ‘formeel’. In 1951 probeerde men de kerk — ook kerkordelijk — te omschrijven naar haar wezen en roeping...Men kan het wezen en de roeping van de kerk samenvatten in de twee ‘basisbegrippen’: *apostolaat* en *belijden*. ‘De kerk is pas kerk als ze apostolair is’. ‘De kerk is pas kerk als ze de naam der Heren recht belijdt’.
>
> (Dingemans 1987:18-19)

Van Wyk sluit hierby aan met die volgende opmerking:

> Klem op die belydende karakter van die kerk asook die apostolêre gerigtheid verwoord die eieaardigheid van die 1951-kerkorde van die NHK en verklaar waarom die kerkorde van Dordt van 1618-1619 nie sonder meer gehandhaaf is nie.
>
> (Van Wyk 2020:4)

Die effek van die 1951-kerkorde was dat dit 'velen bezielde en warm maakte voor een nieuwe vorm van kerk-zijn in de vijftiger jaren... De kerk werd meer gezien als 'beweging' in de golfstroom van het Koninkrijk Gods voor de wereld, dan als gestolde vormgeving van het heil. Meer als getuigende groep van pelgrims dan als angstig bij elkaar zittende belijdenis-bewakers' (Dingemans 1987:19-20).

Die Nederlandse Kerkorde van 1951 was dus duidelik die resultaat van 'n jare lange stryd om eerstens weg te beweeg van die feit dat die kerk bestuur en nie regeer word nie, en tweedens dat die kerk bevry word van 'n oorweldigende betrokkenheid van die owerheid in kerklike aangeleenthede. Daar kan met sekerheid gesê word dat die Kerkorde van 1951 die kerkregtelike denkrigting in die Nederlandse kerk herstel het deur die Christusregering weer 'n werklikheid te maak. Dit het ook 'n hermeneutiek daargestel waarmee 'n kerkorde geïnterpreteer word na wat die bedoeling daarvan is, naamlik om orde in die kerk te handhaaf gehoorsaam aan die Woord en belydenis.

### 3.2.13 De Mist se *Kerken-Ordre* 1804

Met De Mist se aankoms in die Kaap in 1803 as kommissaris-generaal, vind hy 'n kerk wat verdeeld is. Daar bestaan by die kerk onsekerheid oor die kerkregering deels omdat daar nie 'n kerkorde beskikbaar was nie. Die kerk wend hom tot De Mist en vra dat die owerheid sal ingryp in die situasie waarin die kerk homself bevind. Spesifiek die kerkraad van Kaapstad het op 9 April 1804 'n memorie by De Mist ingedien waarin pertinent gevra word dat meerdere vergaderings ingestel word om sodoende al die gemeentes saam te bind onder die opsig van die klassis van Amsterdam. As gevolg van hierdie versoek

vaardig De Mist op 25 Julie 1804 'n *Kerken-Ordre* uit. Hierdie *Kerken-Ordre* het 'n groot invloed uitgeoefen op die kerkordelike denke in Suid-Afrika vir baie jare. Dit het ook die reglemente wat opgestel is tydens die Algemene Kerkvergaderings van 1824 asook dié van 1843 sterk beïnvloed (Dreyer 1999:39; 43).

De Mist se bedoeling met die opstel van die *Kerken-Ordre* was dat die kerk meer selfstandig en los van die owerheid sou funksioneer. Dit is tóg ironies om daarop te let dat dit toe nié die geval was met die *Kerken-Ordre* van De Mist nie. De Mist kom uit 'n agtergrond in Nederland waarin dit belangrik was dat die kerk die beskerming van die owerheid moet geniet. Die beskerming van die kerk deur die owerheid het egter 'n verdere probleem veroorsaak. Volgens Pont (1991:191) het hierdie *beskerming* die deur oopgemaak vir 'n nuwe patronaatsreg om vastrapplek te kry in die kerkregering, dit ten spyte van die skeiding tussen kerk en staat wat beoog is. Smit (2001:75) wys hierop wanneer hy aantoon dat predikante deur die kerkgenootskap versorg word, maar dat slegs die goewerneur toestemming mag gee dat die predikant 'n spesifieke gemeente mag bedien. Waar daar meer as een predikant in 'n gemeente werksaam is, is dit weereens die goewerneur wat toestemming daartoe verleen.

De Mist het die beskerming wat die owerheid aan die kerk verleen verstaan as 'n *ius circa sacra*, terwyl dit eerder 'n geval sou word van *ius in sacra* omdat die owerheid op grond daarvan steeds 'n sê gehad het in kerklike aangeleenthede. Tóg was De Mist se bedoeling om die kerk los te maak van die owerheid en aan die kerk selfstandigheid te gee 'n stap in die regte rigting (Pont 1991:198).

Daar was egter een saak wat die owerheid, te midde van die betrokkenheid by die kerk, gemeen het hy nie bevoeg was om te hanteer nie, naamlik leerkwessies. Dreyer (1999:45) voer as rede hiervoor aan dat owerhede van die *Aufklärung* 'n hekel gehad het in godsdienstige twiste. Te midde van hierdie reëling het die owerheid tóg betrokke geraak by die leer van die kerk in dié sin dat die owerheid 'n norm neergelê het wat betref die prediking. Volgens die owerheid is geen prediking wat wet en orde ondermyn aanvaarbaar nie en mag die prediking ook nie aanleiding gee tot burgerlike onrus nie. Op die oog af lyk dit vanselfsprekend te wees dat die prediking nie hierdie grense sal oorskry nie juis omdat dit die evangelie en kerklike belydenis is wat grense stel aan die prediking

en nie enige ander wet nie. Pont (1991:193) is van mening dat hier by implikasie aan die owerheid die mag gegee word om wél die kerk se leer te mag beoordeel, maar dat dit slegs sal geskied wanneer die prediking hierdie grens oorskry.

Dit is belangrik om ook te let op die kerkbegrip soos wat dit uitgespel word in artikel 17 van die *Kerken-Ordre*[36]. Dit blyk duidelik dat die owerheid die kerk beskou het as 'n vrywillige organisasie waarby mense na willekeur kan aansluit, of kan bedank daarvan. Lidmaatskap van die kerk is volgens die owerheid dus gelykgestel aan lidmaatskap van 'n klub of enige ander sosiale instelling wat gevorm word op grond van die gedeelde belange van sy lede. Die kerk is dus die resultaat van die keuse wat mense uitoefen om deel daarvan te wees. Die ironie is dat sodanige beskouing van die kerk indruis teen byvoorbeeld die kerkbegrip van die Nederlandse Geloofsbelydenis, maar wanneer die verhouding tussen kerk en owerheid gereël word dit duidelik gestel word dat dit volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis die owerheid se plig is om die kerk te beskerm. Die indruk word geskep dat die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat betref die opstel van De Mist se *Kerken-Ordre,* selektief gebruik is.

In die reëlings wat getref word oor meerdere vergaderings (artikels 46-51) lê die groot wins en bydrae van De Mist se *Kerken Ordre*, en is dit selfs vandag vir die kerk van onskatbare waarde en betekenis, veral gesien in die lig van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip omdat die vergaderings van die ampte een van die wyses is waarop Jesus Christus self sy kerk regeer. Met die kerkordelike reëlings in De Mist se *Kerken-Ordre* word die weg gebaan vir die hou van 'n eerste Algemene Kerkvergadering wat elke twee jaar sou plaasvind. Ampsdraers word afgevaardig na die Algemene Kerkvergadering vanuit elke gemeente, twee predikante en twee ouderlinge van die gemeente Kaapstad en van die plattelandse gemeentes een predikant en een ouderling. Twee kommissarisse-politiek word ook afgevaardig om die owerheid by die vergadering te verteenwoordig. Pont (1991:196) is van mening dat die Algemene Kerkvergadering, soos

---

[36] Het staat aan een ieder, zyne gezonde Zielsvemogens hebbende, en tot bekwaame jaaren gekoomen, vry, om zich by een of ander der hier aanwezende Kerk-genootschappen naar zyne keuze te mogen vervoegen, en als Lidmaat te doen inschryven, en ook, om na des vrywillig die keuze te mogen veranderen (Pont 1991:181).

gereël in De Mist se Kerken-Ordre nie werklik 'n meerdere vergadering van die ampte was nie maar eerder 'n kerkraad-sinode. Hy verskaf twee redes hiervoor (Pont 1991:196).

Eerstens dien die predikant van die oudste gemeente as voorsitter by die eerste vergadering. Die voorsitterskap van die daaropvolgende vergaderings word oorgegee aan die predikante na die rangorde van die ouderdom van die gemeentes waarin hulle werksaam is. Die predikant wat by die volgende vergadering as voorsitter optree, sal as skriba dien van die voorafgaande vergadering. Die voorsitter en skriba word dus nie tydens die vergadering gekies nie.

Die tweede rede het betrekking op die afvaardiging na die vergadering. Uit die gemeente Kaapstad word twee predikante en twee ouderlinge afgevaardig en uit die plattelandse gemeentes een predikant en een ouderling. In hierdie wyse van afvaardiging kan verstaan word dat ampsdraers tydens die vergadering die gemeentes waarin hulle dien verteenwoordig terwyl dit nie die geval is nie. Afgevaardigdes na meerdere vergaderings verteenwoordig die amp waarin hulle staan. Hierin lê 'n baie belangrike kerkregtelike beginsel naamlik dat geen ampsdraer na 'n meerdere vergadering afgevaardig word met 'n mandaat van die gemeente om 'n sekere stem uit te bring of om die gemeente se standpunt tydens die vergadering te stel nie. Afgevaardigdes verteenwoordig tydens die vergadering die amp waarin hulle staan. Dit is immers Jesus Christus wat sy kerk regeer onder andere deur die ampte wat ter vergadering byeenkom. Pont (1991:196) maak die volgende opmerking hieroor:

> Die indruk word gewek dat hiermee nié 'n meerdere vergadering van die ampte ingestel word om die kerk na die eis van die Woord te regeer nie, maar dat dit 'n samekoms was van die kerkrade van die gemeentes (art 50). Dit word verder bepaal dat by 'n stemming, die kerkraad van Kaapstad twee stemme sal hê en die kerkrade van die plattelandse gemeentes slegs één stem.

Die feit dat die gemeente Kaapstad twee stemme gehad het hoef nie noodwendig negatief beoordeel te word nie. Hierdie reëling kan verstaan word in die lig daarvan dat 'n stem gegee is, nie aan 'n gemeente nie, maar aan die afgevaardigdes van die gemeente.

Dreyer (1999:48) beoordeel De Mist se *Kerken-Ordre* as 'die eerste belangrike tree in die totstandkoming van 'n selfstandige kerk in Suid-Afrika met sy eie kerkregering.'

Die waarde en betekenis van De Mist se *Kerken-Ordre* kan met die volgende paar stellings saamgevat word. Eerstens was die betrokkenheid van die owerheid in kerksake steeds 'n realiteit en sou dit die kerk nog meer as 'n eeu neem om daarvan ontslae te raak. Tweedens kan verwys word na die afvaardiging na meerdere vergaderings. Die feit dat elke gemeente ampsdraers afvaardig skep die indruk dat die meerdere vergadering eerder 'n kerkraad-sinode is wat ten doel het dat elke gemeente op die vergadering verteenwoordig word. Ampsdraers word na meerdere vergaderings afgevaardig as verteenwoordiger van die amp en nie as verteenwoordiger van die gemeente nie. Om ampsdraers uit elke gemeente af te vaardig is steeds vandag praktyk in die NHKA se afvaardiging na die Algemene Kerkvergadering.

Die Kerkorde van die NHKA reël dat elke gemeente die diensdoenende predikant of predikante van die gemeente saam met 'n kerkraadslid afvaardig na die Algemene Kerkvergadering. Hierdie kerkraadslid kan 'n ouderling of 'n diaken wees. Gedurende die 73ste Algemene Kerkvergadering in Oktober 2022 besluit die Algemene Kerkvergadering op grond van 'n beskrywingspunt wat ingedien is deur die Algemene Diakensvergadering, eerstens om die samestelling van die Algemene Kerkvergadering te wysig in dié opsig dat diakens voortaan ook deel uitmaak van die Algemene Kerkvergadering, en tweedens dat die Kerkorde van die NHKA dienooreenkomstig gewysig word om daarvoor voorsiening te maak (NHKA 2022(b):140). Die NHKA se Kerkode bepaal in Ordinansie 4.4.1 (ii) waar gehandel word oor die samestelling van die Algemene Kerkvergadering dat die Algemene Kerkvergadering saamgestel word deur een kerkraadslid wat afgevaardig word deur elke kerkraad. Dit word pertinent gestel dat sodanige afgevaardigdes verteenwoordigers van hulle ampte is (NHKA 2022(a):43).

Twee sake vloei voort uit De Mist se *Kerken-Ordre* wat van groot waarde is. Eerstens kan gewys word op die feit dat die voorsitter en skriba van die meerdere vergadering roteer. Daar is reeds gewys op die betekenis van so 'n reëling en dat dit ook bydra dat 'n hiërargie nie ontstaan nie. Indien dieselfde ampsdraers keer op keer in hierdie posisie dien kan dit vir die kerk skadelik wees.

Die tweede winspunt is dat die kerk vir die eerste keer die geleentheid gekry het om 'n eie struktuur te skep. Volgens Pont (1991:197) sou hierdie reëling die kerk se funksionering as getuie van Christus in die wêreld bevorder. Dreyer (1999:47-48) som die betekenis van De Mist se *Kerken-Ordre* soos volg op:

> Die kerkorde van De Mist is al dikwels gekritiseer. Tog is die kerk aan die Kaap met De Mist se reëlings organisatories in 'n beter posisie gelaat as voorheen. De Mist se kerkorde was die eerste belangrike tree in die totstandkoming van 'n selfstandige kerk in Suid-Afrika met sy eie kerkregering.

### 3.2.14 Kerkwet en Bepalings van die NHKA 1951

Die kerkordelike reëlings wat geld in die Kaap gedurende die eerste gedeelte van die 19de eeu was die Algemeen Reglement van 1824. Hierdie kerkwet, oftewel reglement, word in die Kaap vervang in 1842 met die Kerkwet van 1842. Met die aanvaarding van die 1842 Kerkwet in die Kaapprovinsie, word die naam van die kerk ook verander van Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid Afrika, na Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika (Pont 1991:262).

Met die grootskaalse uittog van burgers uit die Kaapprovinsie na Transvaal, wat reeds voor 1842 plaasgevind het, beteken dit dat die Kerkwet van 1824 nog gegeld het as kerkordelike reëlings in die Zuid Afrikaansche Republiek.

Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1861 word opdrag gegee dat ‘n Kerkwet opgestel word, nadat ‘n vorige poging (1853-1858)[37] nie gerealiseer het nie. Hieruit volg die *Reglementen van de Nederduitsche-Hervormde Kerk in de Zuid Afrikaansche Republiek* wat op 24 Oktober 1863 deur die Volksraad bekragtig is. Dit is belangrik om te besef dat die kerkwet van 1863 geskoei was op die kerkwet van 1824 soos gebruik in die Kaap. Verder ook dat die Algemeen Reglement van 1816 wat in Nederlandse Hervormde Kerk gebruik is, daarom ook neerslag gevind het in die Kerkwet van 1862. Die beginsels wat gegeld het in die 1816 reglement, wat kollegialisme insluit (kyk Pont 1991:113-119) is dus oorgedra in die kerkwet van 1863. Storm verwys soos volg daarna:

> Daarom vind ons dat die reglementêr-organisatoriese beginsel, wat vanaf die *Algemeen Reglement* in die Nederlandse kerk en vandaar in die Kaapse Kerk in swang was, ongelukkig ook sy neerslag in die Nederduitsch Hervormde Kerk vind. Nieteenstaande die feit dat hierdie kollegialistiese beginsel in die Transvaalse Kerkwet van 1862 ingeweef is, is die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal deur sy eie kerkwet op die ordelike baan van ontwikkeling en groei geplaas.
>
> (Storm 1989:131)

Op grond van ‘n beskrywingspunt wat ingedien is tydens die Algemene Kerkvergadering van Mei 1948 word die voorstel gemaak dat ‘n nuwe uitgawe van die Kerkwet verskyn. Die Algemene Kerkvergadering verwys hierdie taak na die Regskommissie wat op 1 Junie 1948 besluit om: ‘die kerkwet in religieus-teologiese en in kerkregtelike sin na te sien en in verband daarmee ‘n aantal eksemplare van die huidige ontwerp van die Nederlands-

[37] Op die eerste Algemene Kerkvergadering van 1853 is besluit dat ‘n eie kerklike Wetboek vir die Voortrekkerkerk saamgestel moes word. Hierdie opdrag is in 1855 aan ds Dirk van der Hoff en ouderling FG Wolmarans herhaal. Teen 1857 was hierdie wette gereed en is dit in die *Staats-Courant* van 28 Mei 1858 gepubliseer. Hierdie wette is egter nooit deur die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek bekagtig nie en het dus nooit regsgeldigheid gehad nie (Storm 1989:130).

Hervormde kerkorde te bestel' (vgl. Van Wyk 1991:171). Op 18 April 1949 neem die regskommissie die volgende besluit in verband met die Kerkorde:

> Na aanleiding van die hersiening van die kerkwet, word besluit:
>
> (i) om die ou naam 'Wet en Reglemente' te herstel en die huidige bepalings van die kerkwet onder die een of die ander hoof te bring;
>
> (ii) om artikels so kort moontlik te stel en om artikels wat meer as een bepaling bevat in afsonderlike artikels of in sub-artikels op te deel;
>
> (v) om eers die Nederlandse Kerkorde met ons Wet te vergelyk en daarna die Nederlandse Reglemente met ons wet en bepalings.
>
> (NHKA 1949:8-9)

Die impak van die regskommissie se besluit in 1949 om die voorgestelde kerkorde aan die Algemene Kerkvergadering in 1951 te skoei op die ontwerp van die Kerkorde wat in 1951 aanvaar is vir die Nederlandse Kerkorde, kan nie gering geskat word nie. Die gevolg hiervan was dat ook die NHKA, net soos die Nederlandse Hervomde Kerk, weggekom het van 'n reglement wat kerkordelik weinig beteken het. Die hele stryd wat vir bykans 180 jaar geduur het in Nederland (1816 – 1951) om kerkordelik 'n nuwe rigting in te slaan, is dus iets waarby ook die NHKA gebaat het. So het ook die NHKA los gebreek uit die houvas wat die Algemeen Reglement van 1816 op die kerkordelike denke van die kerk gehad het en slaan ook die NHKA op grond van sy nuwe kerkorde wat in 1951 aanvaar is, 'n nuwe rigting in wat kerkregering aanbetref.

Van Wyk (1991:173) bevestig dit wanneer hy opmerk dat die Kerkwet van 1951 (NHKA) hiermee 'n lang voorafgaande tradisie, waarin die kerklike reg deur die verenigingsreg beïnvloed is, deurbreek het.

Drie karaktertrekke van die NHKA se Kerkwet en Bepalings wat verskyn in 1951 kan pertinent uitgelig word omdat dit ooreenstem met die ontwerp van die kerkorde op daardie stadium vir die Nederlandse Hervormde kerk. Die karaktertrekke word soos volg

verwoord in die verslag van die regskommissie vanaf Mei 1948 tot Maart 1951 wat ook voorgelê is aan die Algemene Kerkvergadering van Maart 1951:

> U kommissie het voortdurend in gedagte gehou dat die Kerk openbaring van die liggaam van Christus is en dat die kerkwet nooit ‘n administratiewe funksie het nie maar dat die geestelike vooropstaan. Vandaar ook dat die nuwe konsep ‘n meer geestelike karakter vertoon as die bestaande, en by die beoordeling daarvan moet dit nie uit die oog verloor word nie.
>
> Prominent kom in die nuwe konsep na vore die belydende en apostoliese karakter van die Kerk... Die Kerk mag nie in homself gekeer wees nie maar moet dien met die Evangelie van die koninkryk van God.
>
> (NHKA 1951:11a)

Wanneer die inhoud van die 1951 Kerkwet en Bepalings van die NHKA onder oë geneem word is dit met die eerste oogopslag duidelik dat die struktuur daarvaan ooreenkom met die 1951 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk. Die Kerkwet wat in 1951 geïmplementeer is in die NHKA het bestaan uit 24 artikels en 19 hoofstukke wat elk onderverdeel was in artikels. Ook aan hierdie dokument is met die verloop van tyd, totdat dit in 1997 vervang is met die Kerkorde, verskeie wysigings aangebring. Teen 1997 het dit bestaan uit 25 artikels en 204 bepalings.

‘n Paar prominente sake uit die kerkorde wat ‘n bepaalde ekklesiologie en kerkordelike hermeneutiek verwoord, kan uitgelig word.

In artikel 1 word gestel dat die NHKA homself sien as openbaring van die een heilige, algemene Christelike kerk. Hierdie siening word gehuldig ooreenkomstig die belydenis van die kerk, wat op sy beurt gegrond is in die Bybel as Woord van God. Die kerk bestaan uit lidmate wat op grond van hulle deelwees aan die genadeverbond van God, tot die kerk

behoort. Dit is duidelik die teenoorgestelde van die kerkordes wat gedien het tot en met 1951 waar die kerk beskou is as 'n vrywillige vereniging waartoe mense toetree of bedank op grond van eie keuse.

Verskeie aspekte van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip word telkens aan die orde gestel. Jesus Christus word bely as die Hoof van die kerk (artikel 11.3). Ook uit artikel 5.3 blyk die uitgangspunt van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip duidelik wat betref die ampte en vergaderings van die ampte waar gestel word: 'Die gemeente verkies en roep ampsdraers of afgevaardigdes na meerdere vergaderings volgens die opdrag van Christus aan sy kerk' (NHKA 1992:2). Die regering van Christus met die gebruikmaking van die ampte wat in vergaderings byeenkom word gereël in artikel 6.1 (NHKA 1992:3).

Die apostolaatsopdrag aan die kerk kom voor in artikel 9. Dit word begrond in Jesus se opdrag aan sy dissipels soos gevind in Matteus 28:19-20. Verskillende aspekte van die apostolaatswerk word gelys. Dit is in hierdie artikel duidelik dat die kerk sy dienswerk verstaan as diens aan die wêreld deur na buite gerig te lewe en nie in homself gekeer te wees nie.

In artikel 11 kom die belydenis van die kerk aan die orde. Hier word gestel dat die Woord van God die 'bron en enigste inhoud van die prediking en reël van die geloof is' (NHKA 1992:4).

Die doel van die opsig en tug is volgens artikel 20 'Om die eensgesindheid en eenheid van die geloof in die kerk te bevorder en te bewaar, en om almal in gehoorsaamheid aan God te hou' (NHKA 1992:7).

Wat die wysiging van die Kerkwet betref word onderskeid getref tussen die wet en die bepalings. Die voorstel tot wysiging van 'n wet moet ses maande voor die Algemene Kerkvergadering ingedien word by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir bestudering. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan ook so 'n wysiging voorstel en dit in die agenda laat opneem. Genoemde wysigings word goedgekeur met 'n tweederde meerderheid van die Algemene Kerkvergadering. Vir die wysiging van 'n bepaling word die voorstel daartoe as beskrywingspunt ingedien ten einde opgeneem te word in die agenda van die volgende Algemene Kerkvergadering. Die beskrywingspunt word goedgekeur met 'n meerderheid van stem. Die Algemene Kerkvergadering self kan

ook op ‘n wysiging van bepaling besluit. Die afleiding word dan gemaak dat dit in so ‘n geval nie nodig is om ‘n beskrywingspunt in te dien nie, maar dat die voorstel direk vanuit die vergadering kan kom.

Van Wyk (2005:56) vestig die aandag daarop dat die rotasiebeginsel nie konsekwent toegepas is nie. Bepaling 7.2 (b) bepaal dat ‘n ouderling of diaken verkieslik na nie meer as drie agtereenvolgende vergaderings afgevaardig word nie. Dieselfde tipe formulering word ook gebruik in bepalings 9.6 en 9.7 waar die verkiesing van die ringskommissie gereël word.

Met die invoeging van die woord *verkieslik* word na my mening ‘n agterdeur oopgelaat om die rotasiebeginsel te systap. Die argument word dikwels tydens vergaderings gevoer dat die rotasiebeginsel die gang van die kerk se werk kortwiek in dié sin dat dit die kontinuïteit van die werksaamhede van een kommissie na die volgende of een vergadering na die volgende, negatief gaan beïnvloed en die werk wat die kerk in daardie verband doen dan gaan skade ly. Die vraag wat egter gevra behoort te word indien hierdie argument gevoer word, is watter rol die opening en prosedure van opening van die betrokke vergadering speel. Die vergadering waartydens ‘n nuwe kommissie verkies word is tog geopen met Skriflesing en prediking waarna die teologiese implikasie van die prediking bespreek is. Verder bid die kerk met hierdie wyse van die opening van kerklike vergaderings, die leiding van die Heilige Gees af, nie net vir die duur van die vergadering nie maar ook vir die uitvoer van die betrokke vergadering se besluite. Wanneer dan tydens vergaderings deur afgevaardigdes gepleit word om dieselfde ampsdraers weer in dieselfde posisies te verkies ten einde te verseker dat daar kontinuïteit is en dat die werk van die kerk sal voortgaan, kan die vraag tereg gevra word met hoeveel geloof en vertroue die leiding van God se Gees dan afgebid word. Van Wyk (2005:57) verwoord sy opinie oor die invoeging van die woord *verkieslik* soos volg:

> Die invoeging van die woord *verkieslik*, het rotasie vir alle praktiese redes opgehef. Dit het noodwendig daarop uitgeloop dat ampsdraers vir selfs dekades op die Kommissie gedien het, wat aan die Kommissie ‘n redelik

> prominente plek in die kerk besorg, en veral aan die telkens kontinuerende voorsitter, besondere voorrang verleen het.
>
> (Van Wyk 2005:57)

### 3.2.15 Die Kerkorde van die NHKA 1997

Tydens die twee en sestigste Algemene Kerkvergadering in Junie 1989 word ‘n beskrywingspunt aanvaar dat die Kerkwet wat toe in gebruik was na ‘n kommissie van ondersoek en studie verwys word met die oog op herformulering, herrangskikking en aanpassing. Die uiteinde van hierdie beskrywingspunt is dat ‘n nuwe Kerkorde tydens ‘n buitengewone sitting van die vier en sestigste Algemene Kerkvergadering gedurende Junie en Julie 1997 finaal goedgekeur en geïmplementeer is (Van Wyk 2005:57). Dit is belangrik om daarop te let dat die Kerk hier gekies het om nie die benaming *Kerkwet* te handhaaf nie, maar eerder te kies vir *Kerkorde*. Daar is reeds aangedui dat die benaming Kerkorde terugdateer kan word na die sinode van Middelburg wat plaasgevind het in 1581.

Die struktuur van die Kerkorde het ook verskil van dié van die Kerkwet en Bepalings. In die Kerkwet en Bepalings is die gedeelte wat bestaan uit artikels, eerste en daarna volg die bepalings wat ‘n uitbreiding is op die artikels. In die Kerkorde verskyn ‘n ordereël wat voorsien is van ‘n aanhef. Die kernsaak waaroor die betrokke ordereël handel word bondig in die aanhef saamgevat. Na elke ordereël kom ‘n ordinansie voor wat dien as ‘n uitbreiding op die ordereël. Hieroor maak Van Wyk (2020:6) die volgende opmerking:

> Nader gesien is die gedeeltes in vetdruk aan die begin van elke Ordereël die wesenlike van die kerkorde, gevolg deur die nadere verklaring wat in die res van die Ordereël bygevoeg word. Dat die Ordereëls belangriker geag word as die Ordinansies word duidelik as in ag geneem word hoe Ordereëls en Ordinansies tot stand kom en gewysig word.

Die saak waaroor elke Ordereël en Ordinansie handel word afgehandel alvorens die volgende Ordereël met sy Ordinansie aan die orde gestel word.

### 3.2.16 Die Kerkorde van die NHKA 2016[38]

Tydens die 70ste Algemene Kerkvergadering word in beskrywingspunt 126 voorgestel dat die kommissie vir die herskrywing van die kerkorde kontinueer word (NHKA 2013:492-493).

In die konsep-Kerkorde wat deur die komitee voorgelê is tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering in 2016, is die volgorde van die verskillende hoofstukke gewysig in die oortuiging dat die nuwe volgorde meer logies sou wees. Rakende die verhouding tussen die Skrif, belydenis en kerkorde is die volgende opmerking in die verslag van die herskrywingskomitee aan die Algemene Kerkvergadering belangrik:

> Die voorgestelde konsep het die verhouding tussen die Skrif en die belydenisskrifte onveranderd gelaat, waardeur die voorrang van die Skrif ongekwalifiseerd gehandhaaf word as die *normerende norm* vir die kerklike leer en lewe. Daarnaas funksioneer die belydenisse en belydenisskrifte as die *genormeerde norme*, tipies ooreenkomstig die eie kerklike tradisie... Daar is geen afbreuk gedoen of wysiging aangebring aan die Kerk se siening van homself as ‘n Christus-belydende Kerk nie.
>
> (NHKA 2016:28)

Die volgende sake kan aangetoon word as wesenlike veranderinge van die vorige Kerkorde. Eerstens is die woord *volkskerk* verwyder. Hierdie woord het in Suid Afrika onbruikbaar geraak in dié sin dat dit nie meer in die Suid Afrikaanse konteks as ‘n

[38]Voortaan word verwys na die Kerkorde wat geïmplementeer is tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering in September 2016, met alle wysigings aangebring tot op hede.

verbondsmatige begrip gebruik is nie, maar ‘n ander betekenis gekry het. Tweedens is die eenheid van die kerk ook op ringsvlak beklemtoon deurdat ook diakens voortaan saam met die predikant en ouderlinge van die plaaslike gemeente na ringsvergaderings afgevaardig word. Verder is daar ook klem geplaas op die missionale werk van die Kerk, kerkmusiek en ‘n herformulering van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging se posisie in die Kerkorde (NHKA 2016:28-29).

Op die titelbladsy van die NHKA se Kerkorde word die missionale karakter van die Kerk reeds bevestig, naamlik dat die Kerk geroep is om die blye boodskap van Jesus Christus, as die gekruisigde en opgestane Heer, as die enigste Verlosser van die wêreld, te verkondig (NHKA 2019:titelbladsy).

Daar is reeds melding gemaak dat die hoofstukke van die Kerkorde in ‘n logiese volgorde gerangskik is. Daarom is dit gepas dat in die eerste hoofstuk die belydenis en die kerk aan die orde gestel word. In die aanhef tot Ordereël 1 bely die Kerk sy geloof in die drie-enige God. In die spoor van artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, word hierdie belydenis verder uitgebrei deur te stel dat alles wat vir ons verlossing nodig is duidelik en voldoende in die Bybel bekendgemaak word. Naas die Bybel vorm die drie ekumeniese belydenisse asook die drie formuliere van eenheid die raamwerk waarbinne die kerk se verkondiging van die evangelie plaasvind.

In die aanhef tot Ordereël 2 (NHKA 2019:5) bely die Kerk dat hy kerk is op grond van die genadeverbond en daarom deur God in genade uitverkies is. Die Kerk beskou homself dus nie as ‘n vereniging wat opgerig is en in stand gehou word deur die besluit van eensgesinde mense nie. Op grond van hierdie belydenis stel Ordereël 2.1 dat die kerk ‘n gemeenskap van gelowiges is wat deur God se versoening in Jesus Christus tot stand gebring is. Dit is deur hierdie mense wat God sy kerk in stand hou. Hierdie mense, die lidmate van die Kerk, word deur die werk van die Heilige Gees saamgebring deur die Woord en sakramente. Deur aflegging van geloofsbelydenis of die sakrament van die doop, word die kinders van lidmate van die gemeente belydende lidmate en dooplidmate van die gemeente. Lidmate van ander kerke kan ook lidmaatskap van die NHKA verkry. Hierdie lidmaatskap word aan hulle verleen nadat die kerkraadsvergadering besluit het

of daar met hulle verder gesprek gevoer moet word, aanvullende kategese deurloop moet word of dat hulle openbare belydenis van geloof moet aflê (Ordinansie 2.4.5 (i)-(iii)).

Alhoewel die Kerk homself bely as gestalte van die een, heilige, algemene en apostoliese kerk, bestaan die Kerk nie in ‘n lugleegte nie, maar as ‘n kerk met sy eie geskiedenis, kerklike taal, teologiese tradisie en Kerkorde. Hieruit blyk dit dus dat ook die Kerkorde nie anders gelees en geïnterpreteer kan word as vanuit die geskiedenis en teologiese tradisie van die NHKA nie. Dit dui verder ook op die feit wat hermeneuties so geweldig belangrik is, dat die kerkorde in wese verskil van ‘n wet of konstitusie, onder andere omdat dit gegrond is in die Woord en belydenis, wat inderdaad ook dui op ‘n bepaalde teologiese tradisie. In hoofstuk 5 van hierdie studie word spesifiek hieraan aandag gegee wanneer die hermeneutiek van kerkreg prakties toegepas word op die kerkorde van die NHKA.

Die Kerk beskou verder die plaaslike gemeente as die vergestalting van die kerk en dat die Kerk bestaan uit sy gemeentes wat in ringe saamgevoeg is om daardeur gestalte te gee aan die eenheid van die Kerk. Hierdie eenheid met ander gemeentes word gehandhaaf en begrond in die eenheid van geloof, belydenis en liturgie. Kragtens hierdie eenheid kan ‘n gemeente nie sy band met die Kerk prysgee nie en handel die gemeente as regspersoon ooreenkomstig die Kerkorde (Ordereël 2.3).

Dit is nodig om daarop te wys dat die gemeentevergadering saam met die kerkraadsvergadering wat die primêre vergadering van die ampte is, ‘n aktiewe rol speel in die regering van die gemeente. Dit blyk uit die bevoegdheid van die gemeentevergadering om ampsdraers te verkies en toesig te hou oor die stoflike belange van die gemeente by name die besluitneming oor die begroting asook die geouditeerde verslag oor die finansies. In die lig van die regsgeding waarin die NHKA tans gewikkel is wat betref eiendomme is dit goed om kennis te neem van Ordinansie 2.5.2 (vi) en (vii) wat spesifiek handel oor hierdie saak.

> (iii) Besluit met meerderheid van stem oor die beskikking, aanskaf of vervreemding van vaste eiendomme, en magtig die kerkraad om namens die gemeente vaste eiendom te verkry, te vervreem, te beswaar, skulde aan te gaan, lenings te verkry en sekuriteit

daarvoor te verskaf, lenings toe te staan en fondse te belê, alles tot die welwese van die gemeente en die Kerk in die algemeen, ooreenkomstig die Kerkorde.

(iv) Sien toe dat vaste eiendom in die naam van die gemeente geregistreer word.

(NHKA 2019:9)

Besondere ampte en ampsdraers word in Ordereël 3 aan die orde gestel. Onmiddelik word die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip baie duidelik weerspieël in die aanhef tot Ordereël 3 wanneer gestel word dat God mense gebruik om as geroepe dienaars van Christus onder leiding van die Heilige Gees deur Woord en sakrament diensbaar te wees (NHKA 2019:15). ‘n Ampsdraer word ook nie in meer as een amp bevestig nie.

Voornemende predikante word aan ‘n universiteit opgelei in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) wat verantwoordelik is vir ‘n Kerkeie deel van die opleiding. Die Kuratorium vir teologiese opleiding hou opsig oor die opleiding van predikante.

Die dienswerk van die predikant word gedoen in ooreenstemming met die beloftes wat afgelê word by toelating tot die amp en tot die evangeliebediening. By die toelating tot die evangeliebediening onderteken kandidate die proponentsformule wat voorkom in Ordinansie 3.1 en soos volg lui:

> Ek verklaar hiermee dat ek die leer wat uitgedruk is in die formuliere van eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, van harte onderskryf en dat ek daarvan vas oortuig is dat dit in ooreenstemming is met die Woord van God. Ek beloof om in hierdie leer te volhard en my in my verkondiging hierdeur te laat lei. Ek beloof om my te hou aan die Kerkorde van die

> Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. By oortreding daarvan sal ek my onderwerp aan die oordeel van die bevoegde kerklike vergaderings.
>
> (NHKA 2019:18)

In die volgende gedeelte van hierdie studie sal in die lig van die proponentsformule waarna hier verwys is, ‘n paar opmerkings gemaak word ten einde die histories-kerkregtelike lyn van die NHKA te beskryf.

Hierdie dienswerk vind ook plaas ooreenkomstig die beroepsbrief en soos bepaal in die Kerkorde. Hieruit blyk dat die beroepsbrief asook die kerkorde ‘n bepaalde gesag dra wanneer die dienswerk van die predikant ter sprake kom. Dit beteken egter nie dat die beroepsbrief dien as ‘n kontrak tussen werkgewer en werknemer en die Kerkorde as ‘n gedragskode vir werknemers nie. Predikante kan op geen ander manier in ‘n gemeente werksaam wees nie as per toepaslike beroepsbrief, waarin die opdrag duidelik omskryf word deur die kerkraad tydens ‘n beroepsvergadering, volgens die prosedure soos uiteengesit in die Kerkorde (Ordinansie 3.2.3.1 (iii)). Wanneer die Kerkorde en beroepsbrief later in hierdie studie aan die orde gestel word in die lig van ‘n kerkordelike hermeneutiek, sal hierdie saak meer breedvoerig bespreek word.

Ouderlinge en diakens word deur die gemeentevergadering verkies. In die lig daarvan dat vergaderings in die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip beskou word as ‘n regeerinstrument in die hand van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, stel die Kerkorde (NHKA 2019:16) asook die formulier vir die bevestiging van ampsdraers (NHKA 2008:102; 110), dat hulle wat in hierdie ampte verkies is nie net deur die gemeente nie, maar ook deur God self geroep is om as ampsdraers te dien. Met dit in gedagte moet ‘n gemeentevergadering ook besef watter rol hy speel in die verkiesing van ampsdraers en besef dat dit ‘n saak van erns behoort te wees.

Die funksionele ampsbegrip wat teruggevoer kan word na Calvyn word ook weerspieël in die Kerkorde van die NHKA (kyk Ordereël 3.1.3; Ordinansie 3.2.7; 4.6.1 (vi)) waaruit die

afleiding gemaak kan word dat 'n predikant in die amp staan omdat hy/sy die betrokke ampswerk verrig.

In Ordereël 4 wat handel oor die vergaderings van die ampte word drie kerkregtelike beginsels gestel wat uiters belangrik is vir 'n kerkordelike hermeneutiek. Eerstens word Jesus Christus bely as die enigste Hoof van die kerk. Vervolgens dat ampsdraers in vergaderings van die ampte byeenkom. Dit is hierin opmerklik hoe die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip weereens as deel van die kerkregeerstelsel waarvoor die NHKA gekies het, na vore kom. Derdens word die anti-hiërargiese beginsel in die regering van die kerk ook beskryf soos wat teruggevind kan word in historiese kerkordes sover as die sinode van Emden in 1571 en daarna in feitlik elke reformatoriese kerkorde.

Die verhouding Skrif, belydenis en kerkorde word gestel as die grense waarbinne kerklike vergaderings besluite neem.

Die kerkraadsvergadering is die vergadering van die ampte in die gemeente. Omdat die plaaslike gemeente die verskyningsvorm van die kerk is kan die stelling dus gemaak word dat die kerkraadsvergadering, as vergadering van die ampte in die gemeente, die primêre vergadering van die ampte is. Die ander vergaderings van die ampte is die ringsvergadering, Algemene Diakensvergadering en Algemene Kerkvergadering. By die beskrywing van die Ringsvergadering (NHKA 2019:44) asook die Algemene Diakensvergadering (NHKA 2019:58) en die Algemene Kerkvergadering (NHKA 2019:50) word dit beskryf as bykomende vergaderings van die ampte en nie 'meerdere vergaderings' soos in artikel 5.3 van die Kerkwet en Bepalings nie (NHKA 1993:2)..

Die rotasiebeginsel kom baie sterk in die NHKA se Kerkorde na vore. Hierdie beginsel sal saam met die anti-hiërargiese beginsel in hoofstuk 5 van hierdie studie breedvoerig bespreek word. In Ordinansie 4.2.1 (ii) geld die rotasiebeginsel wanneer, met verwysing na die ringsvergadering, gereël word dat ouderlinge en diakens nie na meer as drie agtereenvolgende ringsvergaderings afgevaardig word nie, tensy daar gronde aan die ringskommissie gegee word waarom dit nie anders kan plaasvind nie (NHKA 2019:45). Uiteraard geld hierdie reëling nie vir die afvaardiging van ringspredikante nie omdat hierdie predikante *ex officium* na die ringsvergadering afgevaardig word. Die rotasiebeginsel is nie net van toepassing op die afvaardiging van ampsdraers na die

ringsvergadering nie, maar ook wat betref die verkiesing van die ringskommissie. ‘n Predikant mag nie vir langer as drie jaar na mekaar dien as voorsitter of as skriba nie (Ordinansie 4.2.3 (x)).

Hierdie beginsel geld ook wat betref die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (Ordinansie 4.4.4 (vii); 4.6.1 (ii)). Hier word egter nie onderskeid getref tussen die ampte van predikant en ouderling nie omdat die ordinansie stel dat geen ampsdraer vir langer as drie opeenvolgende termyne op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verkies mag word nie, en ook nie vir meer as twee termyne dieselfde opdrag op die Kommissie uitvoer nie.

Wat betref die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering word die rotasiebeginsel ook toegepas wanneer in Ordinansie 4.7.3.1 (vii) soos volg gereël word:

> ...kies uit die aanwesige afgevaardigde diakens ‘n voorsitter, visevoorsitter, skriba en viseskriba, met inagneming van die beginsel dat niemand meer as twee termyne na mekaar as voorsitter of skriba gekies sal word nie...
>
> (NHKA 2019:59)

Net soos by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bepaal Ordinansie 4.9.1 (ii) dat met die oog op rotasie geen ampsdraer vir langer as drie termyne aaneen op die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering dien nie en ook nie vir meer as twee termyne in dieselfde werkruimte nie (NHKA 2019:60).

In Ordereël 5 definieer die kerk die erediens en wat die betekenis daarvan is vir gelowiges. In die definisie kom ook iets van die Kerk se kerkbegrip na vore wanneer gestel word dat die erediens die middelpunt is van die gemeentelike lewe. Dit sluit aan by die stelling wat vroeër gemaak is dat daar waar die plaaslike gemeente vergader rondom die Woord en sakramente, die verskyningsvorm van die kerk is. Die rol wat die erediens speel in die eenheid van die kerk word ook verwoord wanneer gesê word dat die samekoms in die erediens die band tussen lidmate versterk en geleentheid bied vir

gesamentlike gebed, sang, belydenis en besinning oor die evangelie. Ook die missionale karakter van die kerk kom ter sprake en word in verband gebring met die erediens in dié sin dat die erediens beskryf word as missionaal en dat dit wat in die erediens plaasvind, naamlik die versterking van die geloof, die ervaring van die gemeenskap van die heiliges en toerusting van gelowiges, ook moet bydra tot die verspreiding van die evangelie en die diens van barmhartigheid. Ook wat die erediens betref mag die kerk dus nie net na binne gerig wees nie. Eredienste kan egter ook meer wees as bloot ‘n byeenkoms van lidmate wat tot een gemeente behoort. Verskillende gemeentes asook ringe kom gereeld in eredienste byeen (NHKA 2019:65). Die missionale karakter van die erediens sluit ook die sakrament van die doop in deur die doop te beskryf as die oogmerk van die missionale werk van die kerk (Ordinansie 5.2.1 (vii)).

Die belangrikste deel van die erediens is volgens Ordereël 5.1.1 die prediking. Dit word beskryf as die hartklop van die erediens en vind plaas uit die Bybel onder leiding van die Heilige Gees. Die gedagte dat die Woord sentraal staan in die lewe en die kerk kan teruggevoer word na die gedagte van Martin Luther dat die kerk nie anders kan as om kerk van die Woord te wees nie. Hier kan verwys word na ‘n opmerking van Van Wyk (2020:144):

> Volgens Luther is die primêre werk van die predikant die prediking. Hy sou nooit goedkeuring kon verleen aan die praktyk waarvolgens ‘n predikant primêr as ‘n ‘gemeentebestuurder’ optree nie. Bestuur en administrasie kan nie die hooftaak van die predikant wees nie. Waar dít gebeur, word daar van die Reformatoriese grondoortuigings afgewyk.

In die Kerkorde wat tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering aanvaar is word twee sake spesifiek gestel in die ordereëls naamlik liturgie en kerkmusiek. Liturgie dien die eenheid van die Kerk en bevorder die identiteit en etos van die Kerk. Verskeie elemente word dan ook genoem wat deel uitmaak van die NHKA se liturgie. Met verwysing na Luther dat die liturgie ook aansluit by die gedagte dat die kerk kerk is van die Woord, wys Van Wyk (2020:145) op Luther se siening dat een van die misbruike van die Roomse

erediens wat reggestel moes word, was dat die Woord van God verswyg is en dat om af en toe uit die Woord te lees en daaroor te sing nie genoeg is nie. Die Woord moet sentraal staan in die kerk en die verkondiging daarvan ook dien as die middelpunt van die liturgie.

Dat die Kerk sy missionale verantwoordelikheid besef is duidelik volgens die aanhef tot Ordereël 7 waarin duidelik gestel word dat dit 'n opdrag aan die kerk in die algemeen is om missionaal gerig te wees. Die kerk se missionale gerigtheid sluit ook ekumeniese betrokkenheid in omdat die enige kerk nie alleen in sy eie hoekie kan kerk wees nie maar moet kerkwees juis in die wêreld daarbuite. Die NHKA bely homself immers as verskyningsvorm van die een, heilige, algemene, apostoliese kerk (NHKA 2019:73).

Die owerheid kom ter sprake in terme van die kerk se verantwoordelikheid teenoor die owerheid. Dit is die kerk se verantwoordelikheid om teenoor die owerheid te getuig wat die Bybel van die owerheid verwag deur hom te herinner aan die evangelie wat liefde, reg, geregtigheid, oordeel en vrede verkondig en in verantwoordelikheid teenoor God te regeer.

Die Kerk begrond sy verantwoordelikheid tot orde en dissipline in die Woord van God, en bely dat die eenheid en eendrag van die Kerk daarin bewaar word. Om hierdie orde, eenheid en eendrag te handhaaf word kerklike dissipline toegepas by wyse van opsig en kerklike tug.

Die Kerk oefen op verantwoordelike wyse toesig en beheer uit oor sy hulpbronne en bates omdat hy dit ontvang deur die goedheid van God, as middelle om te help dat die Kerk sy roeping kan uitleef (Ordereël 9). Verskeie vergaderings in die Kerk op gemeente-, ring- en sinodale vlak het die verantwoordelikheid om elkeen binne sy eie veld toesig hieroor te hou.

Die verantwoordelikheid vir die Kerkorde berus by die Algemene Kerkvergadering. Die aanhef tot Ordereēl 10 stel dit soos volg:

> Die Algemene Kerkvergadering formuleer en aanvaar ordereëls en ordinansies ter wille van die doeltreffende vervulling van die roeping van die Kerk.
>
> (NHKA 2010:94)

### 3.3 Histories kerkregtelike tradisie van die NHKA se kerkorde

Die stelling is alreeds gemaak dat ‘n kerkorde nie in ‘n lugleegte ontstaan nie maar dat daar verskeie sake is wat ‘n invloed daarop uitoefen en dat ‘n kerkorde vanuit ‘n bepaalde hermeneutiese hoek benader moet word. Van die belangrikste sake wat hierdie hermeneutiek help vorm is eerstens die betrokke kerk se Skrifbeskouing. Dit het ook ‘n invloed op die inhoud, verstaan en interpretasie van die kerkorde. Dit is die geval omdat die kerkorde nie los van die Skrif kan bestaan nie maar juis bestaan in relasie tot die Skrif en belydenis van die kerk. Die NHKA beskou sy kerkorde as ‘n Skriftuurlike kerkorde wat juis bevestig dat die kerkorde nie in isolasie bestaan en gebruik behoort te word nie. Alhoewel die Skrif en belydenis bepalend is vir die inhoud en interpretasie van die kerkorde, is ‘n kerkorde ook die produk van ‘n bepaalde historiese ontwikkeling en kerkordelike tradisie. Die doel met hierdie hoofstuk is juis om die histories-kerkregtelike tradisie waaruit die kerkorde van die NHKA sy huidige vorm en inhoud gekry het, aan te toon. Dit is gedoen deur verskeie reformatoriese kerkordes, vanaf die Discipline Ecclésiastique van 1559 tot en met die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 1951, in oënskou te neem en inhoudelik te vergelyk met die Kerkorde van die NHKA soos dit vandag daaruit sien. Vervolgens word die invloed van verskeie historiese kerkordes vergelyk met die huidige Kerkorde van die NHKA (2019) ten einde die histories-kerkregtelike tradisie van die NHKA se kerkorde vas te stel.

#### 3.3.1 Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip

Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip loop soos ‘n goue draad deur Calvinistiese kerkordes vanaf die sestiende eeu. Tydens die konvent van Wezel in 1568 is die basiese

grondslag gelê vir die vestiging van die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel as vertrekpunt vir ‘n kerkorde. Hierdie kerkregeerstelsel het in Nederland sy volle beslag gekry na die Sinode van Emden in 1571. Dit blyk uit die feit dat dit ook vasgelê is in die heel eerste artikel van die kerkorde van Middelburg (1581) waar die doel van die kerkorde verduidelik word.

Die kerkregeerstelsel wat in die kerkorde van die NHKA neerslag vind is die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel waarin bely word dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is en Hy sy kerk regeer onmiddelik deur sy Woord en Gees, en middelik deur die ampte wat in vergaderings byeenkom (vgl. NHKA 2019:39). Daar kan dus met stelligheid beweer word dat die kerkregeerstelsel van die NHKA teruggevoer kan word na die kerkregtelike tradisie van die 16de eeu wat sy ontstaan te danke het aan die kerklike denke van Calvyn.

### 3.3.2 Belydenis en kerk

In die inleiding van die kerkorde van Wezel (1568) word drie beginsels vasgelê waar orde in die kerk veronderstel is om op gebaseer te word. Hierdie drie beginsels is eerstens hoe die opdrag in die Skrif uiteengesit is om kerk te wees, tweedens die voorbeeld wat die apostels daargestel het om gehoorsaam aan God te leef, en derdens gebruike in die kerk wat uiteraard moet geskied in gehoorsaamheid aan die Skrif (Haitjema 1951:15).

Wat betref die verband tussen Skrif en kerkorde kan kennis geneem word van die aanhaling van 1 Korintiërs 14:40[39] in die voorwoord tot die kerkorde van Wezel. Smit (1984:19) verduidelik die begronding van kerklik orde in die Skrif, meer spesifiek op grond van 1 Korintiërs 14:40:

> Τάξις in 1 Korintiërs 14:40 beteken nie orde in die sin van *stand* nie, dit beteken ook nie uitsluitlik *liturgiese* orde nie, maar dit dui op ‘n bepaalde kwaliteit van die kerklike lewe wat (as ‘n opdrag) behoorlik en toepaslik (in

[39] Laat alles egter gepas en ordelik verloop.

ooreenstemming met die gebod van die Here) ingerig moet word.

(Smit 1984:19)

Volgens die kerkordelike reëlings wat begin het om vorm aan te neem by die konvent van Wezel, en eers later by die sinode van Emden ‘n kerkorde genoem kon word, is die kerklike regering geskoei op artikels 29 – 33 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hierdie begronding van kerkordelike maatreëls ondersteun die beskouing wat tot vandag geldig is en so ook in die NHKA dat daar ‘n verband bestaan tussen Skrif, belydenis en kerklike orde.

### 3.3.3 Besondere ampte en ampsdraers

Die anti-hiërargiese beginsel dat geen amp oor ‘n ander heers nie, maar dat alle ampte gelyk is, word pertinent gestel in artikel 102 van die kerkorde van die nasionale sinode van Dordrecht (1578) waar elke amp in hierdie verband op die naam genoem word. Hierdie reëling kom ook voor in die kerkorde van die NHKA in die aanhef tot Ordereël 4 (NHKA 2019:39).

Die gebruik om die name van verkose ampsdraers (ouderlinge en diakens) voordat hulle in die amp bevestig word bekend te maak ten einde te verneem of daar beswaar is teen hulle bevestiging, kan teruggevoer word na die Geneefse Kerkorde (1541/61). Hierdie reëling geld ook in die NHKA soos verwoord in sy Kerkorde en bevestigingsformulier (NHKA 2007:99; 108)

Ampsdraers word deur die gemeente verkies tydens ‘n gemeentevergadering (Ordinansie 3.3.1). Die name van verkose ampsdraers word op twee agtereenvolgende Sondae se eredienste van die gemeente, bekendgemaak (Ordinansie 3.3.2). Reëlings word getref in die kerkorde om voorsiening te maak vir besware wat teen verkose lidmate ingebring kan word (Ordinansie 3.3.4).

Dit is interessant dat die wisselformulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens

glad nie melding maak van die gebruik waarna hierbo verwys word om die name van die verkose ampsdraers op twee agtereenvolgende Sondae se eredienste bekend te maak nie.

Die geleentheid wat gebied word om beswaar aan te teken teen die bevestiging in die amp is ook op die predikantsamp van toepassing. ‘n Beroep word deur die kerkraad uitgebring. Daarna word die naam van die predikant by drie agtereenvolgende Sondae na die erediens afgekondig, ten einde die gemeente in te lig van die beroep. Dit gee geleentheid aan lidmate van die gemeente om besware teen die leer of lewe van die predikant wat beroep is, in te dien (NHKA 2016:27). Die proponent/predikant wat beroep is word by wyse van die Formulier vir die bevestiging van dienaars van die Goddelike Woord in die nuwe werkruimte/gemeente bevestig. Hierdie formulier begin op dieselfde manier as die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens met verwysing daarna dat die naam van die predikant wat beroep is afgekondig is ten einde die gemeente in te lig en die geleentheid te gee om ‘n beswaar in te dien, indien nodig (NHKA 2007:93).

Die vrae waarop lidmate antwoord tydens bevestiging in die amp weerspieël verder die reëlings wat neergelê is by die Konvent van Wezel (1568) asook by die nasionale sinode van Dordrecht (1578) in dié sin dat die eerste vraag vra of die lidmaat daarvan oortuig is dat hy deur God geroep is tot hierdie amp, tweedens dat die Ou en Nuwe Testament en die belydenis soos wat dit geleer word in die kerk voldoende is om te weet hoe om hierdie amp uit te voer.

‘n Samevatting van wat die dienswerk van die betrokke amp behels en wat verder van die ampsdraer verwag word oor hoe om ‘n gehoorsame lewe te lei as voorbeeld vir die gemeente, word gegee. Hierdie gebruik is steeds vandag te vinde in die NHKA as deel van die formulier wat gebruik word tydens die bevesting van ampsdraers. Daar word in die NHKA egter ook aan die gemeente voorgehou wat die gemeente se optrede teenoor ampsdraers behoort te wees en dat die gemeente hierdie ampsdraers ook moet sien as dienaars van God (NHKA 2007:97-98; 103; 106-107).

In die Acta van die konvent van Wezel (1568) word die regeertaak van die ouderling en die voorbeeld wat so ‘n persoon stel, ook in sy eie huishouding, genoem as die primêre

funksie van die ouderlingamp. Dit word begrond met twee teksgedeeltes te wete 1 Korintiërs 12:28 en 1 Timoteus 3:4.

Die NHKA se kerkordelike reëlings oor en verstaan van die amp van predikant kan ook teruggevoer word na verskeie historiese kerkordes.

In die Geneefse Kerkorde (1541/61) word onderskei tussen vier ampte naamlik herders, doktore, ouderlinge en diakens (Pont 1981:23).

In die NHKA word doktore nie beskou as ‘n amp op sy eie nie, maar deel van die predikantsamp. Vanaf die invoering van die huidige kerkorde tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering in 2016, geld die beginsel in Ordinansies 3.2.18.1 (vi) en (vii) dat predikante wat dosente is, asook alle predikante in sinodale diens, na ‘n gemeente beroep word en daar in die amp van predikant werksaam sal wees (NHKA 2019:35). Die predikant se werkopdrag in die gemeente kan met die plaaslike kerkraad ooreengekom word. Die motivering agter hierdie besluit is dat predikante wat in ander werkruimtes in die Kerk werksaam is, steeds by geleentheid die prediking in die plaaslike gemeente waarneem omdat dit beskou word as die primêre opdrag aan die predikant. Dit hou ook verband met die funksionele ampsbegrip wat wesenlik is in die ampsbegrip van die NHKA en vervolgens ook met die reëling dat dit die plaaslike kerkraad is wat opsig hou oor die leer en lewe van die predikant.

Die kerkordes van Den Haag (1586) en Dordrecht (1619) bepaal dat die predikant wat emeritaat ontvang sy ampsvoorreg mag behou. Die predikant se ampsvoorreg verval dus nie wanneer hy sou emeriteer nie wat impliseer dat ‘n geëmeriteerde predikant steeds mag preek en sakramente bedien (Ordinansie 3.2.18.3).

Kerkordelike reëlings rondom die beroep en bevestiging van ‘n predikant wat vandag steeds in die NHKA geld, kan ook teruggevoer word na die Geneefse Kerkorde. Hier kan verwys word na die die uitbring van ‘n beroep wat slegs wettig is wanneer dit gedoen is deur ‘n wettige kerkraadsvergadering en dat die bevestiging in die amp plaasvind met gebruikmaking van die toepaslike formulier tydens ‘n erediens. Tydens die sinode van Middelburg (1581) is besluit dat dienaars van die Woord slegs vir die eerste keer wanneer hulle in die amp bevestig word (ordening) die hande opgelê word en daarna wanneer in ‘n nuwe gemeente bevestig word, slegs die regterhand gegee word. Hierdie selfde

gebruik bestaan in die NHKA sonder dat die saak kerkordelik gereël word (reg van usansie). Wat betref die wyse van bevestiging in die amp reël die kerkorde van die NHKA in Ordereël 3.3 slegs dat die bevestiging plaasvind tydens ‘n erediens met gebruikmaking van die toepaslike formulier.

Volgens die Geneefse Kerkorde is van 'n kandidaat verwag dat hy ‘n belofte moet aflê om hom te bind aan die leer van die kerk. In terme van vandag word daar by toelating tot die evangeliebediening ‘n proponentsformule onderteken, en by bevestiging in ‘n gemeente word geantwoord op die vrae wat in die bevestigingsformulier gestel word. Die gebruik wat vandag nog steeds bestaan in die NHKA kan dus teruggevoer word na die Geneefse Kerkorde van 1541/61.

Die Dordtse kerkorde van 1578 lê in artikels 3-6 verskeie maatreëls neer wat betref die beroep van ‘n predikant. Hier word egter ook onderskeid getref tussen dié wat reeds in ‘n gemeente gedien het en dié wat vir die eerste keer ‘n beroep ontvang (kyk Pont 1981:131-132). Die NHKA tref in sy Kerkorde ook hierdie onderskeid tussen die beroep van ‘n predikant of beroep van ‘n proponent. By die beroep van ‘n proponent, moet die proponent volgens Ordinansie 3.2.4.3 (iv) (b) en (c) ‘n gewaarmerkte afskrif van die akte tot toelating, asook ‘n gewaarmerkte afskrif van ‘n getuigskrif van die kerkraad waar die proponent die afgelope twee jaar ingeskakel het, voorsien aan die ringskommissie van die beroepende kerkraad.

Wanneer ‘n predikant beroep word, reik die kerkraad van die gemeente waarin die predikant dien ‘n akte van losmaking uit. Die akte van losmaking word aan die ringskommissie van die beroepende kerkraad gestuur. Indien hierdie dokumente in orde is, gee die ringskommissie van die beroepende kerkraad, volgens Ordinansie 3.2.5 (v), toestemming dat die predikant in die nuwe gemeente bevestig mag word.

Pont (1981:127) wys daarop dat die gebruik bestaan het dat predikante ook slegs vir ‘n bepaalde tyd na gemeente beroep kon word. Dit is ‘n gebruik wat die laaste paar jaar ook gevestig geraak het in die NHKA. Tans word verskeie beroepafwagtende predikante of emeriti op hierdie wyse beroep. Sodanige predikante word beroep na ‘n gemeente, gewoonlik in deeltydse hoedanigheid, met ‘n spesifieke werkopdrag vir ‘n bepaalde tydperk. Wanneer die tyd waarop aanvanklik ooreengekom is uitloop, kan die

werksooreenkoms verleng word. Dit geskied egter nie deur die betrokke predikant weer na die gemeente te beroep en te bevestig nie, maar deur by wyse van ‘n kerkraadsbesluit die termyn te verleng met ‘n sekere tyd of dit kan getermineer word. Dieselfde beginsel geld ook vir die aanpassing van die werkopdrag.

Die kerkorde van Den Haag (1586) bepaal dat ‘n predikant nie die gemeente mag verlaat sonder toestemming van die ouderlinge en diakens nie. In hierdie verband kan ook verwys word na Ordinansies 3.2.4.3 wat reël dat die predikant na ontvangs van ‘n beroep die beroep met die kerkraad en indien nodig ook met die beroepende kerkraad bespreek. Indien die predikant die beroep aanvaar word ‘n akte van losmaking aan die predikant uitgereik (Ordinansie 3.2.4.3 (v)(a)).

### 3.3.4 Vergaderings van die ampte

In die Dissipline Ecclésiastique (1559) word onderskeid getref tussen sake van belang op die enkele gemeente, en sake van kollektiewe belang waarby gemeentes gesamentlik betrek word. Dus is daar sake waaroor ‘n gemeente nie self kan besluit nie. Hierdie beginsel dat daar aan elke gemeente se besluitneming ook sekere grense bestaan, kom ook voor in die kerkorde van die NHKA. ‘n Gemeente kan byvoorbeeld nie besluite neem oor sake soos belydenis, liturgie en kerklike orde nie. Hierdie is besluite wat geneem word op sinodale vlak deur die Algemene Kerkvergadering. So ook is daar sommige besluite wat op die vlak van die ringsvergadering lê. Hierdie beginsel dat elke vergadering ‘n beperkte bevoegdheid het wat besluitneming betref en ook moet afhandel wat binne sy bevoegdheid lê sonder om dit te verwys na ‘n meerdere vergadering, geld ook in die kerkorde van Dordt (1618-1619). Pont verwys soos volg hierna:

> Terselfdertyd word die verhoudinge ook omskrywe as aangedui word dat die meerdere vergadering slegs dié dinge sal behandel wat die mindere vergadering nie kon afhandel nie. Hier word dus die verantwoordelikheid van elke vergadering beklemtoon.

(Pont 1981:172)

In hierdie reëling begin ook iets deurskemer van die eenheid van die Kerk in die sin dat gemeentes van die Kerk steeds in verband tot mekaar staan.

Tydens die Konvent van Wezel (1568) word reëlings getref dat gemeentes in klassisse verdeel word. Die doel hiervan was dat gemeentes in ‘n klassis mekaar tot hulp kan wees. Hier word ook iets weerspieël nie net van opsig oor mekaar nie maar ook die gebruik van visitasie. Die doel van visitasie is om die opsig uit te oefen in dié sin dat dit ‘n broederlike besoek is van die visitasiekommissie aan ‘n gemeente in die klassis ten einde te verneem na die welstand van die gemeente. Die NHKA reël hierdie saak in Ordinansie 4.2.2 (vii) en (viii) as deel van die werkopdrag aan die ringskommissie. Die ringskommissie is verantwoordelik om visitasiekomitees te benoem. Hierdie visitasie word jaarliks gedoen by al die gemeentes in ‘n bepaalde ring. Visitasie dra ook by tot die opsig dat Bybels-reformatoriese teologie bevorder word (vgl. Van Wyk 2005:61).

Die nasionale sinode van Dordrecht bepaal dat afvaardiging na meerdere vergaderings plaasvind by wyse van ‘n brief van *credentie* en *instructie.* Alhoewel dit nie gereglementeer is in die NHKA se kerkorde dat ampsdraers per geloofsbrief afgevaardig word na meerdere vergaderings nie, bestaan die gebruik (usansie) wel. Tydens die konstituering van meerdere vergaderings word aandag gegee aan die geloofsbriewe van afgevaardigdes. Die geloofsbrief dien, net soos wat die bedoeling daarvan was tydens Dordrecht, as ‘getuigskrif’ dat die afgevaardigde se leer en lewe pas by dié van ‘n ampsdraer. Gewoonlik is die hantering van geloofsbriewe ‘n saak wat by baie ampsdraers nie veel gewig dra nie. As rede kan moontlik aangevoer word dat die gedagte by meeste afgevaardigdes bestaan dat hierdie slegs ‘n administratiewe reëling is om presensie van die vergadering by te hou. Uit die bepaling in die nasionale sinode van Dordrecht in 1578 waarna hierbo verwys is, word die betekenis van hierdie gebruik wat vandag nog steeds in die kerk geld, baie duidelik. ‘n Geloofsbrief waarmee ampsdraers na vergaderings afgevaardig word lewer ook getuienis van daardie ampsdraer se leer en lewe. Die doel daarvan is egter eerstens om te verseker dat ampsdraers wat na hierdie vergaderings afgevaardig word persone is wat erns maak met hulle roeping en tweedens dat hulle

ampswerk verstaan as dienswerk in die kerk van die Here (*ministerium*), en nie 'n hooggeplaaste posisie (*officium*) nie. Ampsdraers wat in vergaderings byeenkom is egter die wyse waarop Jesus Christus, die Hoof van die kerk en Heer van die wêreld, middelik sy kerk regeer. Daar sal dalk meer erns gemaak word onder ampsdraers wanneer hulle afgevaardig word na meerdere vergaderings indien hulle verstaan wat die betekenis van 'n geloofsbrief is.

Wat betref die afvaardiging na meerdere vergaderings kan verwys word na die verskil tussen die Konvent van Wezel (1568) en die nasionale sinode van Emden (1571). Die konvent van Wezel word nie gesien as 'n sinodale vergadering nie omdat die persone wat dit bygewoon het bloot verteenwoordigers van hulle onderskeie gemeentes was en nie deur 'n vergadering daarheen afgevaardig is nie.

Afvaardiging na die ringsvergadering, Algemene Diakensvergadering en Algemene Kerkvergadering vind plaas by wyse die kerkraadsvergadering wat ampsdraers daarheen afvaardig. Hierdie afgevaardigdes neem dan sitting op die vergadering as verteenwoordiger van die amp, en nie as verteenwoordiger van die gemeente, wat aan sodanige afgevaardigde 'n mandaat gee om volgens die gemeente se standpunt sy stem tydens die vergadering uit te bring nie. Daarom is stemming tydens 'n kerklike vergadering 'n saak van die gewete wat gedoen moet word in gehoorsaamheid aan die Woord van God.

Die anti-hiërargiese beginsel waarna vroeër verwys is in verband met die ampte, naamlik dat geen amp oor 'n ander heers nie, vind ook neerslag in die kerkorde van Emden (1571). Hier is die beginsel nie net van toepassing op die ampte en vergaderings van die ampte nie, maar ook op gemeentes in dié sin dat geen gemeente oor 'n ander heers of 'n hoër posisie inneem as 'n ander nie. Soos reeds vermeld word die anti-hiërargiese beginsel ook verwoord in die Kerkorde van die NHKA in Ordereël 4 (NHKA 2019:39). Dit is egter interessant dat hierdie beginsel, soos verwoord in die NHKA se Kerkorde, slegs verwys na vergaderings van die ampte, amspdraers en ampte en nie ook soos in die geval van Emden (Artikel 1), ook na gemeentes nie. Die artikel lui soos volg: 'Gheen Kercke sal over een ander Kercke, gheen Dienaer des Woorts, gheen Ouderlinck, noch

Diaken sal d'een over d'ander heerschappie voeren, maar een yeghelijck sal hen voor alle suspicien, ende aenlockinge om te heerschappen wachten'[40] (Rutgers 1889:55-56).

### 3.3.5 Erediens

Ook wat die NHKA se kerkordelike reëlings rondom die erediens betref kan dit teruggevoer word na die reformatoriese kerkordes van die 16de eeu. Vervolgens word 'n paar voorbeelde genoem.

Kerkordelike reëlings rakende die erediens word deurgaans gevind in kerkordes vanaf die Geneefse (1541/61) kerkorde tot by die kerkorde van Den Haag (1586). In hierdie kerkordes word nie net reëlings rondom die erediens as sodanig aangespreek nie, maar ook spesifiek rondom die bediening van die sakramente.

Calvyn was nie gemaklik met die gedagte dat die nagmaal slegs vier maal per jaar gevier word nie. Volgens hom moes dit maandeliks gebeur. Die Raad van Genève het egter besluit dat die nagmaal vier maal per jaar bedien word en so het die gebruik neerslag gevind in die Geneefse Kerkorde. Calvyn was van mening dat die nagmaal ook aan siekes bedien kan word wat nie die erediens kan bywoon nie. In die NHKA bestaan twee gebruike rondom die nagmaal waarna hier verwys kan word. Eerstens dat die nagmaal vier maal per jaar gevier word terwyl dit in sommige gemeentes ook op Goeie Vrydag gevier word. Tweedens dat alhoewel die nagmaal primêr in die erediens bedien word met gebruikmaking van die toepaslike formulier (Ordereël 5.2.4) dit nie net beperk is tot die erediens nie maar in uitsonderlike gevalle ook tuis aan siekes bedien word. Ordinansie 5.2.2 (ii) bepaal: 'Nagmaal kan ook na goedkeuring van die kerkraadsvergadering buite die erediens bedien word met gebruikmaking van brood en wyn, Woordverkondiging en die formulier vir die nagmaal' (NHKA 2019:68).

Tydens die Konvent van Wezel (1568) word bepaal dat slegs predikante die sakramente mag bedien. As rede word aangevoer dat die bediening van sakramente wesenlik deel uitmaak van die verkondiging van die Woord. Omdat die verkondiging van die Woord die

[40]Nulla Ecclesia in alias, nullus minister in ministros, nullus Senior in Seniores, Diaconus en Diaconosprimatum seu dominationem obtinebit, sed potius ab omni et suspitione et occasione cauebit.

verantwoordelikheid is van die predikant en die bediening van die sakramente deel uitmaak van daardie verkondiging, word die bediening van die sakramente die verantwoordelikheid van die predikant. In die NHKA is dit ook die gebruik dat die bediening van die sakramente slegs deur geordende dienaars van die Woord bedien mag word. Ordereël 3.1.2 bepaal: 'Die voorreg van Woordverkondiging en sakramentsbediening is aan hierdie amp (amp van predikant) verbonde met die oog op die bewaring en bevordering van die eenheid in Christus' (NHKA 2019:15). ‘n Proponent het nie die voorreg om die sakramente te bedien nie (NHKA 2019:26). Dat die verkondiging van die Woord sentraal staan is so belangrik geag dat die kerkorde van Den Haag (1586) bepaal het dat alvorens die nagmaalformulier gelees en die nagmaal bedien word, daar eers gepreek moet word (Pont 1981:151).

In sy kerkorde bepaal die NHKA dat die doop bedien word tydens ‘n erediens met die gebruikmaking van die toepaslike formulier (Ordereël 5.2.4). Die bediening van die doop vind ook nie plaas sonder die verkondiging van die Woord nie. Hierdie reëling wat vandag in die Kerk geld kan teruggevoer word na die sinode van Holland en Zeeland te Dordrecht in 1574.

### 3.3.6 Kerklike dissipline

In die Geneefse Kerkorde (1541/61) word duidelik gestel dat die verantwoordelikheid vir die kerklike dissipline, met spesifieke verwysing na visitasie, lê by die kerk en dié van die burgerlike reg by die owerheid. Dit blyk veral uit artikels 37 en 38 waar beslissend onderskei word tussen die verantwoordelikheid van die kerk en dié van die owerheid. Dit is die kerk se verantwoordelikheid om visitasie te doen en visitasie dra nie die karakter van ‘n geregtelike ondersoek of enige geregtelike handeling nie. Visitasie sal ook geen geregtelike ondersoek of handeling verhinder ten einde aan ‘n kerklike ampsdraer, wat skuldig sou wees aan enige misdaad, op grond van sy kerklike posisie daarvan vrygespreek sou word nie. Hier word die burgerlike reg toegelaat om sy gang te gaan.

Hierdie onderskeid herinner ook aan die hedendaagse kerkordelike reëlings in die kerkorde van die NHKA wat poog om iets te verwoord van die verhouding tussen die kerklike reg en die burgerlike reg. Die saak word soos volg gereël in Ordereël 8.3.3:

‘Lidmate en ampsdraers beroep hulle nie op ‘n wêreldlike hof met verbygaan van die opsig nie’ (NHKA 2019:78) en in Ordereël 8.5.3: ‘’n Lidmaat of ampsdraer wat getug word, mag nie met verbygaan kerklike vergaderings op ‘n wêreldlike hof ‘n beroep doen nie’ (NHKA 2019:79).[41]

Dit is jammer dat hierdie duidelik gedefinieerde verantwoordelikheid van die kerk en van die owerheid nie ook in die res van die Geneefse Kerorde gehandhaaf word nie. Hier kan verwys word na die toepassing van die tug soos bepaal in die Geneefse Kerkorde.

Volgens artikel 152 van die Geneefse Kerkorde is kerklike ampsdraers bevoeg om ‘n tugondersoek uit te voer en die party wat ondersoek word selfs skuldig te bevind. Die toepassing van die tugmaatreël is egter die verantwoordelikheid van ‘n beampte van die owerheid wat juridies bevoeg is (art. 152).

Hierdie maatreël toon weereens ‘n duidelike vermenging tussen kerk en staat wat gevaarlik kan wees vir die kerk. Alhoewel kerk en staat in hierdie tyd baie vervleg was, was die realiteit steeds dat die owerheid se deelname in kerklike sake, in hierdie geval die kerklike tug, van so ‘n aard was dat die kerk nie alleen hierdie kerklike taak kon afhandel nie.

In die NHKA se Kerkorde tref die Kerk self die reëlings vir die hantering van opsig en tug, wat die toepassing van die tug insluit. Hierdie maatreëls word uiteraard benader vanuit ‘n kerkregtelik hermeneutiese hoek. Die verband Skrif-belydenis-kerklike orde, is hier van wesenlike belang. Die kerkordelike maatreëls wat die NHKA volg is dus Skrif gefundeerd omdat die NHKA sy kerkbegrip begrond op die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip. Dit sluit in dat die Skrif as *Norma normans* die rigting aandui vir kerklike praktyk wat ook die interpretasie en toepassing van die kerkorde insluit. In hierdie verband is die aanhef tot Ordereël 8 in die kerkorde van die NHKA sprekend.

Die Woord van God skep orde en dissipline in die Kerk. Daaruit vloei die

[41] In hierdie verband kan ook verwys word na Ordinansie 8.1.5. ‘Indien ‘n lidmaat of ampsdraer ‘n beroep op ‘n wêreldlike instansie doen of aandui dat so ‘n beroep op ‘n instansie gedoen gaan word om onderlinge geskille uit die weg te ruim sonder om die kerklike weg volledig te volg, word met so ‘n persoon onder die opsig en tug gehandel, en sal die lidmaat of ampsdraer aanspreeklik gehou word vir die Kerk se regskoste op ‘n prokureur-kliënt-skaal.’ (NHKA 2019:82).

verwagting dat almal ooreenkomstig die Woord van God glo en leef, en Jesus Christus as die enigste Hoof van die kerk erken. So word die eenheid en die eendrag bevorder.

(NHKA 2019:78)

Die NHKA stel dit in Ordereël 8.1.1 in sy kerkorde waar gehandel word oor kerklike dissipline: 'Kerklike dissipline is by uitstek 'n kerklike aangeleentheid, en word bevorder deur opsig en tug' (NHKA 2019:78). Op grond van die kerkregeerstelsel waarvoor die NHKA gekies het, naamlik die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel, is die tug die verantwoordelikheid van 'n kerklike vergadering met tugbevoegdheid. Die opheffing of wysiging van tugmaatreëls is ook die verantwoordelikheid van die gepaste vergadering en berus nie op enkele persone nie (Ordereëls 8.4.1 en 8.6).

Die bevoegde kerklike vergaderings is die kerkraadsvergadering, die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Die kerkraadsvergadering en ringskommissie het tugbevoegdheid oor lidmate, ouderlinge en diakens. Tugbevoegdheid oor die Algemene Diakensvergadering, Kommissie van die Algemene Diakensvergadering, predikante, lede van vergaderings van die rade van die Algemene Kerkvergadering, asook lede van die rade en komitees van die Algemene Diakensvergadering en Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, berus by die Tugkomitee.[42]

Uit die Geneefse Kerkorde asook die Acta wat opgestel is tydens die Konvent van Wezel (1568) blyk die doel van die kerklike tug die welwees van die kerk. Hierdie doel van die tug vind ook neerslag in die NHKA se kerkorde wanneer in Ordereël 8.4.2 gestel word dat die doel van die kerklike tug is om die eer van God te dien, die Christelike geloof te

[42]In 2013 besluit die 70ste Algemene Kerkvergadering op grond van beskrywingspunte (Beskrywingspunt 100, 102, 113, 115, 116, 117) wat ingedien is deur die Komitee vir die herskrywing van die Kerkorde om 'n Tugkomitee te verkies (NHKA 2013:571-572; 582-586). Die Tugkomitee hanteer tugondersoeke en bestaan uit drie predikante, twee ouderlinge en twee regsgeleerdes.

beskerm en díé wat in ongeloof en ongehoorsaamheid aan die Woord van God volhard, tot bekering te roep (NHKA 2019:79).

Volgens die Sinode van Dordrecht (1578), asook die Sinode van Middelburg (1581), word die tug nie toegepas sonder dat die die opsig dit nie voorafgegaan het nie (Pont 1981:142). Die tugmaatreël word dus toegepas nadat die opsig nie geslaag het nie. Alhoewel hierdie gebruik, dat die tug nie toegepas kan word met die verbygaan van die opsig nie, ook neerslag vind in die kerkorde van die NHKA is die teendeel daarvan ook moontlik. Ordinansie 8.2.1 bepaal dat 'n klag gelê kan word indien: '...opsig nie moontlik is nie of waar die optrede van so 'n aard is dat daar summier met verbygaan van die opsig 'n klag gelê word... of indien 'n persoon uit eie beweging te eniger tyd skuld sou bely oor 'n oortreding' (NHKA 2019:82). Uit Ordinansie 8.4.1 (ii) waar die vereistes van 'n klagskif genoem word, word ook gemeld dat 'n klag gelê kan word met verbygaan van die opsig. 'Daar moet duidelik vermeld word hoe daar onder die opsig gehandel is, of waarom daar met verbygaan van die opsig 'n klag gelê word (NHKA 2019:83).

Die beginsel dat die opsig die tug voorafgaan word begrond in Matteus 18:15-17.[43]

Artikel 64 van die Kerkorde van Middelburg, stem ooreen met die NHKA se werkswyse dat 'n predikant op grond van 'n aanstootlike sonde wat hy gepleeg het, onmiddelik uit die amp onthef kan word sonder dat die pad van die opsig gestap is (Ordinansie 8.5.1). Die verskil egter tussen die kerkordelike reëling van Middelburg en dié van die NHKA is dat Middelburg bepaal het dat die kerkraad die bevoegdheid het om hierdie reëling toe te pas. By die NHKA berus hierdie verantwoordelikheid by die Tugkomitee wat as statutêre raad van die NHKA deur die Algemene Kerkvergadering verkies word.

Wat betref die NHKA se kerkordelike reëlings rondom kerklike dissipline is dit duidelik dat dit teruggevoer kan word na die reformatoriese kerkordes van die 16de en 17de eeu waarin Calvyn 'n geweldige aandeel gehad het in die ordening van die kerk.

---

[43] [15]As jou broer teen jou sondig; moet jy hom teregwys waar julle twee alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. [16]As hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke saak bevestig mag word. [17]As hy weier om na hulle te luister, sê dit vir die gemeente. En as hy ook weier om na die gemeente te luister, laat hy vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.

### 3.3.7 Kerkorde

Die twee sake wat in die laaste artikel van die kerkorde van Emden (1571) aan die orde kom, naamlik dat artikels in die kerkorde slegs gewysig kan word met *gemeen akkoord* en dat die kerkorde bly soos dit is 'totdat in een synodale vergadering anders besloten wordt' (Pont 1981:110) toon ooreenkomste met die NHKA se reëlings in die verband. Wat betref die wysiging van die kerkorde onderskei die NHKA se kerkorde tussen wysigings van ordereëls (Ordereël 10.1(i)) en die wysiging van ordinansies (Ordereël 10.2) deurdat verskillende reëlings bestaan vir die wysiging van ordereëls en ordinansies. Die bevoegde vergadering om hierdie wysigings goed te keur is die Algemene Kerkvergadering. Hier loop die NHKA dus duidelik in die spoor van kerkordelike reëlings soos vasgestel in die Emdense kerkorde van 1571. Hieruit blyk dit ook dat die NHKA se beskouing van die kerkorde is dat dit nie in sement gegiet is nie, maar kán verander. Dit vind egter steeds plaas binne die grense van Skrif en belydenis. Notules van afgelope Algemene Kerkvergaderings toon ook duidelik aan hoe daar tydens sodanige vergaderings wysigings aan die Kerkorde aangebring is. In die NHKA het die herskryf van die kerkorde momentum opgetel tussen 2013 en 2016, en word die nuwe kerkorde aanvaar tydens die 71ste Algemene Kerkveragdering van 2016.[44] Veranderings is egter weer voorgestel en aanvaar tydens die 72ste Algemene Kerkvergadering in September 2019.

Met verwysing na die kerkorde wat tien jaar na Emden by die Sinode van Middelburg sy beslag gekry het, wys Pont (1981:147) daarop dat die bedoeling daarvan, in tradisie met Calvyn se gedagtes oor die kerklike orde, nie 'n wetboek is wat elke moontlike situasie beantwoord nie. Die NHKA stel dit ook so in sy Kerkorde in die aanhef tot Ordereël 10 dat die doel van die Kerkorde 'doeltreffende vervulling van die roeping van die Kerk' is (NHKA 2019:94).

---

[44] Die komitee wat verantwoordelik was vir die herskrywing van die NHKA se kerkorde tussen 2013 en 2016 was ds L Geel, prof IWC van Wyk, drr BJ van Wyk, RJ Jones en adv J Fourie.

### 3.3.8 Ontwikkeling op kerkregtelike gebied na die Sinode van Dordt 1618-1619

Na die sinode van Dordt (1618-1619) vind daar weinig min plaas in die ontwikkeling van kerkreg, wat tot gevolg het dat op die vlak van kerkordelike ontwikkeling ook niks plaasvind vir die volgende bykans tweehonderd jaar nie.

Die eerste poging tot ‘n verdere ontwikkeling op kerkordelike terrein vind eers plaas by die implementering van die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* in 1816. Die tekortkominge van hierdie reglement in terme van ‘n kerkorde is voor die hand liggend. Alhoewel die bedoeling van die Algemeen Reglement was om die orde in die kerk te reël, kan dit na my mening nie as ‘n kerkorde getipeer word nie, maar eerder as ‘n handleiding waarvolgens die kerk deur die owerheid bestuur en ook beheer word.

Vervolgens word ‘n paar voorbeelde genoem ten einde hierdie stelling te staaf.

Die presbiteriaal sinodale kerkbegrip kom glad nie voor in die *Algemeen Reglement* nie. Dit het tot gevolg dat die belydenis wat die fondament vorm van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, naamlik dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, agterweë bly. Daarmee saam kom die beginsel dat Christus sy kerk regeer deur die ampte wat in vergaderings byeenkom, ook nie voor nie. Volgens die reglement van 1816 vind die handhawing van die orde in die kerk plaas op grond van die bestuur van die kerk. Alhoewel Rasker (1986:27; 30) daarop wys dat die bestuurstaak opgedra is aan die algemene sinode, provinsiale kerkbestuur, klassikale bestuur en kerkrade, is die kerk steeds deur die owerheid beheer en bestuur in dié sin dat die lede van die verskillende besture in die kerk deur die koning self aangewys is.

Die *Algemeen Reglement* het ‘n bepaalde hiërargie in kerklike bestuur daargestel. Eerstens kan daarop gewys word dat die reglement op grond van ‘n besluit van die koning, nadat hy self ook insae gelewer het oor die inhoud daarvan, vanuit owerheidsweë in die kerk ingevoer is (Rasker 1986:27). Wanneer die kerkbegrip wat in die reglement voorkom onder oë geneem word is dit duidelik dat die plaaslike gemeente nie gesien word as verskyningsvorm van die kerk nie. Die sinode word beskou as die verskyningsvorm van die kerk en daarnaas kom die ‘laer vlakke’ van die kerk aan die orde en eindig dit by die kerkraadsvergadering. Die gedagte van Calvyn dat die kerk daar

is waar die Woord verkondig en sakramente bedien word, met ander woorde die plaaslike gemeente, en dat die kerkraad die primêre vergadering van die ampte is, kom glad nie voor in die *Algemeen Reglement* nie. Rasker (1986:28) beskryf dit soos volg:

> ‘Men begon nu bij ‘Het Synode’ en eindigde bij de kerkraden. Deze opzet accentueerde, hoezeer hiërarchisch-bestuurlijk, niet presbiteriaans-verteenwoordigend gedacht werd... De hoogste hiërargie was de koning: voor alle besluiten van enige belang, zowel van de synode als van de provinciale en classicale besturen, was diens goedkeuring vereist.’

‘n Belangrike tekortkoming in die *Algemeen Reglement* is die proponentsformule soos daarin vervat. ‘n Gewysigde proponentsformule as dié wat gegeld het sedert die sinode van Dordt (1618-1619), is op 11 Julie 1816 deur die sinode vasgestel. Hierdie gewysigde proponentsformule het tot groot konflik gelei omdat die wysiging tot ‘n wesenlik teologiese betekenis en plek van die belydenisskrifte in die leer van die kerk aanleiding gegee het. Volgens die proponentsformule soos vasgestel by Dordt is by die ondertekening daarvan verklaar dat die dienaar van die Woord die belydenis van die kerk onderskryf omdat dit ‘in alles met Goodts Woort [sic] overeencomen.’ Volgens die gewysigde proponentsformule van 1816 hou die ondertekenaar daarvan hom by die leer van die kerk: ‘welke overeenkomstig Gods Heilige Woord’ (vgl. Rasker 1986:41). Die vraag was dus of die dienaar van die Woord die beslydenisskrifte, soos by Dordt, onderskryf omdat dit ooreenstem met die Bybel (*quia*) of, soos in die *Algemeen Reglement*, slegs in soverre (*quatenis*) dit ooreenstem met die Bybel. Die formulering soos by Dordt was ondubbelsinnig en die formulering van 1816 het ruimte gelaat vir ‘n eie interpretasie daarvan. Daar was dus nie meer ‘n vasgestelde norm gewees oor die plek van die belydenisskrifte in die leer van die kerk nie en so is die Skrif uit die vergelyking uitgelaat en het dit uiteraard nie meer gedien as *Norma normans* nie.

Die goedkeuring en implementering van die *Algemeen Reglement* het nie plaasgevind by wyse van ‘n sinodale besluit nie, maar by wyse van ‘n besluit van die koning op 7 Januarie 1816 (Haitjema 1964:104; Rasker 1986:27).

Wanneer ‘n hermeneutiek van kerkreg of kerklike denke (Noordmans 1984:444) ontbreek in ‘n kerkorde is die gevolg daarvan dat die betrokke kerkorde gereduseer word tot konstitusie of bestuursplan soos in die geval van die *Algemeen Reglement.* Daarmee saam word die kerk gereduseer tot ‘n sosiale instelling waar lede na willekeur kan aansluit en bedank en die kerk ‘n organisasie is wat bestaan na die goeddunke van sy lede.

### 3.4 Kerkreg – Hervormd of Gereformeerd?

Dit sal die moeite loon om ook kennis te neem van die verskuiwing in denke wat plaasgevind het in die gereformeerde tradisie. Hierdie verskuiwing in denke vra die vraag of ons vandag te make het met ’n Hervormde of Gereformeerde Kerkreg. De Vos (2017:25-26) huldig die standpunt dat hervomd en gereformeerd taalkundig wel die selfde betekenis het, maar dat dit met verwysing na die kerkreg, verskillende betekenisse dra. Hy begrond gereformeerde kerkreg in die kerkregtelike denke van die historiese kerordes vanaf die sinode van Emden (1571) tot en met die sinode van Dordt (1618-1619). Verder vind hy ’n gereformeerde kerkreg ook in die kerkorde van 1951 van die Nederlandse Hervormde Kerk. Die ander vorm van kerkregtelike denke wat hy noem Hervormde kerkreg, is volgens hom denke wat gegrond is in die *Algemeen Reglement* van 1816. Hierdie vorm van kerkregtelike denke toon ’n sterk bestuurstyl in die voetspoor van die 1816 reglement (vgl. Van den Heuvel 2017 www.digibron.nl). De Vos (2017:83-107) voer aan dat die 1951 kerkorde van die Nederlanadse Hervormde Kerk in die tradisie staan van Dordt en beoordeel daarom die genoemde kerkorde as klassiek gereformeerd. Gereformeerde kerkreg is volgens De Vos (2017:130) gegrond in die belydenis. ’De kerkorde 1951 kann in dit opzicht niet anders dan als klassiek gereformeerd worden geoordeeld’ (De Vos 2017:104).

Haitjema (1951:15) tref nie sodanige onderskeid nie. Wanneer hy skryf oor die herkoms van die kerkregtelike tradisie in Nederland, dan verwys hy daarna deur Nederlandse Gereformeerde kerkreg en Nederlandse Hervormde kerkreg een tot een gelyk te stel aan mekaar.

Vergelykings word getref tussen Gereformeerde kerkreg, Hervormde kerkreg en die Hervormde kerkorde van 1951.[45] In hierdie vergelykings word verskeie grondbeginsels van die kerkreg gebruik, onder andere die belydenis, reg, amp, lidmaatskap, gemeente, vergaderings en teologie. Vir die doel van hierdie studie sal die die bespreking van die (kerk)reg, soos wat dit in die drie groeperings beskryf word, kortliks hanteer word.

Volgens die beginsel van reg in die gereformeerde kerkreg dien die belydenis as fondament en onderskei dit die kerk van enige ander instelling. Om hierdie rede is die belydenis ook bepalend vir die kerkorde en kerkreg. In terme hiervan wys De Vos (2017:521-522) op die uniekheid van kerkreg en kerklike orde in dié sin dat dit anders is as die wêreldlike reg en nie dieselfde funksie dien as regsreëls in die juridiese sin van die woord nie. Die kerk moet waak teen kerkreg met 'n juridiese karakter omdat dit ook sekere gevare vir die kerk inhou. Hy verduidelik dit soos volg:

> Indien kerkrecht onder een gemeenschappelijk regsbegrip zou vallen, dan zou dat niet alleen een verkeerd uitgangspunt zijn, het zou ook in de kerk invalspoorten zou kunnen open voor vreemde ideologieën. Ook in haar kerkrecht dient de kerk belijdende kerk te zijn... Uiteindelijk is het kerkrecht, ook dat van de zichtbare kerk, gebaseerd op het Goddelijk recht.
>
> (De Vos 2017:522)

Hervomde kerkreg toon volgens De Vos (2017:546-547) die karakter van 'n vereniging en hy is ook van mening dat die terme wat daarin voorkom, inhoudelik nie met die geloof te make het nie. Daarom maak die hervormde kerkreg volgens hom eerder deel uit van die staatsreg en merk hy hieroor op dat: 'Het hervomde kerkrecht moeten worden gekaraktiseerd als civiel recht' (De Vos 2017:547).

[45] Hier word verwys na die Nederlandse Hervormde Kerk se kerkorde wat in gebruik geneem is in 1951. Dit moet nie verwar word met die Kerkwet en Bepalings van die NHKA wat ook in 1951 in gebruik geneem is nie, en grootliks geskoei was op die Nederlandse kerkorde van 1951. Die rede waarom die NHKA in 1951 die 'Kerkwet en Bepalings' aanvaar het is vroeër in hierdie hoofstuk bespreek.

Volgens De Vos (2017:27) is die hervomde kerkreg gevorm in die gees van die *Algemeen Reglement* van 1816. Na my mening kan die *Algemeen Reglement* van 1816 nie as ’n kerkorde beskou word nie omdat dit bloot ’n dokument was wat in ’n bestuurstyl geskryf is om die kerk as sosiale instelling te beskryf wat deur die staat bestuur is. ’n Hermeneutiek van kerkreg het dus ontbreek in hierdie dokument en die kerk is ontneem van sy eiesoortige karakter, onder andere in dié sin dat die kerk bestaan op grond van lidmate wat uit eie will by die kerk aansluit.

De Vos (2017:553) beoordeel die reg wat in die 1951 kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk voorkom as ’n reg wat gegrond is in Skrif en belydenis en daarom verskil van die reg wat in ander sfere toegepas word.

> Staat, maatschappij en rechtspraak mogen er anders teen te kijken, de kerk kent een ander rechtsbeginsel of rechtsbegrip dan de genoemde instanties, haar recht is dus een recht dat naast dat van de staat moet worden geplaatst.

De Vos voer die debat verder wanneer hy ook die ontwikkeling in die Nederlandse kerkordes na dié van 1951 bestudeer. Hy maak verskeie opmerkings oor die tipe kerkreg wat toegepas is in die *Samen-op-Weg* en uiteindelik die kerkorde van die Protestantse Kerk in Nederland (PKN). Van den Heuvel (2017) beoordeel De Vos se beredenering van die tema krities wanneer Van den Heuvel met verwysing na De Vos die volgende opmerking maak:

> Hij meent dat het hervormd kerkrecht van de negentiende eeuw is voortgezet in de Protestantse Kerk in Nederland. Omdat er over de kerk weer wird gesproken als kerkgenootschap, waarvan de gemeenten deel zijn... Daarin slaat hij echter de plank heel mis: er was helemaal geen sprake van een koerswijziging ten aansien van het vraagstuk “kerk en gemeenten“, integendeel. Het ging er juist om te laten zien dat deze

> verhoudingen ongewijzigd waren gebleven, ook onder de hervormde kerkorde van 1951 en dat het – net als in de tijd van de doleantie – voor gemeenten niet mogelijk was zich los te maken van de kerk.
>
> (Van den Heuvel 2017:www.digibrin.nl)

Vir die doel van hierdie studie is die koerswysiging wat De Vos aantoon en Van den Heuvel teenstaan, om aan te toon dat die hermeneutiek van kerkreg uiters belangrik is in die opstel van ‘n kerkorde en duidelik daarin weerspieël word. Die hermeneutiek van kerkreg wat as norm dien in die opstel van ‘n kerkorde kan ook die karakter en bedoeling van die kerkorde bepaal.

Met De Vos se onderskeid tussen gereformeerde en hervormde kerkreg in ag geneem, asook die opmerking van Haitjema (1951:15) dat gereformeerde en hervomde kerkreg in wese dieselfde is, is dit na my mening ‘n onderskeid en beskrywing van twee modaliteite binne ‘n groter geheel. Die kerkreg wat beoefen word in kerke wat hulle wortels terugvind in die reformasie van die 16de eeu kan eerder beskryf word as ‘n Bybels-reformatoriese kerkreg wat deurgaans ‘n Christologies-ekklesiologiese karakter toon.

## 3.5 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is baie aandag spandeer aan historiese kerkordes. Die rede is omdat geen kerk se kerkordelike reëlings, oftewel sodanige kerk se ekkleisiologie, in isolasie ontstaan nie. Daar is van die standpunt uitgegaan dat verskeie historiese kerkordes help vorm het, en stééds help vorm, aan die Kerkorde van die NHKA. Die besluite van kerklike sinodes uit die verlede wat 'n invloed het op die Kerkorde van die NHKA is hanteer en ook verduidelik hoe dat dit die NHKA se gedagtegang oor kerklike orde help vorm het. In hierdie verband is daar aangetoon dat geen spore van die *Algemeen Reglement* van 1816 met sy bestuursinslag en betrokkenheid van die owerheid gevind word in die Kerkorde van die NHKA nie. Bloot die invoering van die 1951 Kerkwet en Bepalings van die NHKA, in navolging van die 1951 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk,

ondersteun hierdie argument. Daarvoor moet egter in ag geneem word die jarelange stryd wat in Nederland geheers het, waarna hierbo ook verwys is, om die kerk los te maak van die *Algemeen Reglement* om verskeie redes wat ook hierbo aangetoon is. Hierdie argument word ook ondersteun deur die volgende opmerking van Van Wyk (2020:6):

> Met die diskussie van die eie kerk se kerkorde moet daarop gewys word dat daar in die kerkregtelike debat wat tot die hersiening van die kerkorde van 1997 gelei het, asook die hersiene kerkorde van 2016 geen enkele verwysing of inagneming van die Algemeen Reglement van 1816, ter sprake gekom het nie. Die feit is gemaklik verklaarbaar in dié sin dat die Algemeen Reglement van 1816 géén rol speel in die kerkregtelike denke van die NHKA nie. Die invloed van die rol van die owerheid soos verwoord deur die Algemeen Reglement van 1816 is onaanvaarbaar en boonop ook nie die intensie van die owerheid in die huidige Suid-Afrikaanse regstaat nie. Hoe onwelkom dit kan wees is duidelik wanneer die patronaatsreg in die Dordtse kerkorde van 1618-1619 in ag geneem word.

Uit die resultate van hierdie hoofstuk kan dus met stelligheid beweer word dat die kerkordelike hermeneutiek wat neerslag vind in die kerkorde van die NHKA in die tradisie staan van verskeie reformatoriese kerkordes uit die 16de en 17de eeu waarin die kerkordelike denke van onder andere Calvyn bepalend was. Die NHKA se kerkorde is geanker in die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip waarmee bely word dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is en dat Hy sy kerk regeer, onmiddelik deur sy Woord en Gees, en middelik deur die ampte wat in vergaderings byeenkom.

Die resultate wat in hierdie hoofstuk verkry is word voortaan gebruik om verskeie kerkregtelike beginsels, wat tans deel uitmaak van die NHKA se nadenke oor Kerkreg, aan die orde te stel. Die resultate word dan later in die studie hermeneuties toegepas op NHKA se Kerkorde as 'n poging om riglyne daar te stel vir die regte interpretasie en gebruik van die Kerkorde in die NHKA.

# HOOFSTUK 4

# DIE VERHOUDING: SKRIF, BELYDENIS, KERKLIKE ORDE

## 4.1 Die Skrif as bron vir die kerkorde

Kerkreg word beoefen in gehoorsaamheid aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus. Dit impliseer ‘n gehoorsaamheid aan die Woord van God, as onontbeerlik. Om hierdie rede kan dit dus nie anders as dat daar ‘n voortdurende heen en weerbeweging behoort te wees tussen die Skrif en die kerkorde nie, omdat die kerk ook bely dat die Woord van God tog dié bron is waardeur God Homself aan die mens bekendmaak,[46] en daarom ook rigting aan die kerk gee. Die stelling kan dus gemaak word dat ‘n konstante pendulumbeweging tussen die Skrif en die kerkorde nodig is vir die interpretasie en toepassing van ‘n kerkorde. Die swaai van die pendulum tussen Skrif en kerkorde beweeg egter elke keer deur die belydenis van die kerk.

Wanneer uitgegaan word van die standpunt dat die Skrif dien as bron vir die kerkorde is die volgende standpunt van Noordmans (1984:393) uiters betekenisvol: ‘Ik geloof dat het enig verweer hierin ligt dat wij ook voor de kerkorde ons beroep op de Schrifte vasthouden en volhouden...De Schrift is een fundament waarop men altijd weer bouwen kan.’

Smit (1984:58) wys daarop dat die gedagte dat ‘n kerkorde in die Skrif gefundeer word nie egter oral gewaardeer word nie en in sommige gevalle afgewys word.

Volgens Bronkhorst (1988:43) kan die verhouding tussen Skrif en kerkorde primêr begrond word in die relasie van Jesus tot sy gemeente. Dit dui uiteraard op die rol van

[46] Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel in artikel 2 wanneer gehandel word oor die middele waardeur ons vir God ken die volgende: ‘Tweedens maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe tot sy eer nodig is en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort (NHKA 1997:115).

die belydenis in hierdie verband deurdat ‘n verwysing na Jesus as Hoof van die kerk terselfdertyd ook ‘n geloofsuitspraak is op grond van dit wat die kerk van Hom bely. Daarom begrond Bronkhorst hierdie standpunt van hom in die kerklike belydenis met spesifieke verwysing na vraag en antwoord 54[47] van die Heidelbergse Kategismus.

Die kerkorde is dus die derde skakel in die ketting van Skrif, belydenis, kerkorde en die tweede genormeerde norm uit die Skrif (*norma normans*) naas die belydenis (*norma normata*). Hierdie rangorde kan nie gewysig word nie omdat die Skrif altyd die meeste gesag dra waaruit die belydenis en die kerkorde genormeer word, die kerkorde natuurlik in terme van die Skrif en die belydenis. Dit is egter van wesenlike belang dat die kerkorde hermeneuties nie as belydenis opsigself gesien word nie, maar dat dit ‘n sterk belydende karakter dra.

Noordmans (1984:452-453) verwys ook na die belydende karakter daarvan en voer aan dat die belydenis op twee verskillende maniere funksioneer met betrekking tot die kerkorde. Eerstens geld die belydenis as beginsel en agtergrond van die kerkorde. Die afleiding kan gemaak word dat die kerkorde sonder die belydenis geen doel het nie en op die ou end gelyk gestel kan word aan die konstitusie van ‘n wêreldlike sosiale instelling wat die funksie van ‘n klub vervul in die gemeenskap waar mense met dieselfde belangstellings byeenkom. Die belydende karakter van die kerkorde onderskei dit van 'n sogenaamde konstitusie. Noordmans (1984:452) verwys soos volg daarna:

> Deze gedachte ligt ten grondslag aan het geheel der beschouwingen over: *kerkelijk denken als voorwaarde voor kerkorde.* Ieder artikel van een kerkelijk reglement wordt gedragen door een kerkelijke, christelijke bezinning. Het is niet geschreven voor de burgerlijke rechter, maar met het oog op de regering door de ambten in de gemeente...Iedere letter van een kerkorde is vervult van de geest der confessie en moet daarnaar worden verklaard. Kerkelijk recht, hoe eenvoudig ook gehouden en in welke

---

[47] Wat glo jy van die ‘heilige, algemene, Christelike kerk’? Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom ‘n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof en van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou, en dat ek daarvan ‘n lewende lid is en ewig sal bly (NHKA 1997:147).

> burgerlijke bewoordingen ook gekleed, blijft altijd canoniek recht en van eigen uitlegd.

Die tweede manier waarop die belydenis funksioneer ten opsigte van die kerkorde is dat die belydenis die agtergrond is waarna elke artikel in die kerkorde verwys. Elke artikel moet teen die agtergrond van die belydenis gelees en geïnterpreteer word, al lyk dit bloot na ‘n praktiese saak wat in die betrokke artikel gereël word. In hierdie sin verwys Noordmans na die verhouding tussen kerkordelike reëlings en belydenis as ‘n *transcendente verhouding*, en verduidelik dit soos volg:

> De belijdenis is dan de achtergrond, waarnaar verwezen wordt. Zulk een verwijzing is niet altijd te vermijden...Men kan er niet altijd volstaan met de opnoeming van de aardrijkskundige namen der verschillende provinciën en classes. Maar dan moet ieder die zulk een artikel leest, ook ten volle recht laten wedervaren aan het verwijzend karakter van zulk aanhalingen. Wie moeten zulke bepalingen beschouwen als middelen om de hele achtergrond van het kerkelijk belijden in te schakelen in de kerkelijke levensordening. Zoals de hele kerkorde, in al haar artikelen, doortrokken moet zijn van de geest der belijdenis, zo staat de hele werkelijkheid, die de kerk belijdt, nog weer vrij en autoritair achter elke bepaling daarvan.
>
> (Noordmans 1984:453)

Hierdie verbintenis van die kerkorde aan die belydenis van die kerk vorm volgens Noordmans (1984:444) die onderbou van sy belangrike uitspraak: ‘*kerkelijk denken als voorwaarde voor kerkorde.’*

Hermeneuties is dit van uiterste belang om in ag te neem dat die kerkorde dus ‘n sterk belydende karakter dra omdat dit via die belydenis deur die Skrif genormeer word. Dit sluit aan by die volgende stelling wat Van Wyk (2005:166-167) maak met spesifieke

verwysing na die kerkorde van die NHKA:

> ...dat die belydenis as inleidende uitgangspunt van die Kerkorde[48], inhoudelik ter sprake moet kom in die verdere temas wat in die Kerkorde aangedui word as verskillende dele van die kerklike lewe en bestaan. Deur die belydenis sentraal te stel, word ‘n poging aangewend om erns te maak met die Woord van God, wat belydend in alle spreke en handelinge van die Kerk ter sprake móét kom.

Smit (1984:58) verwys ook na Brouwer (1937) en Van den Berg (1969) in dié verband dat die standpunt dat 'n kerkorde aan die Skrif verbind word, nie oral byval vind nie. Beide van hulle wys die kerkorde af in dié sin dat dit nie uit die Skrif afgelei kan word nie en dat die Skrif géén kerkorde daarstel nie. Tóg kon hulle nie daarin slaag om ‘n kerkorde en die begronding daarvan in die Skrif, hééltemal af te wys nie. Hy voer ook aan, en daarmee moet hy gelyk gegee word, dat geen kerkorde direk uit die Skrif afgelei kan word nie, maar wel gegrond is in die Skrif. Hiervoor gee hy die volgende drie redes:

Eerstens stel hy dat orde as ‘n gawe van Christus aan sy kerk gegee is. Hierdie orde begrond hy in die versoening wat Christus bewerk het deur die vyandskap tussen God en mens op te hef en die mens weer sy plek in hierdie verhouding te laat inneem waar God hom aanvanklik geplaas het (Smit 1984:23). Calvyn (Inst IV, VI, 9) verduidelik die stelling dat Christus orde as ‘n gawe aan die kerk gee in terme van sy Hoofskap van die kerk.

Calvyn (Inst IV, X, 30) maak dit duidelik dat die Skrif en niks anders nie, dien as die basis vir die Kerkorde. Hy erken egter ook die menslike insette wat nodig is ten einde ‘n kerkorde daar te stel. Hierdie insette van mense om die orde in die kerk gestalte te laat kry het slegs betekenis indien dit ooreenstem met die Skrif.

[48] Hier word spesifiek verwys na die Kerkorde van die NHKA.

Van't Spijker (1972:14) merk ook op dat kerklike reg onontbeerlik deel is van *die 'gehele besturing van die kerk van Christus'* en dat dit plek het in die kerk omdat dit ooreenstem met die Heilige Skrif.

Tweedens voer Smit (1984:59) aan dat die orde nie net 'n gawe aan die kerk is nie, maar ook 'n opdrag. Hierdie rede word ondersteun deur te verwys na die betekenismoontlikhede van τάξις in die konteks van 1 Korintiërs 14:40. Smit (1984:18-19) stel dat τάξις in die konteks van 1 Korintiërs 14:40 'nie dui op die *klas* – in die sin van kategorie, soos byvoorbeeld priesterorde – nie, én nie dui op *opeenvolging* – in die sin van 'n reeks of 'n beurt – nie, maar dat die woord dui op die feit (opdrag, wet) *dat* daar orde moet wees…dit dui op 'n bepaalde kwaliteit van die hele kerklike lewe wat (as opdrag) behoorlik en toepaslik (in ooreenstemming met die gebod van die Here) ingerig moet word.'

Op grond van die eerste twee redes kom hy tot die volgende slotsom:

> ...dat orde én 'n *gawe* én 'n *opdrag* van die Here aan die kerk is, en dat orde deur die beginsel van die liefde gerig moet wees op die opbou van die kerk. Die doel van die orde is dat die vrede met God en met mekaar – as vrug van die versoening – ordelik in die kerk vergestalt word.
>
> (Smit 1984:19)

Die derde rede stel dat hierdie orde wat God aan sy kerk gegee het in stand gehou moet word. Om hierdie rede te begrond gaan Smit (1984:38) van die standpunt uit dat Jesus volgens Matteus 28:19 & 20 vanselfsprekend die Hoof van die kerk is en dat Hy ook kerk in stand hou as die enigste een met gesag in die kerk. Hy verwys egter ook na die debat wat sedert die begin van die negentiende eeu gevoer word of die woorde van Jesus in hierdie twee genoemde tekste as outentiek aanvaar behoort te word, al dan nie. Om die

stigting van die kerk op grond van Matteus 16:18-19[49] nie histories terug te voer na Jesus nie, sou volgens Smit (1984:37) ‘n uitvloeisel wees van die liberale teologie wat gebore is uit die Aufklarung. Hierby sluit Du Plooy (1982:44-45) aan wanneer hy met verwysing na Matteus 16:18-19 oor hierdie saak die volgende stelling maak:

> Ons het al daarop gewys dat die Liberale Teologie uit die vorige eeu nie wou aanvaar dat Jesus nie bedoel het om ‘n kerk te ‘stig’ nie en dat Schweitzer ontken dat daar in die evangelies sprake is van die empiriese kerk. Sedertdien is dit egter genoegsaam en oortuigend aangetoon dat daar geen twyfel hoef te bestaan oor die outentisiteit en historisiteit van Jesus se uitsprake oor ἐκκλησια in genoemde tekste nie.
>
> Du Plooy (1982:44-45)

Die teendeel van hierdie argument is dat Jesus geen intensie gehad het om ‘n kerk te stig in die sin van ‘n georganiseerde struktuur nie. Die begrip ἐκκλησια moet hier gelees word binne die konteks van die Matteus evangelie. Matteus gebruik die begrip ἐκκλησια in kontinuïteit met Jesus se inklusiewe verstaan van die koninkryk teenoor die eksklusiewe Joodse gebruik van συναγωγή.

> Volgens Matteus het hierdie optrede (eksklusiwiteit) ingedruis teen die hart van die Jesus-saak. Met die gebruik van ἐκκλησία wil Matteus uitdrukking gee dat Jesus Hom teen hierdie optrede van die Jode afgrens. Die nuwe fiktiewe familie van God mag nie eksklusief wees nie. Gesien vanuit hierdie perspektief is Matteus se bedoeling met Matteus 16:18 nie om daardeur te sê dat Jesus vir Hom ‘n kerk wou stig of ‘n gemeenskap vir Hom wil afsonder nie. Dit moet eerder gesien word as ‘n manier waarop Matteus

[49] [18]En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. [19]Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly, en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.’

> wil sê dat Jesus Homself afgrens teenoor enige eksklusiwiteit.
>
> (Jones 2010:21)

Oor die debat of Jesus die intensie gehad het om ‘n kerk te stig al dan nie, sê Dingemans (1987:116) ook dat Jesus nie formeel ‘n kerk gestig het of dat institusionalisering enigsins deel was van Jesus se lering nie.

> We beginnen met vast te stellen, dat Jezus self niet formeel een kerk heeft gesticht of ambten heeft geïnstitusionaliseerd. Hij is een beweging begonnen, die sich voortplantte in zijn leerlingen, die sich als ‘gezondenen’, ‘apostelen’ geroepen wisten om de boodschap en de bevrijdende kracht van de Heer door te geven.
>
> (Dingemans 1987:116)

Ter ondersteuning van bogenoemde stelling kan ook na verskeie ander teoloë verwys word. Küng (2001:457) vra die vraag of dit wat in Matteus weergegee word oor die posisie van Petrus nie heel moontlik ‘n na-pase verstaan is wat teruggeprojekteer word na Jesus se tyd op aarde saam met sy dissipels nie. Hy wys op drie vrae wat steeds lewendig is rondom die kontroversie of Matteus 16:18 teruggevoer kan word na die historiese Jesus, en vra dit soos volg:

> (1) Whether the title given to his original name Simon (Mk.1:16), the name Kephas...was given by the historical Jesus himself...*or* whether it was given to him by the primitive Christian community (*vaticanum ex eventu*?); (2) Whether the saying at Matthew 16:18 f...was a saying of the historical Jesus...*or* whether the saying was attributed to Jesus by the primitive Christian community, in order to authorize the position of Simon

> in the community...(3) whether the saying at Matthew 16:18 f. gives to Peter a genuine monarchical and legal ruling authority (jurisdiction) over the whole church *or* whether it gives him a prior historical position as the first confessor of Jesus and first witness of his resurrection...
>
> Küng ([1986] 2001:457- 458)

Dat die orde in die kerk in stand gehou behoort te word na aanleiding van Jesus se woorde in Matteus 16:18 dra na my mening nie genoeg gewig as ondersteuning vir die argument nie, omrede die historisiteit daarvan vir meer as ‘n eeu reeds bevraagteken word en daar genoegsame getuienis is dat Matteus 16:18 nie teruggevoer kan word na die historiese Jesus nie (vgl. Bultmann 1955:4-5; Küng 2001:457-458; Pelser 1994:312; Trilling 1969:59).

Dit is belangrik om die stelling te maak dat die orde in die kerk wel in stand gehou en gehandhaaf moet word. Dit kan egter na my mening om bogenoemde redes nie begrónd word in Matteus 16:18 nie.

Na my mening hou die feit dat die orde in die kerk gehandhaaf behoort te word eerder verband met Christus se Hoofskap oor die kerk. Sy Hoofskap kan begrond word vanuit die Christologie van die Efesiërbrief met spesifieke verwysing na Efesiërs 1:22 waar na Hom verwys word as κεφαλή. In Effesiërs 1:20 sê die skrywer dat God vir Jesus uit die dood opgewek het. Die Christologie wat in Efesiërs 1:22 ter sprake is, wys duidelik dat Jesus se Hoofskap van toepassing is, nie net op die kerk nie, maar op die hele kosmos. Dit sluit die kerk in. Van Wyk (2015:61) maak hieroor die volgende opmerking: ‘Dit is in die hoofskap van die kosmos in die hemel en op die aarde dat Jesus derhalwe ook Hoof van die kerk is.’ Verder kan Christus se hoofskap oor die kerk ook in verband gebring word met die liggaam metafoor. Van Wyk (2015:70) stel dit soos volg: ‘Wat meer is, die hoof van die liggaam is nie meer net ‘n deel van die liggaam nie (1 Kor 12:21), maar Christus is die Hoof waaruit die hele liggaam groei (Ef 4:15) omdat God Hom as Hoof oor alles aan die kerk gegee het (Ef 1:22). Hierdie kosmiese heerskappy van Christus, het na my mening ‘n bepaalde orde in die kerk tot gevolg wat in stand gehou behoort word.

Wanneer gestel word dat die Skrif dien as bron vir die kerkorde is dit belangrik om te

verstaan dat daarmee nie gesê word dat ‘n kerkorde direk afgelei word uit die Skrif nie. Verskeie beginsels wat in die Skrif na vore kom lei tot die vorming van ‘n kerkorde, omdat die orde in die kerk gebou word op die beginsel dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is (Ef 1:22; 4:15; 5:23 & 24; Kol 1:18; 2:10; 2:19;4:15). Wanneer die hoofskap van Christus aanvaar word kom die vraag vanselfsprekend na vore hoe leef ‘n kerk met die belydenis saam en hoe gee hy daaraan uiting? So kom kerkordelike maatreëls noodwendig ter sprake. Om hierdie rede is ‘n kerkorde ekklesiologie, nog nader gesien: Christologiese-ekklesiologie. Smit (1984:59) wys daarop dat hierdie beginsel ook geld in terme van die kerklike inrigting. Nêrens in die Skrif word voorskrifte gegee vir liturgiese riglyne en die verloop van ‘n erediens nie, terwyl verskeie beginsels, veral uit die Nuwe Testament, gebruik word om ook leiding te gee wat betref liturgie en inrigting van eredienste. Ter ondersteuning hiervan kan ook verwys word na die opmerking van Pelser (1994:320) dat daar in die Nuwe Testament geen voorgeskrewe bedieningstruktuur bestaan nie en dat daar nie van die bedieningstruktuur van die Nuwe Testament gepraat kan word nie.
Bouwman (1928:324) huldig ook die standpunt dat die regering van die kerk begrond word in die Skrif. Hy kwalifiseer sy standpunt egter onmiddelik deur te sê dat die Skrif nie dien as wetboek vir die kerk waarin al die beginsles vir kerklike regering afgelees kan word nie. Die beginsels vir kerklike regering word duidelik in die Skrif gegee wat dan in ‘n eie tyd en omstandighede geïnterpreteer word en so neerslag vind in kerkordelike reëlings. Hier verwys hy na die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, naamlik dat Christus die Hoof van die kerk is en self sy kerk regeer deur sy Woord en Gees en ook deur die ampte. Hy stel sy standpunt soos volg:

> Daarmede wordt niet uitgesproken, dat Gods Woord een wetboek is, waaruit de kerk alles, wat voor de regeering der kerk noodig is, kan aflezen, maar dat de hoofdbeginselen der kerkregeering duidelijk in het N. Testament worden geleerd. Deze algemeene regelen welke voor alle tijden

> gelden, zijn door Christus in zijn Woord gegeven en hij liet aan zijne kerk de vrijheid, om die beginselen toe te passen naar de behoefte der tijden en der omstandigheden.
>
> (Bouwman 1928:324)

Kerkordelike reëlings moet egter nie slegs gesien word as dit wat die praktiese situasie vir die kerk gaan reël en daarmee gaan help nie. Dit kan nie as die kriteria dien nie. Coertzen (1991:123) voer aan dat dit wat doelmatig of tradisie is nie bepalend moet wees vir kerkordelike reëlings nie.

> Die allesoorheersende vraag in die regering van die kerk moet altyd wees wat vra die Here van ons in sy Woord of, anders gestel: wat is God se wil vir sy kerk soos dit in sy Woord tot openbaring kom. Die vraag behoort aan die fondament te lê van alle ware en goeie kerkregering. Hoewel dit dikwels moeilik is om ‘n direkte verband te lê tussen sekere kerkregtelike handelinge en die Woord van God behoort daar altyd gesoek te word na die verband ten einde elke handeling in die kerk in die lig van die Woord en die belydenis te kan verwoord.
>
> (Coertzen 1991:123-124).

In die lig van hierdie stelling dat alleen die Woord van God bepalend is vir die kerkregering en kerkorde en dat doelmatigheid en tradisie nie ‘n rol speel nie, word later in die studie wel gekyk na die rol wat usansie speel in die kerkregering en veral in die gebruik, interpretasie en toepassing van ‘n kerkorde.

Smit (1984:62) kom tot die gevolgtrekking dat die Skrif ‘dié bron is waaruit die kerkorde sy bestaan, sy doel en sy funksionering te danke het, en dat die kerkorde dáárom ‘Geestesordening’ is.’

Uiteraard kan die kerkorde ook nie losstaan van die kerklike belydenis nie, juis in die lig van die verband tussen Skrif as *norma normans* en belydenis as *norma normata*. Hierdie

standpunt word egter nie oral gehuldig nie. Coertzen (1991:142) verwys na verskillende beskouings ten opsigte van die verband tussen die belydenis en die organisering van die kerk. Die spiritualisme, waarvan R Söhm en E Brunner verteenwoordigend was, het kerklike organisasie verwerp omdat dit volgens hulle van minder belang is en selfs skadelik kan wees vir die wese van die kerk. Pont (1981:6) verwys na Söhm se gedagte wat hy reeds in 1892 oor hierdie saak uitgespreek het soos volg:

> Aber diese Welt des Geistlichen kann nicht mit juristischen Begriffen erfasst werden. Noch mehr, ihr Wesen steht zu dem Wesen des Rechtes im Gegensatz. Das geistliche Wesen der Kirche schliesst jegliche kirchliche Rechtsordnung aus. In widerspruch mit dem Wesen der Kirche ist es zur Ausbildung von Kirchenrecht gekommen. Diese Thatsache beherrscht die Geschichte des Kirchenrechts von der ersten Zeit bis heute.

Pont (1981:7) verwys ook na Brunner se mening oor die saak.

> Die Ekklesia des Neuen Testaments, die Gemeinde Jesu Christi, ist reine Personsgemainschaft und hat nichts vom Charakter einer Institution an sich; es ist darum irrefürend, irgen eine der historisch gewordenen Kirchen, die alle den Charakter von Institution haben, mit der Christusgemeinde zu identifizieren.

Dan is daar ook die natuurregtelike beskouing wat onderskeid tref tussen die sigbare en onsigbare kerk. Wat die sigbare kerk aanbetref bestaan die gedagte dat kerklike organisasie aan die owerheid oorgelaat kan word om toe te sien dat reg en orde in die kerk gehandhaaf word. Volgens die natuurregtelike beskouing is organisasie in die onsigbare kerk nie nodig nie omdat die onsigbare kerk kerk is soos wat dit veronderstel is om te wees. In Rooms-Katolieke kringe word die kerkreg en kerkleer gelyk aan mekaar gestel. Onderhouding van beide is nodig vir die saligheid van die mens. Die reformasie

het van die standpunt uitgegaan dat ‘n verband bestaan tussen die belydenis en kerklike organisasie.

Met verwysing na die Skrif as bron vir die kerkorde word die belydenis uiteraard ook betrek in hierdie verhouding. Die rede daarvoor is omdat enige interpretasie van die Skrif binne die belydenis geïnterpreteer word ten einde dit vir die kerk moontlik te maak om die Bybelse boodskap aan die wêreld te verkondig, maar ook vir die vorming van ‘n eie kerklike orde.

Wanneer oor die verband tussen die belydenis[50] en kerklike orde nagedink word, is die eerste opmerking wat hieroor gemaak behoort te word dat die belydenis die kerklike orde voorafgaan en dat die kerkorde in die verlenging lê van die kerklike belydenis. Dit word egter onmiddelik gekwalifiseer dat die kerkorde nie dieselfde gesag dra as die belydenis nie. Smit (1984:66) verwys soos volg na die verband tussen die belydenis en die kerkorde:

> Dat die kerkorde nie dieselfde gesag as die belydenis het nie en derhalwe nie uitsluitlik, of óók as, akkoord van kerklike gemeenskap kan dien nie, spreek verder uit die verskil tussen die twee wat in hoofsaak in hulle verskeie doelstellings lê. Dié verskil lê daarin dat die doel van die belydenis is om die waarheid van Gods Woord in ‘n ordelike samevatting (gesistematiseerd) na te spreek; daarteenoor is die doel van die kerkorde om die goeie orde in die kerk van Christus te onderhou.
>
> (Smit 1984:66)

Coertzen (1991:148) wys op die gevaar wanneer ‘n kerkorde geïnterpreteer word los van

[50]Pont (1981:240) wys egter daarop dat in die tyd van die Reformasie hoofsaaklik twee verskillende soorte belydenisse bestaan het. Die Franse Geloofsbelydenis en die Nederlandse Geloofsbelydenis ‘is ‘n uiteensetting van die Bybels-verantwoordbare geloof en word dan gebruik as ‘n apologie of verweerskrif.’ Daarteenoor staan byvoorbeeld die Heidelbergse Kategismus ‘wat ‘n meer opvoedende doel in die oog het’.

die kerk se belydenis. Hy verwoord dit soos volg:

> Die gevaar is altyd daar dat dit net ‘n historiese bron kan word met min dinamiek in die huidige tyd. Hierteen moet voortdurend gewaak word, ook in die hantering van die kerk se orde. Die kerk moet nie net ‘n belydenis kerk wees nie maar steeds ook ‘n belydende kerk wat die Woord van die Here waar wil maak in elke oomblik van sy lewe.
>
> (Coertzen 1991:148)

Die NHKA beskou homself as ‘n belydende kerk. Van der Westhuizen (1990:78) stel dat belydende kerk van die belydeniskerk-gedagte afgegrens moet word. Hy verduidelik belydeniskerk deur te sê: ‘Met belydeniskerk word ‘n kerk bedoel waar die belydenis ‘n selfstandigheid ontvang. Die belydenis funksioneer selfstandig as kerklike akkoord.’ Die belydeniskerk-gedagte spruit voort uit die denke van Abraham Kuyper. Kuyper het so 'n groot selfstandigheid aan die belydenis toegeken dat dit volgens hom selfstandig en los van die kerk kon staan. Die bywoning van ‘n kerklike kongres in Amsterdam in 1887 was afhanklik van die ondertekening van die kerklike belydenis as ‘n ‘kerklike akkoord of kontrak vir kerklike gemeenskap’ (Van der Westhuizen 1989:65). Van der Westhuizen verwoord sy kritiek teen die belydeniskerk-gedagte deur die volgende opmerkings te maak:

> Die klem moet nie lê op die besit van ‘n belydenis nie, maar op die Christus-belydende aksie met die belydenis. Ons bely nie ons belydenis nie, maar ons bely Christus met ons belydenis. Ons moet ons geloof bely en nie maar net geloof in ons geloofsbelydenis hê nie...Net so glo ons nie in ons geloof nie, maar ons glo in Christus...Die Heer van die kerk is nie die belydenisskrifte nie, maar Jesus Christus.
>
> (Van der Westhuizen 1989:65-66)

Dit is belangrik wanneer die stelling gemaak word dat daar ook in die NHKA 'n duidelike verband bestaan tussen die kerkorde en die belydenis, dat die belydenis in die NHKA nie funksioneer as juridies-konfessioneel nie. In gevalle waar die belydenis wel so hanteer word, sou dit beteken dat die belydenis, en daarom ook die kerkorde as gevolg van die verhouding tussen belydenis en kerklike orde, tot 'n wet verhef word wat lidmate moet onderhou ten einde deel van die kerk te kan wees. In so 'n geval word die belydenis, en daarmee saam die kerkorde, verhef tot 'n gesag hoër as dié van die Skrif. In die NHKA is die belydenisskrifte nog nooit juridies-konfessioneel hanteer nie (kyk Van Wyk 2004:171).

Die volgende gedagtes is baie belangrik wanneer die kerkorde se verhouding tot die Skrif en belydenis ter sprake kom. Eerstens dien die Bybel as bron van die kerkregering en daarom ook van 'n kerkorde omdat Jesus Christus as Hoof van die kerk sy kerk regeer deur onder andere sy Woord. Dit word ook bevestig in artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Tweedens kan die kerkorde nie bloot gesien word as 'n dokument wat die orde in die kerk op sosiologiese en maatskaplike vlak reël nie, maar moet dit iets verwoord van die orde wat vir die kerk bedoel is volgens die Skrif. Daarom moet elke kerkordelike reëling Skriftuurlik verantwoordbaar wees ten einde die uniekheid van die kerkorde as teologiese dokument te substansieer. In die derde plek gaan die belydenis van die kerk die kerkorde vooraf wat daarop dui dat die belydenis 'n hoër gesag dra as die kerkorde. Alhoewel die kerkorde in die verlengstuk van die belydenis lê bly dit egter die Skrif as *norma normans* wat bepalend is vir die orde in die kerk. Laastens kan gesê word dat indien die kerkorde losgemaak word van die belydenis, wat uiteraard dan ook beteken dat dit losgemaak is van die Skrif, die kerkorde dan op dieselfde vlak funksioneer as 'n konstitusie of grondwet van 'n wêreldlike instelling of organisasie. Dit verskraal outomaties ook die ekklesiologie van die bepaalde kerk waar 'n kerkorde op hierdie wyse geïnterpreteer en toegepas word.

## 4.2 Skriftuurlike kerkorde

Die verhouding van die kerkorde tot die Skrif is reeds aan die orde gestel. Hierdie verhouding, wat ook geld vir die NHKA se beskouing van die plek wat die kerkorde

inneem in die kerklike lewe, bring mee dat die NHKA nie anders kan as om na sy kerkorde te verwys as ‘n *Skriftuurlike kerkorde* nie. Hermeneuties is hierdie ‘n uiters belangrike beginsel omdat dit iets daarvan verwoord dat die kerkorde nie net as dokument van die kerk nie, maar ook die praktiese implementering van daardie orde binne die kerk, in relasie tot die Skrif verwoord. Die opmerking is reeds gemaak dat geen kerkorde direk afgelei kan word uit die Skrif nie. Daarom is dit belangrik om te verstaan dat dit ook nie die bedoeling is van die begrip ‘Skriftuurlike kerkorde’ nie. Die begrip ‘Skriftuurlike kerkorde’ dui daarop dat die Skrif die kerkorde voorafgaan en dat ‘n kerkorde so saamgestel behoort te wees dat hy hom enige tyd op die Skrif kan beroep. Van Wyk ondersteun hierdie stelling met die volgende:

> Die beroep op die Skrif, anders gestel, die uitgangspunt van sodanige Skriftuurlike kerkorde, is in die Presbiteriaal-sinodale stelsel veel belangriker as wat uit die praktyk, mag blyk. ‘n Skriftuurlike beroep is nie ’n reglynige afleiding uit die Skrif nie, maar geskied aan die hand van verantwoordelike Skrifgebruik wat daarop bestem is om die *praesentia realis Christi* deur Woord en Gees te realiseer.
>
> (Van Wyk 2005:91)

Skriftuurlike kerkorde gaan dus daaroor om die Christusregering, oftewel die beginsel dat Christus die Hoof van die kerk is, te laat realiseer. Van’t Spijker voer die argument dat die *praesentia realis* van Christus nie gestalte behoort te vind slegs in die sakramente nie, maar ook in alles anders wat in die gemeente gebeur, wat myns insiens ook die kerklike orde insluit. Dit beteken dat die opdrag van Christus aan sy kerk soos gevind in die Skrif, ook weerspieël word in die kerkorde. Hy maak die volgende stelling:

> De *praesentia realis* van Christus in zijn gemeente is niet maar op te vatten in de engere sacramentele zin, zij is het die alles wat in de gemeente

geschiedt tot een heilswerkelijkheid maakt, herscheppend en effectief naar de wijze der vrije genade.

(Van't Spijker 1990:329)

Van't Spijker (1990:327) begrond sy argument in dit wat hy beskou as '*Een wezenlijk kenmerk van het presbyteriale kerkelijke sisteem...'* naamlik dat die kerk hom in enige geval moet kan beroep op die Skrif. Hy verwys ook na artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat die vroeëre gedagte van Calvyn weerspieël naamlik dat die ware kerk regeer behoort te word soos wat in die Skrif geleer word.

Van't Spijker (1990:328) stel ook duidelik dat die begrip 'Skriftuurlike kerkorde' nie daarop dui dat alles *de facto* uit die Skrif afgelei word, of dat elke kerkordelike bepaling met 'n bybelvers onderskryf word nie. In hierdie argument verwys hy ook na Calvyn se beskouing hieroor. Hy stel dit soos volg:

> Wanneer we hier onderscheid maak tussen een formeel en een materieel beginsel, kan dit niet betekenen, dat er sprake is van een beroep op de letter van de Schrift. Calvijn gaat in zekere zin daarmee tamelijk vrij om. Hij verklaart sommige gegevens als slechts van tijdelijk karakter, gebonden aan het begintijd van het evangelie, terwijl hij andere Schriftplaatsen van blijvend belang acht voor de hele geschiedenis van de kerk...Woord en Geest vormen samen de weg, waarlangs de heerschappij van Christus zich verwerkelijkt.

(Van't Spijker 1990:328)

Alhoewel daar in die Skrif geen uitgewerkte kerkorde gevind word nie (vgl Smit 1984:58-62) kan daar tog sekere duidelike riglyne uit die Skrif afgelei word ten opsigte van die

kerkregering en daarom ook van die kerkorde. Bronkhorst (1947:13-14) stel die saak soos volg:

> Wanneer wij ons dus beperken tot de vraag of en zoo ja in hoeverre dit juist is, dat het NT ons geen voldoende gegevens voor de afleiding eener kerkorde schenkt, zoodat meerdere systemen van kerkorganisatie zich met gelijk recht schriftuurlijk zouden mogen noemen, zal het allereerst noodig zijn, dat wij ons rekenschap geven van den inhoud der Bijbelsche gegevens betreffende de kerkorde.

Volgens Coertzen word in die Skrif ook geen kerkordelike reëlings gegee nie, maar kan dit afgelei word deur 'n gehoorsame luister na die Skrif ten einde kerkordelike reëlings te formuleer wat dit self op die Skrif kan beroep. Alhoewel kerkordelike reëlings nie woordeliks in die Skrif gegee word nie, word die beginsel deur God in die Skrif gegee. Coertzen verwoord sy gedagte met die volgende:

> Die unieke van die orde/reg in die kerk bestaan enersyds in die feit dat die kerk as sodanig die skepping van God Drie-enig is, maar andersyds ook in die feit dat God self die reg/orde vir Sy kerk in Sy Woord gegee het... Langs teologies verantwoorde weë moet die kerk (die kerkregtelike) luister na wat God se reg vir die kerk is en dit moet dan in 'n kerkorde wat in die betrokke kerk geld, verwoord word.
>
> (Coertzen 1991:177-178)

Hierby sluit Koffeman (2009:16) ook aan wanneer hy sê: 'Alleen in een voortdurend luisteren naar de Schrift kan de gemeente zich daarbij laten bepalen.'

Die NHKA toon baie duidelik in sy Kerkorde die verband aan tussen Skrif en kerkorde. Hierdie verband is onmisbaar. In Ordereël 10.5 word bepaal dat 'In noodsituasies

waarvoor die Kerkorde nie voorsiening maak nie, neem vergaderings van die ampte, ampsdraers en lidmate besluite op grond van die Skrif, in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk, getrou aan die Kerkorde en met inagneming van die gebruike van die kerk (reg van usansie)' (NHKA 2019:94).

### 4.3 Liturgiese geskrifte

Kerklike oftewel liturgiese geskrifte soos byvoorbeeld diensformuliere, herderlike skrywes, preke, beroepsbriewe en ook die kerkorde kan geklassifiseer word as 'n spesifieke tipe literatuursoort. Hiermee word bedoel dat dit 'n eie unieke karakter vertoon wat 'n bepaalde hermeneutiese hoek vereis waarvolgens hierdie tekste geïnterpreteer word. Alhoewel sogenaamde tekste inhoudelik meestal naratief van aard is, of onderrig ten doel het soos kategismusse, is die unieke element wat dit bevat dat die kerk se belydenis daarin weerspieël word. Hierdie tekste is dus belydend in karakter, maar dra ook 'n kerklike karakter. So 'n stelling moet onmiddelik gekwalifiseer word deur te sê dat die belydende karakter dit glad nie gelykstel aan die gesag van die kerk se belydenis nie.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika beskryf diensformuliere in Ordereël 1.3.4 as uitdrukking van die Kerk se geloof. In verskeie Ordinansies van die Kerkorde word duidelik gestel dat formuliere in eredienste gebruik word en dat die toepaslike formulier gebruik sal word vir bepaalde geleenthede soos byvoorbeeld die bevestiging van ampsdraers, nagmaal, doop, huwelik, afneem van geloofsbelydenis en die ban. Dit word dus in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika belangrik geag dat die geloof wat dié kerk bely ook duidelik neerslag vind in bepaalde eredienste met die gebruik van die betrokke formulier. Die gebruik van formuliere is vir die NHKA óók 'n middel waardeur die gemeente onderrig word en lidmate opgeroep word tot deelname (vgl Beukes 2004b:34). In die Diensboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verskyn verskeie diensformuliere (NHKA 2008:40-119) vir gebruik in die Kerk, wat deel uitmaak van die kerk se liturgiese dokumente. Hierdie formuliere word, alvorens dit in gebruik geneem word, eers goedgekeur deur die Algemene Kerkvergadering. Goedkeuring van formuliere

geskied dus by wyse van ’n sinodebesluit,[51] wat na my mening aan diensformuliere ’n bepaalde kerklik-sinodale gesag verleen.

Pont (1993:3) definieer ’n formulier as: ‘...’n amptelike uiteensetting en onderwysing ten opsigte van die instellings en betekenis van bepaalde handelinge in die erediens.’ Beukes (2004b:31) voer aan dat die Reformatore se doel met formuliere nie was om lidmate te bind aan die kerklike dogma nie, maar eerder aan die Woord van God en aan God self. Hy beskryf die doel van formuliere verder deur te stel dit gelowiges ook toerus vir hulle dienswerk in die wêreld. Daarom het formuliere afgesien van die didaktiese doel ook ’n pastorale doel. Beukes (2004b:34) brei Pont se definisie van ’n formulier verder uit en definieer dit as: ‘’n Amptelike uiteensetting en onderwysing ten opsigte van ’n bepaalde handeling in die erediens met die oog op aktiewe deelname en eenheid.’

Gesien in die lig daarvan dat ‘n kerkorde ook as liturgiese geskrif geklasifiseer word, kan dit ook vanuit geen ander hermeneutiese hoek gelees en geïnterpreteer word as vanuit ‘n teologiese hoek nie. Indien die teologies-hermeneutiese hoek van waaruit dit gelees en geïnterpreteer behoort te word deur byvoorbeeld ‘n juridies-hermeneutiese hoek vervang word, bestaan die moontlikheid dat die kerkorde van sy belydende karakter ontneem en bloot verstaan word as ‘n konstitusie of grondwet van ‘n vereniging of klub. Daarom is dit van groot waarde om kennis te neem van die volgende opmerkings uit die verslag van die komitee vir die herskrywing van die kerkorde aan die 71ste Algemene Kerkvergadering gedurende 2016:

> 'n Kerkorde is 'n kerklike dokument wat niks anders wil doen as om aan die kerk se eiesoortigheid voorrang te verleen wat bepaal word deur die belydenis dat die kerk homself sien as 'n Christus-belydende kerk. Daarom moet 'n kerkorde hermeneuties gelees en gebruik word binne die driehoek van die geformuleerde teks, die praktyk, maar ook die Skrif.
>
> Die huidige herformulering en herbesinning oor die Kerkorde staan in die lig van die uitgangspunt dat telkens opnuut oor die kerklike orde debat

[51] In Odinansie 4.4.3 (ii) word die volgende bepaal: ‘Die Algemene Kerkvergadering neem besluite oor die leer en belydenis, liturgie en vasstelling, en uitvoering van die Kerkorde (NHKA 2019:51).

gevoer word, wat noodwendig volg wanneer vasgehou word aan die voorrang van die Skrif. Vorige kritiese herformulerings van die kerkordelike vormgewing van die Kerk was onder andere in 1997 en 1951. Die Kerkorde lê nie die kerklike lewe aan bande nie, en kom heel laaste aan die orde waarin die uitgangspunt setel dat dit die manier is hoe die Kerk homself sien, en meen om die Heerskap van Christus in die kragveld van die Gees tot uiting te bring. Die huidige herskrywing van die Kerkorde geskied in opdrag van die 70ste Algemene Kerkvergadering (Notule 70ste Algemene Kerkvergadering 2013, Beskrywingspunt 126, p 593). In die agenda van die vergadering is daar 51 beskrywingspunte wat die herskrywing van die Kerkorde in gedagte het. Dit verskaf die rede waarom 'n gewysigde Kerkorde aan die Algemene Kerkvergadering voorgelê word.

(NHKA 2016:29)

## 4.4. Teologiese norm by die aanvaarding van ‘n kerkorde

Wat betref ‘n kerkorde, sal die unieke karakter wat daarin weerspieël word ‘n eiesoortige reg wees, naamlik die kerkreg (*ius sui generis*). Dit beteken dat dit ‘n reg is wat in wese onderskei behoort te word van die wêreldlike reg (*ius circa sacra*) en glad nie juridies van aard is nie, maar teologies. Hierdie reg word geldend in die kerk op grond van dit wat die wese is van die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, naamlik Jesus Christus wat Hoof van die kerk is en self sy kerk regeer deur sy Woord en Gees en ook deur die ampte wat ter vergadering byeenkom. In die lig hiervan kan die afleiding gemaak word dat die kerklike reg, ondergeskik aan die feit dat Jesus as Hoof van die kerk dit konstitueer, ook gekonstitueer word op grond van die gesag wat byvoorbeeld die besluit van ‘n sinodale vergadering daaraan verleen deur ‘n kerkorde te aanvaar op grond van die besluit van ‘n sinodale vergadering. Die rede daarvoor is omdat dit dien as een van die wyses waarop Jesus self sy kerk regeer – ampte wat ter vergadering byeenkom en besluite neem.

Die vraag behoort dus beantwoord te word wat die gesag van sinodale besluite en van ‘n kerkorde behoort te wees. Anders gestel: Wat is die teologiese norm wat geld vir sinodale besluite en op die ou end ook die aanvaarding van ‘n kerkorde as ‘n sinodebesluit? Hieroor maak Haitjema (1951:12) die volgende opmerking:

> Het kerkelijk recht heeft zijn enige bron in de wettige besluiten van de *ambtelijke vergaderingen*; d.w.z. wettig, voor zover zij gelden mogen als decisies van Woord en Geest, waarbij de diepste bronader in niets anders te zoeken en te vinden as dan in de H. Schrift.

Hier kan met sekerheid geantwoord word dat die gesag van sinodale besluite en ook dié van die kerkorde deur ‘n sekere teologiese norm bepaal word. Hierdie teologiese norm kan aangedui word as die belydenis van die kerk. Die verband tussen Skrif (*norma normans*), belydenis (*norma normata*) en kerkorde is reeds hierbo aangetoon asook dat die kerkorde nie los van enige van die twee kan staan nie.

Wanneer die verband tussen kerklike orde en belydenis ter sprake kom, is die verwysing na Artikel 32[52] van die Nederlandse Geloofsbelydenis waar die belydenis aan die orde gestel word, van waarde. In hierdie artikel word die belydende karakter van die kerkorde baie duidelik aangetoon.

Vanuit die betrokke artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis kan verskeie gevolgtrekkings gemaak word wat die nut en nodigheid van ‘n bepaalde hermeneutiek bevestig waarmee die orde in die kerk geïnterpreteer en toegepas word.

---

[52] Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar ‘n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. En daarom verwerp ons alle menslike uitdinksels en alle wette wat mense sou wou invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder, en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God. (NHKA 1997:129)

Eerstens kan verwys word na wat bekendstaan as goddelike reg en wêreldlike reg. In sy kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis verwys Polman (1957b:218-221) na Luther se standpunt waar die Woord alleen genoeg is om die orde in die kerk te handhaaf en enige wette wat in plek gestel word vir hierdie doel is as gevolg van ‘n afwyking van die Skrif of dat daar nie meer soveel erns gemaak word met dit wat in die Skrif hieroor geleer word nie. Hierdie gedagte het ook in later jare gestalte gevind in die denke van Rudolph Sohm en Emil Brunner. Die reformatore het egter wel onderskeid getref tussen goddelike reg waarvoor die Skrif dien as bron. Goddelike reg verwys onder andere na verkondiging van die evangelie as Goddelike opdrag wat aan die predikantamp toegedig word. Dit moet egter nie verwar word met die pouslike hiërargie wat gelykgestel word aan wêreldlike mag van biskoppe nie.

Die vermenging van *ius divinum* en *ius humanum* hou in die kerklike orde nie werklik stand nie omdat ‘n mensgemaakte ordereël in die kerkorde slegs houdbaar is wanneer dit nie in botsing is met die Skrif nie. Daar kan in ‘n Skrifgefundeerde kerkorde nie onderskeid getref word tussen *ius divinum* en *ius humanum* nie (Van Wyk 1991:54).

Met verwysing na Barth maak Van Wyk (1991:55) 'n opmerking wat deurentyd in ag geneem behoort te word wanneer hy sê dat ‘n kerkorde nooit staties of finaal kan wees nie omdat die kerklike reg nie aan die grondreg van die Christokrasie gelyk kan wees nie omdat die kerkorde *ius humanum* bly.

Dit kan dus nie anders nie as dat kerkordelike reëlings in die Skrif begrond word nie. Oor die Skriftuurlike begronding van kerkordelike reëlings maak Polman (1957b:219) die volgende opmerking: ‘Wanneer de kerk nu voor haar institutaire leven al dergelijke bepalingen in een kerkorde opneemt, dan legt zij daarin eenvoudig vast, wat de Koning der kerk verordend heeft.’

Tweedens kan gestel word dat elke kerkordelike reëling word nie *de facto* teruggevind in die Skrif nie. Hier word verwys na reëlings in verband met die ampte, vergaderings van die ampte, beroepswerksaamhede, liturgie, bewys van lidmaatskap en so meer. Polman (1957b:220) vra dan tereg die vraag of dit nodig is dat sulke sake in die kerkorde opgeneem word. In sy antwoord hierop verwys hy na artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dat dit ‘*nuttig en goed* [geag word] *dat die regeerders der kerk zijn*

*onder zich zekere ordinanties instellen en bevestigen, tot onderhouding van het lichaam der kerk.'* Die daarstelling van kerkordelike reëlings, oftewel 'n kerkorde word gesien as 'n resultaat van gehoor wat gegee word aan 1 Korintiërs 14:40 waar gestel word dat alles in die kerk gepas en ordelik moet geskied.

Gebeure na die afloop van die sinode van Dordt (1618-1619) toon 'n interessante verwikkeling wat betref die teologiese norm vir die vasstelling van die kerkorde. By hierdie sinode is gepoog om 'n kerkorde op te stel wat aan die kerk die moontlikheid wou gee om 'n selfstandige godsdienstige en geloofsgemeenskap te wees. Die uitgangspunt van die beoogde kerkorde sou die gedagte wees dat Jesus Christus die enigste Hoof van die kerk is. Die bedoeling hiermee was, soos wat die bedoeling is in die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, dat die verskillende ampte en vergaderings van die ampte nie statiese gesagsinstansies sou word wat die fokus op Jesus Christus en sy Woord sou belemmer nie (Pont 1991:1-2). So het dit egter nie gebeur nie en het 'n uiters belangrike hermeneutiese vertrekpunt wat bepalend is vir die gebruik van 'n kerkorde, in die slag gebly. Pont (1991:2) beskryf die situasie na afloop van die sinode soos volg:

> Dit was egter in die praktyk van die kerklike lewe in Nederland duidelik dat die kerk nié 'n onafhanklike liggaam was nie. Die sinode van Dordrecht wys dit reeds. Die sinode is saamgeroep deur die Staten-Generaal, die Staten het die sinode geopen en gefinansier, deur middel van die kommissarisse-politiek voortdurend daar invloed uitgeoefen en dit was die Staten wat die besluite van Dordrecht se sinode uitgevoer het. Selfs die nuwe Bybelvertaling wat na die besluit van die sinode onderneem is, staan bekend as die *Staten-Vertaling.* Selfs die presbiteriaal-sinodale kerk het bestaan vanweë die welwillendheid van die owerhede. Dit is opvallend dat in die jare nà Dordrecht die kerk ook nie daarin kon slaag om uit daardie owerheidsgreep los te kom nie.
>
> (Pont 1991:2)

Op grond van die mag wat elke provinsiale owerheid in Nederland gehad het, is die kerkorde soos vasgestel by Dordrecht nie oral aanvaar nie. Hoewel hierdie kerkorde aanvaar is in Gelderland, Utrecht en Overijsel, is dit nié aanvaar in Friesland, Groningen en Zeeland nie. Laasgenoemde drie provinsies het hulle eie kerkordes behou (Pont 1991:117). Uit die feit dat provinsiale sinodes nie die Dordtse kerkorde aanvaar het nie, blyk dat die provinsiale sinodes nie die besluite van die nasionale sinode as gesagvol geag het nie.

Die vasstelling van die kerkorde is in die NHKA een van drie sake naas belydenis en liturgie, waaroor op sinodale vlak besluit word, deurdat alleen die Algemene Kerkvergadering bevoeg is om sodanige besluite te neem. In die NHKA dien die besluit van ‘n sinodale vergadering, naas die Skrif en belydenis, as teologiese norm vir die aanvaarding van ‘n kerkorde. Die gesag van kerklike vergaderings en daarom dan ook besluite van kerklike vergaderings, kan gevind word in die feit dat die vergaderings van die ampte, volgens die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, een van die wyses is waarop Jesus Christus middellik sy kerk regeer. Die besluit wat geneem is by die Sinode van Emden in 1571, naamlik dat kerklike vergaderings geopen word by wyse van Skriflesing en gebed om daardeur die leiding van die Gees af te bid, moet egter nie buite rekening gelaat word nie. Die teendeel van hierdie is egter ook waar, en dit is dat die kerk daarteen moet waak om nie in die soeke na die leiding van die Gees, alles te regverdig nie. Elke besluit wat tydens ‘n kerklike vergadering geneem word, kan nie plaasvind sonder ‘n gelowige soeke na wat God in sy Woord van gelowiges vra nie.

Die vraag wat beantwoord behoort te word is waarom die kerk die kerkorde aanvaar as ‘n gesagvolle dokument en op grond daarvan die kerkorde toepas. Die opmerking is reeds gemaak dat ‘n kerkorde Skriftuurlik begrond is en in die verlengstuk van die Skrif en belydenis lê en dat die kerkorde voortdurend aan die Skrif gemeet behoort te word. Dit is veral van toepassing waar kerkordelike wysigings gemaak word (NHKA se werkswyse). Daarom is die volgende vraag wat beantwoord behoort te word of ‘n kerkorde as gesagvol beskou/aanvaar word omdat dit in ooreenstemming is met die Skrif, of word dit as gesagvol aanvaar in soverre dit ooreenstem met die Skrif. Hierdie vraag herinner aan die

*quia/quatenus* kwessie rondom die proponentsformule wat ter sprake gekom het in die *Algemeen Reglement* van 1816. Hieruit het die debat voortgespruit oor die sogenaamde *quia* en *quatenus* standpunte (kyk Rasker 1986:41-42). In hoofstuk 3 is reeds na hierdie debat verwys rondom die proponentsformule. Dieselfde beginsel wat daar gegeld het kan ook gebruik word om te verwys na die aanvaarding van ‘n kerkorde waarin die verhouding tussen Skrif en kerkorde weerspieël word. In die lig van die kerkorde se verband met die Skrif en belydenis, word ‘n kerkorde by wyse van ‘n sinodale besluit aanvaar omdat dit ooreenstem met die Skrif en belydenis, en nie in soverre dit daarmee ooreenstem nie. Hierdie stelling moet onmiddelik gekwalifiseer word deur te sê dat geen kerkordelike bepaling direk af te lees is uit die Skrif nie, maar dat dit in die lig van sekere hermeneutiese beginsels, wel Skriftuurlik is.

Verskeie sake wat hermeneuties dien as teologiese norm kan gestel word as rede waarom ‘n kerkorde aanvaar word en as gesagvol beskou word ten einde die orde in die kerk te reël.

Eerstens kan die standpunt gestel word dat ‘n kerkorde gegrond is in die Skrif. Daarmee word nie bedoel dat kerkordelike reëlings direk uit die Skrif afgelees word nie, maar dat dit in beginsel in die Skrif weerspieël word en kerkordelik, by wyse van ‘n bepaalde hermeneutiek, as kerkordelike reëling neergepen word. Kerkordelike reëlings is daarom die uiteinde van ‘n gelowige luister na die Woord van God ten einde gehoorsaam aan God ‘n bepaalde orde in die kerk te handhaaf.

Tweedens toon die kerkorde, soos reeds gestel, ‘n belydende karakter. Dit beteken egter nie dat die kerkorde belydenis is en gelyk gestel word aan die belydenis van die kerk nie. Die kerkorde staan egter in die verlengstuk van die kerklike belydenis. Indien die belydende karakter van die kerkorde ontbreek kan dit gelyk gestel word aan ‘n konstitusie of grondwet van ‘n wêreldlike instelling. Die verband met die Skrif en belydenis gee aan die kerkorde ‘n unieke karakter wat tot gevolg het dat dit nie as juridiese dokument hanteer word nie, maar eerder as teologiese dokument. Wanneer kerklike geskille opgelos word, dien die kerkorde as riglyn vir gelowiges om gehoorsaam aan God, gegrond op dit wat Hy in sy Woord leer, geskille op te los. Dit word egter gekompliseer wanneer sogenaamde geskille deur ‘n wêreldlike hof hanteer word. Die rede hiervoor is

dat ‘n wêreldlike hof ‘n kerkorde beoordeel as grondwet of konstitusie en dit bloot so gebruik. Die unieke teologiese inhoud en bedoeling van die kerkorde word dan agterweë gelaat. Haitjema (1951:8) sluit hierby aan met die volgende opmerking:

> En hoe paradoxaler daarbij onze geloofswaarheid op het stuk der Kerk is, des te moeilijker zal ons kerkrecht ook te hanteren zijn door een jurist van het vak, die kerkelijke reglementen en verordeningen met noodwendigheid benadert vanuit de kategorieën-leer van het burgerlijk recht.

Daarom is dit van uiterste belang dat wanneer ‘n kerkorde deur ‘n wêreldlike hof geïnterpreteer word, die standpunt duidelik deur die kerk gestel word dat die hermeneutiese vertrekpunt vir die interpretasie van die Kerkode, teologies van aard is, en nie juridies nie.

In die derde plek kan verwys word na die kerkorde wat as teologiese dokument aanvaar word by wyse van ‘n sinodale besluit. Die NHKA verwoord hierdie saak in die aanhef tot Ordereël 10 van sy kerkorde soos volg:

> Die Algemene Kerkvergadering formuleer en aanvaar ordereëls en ordinansies ter wille van die doeltreffende vervulling van die roeping van die Kerk.
>
> (NHKA 2019:94)

Coertzen (1991:190) verwys na twee van die bogenoemde wanneer hy stel dat sommige kerkordelike bepalings gesag dra omdat dit direk op Skrifuitsprake steun en ander omdat dit tot stand gekom het op grond van besluite wat die betrokke kerk geneem het. Die belangrike voorwaarde wat geld vir kerkordelike bepalings wat geformuleer word aan die hand van kerklike besluite, is dat dit nie in stryd mag wees met die Skrif nie.

Binne die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel waarvoor die NHKA gekies het, funksioneer die vergaderings van die ampte as ‘n wyse waarop Christus self sy kerk regeer. Van Wyk (1991:56) definieer die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip soos volg: 'Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip is daardie sisteem wat gevolg gee aan die feit dat Jesus Christus sy kerk onmiddellik regeer deur sy Woord en Gees, en middellik deur die ampte wat ter vergadering kom.'

Die vergaderings waarna in bogenoemde kerkbegrip verwys word en waarin die ampte byeenkom om ten einde die werk van die kerk te doen, is die kerkraadsvergadering wat die primêre vergadering van die ampte is. Die vergaderings sluit ook die vergadering van die klassis, provinsiale sinode en nasionale sinode in (Van Wyk 1991:55).

Wanneer in ag geneem word dat die genoemde vergaderings van die ampte dien as instrument waardeur Christus self sy kerk regeer, moet daar na die kerkordelike reëling wat in die spoor van die Nasionale sinode van Emden (1571) ook neerslag gevind het in die Kerkorde van die NHKA, verwys word. Pont (1984:150) verwys soos volg daarna:

> Dit is ‘n prinsipiële standpunt wat beklemtoon dat in en deur die vergadering van die ampte dit in laaste instansie Jesus Christus, die Hoof en Heer van sy gemeente is wat sélf regeer. Hierdie reëling ten opsigte van die open en sluit van die kerklike vergaderings het natuurlik al vanaf Emden 1571 gegeld, maar daar was dit nog afsonderlik ten opsigte van elke kerklike vergadering gereël. Nou (Middelburg 1581) word dit ‘n omvattende artikel wat alle kerklike vergaderings geld [sic]. As sodanig word dit net so in al die opvolgende kerkordes aangetref.
>
> (Pont 1984:150)

By die sinode van Middelburg is egter bygevoeg dat die inhoud van die prediking bespreek word as deel van die opening van die vergadering.

Met verwysing na die vergaderings van die ampte, naamlik die kerkraadsvergadering, ringsvergadering en Algemene Kerkvergadering, bepaal die NHKA in sy Kerkorde (Ordinansie 4.1.3(i); 4.2.3(v); 4.4.4(iv); 4.5(iii)) dat hierdie vergaderings by wyse van Skriflesing, gebed en sang geopen word. Wat betref die ringsvergadering en Algemene Kerkvergadering word bepaal (Ordinansie 4.2.3(vi); 4.4.4(v)) dat die implikasie van die teologiese inhoud van die openingsrede na afloop van die opening bespreek word.

Wanneer die teologiese norm vir die aanvaarding van die kerkorde ter sprake gebring word is dit nodig om ook die reg van usansie te noem. Kerlike gebruike toon net soos kerklike geskrifte ook ‘n belydende karakter, weereens met die bedoeling dat kerklike optrede nie gelyk gestel word aan die belydenis nie. Hier kan ook verwys word na die stelling van Noordmans dat kerklike denke enige kerklike optrede vooraf behoort te gaan (Noordmans 1984:444).

Die reg van usansie kom duidelik na vore in die NHKA se kerkorde. In Ordereël 4.1 (ii) word die norm vir kerklike besluitneming gereël en word die kerklike gebruike, oftewel die reg van usansie as die vierde norm genoem naas die Skrif, belydenis en kerkorde. Die reg van usansie kom ook ter sprake in Ordereël 10.5 waar reëlings getref word vir situasies waarvoor die kerkorde nie voorsiening maak nie. In sulke gevalle dien die reg van usansie as norm ondergeskik aan die Skrif en kerklike belydenis. Derdens kan ook verwys word na Ordinansie 10.3 waar die kerkorde uitgelê word eerstens aan die hand van die Skrif en die belydenis, in genoemde rangorde, met inagneming van kerklike besluite en gebruike van die kerk. Van Wyk (2020:4) beskryf die reg van usansie[53] soos

[53] Teenoor die reg van usansie stel Van Wyk die saak van kerkordelike toleransie. Anders as die reg van usansie, word kerkordelike toleransie glad nie positief waardeer nie. Daar moet ernstig daarteen gewaak word om dié twee sake nie met mekaar te verwar nie. Van Wyk (2020:4) voer aan dat kerkordelike toleransie gestalte kry in sommige praktyke in die kerk en toegelaat word juis omdat dit verwar word met die reg van usansie. Dit kan vir die kerk uiters skadelik wees. Anders as die reg van usansie vind kerkordelike toleransie sy oorsprong nie in ‘‘n hermeneutiese omgang met die kerkorde nie’ maar eerder by ‘n ‘afwykende en argelose omgang met die kerkorde.’’ Kerklike toleransie word dan beoordeel as onkerkordelik en nadelig vir die kerk omdat die oorsprong daarvan buite ‘n kerkordelike hermeneutiek lê. Van Wyk (2020:8) definieer ook die gevaar wat kerkordelike toleransie vir die kerk inhou deur te sê: ‘dat ’n bepaalde praktyk wat tot nadeel van die Kerk mag wees ontstaan en wanneer die probleem onder die opsig hanteer moet word, is die verweer dat dit kerkordelike usansie is, naamlik dat dit al lankal in die Kerk gebeur. Verder kan as verweer aangebied word dat ander praktyke toegelaat word en enige opsig oor bepaalde optrede as onregverdig en onewewigtig beskou kan word.’

volg:

> Die reg van usansie kom eenvoudig gesproke daarop neer dat kerkregtelik ‘n saak daarvoor uit te maak is dat ‘n kerkordelike praktyk deur die loop van tyd in die kerk algemeen geword het, sodat iemand wat in sodanige praktyk volhard, nie daaroor onder kritiek geplaas kan word nie... Die reg van usansie en praktyke wat daaruit voortvloei is gebaseer op ’n hermeneutiese omgang met die kerkorde, gefundeer op die Skrif en belydenis van die kerk...

In die gevalle waarvoor die kerkorde nie voorsiening maak nie, word besluite in die lig van die Skrif en volgens die gebruike van die kerk gemaak. Hierdie bepaling gee aan die reg van usansie ook ‘n bepaalde gesag waarmee die kerklike orde toegepas word. Agter hierdie gebruik lê ‘n uiters belangrike hermeneutiese beginsel vir die handhawing van die kerklike orde, naamlik dat dit nie die doel is om elke moontlike situasie wat in die kerk kán ontstaan in die kerkorde te verwoord of die kerkorde telkens aan te pas wanneer nuwe omstandighede vir kerkordelike interpretasie vra nie. Van Wyk (2020:8) verwys daarna as die maksimum-minumum beginsel, en maak die volgende stelling in verband daarmee wat outomaties ook die gesag daarvan bevestig:

> Dit kom eintlik daarop neer dat sodanige handelinge wat nie in die kerkorde opgeneem is nie, net so wel in die kerkorde opgeneem kon gewees het, maar nie is nie, omdat die kerkorde gebaseer is op die maksimum-minimum uitgangspunt wat daarop neerkom dat die kerkorde vir die Kerk en al sy gemeentes is en nie net vir een gemeente en sy besondere omstandighede nie.

Bogenoemde vier sake naamlik die kerkorde se begronding in die Skrif, die belydende karakter daarvan, die aanvaarding daarvan as ‘n eiesoortige liturgiese geskrif by wyse

van ‘n sinodale besluit, asook die reg van usansie, kan beskou word as die teologiese norme waarvolgens 'n kerkorde aanvaar word en ook dien as gesagvolle dokument ten einde die orde in die kerk te reël.

### 4.5 Gesag van die kerkorde

Tot dusver is daar in hierdie studie dikwels al daarna verwys dat die kerkorde ‘n bepaalde gesag dra. Hierdie gesag staan in noue verband met die teologiese norme hierbo genoem in dié sin dat die gesag wat die kerkorde besit hermeneuties daardeur bepaal word. Dit sou bydra tot die korrekte interpretasie en gebruik van die kerkorde, ten einde die korrekte bedoeling van die kerkorde gestalte te laat kry.

Die hermeneutiese vertrekpunt wat dadelik aan die orde gestel moet word wanneer die gesag van die kerkorde onder bespreking kom is die rangorde waarin dit staan ten opsigte van die Skrif, as absolute gesag of normerende norm (*norma normans*), en belydenis as afgeleide gesag (*norma normata)* of soos Coertzen (1991:149) dit beskryf:

> Daar is egter ‘n baie definitiewe rangorde. Voorop gaan die Heilige Skrif, in sy absolute gesag. Sekondêr kom dan die belydenisskrifte as ‘n sistematiese samevatting van bepaalde Skrifwaarhede, gevolg deur kerkordes en ander amptelike dokumente van die kerke, met laastens die geskrifte van teoloë en ander wetenskaplikes.

Waarteen gewaak moet word is dat die gesag wat die kerkorde dra nie verhef word bo dié van die Skrif en belydenis nie en sodoende ‘n oormaat gesag aan die kerkorde toegeken word nie. Die gesag van die kerkorde bly ‘n afgeleide gesag op grond van sy verband met die Skrif. Indien dit geïgnoreer word sou dit onmiddelik tot gevolg hê dat die kerkorde as selfstandige dokument beskou kan word wat onafhanklik van die Skrif en belydenis kan funksioneer. Verder sou dit die kerkorde ook ontneem van sy belydende karakter en dit vervlak tot iets gelyk aan ‘n grondwet of konstitusie van ‘n wêreldlike instelling. Smit (vgl. Van der Linde 1965:123) waarsku ook daarteen wanneer hy sê:

> Die vervanging van die belydenis as grondslag van die kerke se saamlewe, laat in beginsel ‘n nuwe hiërargie ontstaan. Wesenlik word die gesag van Christus dan ingeruil vir die gesag van die ‘korporatiewe struktuur’, oftewel die sinode.
>
> (Smit 1984:66)

Van den Heuvel rig die waarskuwing dat die gesag van die kerkorde nie as goddelike gesag beskou moet word en die indruk skep dat die kerkorde wat sy gesag aan betref, onaantasbaar is nie. Hy stel dit soos volg:

> De kerkorde is niet zonder meer te herleiden op de Heilige Schrift, dat zou aan een kerkorde een goddelijk gezag verlenen. Maar het wordt ook niet aan het gezond verstand overgelaten om een passend organisatiemodel te ontwerpen. Wezenlijke bijbelse motieven ten aanzien van het kerk-zijn behoren in de kerkordelijke structuren tot hun recht te komen.
>
> (Van den Heuvel 2001:29)

Die gesag van die kerkorde lê nie in homself nie, maar buite homself – eerstens in die Skrif en tweedens in die feit dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is en self sy kerk regeer. Dit mag nooit die bedoeling van die kerkorde wees om ‘n selfstandige gesag te dra los van die Skrif nie. Al is die kerkorde ‘n teologiese dokument met ‘n belydende karakter, saamgestel onder die leiding van die Heilige Gees en in die kerk aanvaar as sinodale besluit, ook onder leiding van die Heilige Gees, bly dit ‘n menslike poging tot die handhawing van die orde in die kerk. Op grond daarvan dat dit ‘n menslike poging is in die lig van ‘n gelowige luister na die Woord van God, is dit steeds nie volmaak nie en

feilbaar.

Te midde van die feit dat die kerkorde ‘n menslike poging is tot die handhawing van die orde in die kerk, geld die hermeneutiese beginsel steeds dat dit die uitvloeisel is van gelowiges se luister na die Skrif, omdat net soos die gesag, ook die bepalings wat in die kerkorde neerslag vind, in beginsel reeds in die Skrif neergelê is. In hierdie verband is die opmerking van Du Plooy van waarde:

> Omdat die kerk nie sy eie wetgewer is nie, en ook nie mag wees nie, aangesien die kerk die eiendom van Jesus Christus is en Hy die enigste Hoof van die kerk is, is die reg wat vanuit sy Woord en onder leiding van die Gees van God vasgestel is, gesaghebbend en bindend.
>
> (Du Plooy 2012:4)

Gehoorsaamheid aan God en die gesag van die kerkorde is twee sake wat hand aan hand gaan sodat die kerk as liggaam van Christus daarby kan baat. Hieroor sê Coertzen (1991:192) dat dit belangrik is dat ‘altyd rekening gehou moet word met die res van die liggaam van Christus: as een lid eiewillig optree dan ly die hele res van die liggaam daaronder.’

### 4.6 Kerkorde as vergestalting van ‘n bepaalde ekklesiologie

Die bedoeling van ‘n kerkorde is om in die lig van sy verhouding tot die Skrif en met sy belydende karakter die orde in die kerk te reël. Dit bring uiteraard mee dat die betrokke Skrifbeskouing wat gehandhaaf word, bepalend gaan wees vir die interpretasie van die kerkorde in die praktyk. Dit bly op die ou end die verstaan van die Skrif as vasgestelde norm wat bepalend is vir die daarstel van ‘n kerkorde. Om hierdie rede kan aangevoer word dat ‘n kerkorde, nie net inhoudelik nie maar ook die praktiese uitvoering daarvan, teen die agtergrond lê van ‘n bepaalde ekklesiologie. Hier kan ook verwys word na die

opmerking van Smit (1984:41):

> Oor 'ekklesia' kan gekonkludeer word dat dit 'n woord is met heilshistoriese, Christologiese en eskatologiese betekeniskomponente. Die woord word gedra deur die orde wat as 'n vrug van die versoening reeds in hierdie gebroke wêreld iets van die reg van die Toekomstige Eeu weerspieël. Hierdie orde word *in concreto* sigbaar in die kerkorganisasie.

Dingemans (1989:207) maak twee uiters belangrike opmerkings rakende die verband tussen kerkorde en ekklesiologie. Eerstens sê hy dat 'n kerkorde ook teen 'n juridiese agtergrond gelees behoort te word. Hy maak die volgende opmerking hieroor:

> ...een kerkorde is een in rechtsregels vertaalde ecclesiologie. Wat een kerkgemeenschap denkt over haar eigen wezen en gestalte, over haar positie in de wereld, haar vormgeving en inrichting, wordt in een kerkorde vertaald in rechtsregels, die gelden voor het functioneren van die gemeenschap.
>
> (Dingemans 1988:207)

Na die kerkorde kan verwys word as 'n dokument waarin verskeie teologiese en ekklesiologiese uitgangspunte verwoord word. Sommige ekklesiologiese uitgangspunte gaan die botoon voer in die lig van verskeie teologiese kompromieë wat gesluit word (Dingemans 1998:207). Hier blyk dit weereens duidelik dat 'n kerkorde die resultaat is van teologiese nadenke. Die voorwaarde wat hier gestel word aan die kompromieë is dat dit nie in stryd mag wees met die Skrif en belydenis nie. Hierdie kompromieë mag nie uitloop op kerkordelike toleransie waarna vroeër verwys is nie, maar moet steeds gemeet word aan die norm van die Skrif en belydenis. Teologiese kompromieë tussen verskeie

ekklesiologiese uitgangspunte dui nie op ‘n neutraliteit wat ‘almal pas’ nie. Dit dien egter as ‘n belangrike hermeneutiese beginsel in die gebruik en implementering van ‘n kerkorde. Hieroor maak Dingemans die volgende opmerking:

> Een kerkorde is geen neutraal ‘reglement’, waarin wat handige spelregels voor de omgang van gelovigen worden opgeschreven. Een kerkorde is een spiegel van een theologie. Het is gestructureerd en in wets-artikelen vertaalde ecclesiologie.
>
> (Dingemans 1989:208)

In die tweede plek voer hy aan dat dit nie so ‘n maklike taak is om ‘n teologiese ekklesiologie te omskep in kerkordelike bepalings nie: ‘Juist omdat kerkrecht een juridische vormgeving is van de beweging die we kerk noemen, zijn er heelwat fricties en compromissen’ (Dingemans 1988:220).

Om die kerkorde te beskryf as ‘n ekklesiologie wat in regsreëls vertaal is, kan maklik die indruk skep dat die kerkorde ‘n juridiese dokument is wat dienooreekomstig geïnterpreteer en toegepas word en dat dié taak alleenlik die verantwoordelikheid is van regsgeleerdes. Dingemans (1989:210) waarsku daarteen wanneer hy sê dat dit kan lei tot verstarring in die kerklike praktyk in die lig van die beskouing dat ‘n kerkorde juridiese wette is wat neergelê is vir die kerk. Dit kan baie maklik gebeur. Die evaluering van kerkordelike bepalings bly ‘n voortdurende proses omdat daarteen gewaak moet word dat dit nie lei tot ‘n verstarring waardeur die verkondiging van die evangelie en die kerk se werksaamhede onderdruk word nie. Alhoewel institusionalisering en de-institusionalisering ‘n voortdurende proses is in kerklike denke en die kerklike lewe van elke dag,[54] moet die kerk steeds ‘n ‘dinamiese oppadwees’ bly, gerig op die wederkoms,

[54]Die proses van institusionalisering, de-institusionalisering en herinstitusionalisering vind deurlopend plaas in sosiale groepe. Veranderde sosiale eise van die samelewing en spesifieke kontekste waarbinne groepe hulle visie uitleef, gee aanleiding daartoe dat hierdie proses deurlopend plaasvind. Die skep en wysiging van strukture binne ’n bepaalde groep is deel van die institusionaliseringsproses. Die kerk is as

en nie verval in institusionalisme nie. ‘Kerkorde’ lijkt een voortdurende aanvechting te zijn voor een dynamische en open kerkopvatting. Ecclesiologie en kerkrecht staan in de praktijk in een spanningsveld, waarbij de ‘harde’ juridische structuur van het kerkrecht het voortdurend lijkt te winnen van de open ecclesiologie van de dogmatiek (Dingemans 1989:210).

Met die oorwegende klem op ‘n juridiese karakter van die kerkorde, kan die indruk verder geskep word dat die kerkorde sy teologiese aard en belydende karakter verloor. Daarom sou dit nodig wees om die ekklesiologie wat neerslag vind in die kerkorde van naderby te kwalifiseer as ‘n Christologiese ekklesiologie omdat die belydenis dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, die grondslag behoort te vorm van enige ekklesiologie.

Spoelstra waarsku egter dat die oorwig van kerklike gesag nie alleen in ‘n ekklesiologie lê nie, maar eerder in ‘n Christologie omdat Christus sy kerk regeer en Hy die enigste mag en gesag in die kerk het.

> Die kerklike praktyk moet waar ’n Christen, ’n ampsdraer of ’n kerkvergadering die gesag van Christus bedien, doelbewus op die Christokrasie konsentreer. Dit sal vereis dat die tradisionele ekklesiologiese met ’n Christologiese gerigtheid afgeskaal moet word.
>
> (Spoelstra 1992:917)

Hieruit word die afleiding gemaak dat Spoelstra van mening is dat ‘n Christologie in ‘n meerdere mate in ‘n kerkorde weerspieël behoort te word en ‘n ekklesiologie in ‘n mindere mate. Dit sou volgens hom tot gevolg hê dat kerkordelike bepalings ‘n meer bedienende en geestelike karakter kry as bevelend en gebiedend. Na my mening word kerkordelike bepalings as bedienend of bevelend geïnterpreteer in die lig van ‘n bepaalde hermeneutiek wat betrokke is by die gebruiker van die kerkorde, wat natuurlik gegrond is

groep in die samelewing ook aan hierdie proses blootgestel (kyk Dreyer 2002:625; Jones 2010:241).

in verskeie kerkregtelike beginsels. Dit is beginsels soos byvoorbeeld dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, dat kerkordelike bepalings vanuit die Skrif verantwoordbaar behoort te wees, dat die kerkorde ‘n belydende karakter toon en ‘n poging is om die orde in die kerk te handhaaf op grond van die oproep in die Skrif dat alles ordelik geskied.

Wanneer Dingemans (1989:214-216) die saak oor ekklesiologie aan die orde stel, onderskei hy tussen ‘n Christologiese- en pneumatologiese ekklesiologie en sê dat die struktuur van die kerk bepaal word op grond van die keuse wat gemaak word of die kerkorde vanuit ‘n christologiese of pneumatologiese hoek saamgestel word. Hy onderskei die twee baie duidelik van mekaar terwyl dit na my mening eerder vervleg is met mekaar. Hy voer aan dat ‘n christologiese ekklesiologie die ruimte vir ‘n kerkorde laat om te veel te steun op die institusionalisering en die kerk op so ‘n manier naby aan Christus te bring deur te dink dat dit is hoe die kerk behoort te funksioneer. ‘n Christologiese ekklesiologie sal dus volgens Dingemans die kerk ‘vashou’ en keer om werklik te gaan kerkwees soos wat die bedoeling in die Skrif is. Wanneer hy van 'n pneumatologiese ekklesiologie praat, bedoel hy dat die struktuur in die kerk baie meer los en vloeiend is. Die kerk het volgens hom ontstaan met die uitstorting van die Heilige Gees en is so aan almal gegee, nie net aan lidmate of belydende lidmate van die kerk nie. ‘n Pneumatologiese ekklesiologie sou dus meer ruimte laat in die kerk en meer inklusief wees as ‘n christologiese ekklesiologie.

Na my mening is dit onnodig om ‘n keuse tussen ‘n christologiese- of pneumatologiese ekklesiologie te maak. Die twee is vervleg in mekaar. Eerstens dui ‘n christologiese ekklesiologie daarop dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, en bring ook die liggaam-metafoor waarmee die kerk in die Nuwe Testament beskryf word, in die kollig.

> Een ‘christologische ecclesiologie’ brengt de kerk als instituut heel dicht bij Christus. Heeft zelfs de neiging om het kerkelijk instituut te vereenzelvigen met het Lichaam van Christus. Dat is natuurlijk voor een groot gedeelte ook juist: de kerk heeft zichzelf door de eeuwen heen verstaan als het instrument van Christus in de wereld en als zodanig representeert de kerk Christus in de wereld. Ze is dan ook – bij wijze van spreken – het Lichaam

van Christus in de wereld.

(Dingemans 1989:214)

Die pneumatologiese ekklesiologie kan ook nie uitgesluit word nie. Dit is egter die Heilige Gees wat aan mense, nie slegs ampsdraers nie, gawes gee om in die kerk te gebruik. Dit is die Heilige Gees wat die gawe van geloof gee dat mense kan glo dat hulle deel van die kerk is omdat hulle deur Christus daartoe geroep is soos verwoord in vraag en antwoord 54 van die Heidelbergse Kategismus.[55] Van Wyk (2017:3) sluit hierby aan wanneer hy met verwysing na Efesiërs 1:22, 23 en Efesiërs 1:14 stel dat hierdie tekste dien 'as ondersteuning en binding tussen Christus en die Gees, as 'n noue verbintenis van Christologie en Pneumatologie waaruit die bruikbaarheid van 'n Christologiese ekklesiologie vir die kerk verwoord word.'

Dit is dus nie nodig om 'n keuses te maak van slegs een ekklesiologie, christologies of pneumatologies, omdat een meer inklusief is as die ander een nie. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie. Daarom sou ek die ekklesiologie wat weerspieël behoort te word in die kerkorde bestempel as 'n Christologies-pneumatologiese-ekklesiologie. Daarmee word bely dat Christus as Hoof van die kerk wesenlik is vir die verstaan van die kerk en dat lidmate van die kerk nie anders kan lewe – binne en buite die kerk – as onder leiding van die Heilige Gees nie. Die volgende opmerking van Bonhoeffer (1971:50) ondersteun die standpunt dat die ekklesiologie wat ter sprake is christologies-pneumatologies van aard behoort te wees: 'Der Heilige Geist aktualisier, was durch und in Christus realisiert ist'. Net so kan die daarstel en interpretasie van kerkordelike bepalings, nie geskied sonder die leiding van die Heilige Gees nie, juis omdat dit onlosmaaklik verbind is aan die Skrif. Dit is slegs onder leiding van die Heilige Gees wat mense die verlossing wat God gee in Jesus Christus besef en dit uitleef deur as verloste sondaars in hierdie

[55] Wat glo jy van die 'heilige, algemene, Christelike kerk'? Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly (NHKA 1997:146).

gebroke wêreld te leef en daardeur met die hoop wat God daarmee saam in Jesus Christus aan mense gee, te leef in die oppadwees na die einde.

Wanneer die kerkorde in die woorde van Dingemans (1989:207) beskryf word as ‘een in rechtsregels vertaalde ecclesiologie’ kan die indruk geskep word dat die kerkorde van sy belydende karakter ontneem word. Daarom is dit belangrik om die ekklesiologie te kwalifiseer ten einde die belydende karakter daarvan duidelik te maak.

‘n Ekklesiologie bly wesenlik deel van ‘n kerkorde en word daarin weerspieël omdat ‘n kerkorde te make het met die orde in die kerk wat in 'n bepaalde vorm gestalte kry. Wanneer dus gepraat word van ‘n bepaalde ekklesiologie op grond van die kerkorde, moet sodanige ekklesiologie onmiddelik gekwalifiseer word deur eerder daarna te verwys as ‘n Christologies-pneumatologiese-ekklesiologie. Daarmee word verhoed dat die ekklesiologie bloot oor ordelike reëlings gaan of dat die kerkorde juridies geïnterpreteer word, maar dat die ekklesiologie in der waarheid dui op Christus wat sy kerk regeer deur sy Woord en Gees. Dit beklemtoon die belydende karakter van die kerkorde en verhoed dat dit bloot beskou word as ‘n konstitusie of grondwet van ‘n vereniging of klub. Hierdie gedagte vorm ‘n uiters belangrike hermeneutiese vertrekpunt vir die interpretasie van die kerkorde.

## 4.7 Eiesoortigheid van ’n kerkorde

Dat ’n kerkorde ‘n eiesoortige dokument is, blyk uit verskeie opmerkings wat alreeds in hierdie studie gemaak is. Die eiesoortigheid daarvan kan eerstens begrond word in die feit dat die kerkorde gegrond is in die Skrif en daarsonder geen waarde of gesag kan dra nie. Coertzen (1991:193) voer aan dat die regte lees en gebruik van die kerkorde in die eerste plek plaasvind binne die bakens van die orde wat God in sy kerk wil. Daar is reeds aangetoon dat die Skrif dien as baken hiervoor (kyk §4.5).

Die eiesoortigheid van die kerkorde, word verbind aan die eiesoortigheid van die kerk. Die kerk is anders as enige wêreldlike organisasie in die feit dat die kerk nie gekonstitueer word deur die somtotaal van sy lede nie, maar dat die kerk sy lede voorafgaan in dié opsig dat die kerk ontstaan het op grond van Jesus se opstanding uit die dood en die

uitstorting van die Heilige Gees.

Elke kerkordelike bepaling moet ten doel hê om ‘n refleksie te wees van die Christus-regering wat orde bring in die kerk om daardeur die Christologies-pneumatologiese ekklesiologie aan die orde te stel.

Die kerkorde word onderskei van enige grondwet of konstitusie in die lig van die belydende karakter wat die kerkorde toon, juis omdat dit nie los kan staan van die Skrif (*norma normans*) en die belydenis (*norma normata*) nie, sonder om dit enigsins gelyk te stel aan die Skrif of belydenis. Die wesenlike verskil tussen ‘n kerkorde en grondwet of konstitusie, lê ook in die eiesoortigheid van die kerkorde in dié sin dat ‘n kerkorde nooit finaal is nie, omdat daar nooit opgehou kan word om te luister na die Woord van God wat onder andere betref die handhawing van die kerklike orde nie. ‘n Finale kerkorde wat alles sê wat nodig is, sou ‘n gearriveerdheid tot gevolg hê by die betrokke kerk wat die toepassing van die kerklike orde groot skade kan berokken.

Die aanvaarding van die kerkorde as sinodale besluit dui ook op die eiesoortigheid van die kerkorde in dié sin dat dit nie aanvaar word op grond van ‘n demokratiese meerderheid van stem nie, maar op grond van ‘n besluit van ‘n kerklike vergadering wat ‘n eie hermeneutiese lig daarop laat val. Sonder om die besluite van kerklike vergaderings een tot een gelyk te stel aan die leiding van die Gees, kan die opmerking tog gemaak word dat kerklike besluite geneem word in die lig van en in die geloof dat die betrokke vergadering geopen is deur die leiding van die Gees af te bid en dat die Woord dien as riglyne waarbinne die vergadering debat voer en besluite neem. So kan die eiesoortigheid van die kerkorde ook gevind word in die manier waarop dit in die betrokke kerk aanvaar word en as gesaghebbend beskou word ten einde die orde in die kerk te handhaaf.

In die lig van die kerkorde se verbintenis aan die Skrif en belydenis, dien dit ook nie as ’n juridiese dokument met wette om die orde te reël nie, maar eerder as ‘n teologiese dokument met reëlings wat die handhawing van die orde in die kerk ten doel het. Hierdie is ‘n belangrike hermeneutiese beginsel naamlik dat die kerkorde nie ten doel het om ‘wette’ voor te skryf nie, omdat hierdie ‘wette’ reeds in die Skrif voorkom en die kerkorde poog om dit te ‘vertaal’ binne die kerklike konteks en leefwêreld waarin die kerk hom op ‘n gegewe tydstip bevind. Orde in die kerkregering is dus gegrond op orde in die Skrif.

## 4.8 Samevattend

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat daar 'n wesenlike verband bestaan tussen Skrif, belydenis en kerklike orde. Wat betref die gesag van die kerkorde beteken dit egter nie dat die gesag op dieselfde vlak lê nie, maar dat die Skrif (*norma normans*) die hoogste gesag dra gevolg deur die belydenis (*norma normata*) en dat die kerkorde as 'n verwoording van die betrokke kerk se ekklesiologie in die verlenging lê van die Skrif en belydenis. Om hierdie rede is die kerkorde ook 'n eiesoortige dokument wat anders funksioneer as 'n grondwet of konstitusie van 'n organisasie of sosiale instelling. Dit word ook nie juridies geïnterpreteer nie, maar teologies. 'n Kerkorde is die vergestalting van 'n christologies-pneumatologiese ekklesiologie van 'n betrokke kerk waarin dié kerk se skrifbeskouing ook gereflekteer word.

In die volgende hoofstuk word verskeie sake aan die orde gestel en gemeet aan 'n hermeneutiek van kerkreg deur die resultate wat tot dusver opgelewer is, te gebruik. Die doel is om die genoemde sake te interpreteer en toe te pas volgens wat die aanvanklike bedoeling daarvan was en om sodoende te help dat 'n korrekte hermeneutiek gevorm word vir die gebruik van 'n kerkorde. Die hoofstuk gaan fokus op die Kerkorde van die NHKA.

# HOOFSTUK 5

# HERMENEUTIEK VAN KERKREG TOEGEPAS OP DIE KERKORDE VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

## 5.1 Grondbeginsels van die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel

Tot dusver is verskeie kerkregtelike beginsels aan die orde gestel ten einde ‘n hermeneutiek daar te stel om behulpsaam te wees vir die interpretasie en toepassing van die kerklike orde. Vervolgens word die genoemde resultate toegepas op verskeie grondbeginsels van die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel soos wat dit neerslag vind in die Kerkorde van die NHKA. Daar gaan aangetoon word waar elke beginsel in die Kerkorde van die NHKA voorkom en hoe dit hermeneuties geïnterpreteer behoort te word ten einde kerklike orde toe te pas gehoorsaam aan die Woord van God.

### 5.1.1 Jesus Christus as Hoof van die kerk

Die NHKA het gekies dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel in die NHKA gehandhaaf moet word (NHKA 1967:179). Ten grondslag van hierdie kerkregeerstelsel lê die belydenis dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is. Die saak word in die kerkorde van die NHKA aan die orde gestel in die aanhef tot Ordereël 4, wat handel oor die vergaderings van die ampte. Jesus Christus is die enigste Hoof van die kerk (NHKA 2019:39). Die beginsel dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, dien dus vir die NHKA as vertrekpunt in sy verstaan van die regering van die kerk omdat die wyse waarop Christus self sy kerk regeer, gegrond is in die belydenis dat Hy die Hoof van die kerk is.

Ook in die aanhef tot Ordereël 8 wat handel oor die kerklike dissipline, word die Hoofskap van Jesus Christus bely:

> Die Woord van God skep orde en dissipline in die Kerk. Daaruit vloei die verwagting dat almal ooreenkomstig die Woord van God glo en leef, en Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk erken. So word die eenheid en eendrag bewaar en bevorder.
>
> (NHKA 2019:78)

Pelser (1994:320-321) stel dat Christus die kerk voorafgaan (vgl. Heidelbergse Kategismus 54) en dat die kerk daarom nie kan bestaan sonder Christus nie (vgl. Bultmann 1983:310-311).

> Hoewel die kerk dus vanselfsprekend uit sy lidmate bestaan, is dit nogtans nie so dat die kerk *deur* sy lidmate tot stand kom of bestaan nie. Juis omdat Christus die kerk konstitueer, is die kerk as liggaam van Christus altyd vóór die lidmate daar... Daarom behoort die kerk ook nie aan sy lidmate nie, maar alleen aan Christus, die verlosser en Here van die kerk.

Die belydenis dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, dra dus ook by tot eenheid in die kerk. Hierdie belydenis is Skriftuurlik begrond. Volgens Van Wyk (2015:1) kom Jesus se Hoofskap van die kerk baie duidelik na vore in Efesiërs en Kolossense. Oor hierdie saak word uitgebrei met die volgende stelling:

> Die briewe aan die Kolossense en die Efesiërs, veral laasgenoemde, vorm ŉ ekklesiologiese voorbeeld daarvan dat die kerk algemeen is en beklemtoon ook die belangrikheid daarvan dat Jesus Christus Hoof van die

kerk is. Daarbenewens word die Gees aanduiding van die toekoms as 'n toekoms wat vas en seker is.

(Van Wyk 2015:77)

Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel ook die saak van Christus se Hoofskap van die kerk aan die orde in artikels 27[56] en 31[57]. Daar word gestel in artikel 27 dat die kerk van die begin van die wêreld reeds bestaan. Hierdie stelling moet gekwalifiseer word deurdat daar nie na die kerk verwys word in sy institusionele karakter nie, maar eerder as die versameling van gelowiges. Die kerk het later aan die einde van die eerste eeu eers 'n institusionele karakter begin kry. Of die kerk bestaan het bloot as versameling van gelowiges of in sy institusionele karakter, is die oorlewing en voortbestaan van die kerk weens die feit dat God self sy kerk bewaar en in stand hou. Met verwysing na

[56] Ons glo en bely ‘n enige, katolieke of algemene kerk, ‘n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.
Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, **want Christus is ‘n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie**.
En hierdie heilige kerk word deur God bewaar teen woede van die hele wêreld, alhoewel dit soms ‘n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mens lyk asof dit tot niet gegaan het – soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab seweduisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of beperk tot ‘n sekere plek of sekere persone nie, maar is dit oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil een in dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig.

[57] Ons glo dat bedienaars van die Woord van God, ouderlinge en diakens tot hulle ampte verkies moet word deur ‘n wettige verkiesing van die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer.
Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.
Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: Hulle het, op watter plek hulle ookal mag wees, een en dieselfde mag en gesag omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is – die enigste algemene Opsiener en die **enigste Hoof van die kerk**.
Verder sê ons, met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen, en sover moontlik sonder murmurering, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef.

bogenoemde twee artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel Polman (1957b:150-151) dit soos volg:

> Deze vergadering der ware Christengelowigen omspan alle tijden. Zij bestaat continu, voortdurend en onafgebroken, op de lengtelijn der tijden... Was haar bestaan afhankelijk geweest van mensen, dan was zij reeds lang vergaan. Zij werd echter *van God bewaard of staande gehouden tegen het woeden der gehele wereld;*... Daarna komt haar Koning en Hoofd Christus Jezus Zelf op aarde en geeft haar de onzaglijke belofte van onvergankelijkheid en voortdurend bijstand. Bijna twintig eeuwen zijn er na dit majesteitelijk Zelfgetuigenis van Christus verlopen en met ontroering belijden wij zijn trouw en presentie in de sterk boeiende geschiedenis van zijn kerk, die nog steeds bestaat en van de aarde niet verdwenen is.

Christus se Hoofskap van die kerk moet begrond word, volgens Efesiërs 5:23, in die feit dat Hy die een is wat sy kerk verlos het van sonde en dood. Sy Hoofskap oor die kerk is dus iets wat Hy deur sy dood verdien het en wat daarom ook nie binne die vermoë van enige mens is nie. Alleen Christus kan dus die Hoof van die kerk wees. Volgens Coertzen (1991:87) is Jesus se Hoofskap ‘n posisie van superioriteit en heerskappy.

Met verwysing na Efesiërs 1:23 is die gemeente met Christus vervul, of anders gestel, is die gemeente in Christus. “Om in Christus te wees is die “geheim” van die kerk se bestaan en daarom ook die geheim van kerkreg en kerkregering (Coertzen 1991:88). Die beoefening van kerkreg en ook die interpretasie en toepassing van die kerkorde, vind dus plaas in hierdie ‘ruimte’ wat bekendstaan as die kerk, wat onmiddelik ook kerk is ‘in Christus’. Die kerklike orde is betekenisloos indien dit nie beskou word as ‘n orde wat onlosmaaklik aan Christus verbind is nie. Ook die kerklike orde moet die teenwoordigheid van Chrstus weerspieël wat terselfdertyd ook as belydenis dien dat daar ‘n verhouding tussen Christus en sy kerk, oftewel God en mens bestaan, wat orde vra.

In die Skrif en in die belydenis word duidelik gestel dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is. Daaraan moet die kerk gestalte gee in die wêreld waarin hy die evangelie verkondig, maar ook in die kerk self moet dit duidelik word. In die kerkorde as verlenging van die kerk se belydenis, asook in die toepassing van die kerklike reg, moet hierdie belydenis ook gestalte kry.

Die belydenis dat Jesus die Hoof van die kerk is sou die volgende beteken:

Eerstens beteken dit dat die kerk aan Christus behoort. Hy het sy lewe opgeoffer vir die kerk. Deur sy kruisdood het Hy mens en God met mekaar versoen en daardeur vrede gebring in hierdie verhouding. Hy het dit dus vir sy kerk moontlik gemaak om met vrymoedigheid tot God te nader en in ‘n verhouding met Hom te kan leef.

In die tweede plek beteken Christus se Hoofskap van die kerk, dat Hy die kerk regeer en dat Hy daarom ook die enigste een is wat werklik die gesag het om die regering van die kerk uit te voer. Die uniekheid van die kerk en die onderskeid tussen die kerk en enige wêreldlike instelling juis gesetel is in die gesag wat Jesus dra as Hoof van die kerk. Hierin is die kerk uniek in onderskeid van alle menslike verbande en kom Christus se gesag ook tot gelding in die kerk (Coertzen 1991:92). Die stelling dat Jesus die kerk regeer as Hoof daarvan, is ook die wesenlike van die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel waarvoor die NHKA gekies het.

> Sodra die kerk die grondbeginsel van die presbiteriaal-sinodale sisteem, dat Jesus Christus die enigste Hoof en Heer van die Kerk is loslaat, is die moontlikheid daar dat die kerk vervlak tot ‘n vereniging van die wêreld.
>
> (Van Wyk 1991:145)

Derdens kan die opmerking gemaak word dat die Hoofskap van Christus oor sy kerk dui op die dienende karakter van gelowiges, en spesifiek die ampte wat in vergaderings byeenkom as een van die middele waardeur Christus middellik sy kerk regeer naas die

Woord en Gees. Pont (1981:192) maak die volgende opmerking oor die Christusregering as deel van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip:

> Die presbiteriaal-sinodale sisteem gaan uit van die standpunt dat Jesus Christus oor die kerk, wat sy liggaam is, regeer. Hiervolgens regeer Jesus Christus op tweërlei manier oor sy kerk: allereers onmiddellik deur sy Woord en Gees en andersyds middellik deur die amp.

Jesus se Hoofskap oor die kerk dui nie net daarop dat ampsdraers in sy diens staan nie, maar elke gelowige wat deel van sy kerk uitmaak.

Hierdie is ‘n uiters belangrike hermeneutiese vertrekpunt omdat die doel van die kerkorde aangedui word nie as iets wat primêr die kerk tot diens is nie, maar eerder diensbaar is vir Christus as Hoof van die kerk. Hierdie diensbaarheid vind egter neerslag in die toepassing van die kerkorde. Om hierdie rede word die kerkorde nie bloot gesien as praktiese reëlings rondom die inrigting van die kerk nie, maar eerder as dit waarin die kerk ook uiting gee aan sy gehoorsaamheid aan sy Hoof, Jesus Christus, ten einde ‘n bepaalde orde vir die kerk daar te stel. Die doel van die kerklike orde is dus om diensbaar te wees aan Jesus Christus. Dit resoneer ook met die stelling van Barth dat kerkreg ‘n ‘dienende reg’ is.

Laastens gee die feit dat Christus self sy kerk regeer en in stand hou ook ‘n eskatologiese perspektief in dié sin dat Hy sy kerk in stand hou totdat die wederkoms plaasvind. Hierdie versekering, of anders gesê troos, moet ook gereflekteer word in die kerklike orde. Die orde wat in die kerk gereël word vind neerslag terwyl Christus met sy kerk oppad is na die einde van tyd. Onderliggend aan elke kerkordelike bepaling moet die intensie dus wees dat sodanige bepalings die kerk van Christus tot diens moet wees om die wederkoms saam met sy Hoof, Jesus Christus, met hoop en blydskap tegemoet te gaan.

Wanneer Jesus Christus bely word as die Hoof van die kerk, soos onder andere in die kerkorde van die NHKA, vereis dit ‘n bepaalde hermeneutiek wat die reikwydte van so ‘n

kerkordelike bepaling, wat eintlik niks anders as ‘n belydenis is nie, te begryp en kerkordelik so te interpreteer dat dit die kerklike orde tot diens kan wees.

### 5.1.2 Kerkregering teenoor kerkbestuur

Die NHKA bepaal in die aanhef tot Ordereël 4 (NHKA 2019:39) wat handel oor die vergaderings van die ampte, dat die regering van die kerk die verantwoordelikheid is van die vergaderings van die ampte. In Ordinansie 4.1.2 (i) word dit spesifiek gestel as deel van die kerkraad se werkopdrag (NHKA 2019:40). Dit is opmerklik hoe die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip weereens hier neerslag vind en die regering van die kerk, deur Jesus Christus self, in die verlengstuk lê van sy Hoofskap oor die kerk. Hiermee mag nie verstaan word dat die ampte wat ter vergadering byeenkom gelyk gestel word aan die Woord en Gees as middelle waardeur Christus regeer nie. Volgens Smit (1984:125) is samekomste of kerklike vergaderings ingeweef in die patroon waarvolgens Christus sy kerk deur die diens van mense regeer.

Die neiging na kerklike bestuur eerder as regering, het veral na vore gekom in die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden*, wat op 7 Januarie 1816 per koninklike besluit vasgestel is. Op grond van hierdie beginsel is die kerk vanuit owerheidsweë bestuur en het die owerheid 'n al hoe groter houvas op die kerk gekry en later die kerk beheer. Die kerk het gefunksioneer as ‘n staatsdepartement met ‘n eie minister. Verskeie bestuursliggame is daargestel waaruit duidelik afgelei word dat dit kerklike vergaderings vervang het, te wete Provinsiale bestuur, klassikale bestuur en kerklike bestuur in die gemeente. In die bestuursraamwerk wat in Nederland se kerke gegeld het in hierdie tyd was die koning die Hoof van die kerk. Hier word die beginsel wat ten grondslag van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip lê geignoreer naamlik dat Jesus Christus die enigste Hoof van die kerk is. In 1951 word ‘n totaal nuwe Kerkorde ingevoer wat radikaal verskil van die *Algemeen Reglement* van 1816. Hierin het die Kerk hom losgemaak van bestuursbeginsels en weer toegesien dat die kerk deur sy Hoof, Jesus Christus, regeer word. Die bestuur van die kerk soos gereël in die *Algemeen Reglement* van 1816 het ‘n hiërargie in die kerk tot gevolg gehad in dié sin dat die kerkraad nie meer gefunksioneer het as die primêre vergadering van die ampte

nie en ook was die plaaslike gemeente nie meer die verskyningsvorm van die kerk nie, maar eerder die sinode (vgl. Rasker 1986:28).

Met die totstandkoming van die *Algemeen Reglement* in 1816 is die Nederlandse kerk in 'n krisis gedompel om twee redes, eerstens dat die owerheid beheer oor die kerk gekry het en tweedens omdat die Christusregering van die kerk vervang is met die bestuur van die kerk vanuit owerheidsweë. Vir meer as honderd jaar het die kerk gepoog om uit hierdie situasie los te kom. Drie en dertig pogings daartoe word aangewend vanaf 1827 (kyk Bronkhorst 1945:39-42). Daarin kon eers daarin geslaag word in 1951 toe die nuwe kerkorde, wat geskoei is op kerkregtelike beginsels en waarin die Christusregering van die kerk realiseer en nie die 'bestuur' daarvan nie, in die Nederlandse Hervomde Kerk aanvaar is.

Die begrip 'bestuur' kom ook verskeie kere voor in die kerkorde van die NHKA. Dit verwys op een plek na die werksaamhede van die kuratorium, op sestien plekke na administratiewe sake en op ses plekke na dit wat eerder bestempel sou word as die regering in die kerk. Administratiewe sake verwys na bepalings rondom stoflike aangeleenthede soos begrotings asook maatskaplike belange en barmhartigheidswerk met spesifieke verwysing na die werksaamhede van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging. Dat laasgenoemde sake 'bestuur' word, pas by die aard daarvan en lê nie binne die grense van 'kerkregering' nie. Sake wat ekklesiologies van aard is word nie in die kerk bestuur nie, maar eerder regeer deur sy Hoof, Jesus Christus. Dit verwys na sake soos byvoorbeeld die verkondiging van die Woord, inrigting van eredienste (liturgie), vergaderings van die ampte, opsig oor ampsdraers en lidmate en kerklike dissipline. Hierdie sake is die verantwoordelikheid van die primêre vergadering van die ampte, naamlik die kerkraadsvergadering.

Die kerkregering hou dus verband met die kerklike verkondiging wat ingebed is binne die belydenis, liturgie en kerklike orde. Alhoewel dit alleen die Algemene Kerkvergadering is wat oor hierdie drie sake besluite neem, terwyl sy agenda nie daartoe beperk is nie, is dit die kerkraadsvergadering wat as primêre vergadering van die ampte hieroor opsig uitoefen omdat vergaderings, gesien in die lig van die presbiteriaal-sinodale

kerkregeerstelsel, een van die instrumente is wat die Hoof van die kerk, Jesus Christus, gebruik om sy kerk mee te regeer.

Dat daar op ses ander plekke in die kerkorde na bestuur verwys word in terme van die werksaamhede van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering, wat deel uitmaak van ‘n vergadering van ampte, is dit vreemd dat die begrip ‘bestuur’, met verwysing na ‘n dagbestuur, gebruik word wanneer na die betrokke kommissie se werksaamhede verwys word (Ordinansie 4.10.2). Dit is interessant dat waar die werksaamhede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ter sprake kom daar nie verwys word na ‘n dagbestuur nie, maar moderamen (Ordinansie 4.6.4).

Die gebruik van die begrip ‘dagbestuur’ is verwarrend omdat die NHKA bely dat hy ‘n kerk is wat nie bestuur word nie, maar regeer word. Verder het die begrip ‘korporatiewe identiteit’ die afgelope paar jaar in die NHKA na vore gekom in terme van die beeld wat die kerk uitdra na buite. Dit het tot gevolg gehad dat die kerk in dieselfde sfeer geplaas word as sakeondernemings deur die gebruik van begrippe soos ‘bestuur’, ‘groei’, ‘markaandeel’, welstand van werknemers’ en ‘diens aan verbruikers’ (vgl. Buitendag 2003:354-355). Met ‘n begrip uit die moderne bestuurswetenskappe poog sommige woordvoerders in die Kerk dus om die Kerk by wyse van ‘n korporatiewe identiteit sigbaar te gaan maak in die wêreld. Dit is ‘n bestuursbeginsel waarvolgens wêreldlike instellings suksesvol bemark word. Die vraag is egter of dit op die kerk van toepassing gemaak behoort te word veral in die lig van die volgende opmerking van Dingemans (1987:19): “Men kan het wezen en roeping van de kerk samevatten in de twee ‘basisbegrippen’: *apostolaat* en *belijden.*”

Sou die kerk eerder bestuur as regeer word, sou dit verrykende gevolge hê vir die handhawing van die kerklike orde omdat die 'ekklesiologie' wat dan aanvaar word ver verwyderd sou wees van ‘n ekklesiologie wat hermeneuties korrek ingekleur is en waarin die kerklike orde begrond word. Wanneer die regering van die kerk vervang word met kerklike bestuur volgens hedendaagse bestuursbeginsels sal dit die kerk van sy uniekheid en eiesoortigheid ontneem. Die kerk kan nie gelyk gestel word aan ‘n wêreldlike instelling nie. Sodoende sal die kerkorde van sy belydende karakter ontneem word en gelyk gestel word aan die konstitusie of grondwet van ‘n wêreldlike instelling wat ontstaan

het op grond van gemene belange van die groep waaruit dit bestaan. Die kerk bestaan nie op grond van die gemeenskaplike belang van sy lede nie, maar is gegrond in die genadeverbond wat God met mense gesluit en vernuwe het in die dood en opstanding van Jesus Christus. Die kerk word dus deur Christus gekonstitueer. Indien die kerk gelyk gestel word aan ‘n wêreldlike instelling, word die belydenis wat die kerkorde eggo, verander in ‘n beleid waarvolgens sy lede moet leef. Wanneer sodanige beleid gewysig word is dit nie die Woord wat dien as norm nie, maar praktiese reëlings wat nie rekening hou met ‘n kerkordelike hermeneutiek, oftewel ‘n hermeneutiek van kerkreg nie.

Wanneer die kerkorde van sy belydende karakter ontneem word omdat die kerk voortaan bestuur en nie meer regeer word nie, word die moontlikheid geskep dat sekere rolspelers binne die instelling bestuursposies (*officium*) beklee en nie meer dienaars (*ministerium*) is wat die saak van die kerk dien nie. Die bestuur van die kerk dra dus die moontlikheid dat die amp van sy dienskarakter ontneem kan word. Regering daarteenoor veronderstel gesag wat volgens die presbiteriaal-sinodale kerkregeerstelsel alleen aan Christus toegeken word as Hoof van die kerk. Op grond van bestuursposisies wat beklee word wat kan lei tot ‘n najaag van mag en gesag, kan ‘n hiërargie ontstaan, iets waarvoor daar in die kerk van Christus nie plek is nie.

Die handhawing van die kerklike orde vind nie plaas op grond van die toepassing van die regte bestuursbeginsels nie, maar eerder op grond van die gehoorsame luister na die Skrif. Dit sluit aan by die opmerking wat Noordmans (1984:431) maak wanneer hy praat oor kerklike denke as voorwaarde vir die kerkorde en dan sê: “Daarom behoort men by de lezing van het aanhangige ontwerp een kerkelijk exegese toe te passen.” Nadat gehoorsaam na die Skrif geluister is moet aan Christus die ruimte gegee word om sy kerk te regeer deur sy Woord en Gees. Weereens weerklink die essensie van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip hierin.

Wanneer kerkregering vervang word met kerkbestuur en die kerk daarop ingestel is dat die kerk bestuur word, gaan iets van die uniekheid en eiesoortigheid van die kerk as geroepene en gestuurde in die wêreld verlore. Die vraag kan dan tereg gevra word of die kerk deur Christus regeer of bestuur word. In enige wêreldlike instelling word sodanige instelling deur verskeie rolspelers in die betrokke instelling bestuur. Die uniekheid van die

kerk lê juis daarin dat Christus die kerk voorafgaan, alleen Hy is die Hoof van die kerk omdat alleen Hy die verlossing oor sonde en dood behaal het deur sy kruisdood en opstanding uit die dood. Daarom regeer alleen Hy die kerk by wyse van sy Woord en Gees en die ampte wat ter vergadering byeenkom.

### 5.1.3 Ampte – *Officium* of *ministerium*?

Die NHKA benader sy kerkorde vanuit die hermeneutiese hoek dat dit gegrond is in die Skrif en beskryf dit ook as 'n Skriftuurlike kerkorde. Om hierdie rede kan dit ook nie anders dat die NHKA die wesenlike van sy ampsbegrip, soos verwoord in sy kerkorde, ook terugvind in die Skrif, nie. Op grond van die NHKA se ampsbegrip soos verwoord in sy Kerkorde en Skriftuurlike begronding daarvan, dien die volgende as vertrekpunt ten einde 'n ampsbegrip kerkordelik te formuleer. Eerstens word ampte in die kerk beoefen op grond van gawes (*charismata*) wat God aan mense gee. In die tweede plek kan dit nie anders nie dat die ampte, soos ingerig in die kerk vandag, in kontinuïteit staan met die Jesussaak, en laastens het die amp op grond van die verband met die Jesussaak 'n dienskarakter en kan dit nie beskou word as 'n amptelike posisie van mag en gesag nie.

Volgens die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip word die ampte verbind aan die Christusregering van die kerk as een van die middele wat Christus gebruik om sy kerk te regeer, naamlik die ampte wat in vergaderings byeenkom. Hieruit word die gevolgtrekking gemaak dat ampsdraers deur Christus geroep en toegerus word om hulle ampswerk te verrig dienooreenkomstig dit wat Hy in sy Woord daaroor beveel. Die dienskarakter van die amp kry gestalte in die Christologiese begronding van die amp as weerspieëling van Christus se bemoeienis met die mensdom.

Die kerkreg gebruik die begrip *ministerium* om na ampsdraers te verwys juis omdat die ampswerk 'n dienskarakter dra. Die diens waarna verwys word is diens aan God en aan die medemens. Hierteenoor kan die begrip *officium* gestel word wat dui op 'n amptelike posisie wat beklee word. Pont (1981:197) verduidelik die twee begrippe soos volg:

> Dit is dan ook belangrik om daarop te let dat die amp as ‘n *ministerium*, ‘n dienswerk, waardeer word. Dit is nié ‘n *officium*, ‘n hooggeplaasde posisie in die kerk nie. In wese is die amp ‘n *diakonia,* ‘n dienswerk waartoe die mens geroep word en waar hy ‘n opdrag van Christus ontvang. Dit gee aan die mens wat die amp beklee egter geen besondere status of voorrangposisie in die kerk nie.

Die dienskarakter (*ministerium*) van die ampte word wel weerspieël in die kerkorde van die NHKA. In die aanhef tot Ordereël 3 word die volgende gestel:

> God gebruik mense as geroepe dienaars van Christus om onder leiding van die Heilige Gees deur Woord en sakrament diensbaar te wees.
>
> Die dienswerk word verrig deur die volgende besondere ampte:
>
> Dienaars van die Woord,
>
> ouderlinge en
>
> diakens
>
> ‘n Ampsdraer word nie in meer as een amp bevestig nie.
>
> (NHKA 2019:15)

In die aanhef tot Ordereël 4 word die dienswerk verbind aan Christus wanneer van ampsdraers gesê word: “Ampsdraers is dienaars van Jesus Christus wat in vergaderings van ampte byeenkom” (NHKA 2019:39).

Oor die ampsbegrip binne die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip maak Van Wyk (1991:67) die volgende opmerking wat die hermeneuties hoek aandui waaruit die amp verstaan behoort te word:

> Die ampte binne die sisteem is nie ‘n hoë posisie, ‘n officium nie, maar slegs ‘n dienswerk, ‘n ministerium, want die ampte en die vergaderings gee uiting aan die middelike regering van Christus in sy kerk. Die klem val op die dienswerk wat in die Naam van Christus en in gehoorsaamheid aan sy Woord verrig moet word; daarom is die ampsdraer as persoon nie belangrik nie, maar wel die amp. Die dienswerk van die ampsdraer word omlyn deur die Skrif alleen; dit is die primêre riglyn vir die amp.

Die ampstruktuur van predikant, ouderling en diaken dien as hervorming van die ampsbegrip van die Rooms Katolieke Kerk (vgl. Dingemans 1988:212). Noordmans wys op die mag wat aan ampsdraers toegeken is volgens die Rooms Katolieke Kerk en hoe die werk van Calvyn die dienskarakter van die amp bevorder het deur die mag en gesag wat die pous beklee in sy posisie as hoof van die kerk, die nek in te slaan.

> Een ambt is een kerkelijke vorm, uit de bijbel afgeleid, waarin iets van de macht der schepping ligt. Toen Calvijn op het bord de pion van de ouderling trok, zette hij daarmee de paus schaakmat.
>
> (Noordmans 1984:396)

Dingemans (1988:212 - 213) voer aan dat die genoemde ampstruktuur van predikant, ouderling en diaken deur moderne kerkordes in stand gehou word as kompromis met die verlede. Hy voer aan dat die tradisionele drievoudige indeling van die amp herwaardeer moet word ten einde hierdie dienskarakter van die amp weer te laat herleef.

> In de vierde plaats zou men ‘ambt’ weer moeten gaan verstaan als ‘dienst’. Niet als verteenwoordiging van het gezag van de Heer in de gemeente, maar als dienst aan de Heer, aan de gemeenschap en aan de wereld.

Verder moet daar ook daarteen gewaak word om nie ‘n struktuur in stand te hou ten koste van dienswerk nie. Die vraag na die praktiese inrigting van die amp en of die drievoudige ampstruktuur behou moet word, is beide steeds onderhewig aan die feit dat die dienskarakter wesenlik is tot die verstaan en inrigting van die amp. Vir Dingemans is die dienskarakter van die amp belangrik en moet dit ook nie versmoor of gedemp word by die reglementering daarvan in ‘n kerkorde nie. Dit sê hy gebeur wanneer die *charismata* nie in ag geneem word by die verkiesing van ampsdraers nie, maar eerder die doel om die struktuur in stand te hou. Daar moet volgens hom groter oorweging geskenk word aan *charismata* as aan die amptelikheid en struktuur van die amp en ampsdraers soos ook verwoord in ‘n kerkorde. Hy stel dit soos volg:

> Vooral in het gereformeerd kerkrecht heeft het ‘ambt’ als formele status prioriteit boven de charismata: de ambten regeren de kerk. En men zoekt bij de ambten begenadigde mensen. En als die onverhoopt niet te vinden zijn, zoekt men andere – minder begenadigde – mensen. De ambts-structuur van de kerkorde zet de theologische visie op charisma volledig op z’n kop! Niet: begenadigde mensen geven leiding aan de kerk, omdat de gemeente hun charisma heeft herkend en erkend, maar: ambten moeten worden bezet. De kerkraad moet voltallig zijn.
>
> (Dingemans 1988:214)

Ter ondersteuning van bogenoemde argument van Dingemans kan gestel word dat hy reg is wanneer die dienskarakter van die amp voorkeur moet geniet en dat dit die essensie van die amp is. Die ander kant van die muntstuk is egter ook van belang en dit is dat die dienskarakter van die amp nie losgemaak kan word van die struktuur waarbinne die amp gestalte vind in die kerk, soos ook verwoord in die kerkorde, nie. Indien

ampswerk bloot op grond van *charisma* gedoen word sonder dat dit kerkrordelik gereël word, sal dit definitief die orde in die kerk versteur.

Hierby sluit Van Wyk aan wanneer hy die diensbaarheid van ampswerk beklemtoon en verwys na Calvyn wat van mening was dat die inwendige roeping in die verlenging lê van die *charismata* wat God aan mense gee. Hy verwoord dit soos volg:

> Dit is belangrik dat in die beskouing van die amp goed vasgehou word aan die feit dat die ampsdraer nie in die eerste plek ampsdraer van die gemeente of die kerkraad is nie, maar dienaar van die Here Jesus Christus. Daarom is die ampsdraer geroepene van die Hoof en Heer van die kerk. Die onderskeid wat Calvyn maak tussen inwendige en uitwendige roeping is ook hier van toepassing. Die inwendige roeping dui Calvyn aan as die verlenging van die gawes wat vir die amp vereis word, die standvastige begeerte of strewe na die amp en die opening van die weë wat tot die amp lei.
>
> (Van Wyk 1991:178)

Dit is dus noodsaaklik dat daar ‘n vorm van struktuur behoort te wees sodat daar orde in die kerk kan wees. Die struktuur moet diensbaar wees tot die doel van die amp. Indien die struktuur van predikant, ouderling en diaken soos wat tans bestaan, behou word, sal dit ook die goeie orde in die kerk ter wille wees, alhoewel kerkordelike reëlings en struktuur nooit gesien moet word as die versekering dat orde in die kerk altyd teenwoordig sal wees nie. Dit geld dus weereens dat kerkordelike reëlings, ook rondom die amp, ‘n voortdurende luister na die Skrif sal wees. Die kerkorde word immers hermeneuties beskryf as Skriftuurlik van aard.

Ampswerk is dus diens aan Christus op grond van die *charismata* wat God aan mense gee en dat Hy hulle roep om diensbaar te wees aan Hom as Hoof van die kerk. Hierdie diens kry gestalte in diens aan die gemeente en aan die wêreld.

Die amp is dus nie ‘n hooggeplaasde posisie wat met mag en gesag beklee is nie (*officium*), of beklee met die *character indelebilis* nie (vgl. Pont 1981:203) maar eerder ‘n gestalte van diens wat neerslag vind in die dienswerk van die ampsdraer waarmee hy of sy bely dat hulle deur God geroep is tot hierdie diens en diensbaar is na die voorbeeld wat Jesus Christus gestel het tydens sy lewe op aarde (Markus 10:45[58]; Filippense 2:5-8)

### 5.1.4 Stemming tydens kerklike vergaderings – noodmaatreël of demokrasie?

Die vraag kan tereg gevra word of die kerk nie trekke van ‘n demokrasie toon wanneer stemming plaasvind tydens kerklike vergaderings om op so ‘n wyse die uitslag van besluite te bepaal nie. Op die oog af word die indruk geskep dat stemming tydens kerklike vergaderings wel sodanige karakter toon in die lig daarvan dat verskeie kerkordelike bepalings in die Kerkorde van die NHKA verwys na sake wat per stemming afgehandel word, die metode van stemming asook hoe die uitslag van die stemming bepaal word.

In die kerkorde van die NHKA word verskeie sake gereël by wyse van stemming. Die aard van hierdie sake kan in twee groepe verdeel word, naamlik dié wat duidelik teologies van aard is, en dié wat finansieel of prakties van aard is. Met verwysing na eersgenoemde geld sake wat betrekking het op die belydenisskrifte (Ordinansie 1.4.5), beroep van ‘n Predikant of proponent (Ordinansie 3.2.4 (vi) (a); 3.2.4.1 (v)) en wysiging van die kerkorde (Ordereël 10.1 (iii) en10.2).

Die uitslag van die stemming word volgens die NHKA se Kerkorde ook op verskillende maniere bepaal, naamlik meerderheid van stem, volstrekte meerderheid, twee derde meerderheid en meerderheid van vyf en sewentig persent. Hoe meer gewigtig die besluit, hoe strenger is die uitslag van die stemming. Verandering aan die belydenis, wat ‘n gewigtige saak is, vereis byvoorbeeld ‘n vyf en sewentig persent meerderheid in die uitslag van die stemming.

[58] Die woorde van Jesus in hierdie teks vorm deel van sy onderrig aan sy dissipels nadat Hy vir die derde keer sy dood aangekondig het en sy dissipels steeds nie verstaan dat dit die uiterste daad van diens aan die mensdom is nie (kyk Jones 2010:50-57).

By die verkiesing van ouderlinge en diakens deur die gemeentevergadering, word ‘n spesifieke reëling getref in Ordinansie 3.3.1 (iii). Lidmate word deur die gemeentevergadering verkies as ampsdraers nadat hulle deur die kerkraad voorgestel is. Dit is egter nie slegs die kerkraadsvergadering wat lidmate voorstel nie, maar dit kan ook deur die gemeentevergadering gedoen word. Bouwman (1928:382; 383) wys daarop dat dit vir Calvyn en à Lasco belangrik was dat die Gemeente en die kerkraad saamwerk by die verkiesing van ampsdraers. Die Gemeente het hulle bydrae gelewer deur ‘n stem uit te bring.

Die situasie kan ook ontstaan dat daar meer lidmate voorgestel word om as ampsdraers te dien as wat daar vakatures is. Die reëling word dan getref dat die gemeentevergadering by wyse van stemming een van die kandidate kies om dan voorgestel te word, hetsy as ouderling of diaken. Hierdie persoon moet dan verkies word met ‘n meerderheid van stem (Ordinansie 3.3.1 (iii)).

Bouwman (1928:109-110) verwys na verkiesing van apostels in verskeie gemeentes soos vertel in Handelinge 14:23, en stel dat dit nie duidelik is hoe die apostels verkies is nie. Tog werp die verklaring van die griekse woord wat in Handelinge 14:23 gebruik word, χειροτονηθεὶς, lig hierop. Louw & Nida (1989b:363) verduidelik die betekenis soos volg:” …to choose or select, presumably by a group and possibly by the raising of the hand”. Die verduideliking wat Bouwman gee vir χειροτονηθεὶς brei uit op dié van Louw & Nida. Bouwman (1928:109-110) lui soos volg:

> Cheirotonein beteekent eigenlijk een kiezen door stemming of de opheffing der handen, maar dan altoos zoo, dat zij, die stemmen, zelf de subjecten der handeling zijn, en niet zij, die de stemming hebben verordend. Volgens Calvijn zou dan ook hier de gemeente, onder leiding der apostelen, door het opsteken der handen, de ouderlingen verkozen hebben.

Alhoewel Bouwman (1928:110) aantoon dat daar ook ander betekenismoontlikhede is vir χειροτονηθεὶς, kan daar na my mening aanvaar word dat stemming by die verkiesing van ampsdraers reeds in die kerk van Handelinge die gebruik was. In die lig van Handelinge 14:23 asook die opinies van Calvyn en à Lasco waarna hierbo verwys is, is stemming nie ‘n nuwe verskynsel in die kerk nie. Die uitdaging is egter om dit vanuit die regte hermeneutiese hoek te benader.

Dingemans maak twee opmerkings rakende stemming tydens kerklike vergaderings wat van groot waarde is vir die korrekte hermeneutiek waarmee hierdie saak benader moet word. Na aanleiding van die eerste stelling kan gesê word dat stemming in die kerk plaasvind as gevolg van verskil van mening. Indien daar eenstemmigheid oor alle sake bestaan het sou stemming oorbodig wees. Met die volgende opmerking wys Dingemans na die rol wat eenstemmigheid, oftewel eenheid, hierin speel:

> De eenheid is ook vooronderstelling van de ambtelijke vergaderingen. Eigenlik behoort er over voorstellen niet gestemd te worden. Men moet zo lang door praten tot men het eens is geworden. En in elk geval zal men elkaar – of in afwijkende standpunten ten aanzien van adiaphora (minder belangrijke kwesties) moeten kunnen accepteren als broeders en zusters in de Heer.
>
> (Dingemans 1987:61)

Dit is egter belangrik om die opmerking te maak dat stemming nie die eenheid of eenstemmigheid in die kerk verseker nie. Nadat oor ‘n saak gestem is beteken dit dat een voorstel aanvaar word en die ander uiteraard afgestem is en daarom nie geldig is nie. In hierdie verband moet daarteen gewaak word dat die aanvaarding van voorstelle na stemming nie lei tot *kerkelijke machtsdenken* nie omdat mag iets is wat glad nie in die kerk tuishoort nie (kyk Dingemans 1987:85). Diversiteit in die kerk sal altyd teenwoordig

wees en sal nie uit die weg geruim word by wyse van stemming nie. Daarom dat Dingemans (1987:106) oor die eenheid van die kerk die volgende sê:

> Het is belangrijk, dat de kerk in haar totaliteit zoekt naar de eenheid. En misschien ligt er dan – af en toe – een duidelijk standpunt op, als men het over zeer fundamentele zaken plotseling – door de inspiratie van de Heilige Geest – eens blijkt te zijn.

Stemming tydens kerklike vergaderings is dus altyd ondergeskik aan die inspirasie en leiding van die Heilige Gees, wat tydens die opening van die vergadering afgebid word. Om hierdie rede sal stemming altyd in die kerk dien as noodmaatreël en kan dit nooit tot norm verhef word nie.

Tog sal die stemming op grond van die diversiteit wat in die kerk is, altyd in kerklike vergaderings teenwoordig wees as manier vir die kerk om uiting te gee aan sy roeping en homself in te rig in die wêreld. Stemming sal dus altyd deel bly van die kerklike handel en wandel soos afgelei kan word uit hierdie opmerking van Dingemans:

> De meeste kerkorden spreken daarom van de 'belijdende leden' als de eigenlijke leden van de kerk. Zij vormen de meelevende kern, degenen die mogen deelnemen aan het Avondmaal, die actief en passief stemrecht hebben en die geacht worden medeverantwoordelijkheid te dragen voor de kerkgemeenschap.
>
> (Dingemans 1988:210)

Om dus die vraag te beantwoord wat die regte hermeneutiese hoek is waaruit stemming tydens kerklike vergaderings benader behoort te word, kan die volgende opmerkings gemaak word.

Eerstens kan gestel word dat stemming tydens kerklike vergaderings gesien word as ‘n noodmaatreël ten einde ‘n besluit te neem en dat die stemming dien as ‘n laaste uitweg om gehoorsaam te luister na die Skrif, sodat die besluit wat uiteindelik geneem word die beginsels van die Skrif weerspieël. Hiermee word nié bedoel dat die waarheid van die Skrif op grond van ‘n meerderheid van stem bepaal word nie, maar dat gestem word in die oortuiging dat hulle wat stem dit verantwoordelik doen in gehoorsaamheid aan wat God in sy Woord beveel. Na regte behoort daar sodanige eenstemmigheid te wees omdat elke kerklike beginsel op die Skrif berus en dit daarom nie nodig sou wees om enige saak tot stemming te bring nie. Wanneer ‘n saak by wyse van stemming afgehandel is, mag die siening nie heers dat sodanige besluite finaal is en staan vir tyd en ewigheid nie. Dit geld egter ook vir besluite wat spontaan sonder enige stemmery geneem is. Hierdie standpunt kan begrond word in die uiters belangrike hermeneutiese beginsel wat ook wesenlik is vir ‘n kerkordelike hermeneutiek, naamlik dat dit nodig is om voortdurend, sonder ophou, biddend en luisterend terug te gaan na die Skrif. Daardeur word koersaanpassings gemaak omdat niemand, ook nie die kerk, ooit finaal en klaar geluister het wat God in sy Woord van mense vra nie. Kerklike besluite en strukture kan dus nie met kanonieke gesag bejeën word nie. Hier geld die ‘kritische blik achteraf’ waarna Koffeman (2009:89) verwys en wat bespreek is in hoofstuk 2 van hierdie studie.

Tweedens kan opgemerk word dat stemming tydens kerklike vergaderings, benader vanuit die korrekte hermeneutiese hoek, nie die kenmerk is van demokrasie nie, maar eerder dui op die tekortkominge en feilbaarheid van hulle wat die kerk uitmaak. Daarom kan dit weereens beklemtoon word dat mense uit genade geroep is om deel van Christus se kerk op aarde te kan wees en dat hulle nie deel is van die kerk op grond van menslike prestasies nie. Eenstemmigheid in die kerk ontbreek op grond van ménslike tekortkominge en feilbaarheid. Daarom geskied hierdie stemming ook, net soos debatvoering tydens die vergadering, onder leiding van die Heilige Gees. Stemming in die kerk, alhoewel ‘n noodmaatreël, is egter uniek van aard omdat dit Christologies en pneumatologies bepaal (behoort te) word. ‘n Stem word dus uitgebring onder leiding van die Heilige Gees ten einde die Christus-regering van die kerk te handhaaf. Stemming tydens kerklike vergaderings het dus nie dieselfde ten doel as ‘n demokratiese stemming

nie. Die doel van demokratiese stemming is om ‘n stemuitslag daar te stel waar die meerderheid die uitslag van die stemming sou bestempel as ‘n oorwinning. Dit is egter nié die doel van kerklike stemming nié.

Die vraag is dus weereens of die werking van die Heilige Gees en die regering van Christus by wyse van stemming gerealiseer kan word? Kan die waarheid tot stemming gebring word? Nee! Stemming vind plaas onder leiding van die Heilige Gees omdat die betrokke vergadering waar die stemming plaasvind, geopen is by wyse van Skriflesing en gebed, en in sommige gevalle met prediking as deel van die opening. Dus is die leiding van die Heilige Gees tydens die opening afgebid en daarom moet die stemming dus gesien word as ‘n menslike poging om gehoor te gee aan die leiding van die Heilige Gees. In die eerste plek verteenwoordig die afgevaardigde ampsdraer nie die gemeente nie, maar die amp waarin hy of sy dien, en in die tweede plek is dit nie die stem van die gemeente wat gehoor moet word nie, maar dié van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer.

Dit is dikwels vir afgevaardigdes na meerdere vergaderings belangrik om sitting te neem op die vergadering mét stemreg. In die lig hiervan kan derdens opgemerk word dat daar ‘n belangriker faset is in die proses van kerklike besluitneming as die uitbring van die stem, en dit is ‘n gelowige bydrae tot die debat wat die stemming voorafgaan. Dit is ten laaste die gelowige bydraes tot die debat wat uiteindelik die uitslag van die stemming behoort te bepaal. Hier word dus aangetoon dat debatvoering tydens die proses van besluitneming uiters belangrik is en verder dat stemming ook nie gering geag word as ‘n poging om te seevier nie, maar eerder om daardeur die Christusregering te handhaaf. Dus is spreekreg belangriker as stemreg.

### 5.1.5 Plaaslike gemeente

Die saak rondom die plaaslike gemeente kom in die Kerkorde van die NHKA voor in die aanhef tot Ordereël 2. Hier word gestel dat ‘n gemeente die plaaslike gestaltegewing is van die Kerk (NHKA 2019:5). Daar word in dieselfde aanhef vervolg deur die verhouding en eenheid van gemeentes onderling, maar ook die eenheid en verhouding tussen die plaaslike gemeente en die NHKA in sy geheel, te verwoord. Dit is soos volg geformuleer:

> Gemeentes binne ‘n bepaalde gebied vorm ‘n ring. ‘n Ring gee gestalte aan die eenheid tussen gemeentes soos ringe onderling en gesamentlik aan die eenheid van die Kerk. ‘n Gemeente handhaaf die eenheid van geloof, belydenis en liturgie met ander gemeentes van die Kerk.
>
> (NHKA 2019:5)

Uit die kerkbegrip soos in bogenoemde aanhaling geformuleer, blyk dit duidelik dat die plaaslike gemeente deel vorm van die groter Kerk, maar ook selfstandig georganiseer is. Die plaaslike gemeente funksioneer selfstandig en kan selfstandig besluite neem oor dié sake wat binne sy bevoegdheid lê. Oor sake wat die breër Kerk raak, kan gemeentes self nie besluite neem nie. Dít is sake soos belydenis, liturgie en kerklike orde en word gereël in Ordinansie 4.4.3 (i) en (ii).

Wanneer die saak oor die plaaslike gemeente aan die orde gestel word, kan dit nie anders nie as dat ook na Calvyn se siening hieroor verwys word.[59] Vir Calvyn is die plaaslike gemeente, waar die Woord Sondag na Sondag verkondig en die sakramente bedien word, die gestalte van die kerk. Dit is ook daar waar die kerk antwoord op sy roeping en daardie roeping uitleef. Dit geskied nie op sinodale vlak nie. Christus se gesag en sy teenwoordigheid is nie net van toepassing op die universele kerk nie, maar ook in die plaaslike gemeente, juis omdat dit daar is waar die Woord gepreek word. Hieroor sê Van’t Spijker (1990:329): ‘Christus oefent zijn gezag uit door zijn Woord en Geest. Zo is Hij zelf in het midden van de gemeente tegenwoordig.’ Oor die gemeente wat byeenkom in hierdie teenwoordigheid van Christus sê hy verder: ‘Zij is de communio sanctorum,

[59] Die Discipline Ecclésiastique van 1559 was ‘n poging om vanuit die Ordonances Ecclésiastiques van 1541 ‘n kerkorde daar te stel wat die kerklike orde reël vir ‘n nasionale kerk. Die bedoeling van die kerkorde was om al die gemeentes saam te vat in één geordende geheel en waarin die regering van die kerk deur Jesus Christus behartig word deur middel van ampsdraers. ‘Hier word die beginsel neergelê dat al die gemeentes alle sake van gemeenskaplike belang op die sinodale vergadering sal beslis, terwyl die plaaslike gemeente as ‘n selfstandige, maar nié outonome onderdeel van die geheel, deur die plaaslike kerkraad onder leiding van die Woord en die Gees regeer word.’ (Pont 1981:48).

waarbinnen men treedt door de belijdenis van de naam van Christus en door de belofte van onderwerping aan de kerkelijke tucht' (Van't Spijker 1990:329).

Plasger (2009:328) sluit hierby aan deur soos volg na Calvyn se siening te verwys: 'According to Calvin, the concept of the church is not reserved for the universal church, but it exists in its fullest sense in the particular church that gathers together as the church.' Hierdie stelling begrond hy in Calvyn se siening dat die plaaslike gemeente die plek is waar die evangelie verkondig en die sakramente bedien word, dit wat Calvyn saam met die toepassing van die kerklike tug die merktekens van die ware kerk (*notae ecclesiae*) noem. Hierdie siening van Calvyn was deels as reaksie op die standpunt wat die Roomse kerk gehuldig het.

> He also engages the opinion of the Roman Catholic Church, which says that only the universal church is the church in its actual sense, while the individual congregations are only branches to it. To this Calvin says no: the congregation that gathers to hear the Word and partake in the sacraments is the actual church because there it has its form.
>
> (Plasger 2009:329)

Tot die gesprek rondom die betekenis en plek van die plaaslike gemeente binne die breër kerk, lewer Dingemans (1987:78) ook 'n bydrae.

> Het hart van de kerk klopt in de plaatselijke gemeente, waar het Woord wordt verkondigd en gehoord; waar de sacramenten worden gevierd; waar de gemeenschap wordt geoefend; waar de dienst gestalte aanneemt en waar het getuigenis opklinkt. Hoe regionaal, nationaal of mondiaal een kerk ook georganiseerd is, in de plaatselijke gemeenschap, rondom Woord en Sacrament, ligt de basis van de kerkgemeenschap. Misschien moet men nog nauwkeuriger formuleren: waar mensen bij elkaar komen in Christus'

> naam, daar is de gemeente. Of nog preciezer: waar Christus mensen ‘vergadert’ (Heid. Cat. Zond. 21) rondom Woord en Sacrament, daar is Hij zelf aanwezig, daar is het Lichaam van Christus, daar is de gemeente, de ecclesia tou theou.

Dingemans (1987:80) maak dit duidelik dat met plaaslike gemeente bedoel word die plek waar die gemeente byeenkom, en nie mense wat eenders dink en gemeenskaplike belange by ‘n saak het, of mense ‘die het prettig vinden bij elkaar’ nie.

Pont (1981:49) wys daarop dat die siening van die plaaslike gemeente, soos vandag ook verstaan word in die NHKA, teruggevoer kan word na die Discipline Ecclésiastiques (1559). Die plaaslike gemeente is volkome kerk en besit al die eienskappe wat aan die kerk eie is en kan beskou word as die verskyningsvorm van die kerk op aarde. Die feit dat die plaaslike gemeente nie geïsoleer staan van ander gemeentes nie, is ‘n waarborg vir die welstand van die betrokke gemeente. Oor bepaalde sake wat nie die eie kerk in die breë sin van die woord raak nie, het die gemeente die bevoegdheid om self daaroor besluite te kan neem soos byvoorbeeld die tyd en plek van eredienste asook van kategese, verkiesing van ampsdraers, werkopdrag en versorgingsvoordele van die predikant en gemeentelike administrasie. Hierdie besluite word egter geneem onder leiding van die Heilige Gees met die Skrif as norm. Die plaaslike gemeente het bepaalde sake waaroor hy die bevoegdheid het om besluite te kan neem, maar omdat dit ook in ‘n verband staan met ander gemeentes is daar bepaalde sake waarvoor hy nie die bevoegdheid het om te kan besluit nie.

In die lig daarvan dat die plaaslike gemeente selfstandig as kerk funksioneer maar terselfdertyd nie die bevoegdheid het om oor álle sake besluite te kan neem nie, word die gemeente met die kerkregtelike begrip *ecclesia completa ét incompleta* beskryf. Van den Heuvel (2004:16-17) verduidelik hierdie begrip soos volg:

> Er bestaat tussen beide een organisch heen en weer. Wanneer er in de kerkorde over de kerk gesproken wordt, gaat het over de saamhorigheid

> van de gemeenten en wanneer er oor de gemeenten gesproken wordt, kan dit niet zonder dat de samenhang met andere gemeenten en de meerdere vergaderingen in het oog gehouden wordt.

Van Wyk (2005:93) toon aan dat daar ‘n verskil in mening ontstaan het oor die betekenis van die plaaslike gemeente binne die Presbiteriaal-sinodale kerkreg in dié sin dat die denke van die vrye kerk en dié van die volkskerk, hieroor verskil het. Die denke van die vrye kerk kan saamgevat word in die begrip *ecclesia completa* wat daarop neerkom dat die gemeente beskou word as ‘’n selfstandige kerk wat met ander ‘kerke’ in ‘n konfederatiewe verband tree op grond van die kerkverband met die belydenis as gemeen akkoord, wat so in die lewe geroep word.’ By die volkskerk is gemeentes ook sellfstandig maar staan hulle nie los van ander gemeentes van die kerk nie. In hierdie beskouing is die gemeente die vergestalting van die kerk wat uit al sy gemeentes bestaan.

Oor die betekenis van die plaaslike gemeente binne die konteks van die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, waarin die NHKA se kerkbegrip ook ingebed is, en soos verwoord in sy Kerkorde kan die volgende opmerkings gemaak word. Eerstens dat die NHKA se beskouing van die plaaslike gemeente histories teruggevoer kan word na Calvyn se denke oor die kerk. Tweedens dat wanneer oor die kerk gedink word die plaaslike gemeente as vertrekpunt sal dien omdat dit die verskyningsvorm van die kerk is. Dit is daar waar deur die prediking en bediening van die sakramente, die Woord verkondig word wat die primêre taak van die kerk is. Om hierdie rede mag die plek wat die plaaslike gemeente inneem nie onderskat word of ondergeskik gestel word aan die kerk op sinodale vlak nie. Dit sou onmiddelik ‘n hiërargie tot gevolg hê wat in die kerk van Christus nie ‘n plek het nie. Derdens kan die NHKA se kerkbegrip beskryf word as *ecclesia completa ét incompleta.*

#### 5.1.6 Skeiding tussen kerk en staat

In hoofstuk 3 is reeds aangetoon dat die inslag van die Algemeen Reglement van 1816 sodanig was dat die kerk op ‘n bepaalde wyse bestuur word. Hierdie wyse van bestuur

het plaasgevind ten koste van kerkregering deur die Hoof van die kerk, Jesus Christus. ‘n Verdere probleem is dat dit nie die kerk was wat sy eie sake bestuur het nie maar dat hierdie bestuur deur die owerheid hanteer is. Die kerk is bloot gesien as ‘n staatsdepartement met sy eie minister. Op die oog af het dit gelyk of dit die kerk tot voordeel kon strek omdat die owerheid die kerk finansieel gedra het. Predikante se traktemente was nie die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad nie, maar is betaal vanuit owerheidsweë. So is uitgawes wat aangegaan is om kerklike vergaderings te hou, ook deur die owerheid gedra. Hierdie praktyk het tot gevolg gehad dat die owerheid beheer oor die kerk begin kry en die kerk aan die leiband van die owerheid beland het. Die kerk het later verleë gestaan voor die owerheid omdat die kerk nie meer die bevoegdheid gehad het om oor eie kerklike sake besluite te kan neem, alvorens dit nie deur die owerheid goedgekeur is nie. Daar is ook vroeër in hierdie studie gewys op die verskillende pogings van die kerk in Nederland, wat letterlik oor eeue aangewend is, om uit hierdie greep van die owerheid los te kom. Daarin slaag die Nederlandse Hervormde Kerk in 1951 met die ingebruikneming van ‘n kerkorde waar die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip as hermeneutiese vertrekpunt dien in die reël van kerkordelike sake.

Coertzen (1991:187) merk op dat deur die loop van die geskiedenis verskeie kerkordes deur die owerheid vir die kerk opgestel is omdat die owerheid homself gereken het as die liggaam wat verantwoordelik is vir die orde oor die héle samelewing, wat dan ook die kerk insluit. ‘Teologies beskou behoort die kerklike orde, inklusief dan 'n kerkorde, deur die kerk self daargestel te word.’

Die skeiding tussen kerk en staat was vir Bonhoeffer uiters noodsaaklik. By verskillende geleenthede het hy hierna verwys. Hy betoog teen die insluiting van kerkordelike maatreëls in die *Weimarer Reichsverfassung*.

> Die Trennung von Staat und Kirche ist die notwendige Voraussetzung einer guten Ekklesiologie. Bonhoeffer hat die Notwendigkeit einer solchen Trennung schon sehr früh erkannt und vertreten, nicht erst in seiner Vorlesung über das Wesen der Kirche 1932, auch nicht erst in seiner Dissertation 1927 (Druck 1930), sondern bereits 1924. Die Forderung nach

> einer strikteren Trennung stammt bei Bonhoeffer also aus einer Zeit, als das Ende der Monarchie und des Staatskirchentums sowie die Installation der Kirchenartikel in der Weimarer Reichsverfassung bereits einige Jahre zurücklagen. Die damals eingeführten Kirchenartikel, die das Verhältnis Staat-Kirche neu regelten, sind bis heute in Geltung. Bonhoeffer kritisiert, dass diese Kirchenartikel die Kirche immer noch zu sehr „verstaatlichen".
>
> (Gemeinde, Kirche und Leib Christi bei Dietrich Bonhoeffer 2013:12)

Alhoewel dit uit bogenoemde blyk dat dit die beste is dat kerk en staat, oftewel kerk en owerheid, geskei is van mekaar om te verhoed dat daar nie van owerheidsweë ingemeng word in die regering van die kerk nie, het die kerk tog 'n bepaalde verantwoordelikheid teenoor die owerheid. Pont begrond hierdie verhouding tussen kerk en owerheid in die Woord van God. As die burgerlike owerheid hom sou buig voor die goddelike gebod, kan die kerk nie anders as om die owerheid te steun nie (Pont 1981:272). Die verhouding tussen kerk en owerheid behels egter nie net 'n verantwoordelikheid van die kerk teenoor die owerheid nie, maar ook van die owerheid teenoor die kerk. Pont (1981:273) verwoord die teendeel hiervan soos volg:

> Die Christelike owerheid sal van sy kant, afgesien daarvan dat owerheidspersone 'n voorbeeldige lewe lei en ook getroue lidmate van die kerk is, die kerk verdedig en bevorder. As die owerheid dit nalaat is die kerk verplig om die owerheid te herinner aan sy opdrag en taak.

Hierdie verantwoordelikheid wat die kerk het teenoor die owerheid word ook in die NHKA se Kerkorde gelug in Ordereël 7.4.

> Lidmate en ampsdraers getuig teenoor die owerheid wat die Bybel van hulle verwag. Hulle word herinner aan die evangelie wat liefde, reg, geregtigheid, oordeel en vrede aankondig.
>
> (NHKA 2019:74)

In Ordinansie 7.4.1 en 7.4.2 kom reëlings in verband met die verhouding tussen kerk en owerheid weer ter sprake. Hier word gestel dat die owerheid verseker word van die Kerk se voorbidding en dat dit die verantwoordelikheid van lidmate, ampsdraers en vergaderings is om die owerheid te vermaan dat hy in gehoorsaamheid aan God sal regeer (NHKA 2019:76). Of die verhouding tussen kerk en owerheid in die huidige tydgewrig van so ‘n aard is dat beide die partye hulle verantwoordelikheid soos hierbo beskryf, nakom, is debatteerbaar. Van Wyk (2005:139) verwoord hierdie ideaal soos volg: ‘Kerk en owerheid bestaan naas mekaar sonder die neiging dat die kerk die owerheid wil oorheers, maar van die owerheid word terselfdertyd verwag om die kerk as dienskneg van God te erken, wat deur goeie verantwoordelike regering, die kerk se taak moontlik maak.’

Dit is onafwendbaar dat kerk- en owerheidsweë mekaar op een of ander tyd sal ontmoet. Daar is talle voorbeelde waar sulke ontmoetings plaasvind in ‘n wêreldlike hof omdat sake nie by wyse van die kerklike reg opgelos kan word nie en van die betrokkenes hulle wend tot die burgerlike reg. Daar word later in hierdie studie (§ 5.1.10) meer aandag aan hierdie saak gegee. Die vraag wat hier relevant is, is of die burgerlike reg enige gesag het oor kerkordelike reëlings en sake wat gegrond is in die dogma van die kerk. Oor hierdie saak maak Van Coller (2009:152) die volgende insiggewende opmerking:

> Die reg op godsdiensvryheid soos vervat in die Grondwet, gee kerke en ander geloofsinstellings die reg om hulself en voortspruitende ampte te definieer. Die howe kan egter steeds ondersoek instel na ´n bepaalde geloofsinstelling se leerstellings en of dit deel uitmaak van ´n bepaalde

godsdiens, maar behoort sigself nie te bemoei met die organisasie en interne aangeleenthede van die kerk of spesifieke geloofsinstelling nie.

Oor die hof se bevoegdheid wat betref die kerkorde, wys Van Coller (2009:138) op die volgende: ‘Die feit dat ´n burgerlike hof wel die bevoegdheid het om ´n Kerkorde te vertolk en selfs ooreenkomstig sy vertolking daarvan op te tree, beteken egter nie dat die howe ´n eie vertolking en interpretasie van godsdienstige aspekte kan gee nie.’

Dit blyk dus uit bogenoemde dat die skeiding tussen kerk en staat nie so eenvoudig is nie. Die kerk bestaan as ‘n selfstandige entiteit met sy eie ordereëlings en leerstellings wat teologies van aard is. Daarteenoor het die burgerlike reg tóg die gesag om uitspraak te kan lewer oor sommige kerkordende maatreëls omdat die kerkorde volgens die oordeel van die burgerlike reg gelyk is aan die konstitusie van ‘n sosiale vereniging. Oor die inhoud van die leerstellings kan die hof nie ‘n uitspraak lewer nie omdat dit ‘n teologiese kwessie is, gegrond in die betrokke kerk se dogma.

Die gekompliseerdheid van die verhouding tussen die kerklike en wêreldlike reg kan saamgevat word in die kerkregtelike begrippe *ius in sacra* en *ius circa sacra*. Koffeman (2009:67) definieer dit soos volg: ‘Het eerste — het *ius in sacra*, het recht ten aanzien van het heilige — bleef soms nog enigermate in handen van de kerk, het tweede — het *ius circa sacra*, het recht rondom het heilige — kwam steeds sterker bij de staat te liggen.’ Dit is uiters belangrik om in hierdie verband deurgaans in die hantering van sake waar die kerklike- en burgerlik reg mekaar ontmoet, die reg van di eowerheid te beoordeel as ‘n *ius circa sacra* en nie ‘n *ius in sacra* nie. (Van Wyk 2005:140).

### 5.1.7 Kerkorde teenoor konstitusie

Die NHKA se beskouing van die Kerkorde as ‘n eiesoortige dokument word verwoord in die Kerkorde in die aanhef tot Ordereël 10. Daar word gestel dat ‘Die Algemene Kerkvergadering formuleer en aanvaar ordereëls en ordinansies ter wille van die doeltreffende vervulling van die roeping van die kerk’ (NHKA 2019:94). Die eiesoortigheid van die Kerkorde lê dus volgens hierdie aanhaling in verband met die eiesoortigheid van

die kerk vir wie die kerkorde tot diens is. Die kerk het ‘n roeping van God ontvang en op grond daarvan word dit onderskei van enige ander instelling. Om hierdie rede is die kerklike reg ook ‘n eiesoortige reg (*ius sui generis*) wat verskil van die wêreldlike reg omdat die kerklike reg toegepas word binne uniekheid en eiesoortigheid van die kerk.

Die eiesoortigheid van die kerk lê daarin dat Jesus Christus die kerk konstitueer en dat die kerk nie tot stand gekom het op grond van ‘n behoefte van eendersdenkende mense wat dieselfde belangstelling getoon het en daarom ‘n kerk gestig het nie. Die kerk is dus gegrond in die belydenis dat Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer is en die hoeksteen van die kerk vorm. Sonder hierdie belydenis is geloof, en daarom ook die kerk, nie moontlik nie.

Met verwysing na Paulus se liggaam metafoor om die kerk mee te beskryf in 1 Korintiërs 12:12-30 sê Bultmann dat Paulus juis hierdie beeld gebruik om ‘n verwronge begrip oor wat die kerk is, reg te stel. Die kerk is nie gelyk aan enige wêreldlike instelling of organisasie nie. Die kerk is ‘n organisme wat later ontwikkel het in ‘n ‘compact community’. Bultmann (1983:310) beskryf wat die kerk juis nie is nie, soos volg:

> The *ecclesia* is not a club in which like-minded individuals have banded together, though seen from without it may seem so; it is not a conglomeration of the Spirit-endowed, each of whom has and enjoys his private relationship to Christ. It is just this misconception, which has emerged in Corinth, that Paul combats in I Cor. 12:12-30. In doing so, he secondarily designates the Church as an organism (*soma*), using this metaphor from the classic Greek tradition, which in the latter means an organically developed and compact community.

Wanneer oor die kerk gepraat word kan so ‘n gesprek dus op geen ander manier vorm kry deurdat dit ook ‘n gesprek is oor Jesus Christus wat die Hoof van die kerk is nie. So ‘n gesprek kan op sy beurt egter nie plaasvind sonder die geloof nie. Daarom is die

ekklesiogie wat in die kerkorde onder woorde gebring word ‘n christologies-pneumatologiese ekklesiologie.

Met verwysing na die vraag of die ooreenkoms tussen ‘n predikant en die kerkraad van die gemeente waar so ‘n predikant werksaam is, as ‘n dienskontrak gesien behoort te word, al dan nie, maak Smit (2004:198-190) met verwysing na die kerkorde die volgende opmerking, en dui ook daarmee die eiesoortigheid van die kerkorde aan teenoor byvoorbeeld ‘n grondwet of konstitusie van klub of enige ander sosiale instelling:

> In this regard it should be stated that the Church Order constitutes a new form of governance for believers; therefore also a unique form of governance for the offices of the church in accordance with Scripture. The Church Order could not be considered a 'law unto itself', but is merely the practical implementation of the principles given to the Church in Scriptures for church governance... On the contrary, it should be said that the Church Order functions for the Church as the *ius constitutum* and the *ius constituendum*. The *ius constititum* (Church Order) is the manifestation of the *ius constituendum* - the ideal view of church polity researched and still being explored in Scripture.

Nog ‘n wesenlike verskil tussen die kerkorde en ‘n konstitusie lê bloot in die metode waardeur sodanige dokument sy geldigheid en gesag kry. Waar ‘n konstitusie van ‘n wêreldlike instelling aanvaar sou word by wyse van demokratiese stemming, word ‘n kerkorde aanvaar as deel van ‘n sinodebesluit. Hierdie saak is reeds in hoofstuk 4 breedvoerig bespreek. Sodanige besluit ken aan die kerkorde ‘n bepaalde gesag toeken mits dit in ooreenstemming is met die Woord van God.

Die Kerkorde moet dus beskou word as reëlings wat die orde in die kerk as unieke eiesoortige instelling wil handhaaf. Dit geskied nie los van die Skrif en belydenis nie en gee aan die Kerkorde sy eie unieke aard wat wesenlik verskil van dié van ‘n konstitusie. As iets wat in die verlengstuk lê van die Skrif (*norma normans*) en die belydenis (*norma*

*normata*), dra dit 'n bepaalde gesag anders as 'n konstitusie. 'n Kerkorde word ook, anders as 'n konstitusie, vanuit 'n geloofsoogpunt hanteer wat weereens daarop dui dat 'n kerkorde vanuit die korrekte hermeneutiese hoek benader moet word.

#### 5.1.8 Beroepsbrief teenoor kontrak

Die stelling is reeds onder die vorige hoofstuk gemaak dat nie alle dokumente vanuit dieselfde hermeneutiese hoek gelees en geïnterpreteer word nie. Daar is gestel dat hierdie beginsel ook geld vir kerklike dokumente soos 'n kerkorde, herderlike skrywes, diensformuliere, notules van kerklike vergaderings en 'n beroepsbrief. Die kerk lees 'n beroepsbrief dus vanuit 'n ander hermeneutiese hoek as wat dit deur die burgerlike reg gelees sou word. Dit laat onmiddelik 'n spanning ontstaan tussen twee verskillende hermeneutiese hoeke waaruit een bepaalde dokument, naamlik die beroepsbrief, gelees en geïnterpreteer word. Gesien vanuit die burgerlike reg sou 'n beroepsbrief gelees word as 'n kontrak of diensooreenkoms tussen 'n werkgewer en werknemer. Op grond van hierdie benadering sou bepaalde arbeidsregtelike vereistes ook nagekom behoort te word wanneer 'n beroep uitgebring word en die werksopdrag in die beroepsbrief uiteengesit word. Gesien vanuit die hermeneutiese hoek van kerkreg, sou 'n beroepsbrief alles behalwe 'n kontrak of diensooreenkoms wees tussen 'n werkgewer en werknemer. Hierdie hermeneutiese spanning tussen die burgerlike en kerklike beskouing van 'n beroepsbrief, skep ruimte vir die kerk om standpunt in te neem oor die vraag of 'n beroepsbrief dien as kontrak tussen 'n werkgewer en werknemer, al dan nie.

Dit is interessant om op te merk dat nie alle reformatoriese kerke se benaderings tot en interpretasie van 'n beroepsbrief met mekaar ooreenstem nie.

Van Coller (2012:187) toon aan dat 'n beroepsbrief in die NG Kerk beskou word as 'n dienskontrak en ook in dieselfde lig gesien word as dienskontrakte tussen die betrokke kerklike vergadering en onder andere die skriba, orrelis, koster en skoonmaker. Met verwysing na twee hofsake[60] tussen kerke uit die NG Kerk familie en predikante van dié kerk, maak Van Coller (2012:185-186) die opmerking dat die betrokke kerk se siening oor

[60]Theron v Ring van Wellington van die N.G. Sendingkerk in Suid-Afrika 1976 (2) SA 1 (A), asook Schreuder v Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others [1999] 7 BLLR 713 (AH).

die beroepsbrief, naamlik of dit beskou word as dienskontrak al dan nie, ‘n invloed het wanneer die hof uitspraak lewer oor sodanige saak. In die saak van Theron v die Ring van Wellington van die NG Sendingkerkerk het die regter bepaal dat, alhoewel die beroepsbrief beskou word as ‘n diensooreenkoms, dit steeds gelees moet word onderhewig aan die kerkorde.

In die saak tussen Schreuder en die NG Kerk Wilgespruit, beskou die hof weereens dat die beroepsbrief ‘n diensooreenkoms is tussen die predikant en die kerkraad. In die uitspraak word egter ‘n belangrike opmerking gemaak, rakende die kerk se formulering van sy standpunt hieroor. Met verwysing na die saak tussen Schreuder en die NG Kerk Wilgespruit verduidelik Van Coller (2012:185-186) dit soos volg:

> Indien die N.G. Kerk sy standpunt betreffende diensverhoudinge duideliker gestel het en nie net aangetoon het dat die diensverhouding van ´n predikant inderdaad ´n kontrak is nie, maar ook een is wat onderhewig aan die bepalinge van die Kerkorde is, sou die hof dalk ander oorwegings sterkter gestel het. Aangesien die kerk dit egter nie duidelik gestel het nie, het dit die hof weer eens [sic] geen keuse gelaat as om te bepaal dat die arbeidswetgewing gevolglik geld nie.

Die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) se beskouing van die beroepsbrief as diensooreenkoms al dan nie, verskil van dié van die NG Kerk. Smit (2007:588) definieer ‘n beroepsbrief soos volg:

> Die beroepsbrief is dus die mededeling aan die predikant dat hy wettig, onder aanroeping van die naam van die Here soos die Kerkorde bepaal, deur ‘n spesifieke plaaslike kerk beroep is.

‘n Verdere opmerking van Smit (2007:589) sluit ook hierby aan:

> Die beroepsbrief is nie die Gemeente se “werksaanbod” aan ‘n Predikant om in diens van die gemeente te werk nie. Die beroepsbrief gee uitdrukking aan die beginsel van roeping en versorging soos dit in Artikels 4, 5 en 11 van die Kerkorde bepaal word.

Die diens van die Predikant word volgens Smit & Du Plooy nie begrond in die arbeidsreg nie, maar eerder in kerkordelike reëlings soos vervat in die kerkorde, met dié beskouing dat die kerkorde in die verlenging lê van die Skrif as primêre en belydenis as sekondêre bron vir die beoefening van die kerkreg. Hulle verwoord dit soos volg:

> Die verpligting van die kerk om die diens van predikante te reël, is gesetel in die opdrag wat die Here vir sy kerk gee. Die Skrif vervul in hierdie opsig dus vir die kerk die funksie wat die staat deur arbeidswetgewing vir die burgerlike gemeenskap beoog.
>
> (Smit & Du Plooy 2008:60)

Hieroor maak Van Coller (2012:209) die opmerking dat die howe sensitief moet ‘wees vir die *sui generis*-aard van kerke en behoort nie geredelik ´n regsverhouding op lede van ´n kerk af te dwing as dit teenstrydig met hulle geloof is nie.’

Die gedagtegang dat die beroepsbrief nie as dienskontrak tussen wergewer en werknemer funksioneer nie, geld ook in die Protestantse Kerk in Nederland (PKN). Van den Heuvel (2004:127) verwys na Ordinansie 3.5.2[61] van die PKN se kerkorde in dié verband en verduidelik die kerkordelike reëling soos volg:

[61]De kerkenraad stelt degene die beroepen is tot predikant van de Gemeente een beroepsbrief ter hand, waarin omschreven staat wat de Gemeente en de Predikant elkaar verschuldigd zijn en wat de taak van de Predikant in de gemeente is. De beroepsbrief wordt ondertekend door de preses en de scriba van de kerkenraad.

> Voor het opstellen van de beroepsbrief kan gebruik worden gemaakt van het model dat de kerk daarvoor aanbiedt. Ord. 3-5-2 bepaalt dat in de beroepsbrief in elk geval tot uitdrukking moet worden gebracht dat de predikant niet in een arbeidsrechtelijke verhouding tot de kerkenraad of de gemeente staat. De Predikant draagt binnen de kerkenraad een eigen ambtelijke verantwoordelijkheid, aangeduid als 'de vrijheid van het ambt van predikant als dienaar des Woords'.

In die NHKA neem die beroepsbrief ook 'n belangrike plek in die beroepsproses in. Die beroepsbrief kom ter spkrae in die Kerkorde in Ordereël 3.4 wat handel oor die werkopdrag van die predikant. Hier word duidelik gestel dat die werkopdrag soos vervat in die beroepsbrief nie los staan van die Kerkorde nie.

In die NHKA word 'n kerkraadsvergadering belê met die doel om 'n beroep uit te bring. Sodanige vergadering word geopen met Skriflesing en gebed. Daar is reeds in hierdie studie verwys na die rede waarom 'n kerklike vergadering op hierdie wyse geopen word, naamlik dat die leiding van God se Gees afgebid word vir die vergadering. Dit impliseer ook dat debatvoering tydens sodanige vergaderings asook die besluite wat geneem word plaasvind met die Skrif as norm. Indien daar meer as een kandidaat op die lys verskyn, word per geslote stembrief gestem en die verkose kandidaat word beroep met 'n volstrekte meerderheid. Die kerkraad voltooi dan 'n beroepsbrief en opgawe van versorgingsvoordele. Die aanwesige kerkraad tydens die vergadering onderteken die beroepsbrief wat aan die beroepe predikant of proponent gestuur word.

Ordinansie 3.2.4.2 (iii) stel dat die beroepsbrief die ampswerk van die predikant bepaal. Hierdie ordinansie moet egter gelees word teen die agtergrond van 'n kerkordelike hermeneutiek dat die kerkorde in die verlengstuk van die Skrif en belydenis lê en dat die amspwerk van enige ampsdraer eintlik uit die Skrif afgelei word. Volgens die beroepsbrief

---

Bij opstellen van de beroepsbrief wordt rekening gehouden met de vrijheid van de ambt van de Predikant als dienaar des Woords. De inhoud en de strekking van de beroepsbrief kunnen er dus niet toe leiden dat de Predikant aan de kerkenraad of aan de gemeente ondergeschikt is (PKN 2022:23).

word die punt ook gemaak dat die dienswerk geskied in gehoorsaamheid aan God en sy Woord.

Nadat ‘n beroep ontvang is word dit vir drie agtereenvolgende Sondae in die Gemeente waar die beroepe predikant werksaam is, asook in die gemeente waarheen die predikant beroep word, afgekondig [vgl. Ordinansie 3.2.4.4 (i) en (ii)]. Dit skep ‘n geleentheid waartydens besware teen die leer en lewe van die beroepene gelug kan word.

Wanneer die beroepsproses en daarmee saam die beroepsbrief ter sprake gebring word, is daar twee sake wat wesenlik deel uitmaak van die proses, te wete roeping asook die funksie van die formulier tydens die bevestiging van die predikant in die gemeente waarin hy voortaan werksaam gaan wees.

Wanneer ‘n beroepsbrief in die lig van ‘n hermeneutiek van kerkreg benader word, is daar drie sake waarvan die beroepsbrief nie geïsoleer mag word nie, naamlik roeping, die bevestigingsformulier en die belydende karakter van die beroepsbrief.

Die saak rondom roeping het onder andere te make met die fundering van die kerkreg in dié sin dat die kerkreg in die Skrif gefundeer is. Daarom is roeping nie net ‘n kerkregtelike aangeleentheid nie, maar ook Skriftuurlik gefundeer. Die plek wat roeping inneem word ook gestel in Artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

> Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.
>
> (NHKA 2008:129)

Met die uitbring van ‘n beroep is dit die Here wat roep by monde van die kerkraad. Om hierdie rede word ‘n beroep biddend oorweeg, wat lei tot ‘n antwoord daarop, wat niks anders is as ‘n geloofsaak nie. Daar moet daarteen gewaak word dat roeping nie uitgelaat word wanneer die vraag ter sprake kom of die predikant ‘n werknemer van die kerkraad

is, al dan nie. Dit gaan verseker in hierdie verband nie oor ‘n arbeidsregtelike verhouding tussen werkgewer en werknemer nie, maar eerder oor ‘n verhouding tussen die gans andere God en sondige mens wat in hierdie roeping die genade van God raaksien, deurdat Hy mense gebruik om diensbaar te wees in sy kerk. Hierdie twee konsepte, naamlik ‘n werkgewer-werknemerverhouding enersyds en ‘n geloofsverhouding andersyds, moet nie met mekaar verwar word nie. Die volgende opmerking van Smit (2007:583) gee ‘n goeie perspektief op die saak:

> Met betrekking tot die posisie van die predikant beklemtoon die gereformeerde kerkreg dat die Here van die kerk mense tot sy diens roep. Die vermenging van die staatsreg (arbeidsreg) met die kerkreg bring “iets” in gedrang: “Die Here as Hoof van die kerk wat roep en die opdrag gee (dus die eintlike ‘Werkgewer’) raak uit fokus.”

Die waarde en betekenis van die formulier vir die bevestiging van dienaars van die Woord dra wesenlik by tot die beskouing dat die predikant nie as werknemer van die kerkraad (werkgewer) beskou word nie. Wanneer op die vrae aan die einde van die formulier geantwoord word, word dit gedoen vanuit die gelowige oortuiging van die betrokke predikant dat hy deur God geroep is tot hierdie dienswerk en dat hy in die uitvoering van hierdie dienswerk sal leef soos iemand wie se lewe aan God toegewy is (NHKA 2008:77). Dit is nie die predikant se handtekening op die beroepsbrief wat dien as die begin van sy dienswerk in die gemeente waartoe hy beroep is nie, maar eerder sy antwoord op die vrae uit die bevestigingsformulier. Die plek van die bevestigingsformulier moet in hierdie proses nie onderskat word nie. Daar is reeds gewys op die gesag en plek van diensformuliere binne die reformatoriese tradisie. Die bevestigingsformulier vorm saam met die beroepsbrief die basis vir die beroepe predikant se gelowige verbintenis tot die werkruimte van die beroepe gemeente. Om die beroepsbrief bloot as kontraktueel te beoordeel, pas nie in binne die gereformeerde tradisie nie.

Laastens kan ook verwys word na die belydende karakter van die beroepsbrief. Dit dui op die eiesoortigheid van die beroepsbrief binne ‘n geloofstradisie. Die belydende

karakter van die beroepsbrief word pertinent gestel wanneer die werkopdrag daarin soos volg uiteengesit word:

> Die verwagting wat aan ‘n predikant gestel word, is eiesoortig aan die Kerk as sodanig en u dienswerk geskied in gehoorsaamheid aan God en sy Woord, en onder opsig van die kerkraad.
>
> (NHKA 2022a:122)

In die lig van bogenoemde is die beroepsbrief na my mening nie ‘n diensooreenkoms nie en is die verhouding tussen die predikant en die kerkraad nie dié van ‘n werkgewer en werknemer nie, juis omdat die beroepsbrief opsigself ‘n belydende karakter toon. In die Kerkorde van die NHKA word nêrens na die beroepsbrief verwys as ‘n ooreenkoms of kontrak nie en word die verhouding tussen die predikant en kerkraad ook nie sodanig beskryf nie.

As verdere rede kan aangevoer word dat die beroepsbrief nie selfstandige betekenis het en van krag kom sonder die gebruik van die bevestigingsformulier vir dienaars van die Woord nie. Hermeneuties funksioneer 'n beroepsbrief dus in samehang met die formulier vir die bevestiging van Dienaars van die Woord.

Alhoewel die ampswerk van die predikant baie bondig wel in die beroepsbrief uiteengesit word (NHKA 2022a:122) kan ook aangevoer word dat die werksopdrag van die predikant nie primêr in die beroepsbrief uiteengesit word nie, maar wel in die Skrif. Hier geld die hermeneutiese beginsel weereens dat die Kerkorde Skriftuurlik van aard is omdat kerkordelike reëlings uit die Skrif afgelei word. In die lig hiervan kan gedebatteer word dat die werkopdrag van die predikant, wat in sy geïnstitusionaliseerde vorm in die beroepsbrief, kerkorde of kerkraadsbesluit voorkom, eintlik uit die Skrif afgelei is.

Om hierdie rede kan aangveoer word, dat alhoewel die burgerlike reg die beroepsbrief op die oogaf beoordeel as 'n werkskontrak tussen werkgewer en werknemer, dit nie is

hoe die beroepsbrief vanuit 'n hermeneutiek van kerkreg beoordeel word nie. Die beroepsbrief dien as die bevestiging dat 'n kerkraad onder leiding van die Heilige Gees die beroep uitgebring het waarna die beroepe predikant sy of haar antwoord daarop biddend oorweeg. Die beroepsbrief toon dus 'n belydende karakter. Die uitbring van 'n beroep asook die antwoord daarop is 'n geloofsaak. Daarom kan 'n beroepsbrief nié dien as 'n kontrak tussen die werkgewer en werknemer met allerhande arbeidsregtelike voorwaardes nie. Dít is sake wat juridies van aard is en tuishoort in die burgerlike reg. 'n Beroepsbrief is 'n geloofsaak en hoort dus tuis in die kerkreg as teologiese dissipline.

### 5.1.9 Anti-hiërargiese- en rotasiebeginsel

Die anti-hiërargiese beginsel is wesenlik van die kerkbegrip van die NHKA en het ten doel om enige vorm van menslike mag en gesag te weer uit die kerk waarvan alleen Jesus Christus die Hoof is. As deel van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, die kerkbegrip wat gehandhaaf word in die NHKA, kom die beginsel pertinent voor in die Kerkorde van die NHKA. In die aanhef tot Ordereël 4 staan:

> Jesus Christus is die enigste Hoof van die kerk. Ampsdraers is dienaars van Jesus Christus wat in vergaderings van die ampte byeenkom. Hulle opdrag behels verkondiging, toerusting, opbouing, versorging, beskerming, regering en leiding in die Kerk.
>
> Die een vergadering heers nie oor die ander, die een amp nie oor die ander en die een ampsdraer nie oor die ander.
>
> (NHKA 2019:39)

Coertzen (1999:93) wys op die gevaar wat ‘n hiërargie in die kerk tot gevolg kan hê en hoe dit die Hoofskap van Christus in gedrang bring. Christus se Hoofskap oor die kerk is deur die geskiedenis verskeie kere formeel erken, terwyl dit eintlik in die hande van

mense geplaas is. Hierdie invloede kom van binne en buite die kerk. Dit gebeur wanneer 'n hiërargie ontstaan onder hulle wat Christus moet dien. Dit loop uit op pogings waarin mense, ampsdraers van die kerk, oor mekaar wil heers en meer gesag as die volgende wil hê. Dit is interessant dat hier ook gewys word op 'getalle heerskappy in die kerk' wat duidelik die hermeneutiese vertrekpunt wat vroeër in hierdie studie aangespreek is, naamlik dat dit nie gaan oor die meerderheid stem nie, maar eerder of die Gees gehoor word wanneer Hy leiding gee, buite rekening gelaat en op die ou end heeltemaal geïgnoreer word.

> Dit is ongelukkig nie die minste van gevare nie dat die kerk Christus se heerskappy kan verplaas in die hande van juis die mense wat Sy heerskappy op 'n besondere wyse moet dien, naamlik die ampte in die kerk. So 'n toedrag van sake het in die sestiende eeu aanleiding gegee tot die Reformasie. Dit is in ons dag nie minder van 'n bedreiging vir die kerk nie.
>
> (Coertzen 1991:93)

Die anti-hiërargiese beginsel kom in verskeie historiese kerkordes voor soos aangetoon in hoofstuk 3 van hierdie studie. Dit word reeds pertinent genoem in die eerste artikel van die Discipline Ecclésiastiques van 1559. Hier het dit betrekking op die verhouding tussen gemeentes in dié opsig dat een gemeente nie oor 'n ander heers nie. Dieselfde beginsel kom ook voor by die Konvent van Wezel in 1568 in terme van een gemeente wat nie oor 'n ander heers nie, terwyl in artikel 121 nog 'n reëling getref word teen die agtergrond van die anti-hiërargiese beginsel, naamlik dat die plek waar die klassikale vergadering plaasvind, geroteer word (kyk Pont 1981:90).

Tydens die sinode van Emden in 1571 is hierdie beginsel weereens uitgebrei tot so 'n mate waar dit ook gestel word dat een amp ook nie oor 'n ander heers nie.

> Geen kerk zal over een andere kerk, geen dienaar des Woords, geen ouderling, noch diaken, zal den over de ander heerschappij voeren, maar een iegelijk zal zich voor alle suspiciën, en aanlokking om te heerschappen wachten.
>
> (Pont 1981:103)

Van Wyk (2005:111) toon aan dat die anti-hiërargiese beginsel konsekwent in historiese kerkordes gehandhaaf word tot by die kerkorde van Dordt van 1618-19.

In die kerk van Christus, veral teen die agtergrond van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, is daar in die kerk geen ruimte vir ‘n hiërargie van watter aard ookal, nie. Oor ‘n hiërargie in die kerk huldig Bouwman (1928:87) die standpunt: ‘maar het N. Testament weet hiervan niets, en keurt elken vorm van hiërarchie beslist af.’

Teen die agtergrond van die anti-hiërargiese beginsel, lê die saak van rotasie.

Die punt is reeds gemaak in hoofstuk 4 dat alhoewel die Kerkorde as skriftuurlik beskou word, dit nie beteken dat daar ‘n klaarpas kerkorde in die Skrif voorkom wat net so op die kerk vandag van toepassing gemaak kan word nie. Dieselfde beginsel geld ook vir die rotasiebeginsel deurdat dit, soos wat Van Wyk (2005:115) dit beskryf, nie ‘n dwingende en reglynige skriftuurlike vereiste is nie.

> Die rotasiebeginsel is inderdaad nie ‘n dwingende en reglynige skriftuurlike vereiste nie, maar word om bepaalde kerkregtelike redes wat verband hou met die Roomse erfenis, in die kerkorde gehandhaaf. Die neiging tot hiërargie wat gewoonlik deur ‘n gebrek aan rotasie in die hand gewerk word, tas die alleenheerskappy van Christus aan, en verskaf op indirekte wyse ‘n Skriftuurlike argument waarom die uitganspunt gehandhaaf moet word.

Verder voer Van Wyk (2005:243) aan dat alhoewel die rotasiebeginsel nie skriftuurlik nie maar wel histories bepaald is, die doel daarvan wel ‘n Skriftuurlike uitgangspunt is ‘naamlik alle eer aan God as Hoof van die kerk.’

Die rotasiebeginsel kom ook in die kerkorde van die NHKA duidelik na vore. In die verlede is die rotasiebeginsel op twee sake van toepassing gewees, eerstens op die dienstermyn[62] van ampsdraers en tweedens op die afvaardiging van ampsdraers na vergaderings en om verkies te word op die kommissie van die betrokke vergadering. Oor die dienstermyn van ampsdraers maak Bouwman (1928:111) die volgende opmerking:

> Slechts een deel van de Gereformeerde kerken, die zich vormden naar de beginselen van Calvijn, hebben om praktische redenen, om hiërarchie te voorkomen en den invloed der gemeente op de regeering der kerk te sterken, bepaald, dat de ouderlingen en diakenen voor een bepaalden tijd zouden dienen.

Tans word slegs die saak rondom afvaardiging en die termyn wat ‘n ampsdraer op ‘n kommissie dien, kerkordelik gereël. Aan ouderlinge en diakens wat in gemeentes dien se ampswerk word nie meer 'n termyn gekoppel nie.

Die rotasiebeginsel geld in die Kerkorde van die NHKA ten opsigte van die kerkraadsvergadering, ringsvergadering, Algemene Diakensvergadering asook die Algemene Kerkvergadering. Vir die kerkraadsvergadering word in Ordinansie 4.1.1 (vi) (NHKA 2019:40) bepaal dat indien ‘n gemeente beskik oor twee predikante, hulle om die beurt optree as voorsitter van die kerkraadsvergadering. Wat die ringskommissie betref bepaal die Kerkorde in Ordinansie 4.2.3 (x) (NHKA 2019:49) dat die voorsitter en skriba nie vir langer as drie agtereenvolgende termyne as voorsitter of skriba dien nie. Hierdie ordinansie is verskeie kere so geïnterpreteer dat ringsvergaderings ‘n voorsitter en skriba verkies en dan aanvaar dat hulle verkies is vir ‘n termyn van drie jaar en dan eers na drie jaar verloop het, weer ‘n voorsitter en skriba verkies. Hierdie werkswyse wat deur

[62] Tydens die 64ste Algemene Kerkvergadering is besluit om hierdie reëling te laat verval (NHKA 1995:32).

sommige ringsvergaderings gevolg is, is natuurlik nie die bedoeling van sodanige ordinansie nie. In Ordinansie 4.4.4 (vii) (NHKA 2019:52) word bepaal dat geen ampsdraer vir langer as drie termyne, en nie vir langer as twee termyne in dieselfde posisie, verkies word op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie. ‘n Diaken word nie vir langer as twee termyne as voorsitter of skriba van die Algemene Diakensvergadering verkies nie, en word ook nie na meer as drie agtereenvolgende Algemene Diakensvergaderings afgevaardig nie (Ordinansie 4.2.1 (ii) (NHKA 2019:45) en Ordinansie 4.7.3.1 (vii) (NHKA 2019:59).

Daar word dikwels tydens die Algemene Kerkvergadering asook die Algemene Diakensvergadering debat gevoer oor die toepassing van die rotasiebeginsel by die verkiesing van die kommissies van dié betrokke vergaderings. Die indruk word soms geskep dat die beginsel rondom rotasie ‘n bedreiging skep vir die voortgang van die Kerk se werk. Die argument word gevoer dat indien die rotasiebeginsel toegepas word, dit die kontinuïteit van die betrokke kommissie se werksaamhede negatief sal beïnvloed. Kontinuïteit moet volgens sommige voorstanders eerder behou word omdat die betrokke ampsdraer(s) wat die leiding neem so knap is en dat die Kerk dit nie kan beskostig om hulle te ‘verloor’ nie. Onmiddelik kan die vraag gevra word wat betref die teendeel van hierdie opmerking: ‘Is daar geen ander ampsdraers wat ook bevoeg is om die betrokke taak te verrig nie?’ Watter rol speel die leiding van die Heilige Gees in die uitvoer van ampspligte en in watter mate word Christus vertrou om steeds sy kerk te lei, te bewaar en te beskerm wanneer die welwese van die Kerk gesetel is in sekere ampsdraers wat ‘n bepaalde posisie beklee?

Dit sluit aan by die volgende opmerking van Van Wyk (2005:244-245):

> Die mees voor die hand liggende argument waarom rotasie problematies beleef word, is die besorgdheid oor kontinuïteit wat deur rotasie in die hand gewerk word. Dit moet ook toegegee word dat die Nederduitsch Hervormde Kerk moeilik tot rotasie kom, ten spyte van die feit dat die Algemene Kerkvergadering gekies het vir die Presbiteriaal-sinodale stelsel.

Tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering word ‘n beskrywingspunt ingedien deur die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering waarin voorgestel word dat die woord 'verkieslik' ingevoeg word in Ordinansie 3.11.1 (i)(a)[63] wat die afvaardiging van diakens na die Algemene Diakensvergadering reël. Die motivering wat gegee word vir die beskrywingspunt lui soos volg:

> - Gewillige, beskikbare en bekwame diakens gaan verlore.
> - Dit neem nuutverkose diakens 'n tydperk om vertroud te raak met die werksaamhede van die ringsdiakensvergadering en Algemene Diakensvergadering.
>
> Ons het begrip vir die motiverings vervat in die rotasiebeginsel, maar is van mening dat dit verkieslik en waar moontlik toegepas moet word. Kontinuïteit en verlies in kundigheid en vaardigheid mag nie daardeur in gedrang kom nie.
>
> (NHKA 2016:218)

Die invoeging van die woorde ‘verkieslik’ en ‘indien moontlik’ impliseer dat die rotasiebeginsel verval wat betref afvaardiging na die Algemene Diakensvergadering. Die beskrywingspunt wat aanvanklik gedien het tydens die 71ste Algemene kerkvergadering word vervang met die volgende voorstel (NHKA 2016:218) en so deur die vergadering aanvaar:

[63] Die Kerkorde waarna hier verwys word is dié een wat vasgestel is in 2013 tydens die 70ste Algemene Kerkvergadering. Tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering gedurende September 2016 is die nuwe Kerkorde aanvaar waarna, tensy anders aangedui, in hierdie studie na verwys word as die Kerkorde van die NHKA.

> Die rotasiebeginsel ten opsigte van die afvaardiging van diakens na die Algemene Diakensvergadering verval, sodat dit in lyn sal wees met die afvaardiging van ouderlinge na die Algemene Kerkvergadering.

Die rotasiebeginsel verval dus wat betref die afvaardiging van diakens na die Algemene Diakensvergadering. Hierdie besluit van die Algemene Kerkvergadering vind neerslag in Ordinansie 4.2.2 (xxxi) van die Kerkorde. Dit is uit die bogenoemde voorstel wat aanvaar is tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering duidelik dat die rotasiebeginsel wat betref die afvaardiging van ampsdraers na die Algemene Kerkvergadering, ook verval het, soos aangetoon in Ordinansie 4.1.2 (xxxi):

> [Die kerkraadsvergadering] vaardig ampsdraers, as verteenwoordigers van hulle ampte, af na die bykomende vergaderings van die ampte, en maak voorsiening vir die nodige reis- en verblyfkoste.
>
> (NHKA 2019:43)

Die rotasiebeginsel vorm teen die agtergrond van die anti-hiërargiese beginsel deel van kerkordelike reëlings ten einde te poog dat een ampsdraer nie hoër as ‘n ander geag word of ondergeskik is aan ‘n ander nie, en ook dat geen amp belangriker is as die ander nie. Verder sou daarmee ook gepoog word om te verhoed dat ‘n ampsdraer nie vir etlike jare ‘n bepaalde plek op ‘n kommissie inneem en bloot op grond van die jare lange besetting van die bepaalde posisie uiteindelik ‘n bepaalde gesagsposisie beklee nie. Daardeur sou die Christusregering in die skaduwee val van ‘n persoon wat oor jare heen ‘n sekere prominensie in die Kerk gekry het.

Met verwysing na die handhawing van die rotasiebeginsel is die volgende opmerking van Van Wyk (2005:246-247) van groot waarde:

> ‘n Vaste sinodale kommissie met lede wat soms lewenslank deel daarvan uitmaak, werk ‘n kerkregering in die hand wat prominensie verleen aan die statuur van die persone ter sprake. Uitfasering van die rotasiebeginsel kan as ‘n stap terugwaarts in die regering van die Kerk beskou word, en sou die argument dat die kerkregering van die Nederduitsch Hervormde Kerk kollegiale trekke vertoon, nie ongegrond maak nie. Die invoering van die woord *verkieslik*, is die spreekwoordelike wolf in skaapsklere.

Ten slotte kan gestel word dat ‘n hiërargie in die kerk lei tot ‘n tipe regering in die kerk wat die kerk van sy Christusregering ontneem, en terslefdertyd nie die Hoofskap van Christus erken nie. Dit lei tot ‘n toe-eiening van mag wat die vrede en orde in die kerk versteur omdat die opdrag van Christus nie meer die norm is nie, maar eerder die eie agenda wat lei tot konflik in die kerk. Ampswerk is dienswerk in die voetspoor van die waarlike Dienskneg, Jesus Christus wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om self te dien (vgl. Mark 10:45).

#### 5.1.10 Broederlike gesprek teenoor die beroep op ’n wêreldlike hof

Die NHKA begrond sy verantwoordelikheid om die kerklike dissipline toe te pas in die Skrif. Die aanhef tot Ordereël 8 lui soos volg:

> Die Woord van God skep orde en dissipline in die Kerk. Daaruit vloei die verwagting dat almal ooreenkomstig die Woord van God glo en leef, en Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk erken. So word die eenheid en eendrag bewaar en bevorder.
>
> (NHKA 2019:78)

Die beroep op ‘n wêreldlike hof is ‘n saak wat pertinent in die Kerkorde van die NHKA aan die orde gestel word. In die Kerkorde word in Ordereël 8.3.3 bepaal dat lidmate en

ampsdraers hulle nie op ‘n *wêreldlike hof* beroep met verbygaan van die kerklike dissipline nie (NHKA 2017:78) (eie kursivering). Die saak word ook aan die orde gestel in Ordereël 8.5.3 wat bepaal dat ‘n ampsdraer of lidmaat, nadat die tug toegepas is, hulle nie op ‘n *wêreldlike hof* mag beroep met die verbygaan van kerklike vergaderings nie (NHKA 2019:79) (eie kursivering). In Ordinansie 8.1.5 geld die volgende wat betref die beroep op ‘n wêreldlike instansie:

> Indien ‘n lidmaat of ampsdraer ‘n beroep op ‘n wêreldlike instansie doen of aandui dat so ‘n beroep op ‘n instansie gedoen gaan word om onderlinge geskille uit die weg te ruim sonder om die kerklike weg volledig te volg, word met so ‘n persoon onder die opsig en tug gehandel, en sal die lidmaat of ampsdraer aanspreeklik gehou word vir die Kerk se regskoste op ‘n prokureur-kliënt-skaal.
>
> (NHKA 2019:82)

Die toepassing van kerklike dissipline is ‘n saak wat begin onder die opsig deur ‘n broederlike gesprek tussen die betrokke partye (Ordinansie 8.1 (i)). Die oorsprong van die opsig word in die Kerkorde in Ordereël 8.3.1 soos volg verwoord:

> Opsig spruit voort uit die barmhartigheid van die Here met die bedoeling om die ware diens aan God te onderhou, en die suiwer leer en goeie orde te handhaaf.
>
> (NHKA 2019:78)

Die opsig wat lidmate en ampsdraers in die Kerk teenoor mekaar uitoefen is gegrond in Matteus 18:15-16. Jesus leer in hierdie teks dat wanneer iemand teen jou sondig dat die

saak tussen die betrokke partye besleg word by wyse van ‘n gesprek. Van Wyk (2008:1118) beskryf die broederlike gesprek as ‘die harde kern van kerklike dissipline wat as dit goedgaan, daarin slaag om alle kerklike geskille uit die weg te ruim.’ Wanneer dit nie slaag nie, word daar weer gesprek gevoer met ‘n getuie teenwoordig ten einde die probleem uit die weg te ruim. Indien die poging óók nie slaag nie, tug dan dié een wat nie wil gehoor gee nie (vgl. Van Wyk 2008:1118).

Die doel van die opsig is om versoening te bewerk en ongeruimdhede wat stremmend is vir die verkondiging en uitleef van die evangelie, uit die weg te ruim. Van Wyk (2005:262) definieer die opsig, waaronder die broederlike gesprek gevoer word, soos volg: ‘Opsig is ‘n meer informele handeling wat die oneffenheid waaroor gekla word uit die weg wil ruim sonder ‘n formele handeling.’

Haas (2009:342) toon dat reeds Calvyn die kerklike dissipline geskoei het op Matteus 18:15-19.

In sommige gevalle bepaal die Kerkorde wel dat ‘n tughandeling uitgevoer word sonder dat die weg van die opsig eers gevolg is (Ordinansie 8.2.1; 8.2.2). Hierdie kerkordelike reëling stem ooreen met Calvyn se gedagtes en word deur Haas (2009:343) soos volg gestel: ‘In cases of open, notorious, and flagrant sin, Calvin says that the church should immediately proceed to the third step without going through the first two.’

Ten einde kerklike dissipline toe te pas, wend die kerk hom dus tot ‘n ander werskwyse as om hom te wend tot die burgerlike reg. Die realiteit is egter dat lidmate van die kerk hulle vandag nie meer onderwerp aan die kekrlike reg en hulle dikwels eerder wend tot die burgerlike reg. Uit sulke optrede is dit duidelik dat die hermeneutiek waaruit die kerklike dissipline benader word as deel van die kerklike orde, ontbreek. As moontlike rede hiervoor stel Van Wyk (2005:257) dat die kerk deur die burgerlike owerheid gedegradeer word tot ‘n vrywillige vereniging. Dit bring mee dat indien iemand sy verbintenis met die kerk verbreek, die opsig- en tughandelinge van die betrokke kerk nie meer op so ‘n persoon van toepassing is nie.

Met betrekking tot lidmate van die Kerk wat hulle wend tot die burgerlike reg, maak Van Wyk (2005:264) ook die opmerking dat sodanige optrede in ‘n sekere sin verstaanbaar is wanneer die kerk fouteer. ‘Wanneer iemand benadeel word en hom tot die regbank van

die burgerlike owerheid wend, en die kerk skuldig bevind word, veral as die meriete daarvan sonder twyfel blyk, is dit seker begryplik.' Die teendeel hiervan is egter ook waar, naamlik dat sommige predikante hulle tot die burgerlike reg wend oor kerkordelike bepalings wat voor die hand liggend is, soos byvoorbeeld verlof (kyk Van Wyk 2005:264).

Pont bring die hantering van kerklike dissipline in verband met die verkondiging van die Woord en stel dit soos volg:

> Juis hiér kom die dissipline en tug na vore wat tot die moederlike taak van die kerk behoort. Want die kerk ontvang, baar en voed nie alleen die gelowige nie, maar neem hom onder sy sorg en leiding gedurende sy aardse lewe. Dit is dus die taak van die kerk om toe te sien dat iets van die geheiligde lewenswandel van die gelowige sigbaar word. Daarom is die handhawing van die tug en die dissipline die onveranderbare korrelaat van die gepredikte Woord.
>
> (Pont 1981:256 - 257)

So is ook die kerklike dissipline, net soos die verkondiging van die Woord, gegrond in die Skrif wat 'n uiters belangrike deel uitmaak van die korrekte hermeneutiese benadering tot die gedagte dat lidmate van die kerk hulle nie beroep op die burgerlik reg en wêreldlike howe nie, maar dat sake intern in die kerk opgelos word met die Woord as maatstaf.

Die doel van kerklike dissipline vorm na my mening die fondasie vir die korrekte hermeneutiese benadering daartoe. Die verskil tussen 'n broederlike gesprek enersyds, as deel van die opsig en kerklike dissipline, en die beroep op 'n wêreldlike hof andersyds is sake wat in twee verskillende sfere plaasvind. Om dan die vraag te beantwoord wat die doel van die kerklike dissipline is kan eerstens daarop gewys word dat dit is om gehoorsaam aan die Skrif vrede en versoening te bewerk waar die verhouding tussen medegelowiges skade gely het. Hierteenoor berus die beginsel van hofuitsprake op regverdigheid, billikheid en redelikheid binne die konteks van die wêreldlike reg, en nie liefde en versoening nie (Ordereël 8.3.2). In die tweede plek neem lidmate

verantwoordelikheid vir mekaar en poog om in liefde vir mekaar die pad te wys soos wat Christus hulle kom leer het om dit te doen. In die feit dat lidmate vir mekaar verantwoordelikheid aanvaar word ook iets sigbaar van die eenheid en eensgesindheid wat in die kerk behoort te heers (Efesiërs 4:3-6[64]). Die beroep op ‘n wêreldlike hof in plaas daarvan om die kerklike weg van die opsig te volg, dui juis nie daarop dat die verskillende partye wat betrokke is vir mekaar verantwoordelikheid aanvaar nie. Na ‘n uitspraak gelewer deur ‘n wêreldlike hof is dit eerder verdeeldheid wat sigbaar word as eenheid tussen die partye betrokke. Laastens kan gewys word op Ordereël 8.3.1 van die NHKA se Kerkorde waarin die doel van die opsig geformuleer word: ‘Opsig spruit uit die barmhartigheid van die Here met die bedoeling om die ware diens aan God te onderhou, en die suiwer leer en goeie orde te handhaaf’ (NHKA 2019:78).

Die uniekheid van die kerklike opsig, benader by wyse van ‘n hermeneutiek van kerkreg, toon aan dat daar ‘n duidelike verskil is in die manier waarop dissipline toegepas word volgens die kerklike reg en die burgerlike reg. Daar is aangetoon dat die twee metodes verskillende norme en doelstellings het. Daarom behoort kerklike dissipline toegepas te word binne die kerkordelike reëls soos begrond in die Skrif, en nie binne die reëls van die burgerlike reg nie. ‘n Beroep op ‘n wêreldlike hof eerder as om die kerklike weg van die opsig te stap, plaas klem op die regverdigheid en skuldigbevinding van die ander party, eerder as op versoening, eenheid in die kerk, diens aan God en die onderhouding van die suiwer leer en goeie orde binne die kerk.

[64] [3]Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. [4]Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. [5]Daar is net één Here, één geloof, één doop, [6]één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

# HOOFSTUK 6

# SLOTOPMERKINGS

Hierdie studie het ten doel gehad om ‘n hermeneutiek van kerkreg toe te pas op die Kerkorde van die NHKA. Daar is uitgegaan van die standpunt dat die lees, interpretasie en toepassing van die Kerkorde ‘n bepaalde hermeneutiek verg. Hierdie hermeneutiek, waarna verwys is as ‘n hermeneutiek van kerkreg, word deur verskeie faktore bepaal.

Eerstens is die kerkregtelike tradisie van die betrokke kerk van belang vir die vorming van ‘n hermeneutiek van kerkreg. Om die NHKA se kerkregtelike tradisie aan te toon is die historiese ontwikkeling van kerkordes onder die vergrootglas geplaas. Daar is aangetoon dat verskeie kerkordelike bepalings, soos wat dit tans neerslag vind in die Kerkorde van die NHKA, histories baie ver teruggevoer kan word na die invloedryke gedagtes van Calvyn. Daar is ook aangetoon hoe dat sommige van hierdie kerkordelike reëlings deur die geskiedenis ontwikkel het. Hierdie kerkordelike reëlings is nie onveranderlik in die Kerkorde van die NHKA opgeneem soos wat dit in die historiese kerkordes voorkom nie. Dit is ook aangepas by die konteks en tyd waarin die NHKA hom vandag bevind ten einde die essensie daarvan te verwoord binne ‘n eie kerklike konteks sonder dat die bedoeling van die betrokke kerkordelike reëlings in die slag bly.

Daar is aangetoon dat die NHKA se kerkregtelike tradisie, wat sy Kerkorde insluit, in die tradisie lê van Calvyn se denke oor die kerklike orde. Daar is ‘n sterk verband tussen die kerkordelike denke van die NHKA en dié van die Nederlandse Hervormde Kerk in dié sin dat die kerkorde wat in 1951 deur die Nederlandse Hervormde Kerk aanvaar is, in wese die Kerkwet en Bepalings geword het van die NHKA in 1951, natuurlik binne die konteks van die eie Kerk. In die lig hiervan is tot die slotsom gekom dat die NHKA, in die spore van die Nederlandse Hervormde Kerk, in 1951 kon wegkom van die invloed van die *Algemeen Reglement* van 1816 waar die kerk nie regeer is deur sy Hoof Jesus Christus nie, maar bestuur is deur die owerheid.

Vervolgens is verskeie grondbeginsels van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, wat ook die kerkbegrip is wat die NHKA gekies het om te handhaaf, aan die orde gestel. Dit is van wesenlike belang dat hierdie genoemde beginsels nie uitgelaat word wanneer oor die kerklike orde gedink word nie. Die verbintenis van die kerkorde aan die Skrif as *norma normans* en aan die belydenis as *norma normata*, is ononderhandelbaar. Indien die kerkorde se verband met die Skrif en belydenis nie aanvaar word nie, is dit waarmee besig is, nie meer die kerklike orde nie maar gelyk aan reëls van ’n sosiale wêreldlike veniging. Daarom is die Kerkorde van die NHKA skriftuurlik van aard wat nié beteken dat die kerkorde direk uit die Skrif afgelees kan word nie, maar dat die essensie daarvan in die Skrif voorkom.

Verdere grondbeginsels waarna verwys is vir die hermeneutiek waarmee die Kerkorde benader behoort te word, is die feit dat die Kerkorde as ‘n liturgiese geskrif geklassifiseer word wat aan die kerkorde, net soos byvoorbeeld ‘n diensformulier, ‘n eiesoortige karakter vertoon en daarom ook ‘n eiesoortige interpretasie vra. Die goedkeuring van ‘n kerkorde by wyse van ‘n sinodale besluit het die plek en gesag van kerklike vergaderings, as deel van die vergestalting van die Kerkorde, bespreek. Dit belig uiteraard ook die feit dat die Kerkorde ‘n bepaalde gesag dra binne die NHKA. Hierdie gesag is natuurlik gegrond in die Skrif en belydenis, asook in die feit dat Jesus Christus self die Hoof van die kerk is.

Op grond van die Kerkorde se verbintenis aan die Skrif en belydenis, word ‘n bepaalde ekklesiologie in die Kerkorde weerspieël. Hierdie ekklesiologie word nie gevorm op grond van bepaalde omstandighede en giere in die wêreld waarin die kerk hom bevind nie, maar in dít wat die Skrif leer oor die kerk. Eerstens is wat in die Skrif oor die kerk geleer word dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is. So word dit dan ook verwoord in die Kerkorde. Hierdie uitgangspunt kwalifiseer die ekklesiologie wat in die Kerkorde aan die orde gestel word onmiddellik as ‘n Christologiese ekklesiologie. Dit stop egter nie daar nie omdat die rol van die Heilige Gees in die verband nie agterweë gelaat kan word nie. Daarom word die ekklesiologie wat in die Kerkorde neerslag vind beoordeel as ‘n Christologies-pneumatologiese ekklesiologie. Hierin eggo die betekenis van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, naamlik Jesus Christus is die Hoof van die kerk, Hy regeer sy kerk onmiddellik deur sy Woord en Gees en middellik deur die ampte wat ter vergadering byeenkom. Die

Kerkorde is dus ‘n eiesoortige dokument wat ‘n eie hermeneutiese benadering vra. Die kerkorde is teologies van aard, nie juridies nie.

Verskeie van die kerkordelike beginsels waarna verwys is, is pertinent aan die orde gestel in hoofstuk 5 om aan te toon hoe dit neerslag vind in die NHKA se Kerkorde. Verder is die betrokke Ordereëls en Ordinansies in die Kerkorde uitgelig ten einde dit te interpreteer in die lig van ‘n hermeneutiek van kerkreg. Vervolgens word sommige van hierdie beginsels weer uitgelig.

Jesus Christus is die Hoof van die kerk (Ef 1:22). Sonder hierdie belydenis, wat ook die vertrekpunt is van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, word die kerk nie meer as kerk gesien nie en word dit vervlak tot ‘n sosiale instelling gelyk aan ‘n klub waar mense met dieselfde belangstellings hulleself saam groepeer.

Weereens in die lig van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip, word die kerk nie bestuur nie, maar deur sy Hoof regeer op ‘n bepaalde wyse. Daar is aangetoon hoe die kerk op Nederlandse bodem vir meer as ‘n eeu (1816 – 1951) pogings aangewend het om los te kom daarvan dat die kerk bestuur word vanuit owerheidsweë, en eers in 1951 daarin kon slaag met die implementering van ‘n nuwe kerkorde. Hierdie gebeure het dan ook ‘n geweldige effek gehad op die NHKA deurdat die NHKA in dieselfde jaar die Kerkwet en Bepalings in gebruik geneem het wat geskoei was op die 1951 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk.

Die ampte funksioneer in die NHKA nie as hooggeplaaste funksionarisse nie, maar eerder as dienaars in navolging van Christus. Op grond van gawes wat aan gelowiges gegee word, funksioneer ampsdraers in diens van Christus as instrumente waardeur Hy sy kerk regeer.

Stemming tydens kerklike vergaderings moet nie verstaan word as ‘n demokratiese wyse waarop besluite geneem word nie. Na regte behoort daar onder die lede van kerklike vergaderings eenstemmigheid te wees omdat almal die Woord van God gebruik as norm. Tóg is dit op grond van menslike tekortkominge nie die geval nie en is dit nodig dat daar soms gestem moet word. Steeds moet elkeen wat ‘n stem uitbring, toesien dat daardie stem gemeet word aan wat God in sy Woord beveel. ‘n Ampsdraer word na ‘n kerklike vergadering afgevaardig as verteenwoordiger van sy amp, en nie as verteenwoordiger

van die gemeente of kerkraad met ‘n mandaat om so te gaan stem om die gemeente se stem te laat hoor nie. Die norm vir stemming tydens kerklike vergaderings bly steeds die Skrif.

Die plaaslike gemeente is die verskyningsvorm van die kerk op aarde. Dit is waar die Woord Sondag na Sondag gepreek word en waar die sakramente bedien word. Gemeentes staan in ‘n verhouding tot mekaar waardeur die eenheid van die kerk op aarde sigbaar moet word. Om hierdie rede kan die opmerking gemaak word dat wanneer oor die kerk gedink word, die gedagtes begin by die plaaslike gemeente omdat dit is waar die kerk van Jesus Christus sigbaar word. Die plaaslike gemeente het egter nie die bevoegdheid om oor alle kerklike sake besluite te neem nie, maar slegs dié sake wat op die gemeente van toepassing is, en nie op die breë kerk nie. Hierdie stelling maak egter nie die deur oop dat gemeentes na goeddunke kan handel en die eenheid van die kerk daardeur in gevaar stel nie. Hier moet gewaak word teen die verskynsel van *independentisme.* Die begrippe *ecclesia completa* en *ecclesia completa ét incompleta*, is hier van belang.

Dit is uiters belangrik dat die skeiding tussen kerk en staat gehandhaaf word. Dit beteken egter nie dat die twee van mekaar geïsoleer is nie. Die kerk het steeds ‘n getuienistaak teenoor die owerheid omdat die kerk die owerheid sien as daargestel deur God om wet en orde te handhaaf. Daarom is dit die kerk se verantwoordelikheid om die owerheid vanuit die Skrif leiding te gee en te bemoedig. Dit is soms onafwendbaar dat die kerlike- en owerheidsweë mekaar ontmoet. In sulke gevalle is dit steeds nodig dat die owerheid die kerk nie oorheers nie en die kerk die vryheid gee om sy geloof en godsdiens te beoefen op grond van die kerk se eie verstaan van die Skrif en sy dogma wat daaruit geformuleer is.

Die kerkorde is ‘n eiesoortige teologiese dokument wat ‘n ander karakter toon en nie benader en gebruik moet word as ‘n wet- of reëlboek gelyk aan die grondwet of konstitusie van ‘n klub of enige sosiale instelling nie. Die kerk word toegelaat om sy eie orde op te stel en te handhaaf sonder inmenging van die owerheid. Met die regte hermeneutiese vertrekpunt kan aanvaar word dat die orde van die kerk nie teenstrydig sal wees met die

burgerlike wet wat die orde in die samelewing reël nie, juis omdat die kerklike reg gegrond is in die Skrif en belydenis van die kerk.

‘n Beroepsbrief kan nie in dieselfde lig gesien word as ‘n dienskontrak nie. Die verhouding tussen die predikant en kerkraad kan ook nie gesien word as ‘n diensverhouding nie. Dit het in die verlede by verskeie kerke gebeur dat van die burgerlike reg verwag word om arbeidsgeskille op te los, in dié sin dat die hof uitspraak sal lewer oor die vraag of ‘n beroepsbrief as dienskontrak beskou word al dan nie, en of die verhouding tussen predikant en kerkraad ‘n diensverhouding is waarin alle arbeidsregtelike implikasies nagekom behoort te word, al dan nie. Daar is aangetoon dat die hof hom, in sy uitspraak oor arbeidsverwante sake waar die beroepsbrief ter sprake kom, laat lei deur die betrokke kerk se siening van die beroepsbrief - of dit ‘n dienskontrak is al dan nie. In die lig hiervan kan die NHKA net daarby baat om sy standpunt oor hoe hy die beroepsbrief verstaan, amptelik te verwoord.

Daar is ook in hierdie studie aangetoon dat die formulier vir die bevestiging van dienaars van die Woord en die beroepsbrief nie van mekaar geïsoleer moet word nie, maar dat die beroepsbrief geïnterpreteer word teen die agtergrond van die bevestigingsformulier.

Op grond van Christus se Hoofskap van die kerk, is daar in die kerk nie plek vir ‘n hiërargie nie. Die anti-hiërargiese beginsel moet deurgaans gehandhaaf word en in die verlengstuk daarvan lê die rotasiebeginsel, wat verhoed dat ampsdraers vir lang termyne hulleself in bepaalde posisies bevind. Daar is na die uitspraak verwys dat sodanige optrede die Hoofskap van Christus in gedrang kan bring.

Gegrond in Matteus 18:15-19 wil die kerk poog dat konflik in die kerk op ‘n kerkordelike wyse hanteer en opgelos sal word.

Verskeie kere in die verlede het konflik tussen predikante en kerkrade uitgeloop op hofsake waar van ‘n wêreldlike hof verwag word om aan die hand van die burgerlike reg uitspraak te lewer oor sake wat tuishoort onder die kerklike reg. Daar is aangetoon dat die burgerlike reg juridies van aard is en die kerkreg teologies, en dat elkeen ook sy eie doelwit het. Om hierdie rede beroep ampsdraers hulle nie op 'n wêreldlike hof sonder dat die saak wat ter sprake is nie eers onder die opsig hanteer is nie.

Ten slotte kan verwys word na die gedagte van Noordmans (1984:430) wat veral van pas is in ‘n studie soos hierdie wat ten doel gehad het om aan te toon dat 'n hermeneutiek van kerkreg van wesenlike belang is vir die lees, interpretasie en toepassing van die kerklike orde in die algemeen, maar spesifiek ook in die NHKA: ‘Kerkelijk denken, voorwaarde voor kerkorde.’

# BIBLIOGRAFIE


Bakker, W., [1988], Wat is kerkrecht?, in Van't Spijker, W & Van Drimmelen, LC (reds). *Inleiding tot de studie van het kerkrecht,* 13-19. Kampen: Kok.

Balke, W & Oostenbrink-Evers, H. 1993, *De commissie voor De Kerkorde (1945-1950).* Zoetermeer: Boeckencentrum.

Barth, K., 1964, *Die Kirchliche Dogmatik*, IV/2, EVZ, Zürich.

Beukes, M.J. duP., 1994a, *Erediens II*. KITAL: Pretoria

Beukes, M. J. du P., 1994b, 'n Alternatiewe formulier vir die bevestiging van dienaars van die Woord. *Hervormde Teologiese Studies* 60 (1&2).

Boersma, O., 1994, *Vluchtig voorbeeld: De Nederlandse, Franse en Italiaanse vluchtelingenkerken in Londen, 1568-1585.* DD Proefskrif

Bonhoeffer, D., 1971, *Das Wesen der Kirche.* München: Kaiser.

Botha, S. J., 1989, Die Volkskerk, in Botha, SJ (red), Van der Westhuizen HG en Van Zyl, FJ. *Belydende Volkskerk*. Pretoria: KITAL

Bouwman, H., 1928, *Gereformeerd Kerkrecht I*. Kampen: Kok.

Bouwman, H., 1934, *Gereformeerd Kerkrecht II: Het recht der kerken in de praktijk.* Kampen: Kok.

Bowie, A., 2005, The philosophical significance of Schleiermacher's hermeneutics, in Mariña, J (ed). *The Cambridge companion to Friedrich Schleiermacher,* 73-90. New York: Cambridge University Press.

Bronkhorst, A. J., 1945, *Op weg naar een nieuwe Kerkorde: De beteekenis van de komende Generale Synode voor de Nederlandsch Hervormde Kerk.* Amsterdam: W. ten Have.

Bronkhorst, A. J., [1988], Schrift en kerkorde, in Van't Spijker, W & Van Drimmelen, LC (reds). *Inleiding tot de studie van het kerkrecht,* 43-581988. Kampen: Kok

Bultmann, R., [1955] 1983, Theology of the New Testament, vol 1. 1st British Edition. London: SCM Press.

Calvyn, J., 1559 [1949], *Institutie of onderwijzing in de christelijke godsdienst*. Uit het Latijn vertaald door dr. A. Sizoo. Derde deel. Tweede druk. Naamloze vennootschap W. D. Meinema: Delft.

Coertzen, P., 1991, *Gepas en ordelik. 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Collins, R. F., 1988, *'Letters that Paul did not write: The epistle to the Hebrews and the and the Pauline pseudoepigrapha'* Good News Studies 28, Michael Glazier, Delaware.

De Vos, D., 2017, *Hervormd en gereformeerd kerkrecht: Een vergelijking.* Brevier uitgeverij: Kampen.

Deist, F. E., [1984] 1992, A concise dictionary of theological and related terms. Pretoria: J L van Schaik.

Dingemans, G.D.J., 1987, *Een huis om in te wonen. Schetsen en bouwstenen voor een Kerk en een Kerkorde van de toekomst.*Boeckencentrum B.V.: 's-Gravenhage.

Dingemans, G. D. J., [1988], Kerkorde als theologische vormgeving, in Van't Spijker, W & Van Drimmelen, LC (reds). *Inleiding tot de studie van het kerkrecht,* 207-220. Kampen: Kok.

Dreyer, Y., 2002, Perspectives on leadership. Leadership in the world of theBible: (De)institutionalisation as an ongoing process. Verbum et ecclesia23(3).

Dreyer, W. A., 1999, *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika - Die eerste 250 jaar. 1652-1902*. Pretoria: Kital.

Du Plooy, A. le R., 2012, Die hermeneutiek van gereformeerde kerkreg, *In die Skriflig/ In Luce Verbi* 46(1), Art. #36.

Du Toit, D. J., 2016, *Virtualiteit in Dietrich Bonhoffer se Sanctorum Communio.* PhD proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Du Toit, P. R., 1991, Die uitleg van 'n kerkorde, in Strauss, PJ (red). *Byderwets en gereformeerd,* 46-64.Bloemfontein: Pro Rege.

Engelbrecht, S. P., 1936, *Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika.* Tweede hersiene uitgawe. Kaapstad-Pretoria: HAUM - JH de Bussy.

Gemeinde, Kirche und Leib Christi bei Dietrich Bonhoeffer. Vortrag für die Tagung des Dietrich-Bonhoeffer-Vereins vom 15.-17. März 2013 im Augustinerkloster in Erfurt

Gijsbers, V., 2017, https://www.youtube.com/watch?v=zIEzc__BBxs

Graafland, C., 1999, *Gedachten over het ambt.* Uitgeverij Boekencentrum: Zoetermeer.

Haas, G. H., 2009, Ethics and church discipline in Selderhuis, H J (ed). 2009, *The Calvin Handbook* (332-344). Eerdmans: Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K.

Haitjema, Th. L., 1951, *Nederlands Hervormd Kerkrecht.* Callenbach: Nijkerk.

Haitjema, Th. L., 1964, *De nieuwere geschiedenis van Neerlandse Kerk der Hervorming. Van Gereformeerde Kerkstaat tot Christus-belijdende Volkskerk.* Boeckencentrum: 's-Gravenhage.

Hooijer, C., 1846, *Kerkelijke wetten voor de Hervormden in het Koningrijk der Nederlanden*. Zaltbommel: Joh. Noman en zoon

Jansen, J., 1937 [1952], *Korte verklaring van de kerkorde der Gereformeerde Kerken.* Kok: Kampen.

Jones, R. J., 2010, *Die vorming van 'n eietydse ampsbegrip: Jesus se oproep tot dissipelskap.* PhD proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Junghans, H., 2003, Luther's Wittenberg, in McKim, D. K. (ed) *The Cambridge Companion to Martin Luther.* Cambridge University Press.

Käsemann, E., 1933, Lieb und Lieb Cristi: Eine Untersuchung zur paulinischen

Begrifflichkeit. Tübingen: Mohr.

*Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk.* Uitgave Januari 1951, 's-Gravenhage: Boekencentrum N.V.

Keserci, M. & Toprak, M., 2013, Friedrich Daniel Ernst Schleiermacher's hermeneutics.Klei, B., 2001, De kerkorde en de generale synode, in , Van de Beek, A, en

Wassenaar, J.D.Th (reds) *De kerk op orde? Vijftig jaar hervormd leven met de kerkorde van 1951* (194-219). Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Koekemoer, J. H., 1966, Die betekenis en plek van hermeneutiek. *Hervormde Teologiese Studies* 22(2&3) 1-11.

Koffeman, L., 2009, *Het goed recht van de kerk. Een theologische inleiding op het kerkrecht.* Kampen: Kok.

Küng, H., [1968] 2001, The Church, tr. By R & R Ockenden. London: Burns & Oats.

Kuyper, H. H., 1898, *De christelijke vrijheid.* Kampen: Bos.

Louw, J. P. & Nida, E. A., 1989a, *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains,* vol 1. Cape Town: Bible Society of South Africa.

Louw, J. P. & Nida, E. A., 1989b, *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains,* vol 2. Cape Town: Bible Society of South Africa.

Luz, U., 1974, Erwägungen zur Entstehung des "Frühkatolizismus": Eine Skizze.

ZNW 65, 88-111.

Malbon, E. S., 1986, *Narrative space and mythical meaning in Mark: New voices in biblical studies.* San Fransisco: Harper

Nauta, D., 1959, Kerkorde, in *Christelijk Encyclopedie.* Dl. 4. Kampen: Kok.

Nauta, D. (red), 1971, *De synode van Emden oktober 1571. Een bundel opstellen ter gelegenheid van de vierhonderdjarige herdenking.* Kampen: Kok.

Nauta, D. & van Dooren, J. P. (reds), 1978, *De Nationale Synode van Dordrecht 1578. Gereformeerden uit de Noordelijke en de Zuidelijke Nederlanden bijeen*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn/Ton Bolland (www.kerkrecht.nl).

Nederduitse Gereformeerde Kerk, 2013. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.*

Nederduitsch Hervomde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1948. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1948. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Notule van die Regskommissie gehou op 18 April 1949. Argiefgroep K 5 1/1/1. Argief van die Raad vir Regsadvies 1949-. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1951. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1951. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1967. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1967. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1992. *Kerkwet en Bepalings.* KITAL: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 1995. Besluitebundel van die Algemene Kerkvergadering 1995. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1997. *Diensboek.* KITAL: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 2008. *Diensboek.* SENTIK: Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2013. Notule van die 70ste Algemene Kerkvergadering 2013. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Algemene Kerkvergadering 2016. Agenda van die 71ste Algemene Kerkvergadering 2016. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 2018. Notule van die Raad vir Kerkregtelike Advies gehou op 19 April 2018. Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 2019. *Kerkorde.*

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 2022(a). *Kerkorde.*

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 2022(b). Notule van die 73ste Algemene Kerkvergadering gehou vanaf 2-6 Oktober 2022. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 2023. Agenda van die Raad vir Kerkregtelike Advies om gehou te word op 26 September 2023. Pretoria.

Noordmans, O., 1984, *Verzamelde Werken, Deel V.* Kampen: Kok

Pelser, G. M. M., 1994, Enkele opmerkings oor die wese van die kerk. *HTS* 50, 311- 329.

Plasger, G., 2009, Ecclesiology in Selderhuis, H J (ed). 2009, *The Calvin Handbook* (323-332). Eerdmans: Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K.

Plomp, J., 1971, De kerkorde van Emden, in Nauta, D. (red), 1971. *De synode van Emden Oktober 1571. Een bundel opstellen ter gelegenheid van de vierhonderdjarige herdenking*88-121. Kampen: Kok.

Plomp, J., 1988, Kerk en recht, in Van ‘t Spijker, & Van Drimmelen, LC (reds). *Inleiding tot studie van het kerkrecht,* 32-42. Kampen: Kok.

Polman, A. D. R., 1957a, *Woord en belijdenis. Eenvoudige verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis.*Eerste deel. Wever: Franeker.

Polman, A. D. R., 1957b, *Woord en belijdenis. Eenvoudige verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis.* Tweede deel. Wever: Franeker.

Pont, A. D., 1971, Aantekeninge rondom die ampsopdrag van die diaken. *Hervormde Teologiese Studies* 27(1 & 2).

Pont, A. D., 1981, *Die historiese agtergrond van ons kerklike reg, Deel 1.* HAUM Uitgewery: Pretoria.

Pont, A. D., 1984, Rondom die begrafnisdiens. *Hervormde Teologiese Studies* 40(1).

Pont, A. D., 1991, *Die historiese agtergrond van ons kerklike reg. Deel 2.* KITAL: Pretoria.

Pont, A. D. 1993, Die doel en funksie van ‘n formulier. Memorandum vir die Raad van Bybelse en Liturgiese geskrifte van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ongepubliseerde werkstuk. Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Pont, A. D., 1994, Algemene Kergeskiedenis. ‘n Inleiding tot die Nederlandse Kerkgeskiedenis: Van diebeginjare tot 1795. HTS/Supplementum 6.

Protestantse Kerk in Nederland. Kerkorde en Ordinanties van de Protestantse Kerk in Nederland, 2022.

Rasker, A. J., 1986, *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795.* J. H. Kok: Kampen.

Raven, P., 2019, De Predikant als werkenemer, niet alleen een boeiend onderwerp, maar ook (zeer) actueel, in *Ambtelijk contact: Studieblad ten dienste van ouderlingen en diakenen van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland.* www.digibron.nl.

Rutgers, F. L., 1889, *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw.* ‘s-Gravenhage: Marcus Nijhoff. (www.kerkrecht.nl).

Smit, C. J., 1984, *God se orde vir sy kerk – ‘n beskouing oor kerkorde.* NG Kerkboekhandel: Pretoria.

Smit, C. J., 1985, *Kerkreg en kerkorde indie lig van God se orde vir sy kerk.* PhD proefskrif, Potchefstroom: PU vir CHO.

Smit, C. J., 1987, Kerkreg en kerkorde in diens van die kerkregering. Oorsig oor ‘n beskouing. *In die Skriflig* (21) 82

Smit, J., 2001, *'n Gereformeerd-kerkregtelike beoordeling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk*. ThM Verhandeling. Potchefstroom: PU vir CHO

Smit, J., 2004, Regulation and administration of a minister of religion’s office – a South African experience. *European Journal for Church and State Research – Revue europeenne d1991:es relations Eglises-Etat 11,* 177-195.

Smit, J., 2007, Die beroepsbrief in die gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – ‘n kontraktuele werksaanbod? *In die Skriflig* 41(4).

Smit, J. & Du Plooy, A. le R., 2008, “Reëling van die Gereformeerde Predikant se Diens – ´n Arbeidsregtelike of ´n Interne Kerklike Aangeleentheid?” *In die Skriflig* 60.

Speelman, H. A., 2019, Reformatie: Calvyn in Selderhuis, H.J. (red) *Handboek Gereformeerd Kerkrecht.* Uitgeverij Groen: Heerenveen.

Spoelstra, B., 1991, Opsoek na ‘n duidelike reformatoriese paradigma vir kerklike gesag. *Hervormde Teologiese Studies* (48)3 & 4.

Storm, J. M. G., 1989, *Die Voortrekkerkerk 1836-1853.* KITAL: Pretoria

Strauss, P. J., 2010, *Kerk en orde vandag: Met die klem op die NG Kerk.* Bloemfontein: SUN MeDIA.

Trilling, W., 1978, 'Impliziete Ekklesiologie': Ein Vorslag zum Thema "Jesu unddie Kirche', in Die Botshaft Jesu: Exegetische Orienterung, 52-72.Freiburg: Herder.

Van Aarde, A. G., 2003, Die ou-Kersaandgesprek van Friedrich Schleiermacher in Afrikaans: Agtergrond, vertaling en hermeneutiek. *Hervormde Telogiese Studies* 59(2).

Van Aarde, A. G., 2004, Inleiding tot en teologie van die deutero-Pauliniese briewe. BTh (NTW) 451 Studiehandleiding. Departement Nuwe Testamentiese-Wetenskap, Universiteit van Pretoria.

Van Coller, E. H., 2012, *Die funksionering van geloofsinstellings in Suid-Afrika: 'n Publiekregtelike ondersoek.* LLD Proefskrif. Universiteit van Johannesburg.

Van de Beek, A., [1988], Hermeneutiek van het kerkrecht, in Van't Spijker, W & Van Drimmelen, LC (reds). *Inleiding tot de studie van het kerkrecht,* 59-72. Kampen: Kok

Van den Heuvel, P., 1991, *De Hervormde Kerkorde. Een praktische toeligting*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Van den Heuvel, P., 2001, *De Hervormde Kerkorde, een praktische toelichting*

*onder verwerking van de uitspraken van de Generale Commissie voor de behandeling van Bezwaren en Geschillen*. Boekencentrum: Zoetermeer.

Van den Heuvel, P., 2004, *De toelichting op de kerkorde van de Protestantse Kerk in Nederland.* Boekencentrum: Zoetermeer.

Van den Heuvel, P., 2017, Gekleurde studie over kerkrecht in *Reformatorisch Dagblad* 14-04-2017. https://www.digibron.nl/viewer/collectie/Digibron/offset/4/zoekwoord/hervormd+of+gereformeerd+kerkrecht/id/tag:RD.nl,20170414:newsml_b8222485bbe2642f45eae5bb3ee051ed

Van der Linde, G. P. L., 1965, *Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel.* Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Westhuizen, H. G., 1989, Volkskerk as normale kerkbeskouing, in Botha, S. J. (red), Van der Westhuizen, H. G. en Van Zyl, F. J., 1989, *Belydende volkskerk.* KITAL: Pretoria.

Van der Westhuizen, H. G., 1990, *Kerk en kerkstening.* KITAL: Pretoria

Van Eck, E., 1995, Galilee and Jerusalem in Mark's story of Jesus. A narratological and social scientific reading. *HTS* supplementum 7. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van Staden, J. H., 2014, *Church law as ius sui generis in South Africa: A Reformed perspective.* PhD thesis. University of the Free State.

Van Staden, J., 2019, Wat kan die Hervormde Kerk leer by die Gaum-uitspraak?. *Hervormer, Jaargang 112, nommer 1.*

Van't Spijker, W., 1971, Stromingen onder de Reformatorisch Gezinden te Emden, in Nauta, D. et al, *De Synode van Emden 1571-1971*. Kampen.

Van 't Spijker, W., 1981, 'De acta van de synode van Middelburg (1581)', in: Van Dooren J, P. e.a. (red.), *De Nationale Synode te Middelburg in 1581. Calvinisme in opbouw in de Noordelijke en Zuidelijke Nederlanden* Deel I. Middelburg: Koninklijk Zeeuwsch Genootschap der Wetenschappen. (www.kerkrecht.nl)

Van't Spijker, W., 1990, Het presbyteriale-synodale stelsel, in Van't Spijker et al (red), *De Kerk,* 326-338. Kampen: De Groot Goudriaan.

Van't Spijker, W., [1988] De opvattingen van de reformatoren, in Van't Spijker, W & Van Drimmelen, LC (reds). *Inleiding tot de studie van het kerkrecht,* 86-103. Kampen: Kok

Van Wyk, B. J., 1991, *Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip.* Pretoria: Kital.

Van Wyk, B. J., 2005, *Die kerkorde en die kerklike reg in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die hand van die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip.* PhD proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Van Wyk, B. J., 2015, *Jesus Christus as kefale en die Gees as arabon vir die ekklesia: 'n eksegeties-hermeneutiese studie.* PhD proefskrif. Noordwes Universiteit.

Van Wyk, B.J., 2017, Efesiërs 1:14 en 1:22, 23 as ’n skriftuurlike maksimum minimum vir die ekklesiologie, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 73(1), a4073. https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.4073

Van Wyk, B. J., 2018, Die relevansie van kerkreg met besondere verwysing na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 74(4), a5118. https://doi.org/ 10.4102/hts.v74i4.5118.

Van Wyk, B. J. 2019, Die Ordnung der Gemeinde van Karl Barth (1886-1968). *Tydskrif vir Hervormde Teologie* Jaargang 7, Nommer 1. https://nhka.org/die-ordnung-der-gemeinde-van-karl-barth-1886-1968/

Van Wyk, B. J., 2020, Die debatteerbare kerkregtelike relevansie tussen 1618, 1816 en 1951 in verhouding tot die kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 76(1), a5912. https://doi.org/10.4102/hts.v76i1.5912.

Van Wyk, I. W. C., 2013, Die Hervormde Kerk: Soekend na ‘n weg tussen ekklesiologiese verstarring en innovasie sonder tradisie, *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 69(1), Art # 1999, 11 pages. https://doi.org/10.4102/hts.v69i1.1999

Van Wyk, I. W. C., 2020, *Martin Luther. ‘n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte.* HTS Teologiese Studies Supplement 13. AOSIS: Kaapstad.

Van Wyk, I. W. C., 2022. *Philipp Melanchton. Die denker, leermeester en opvoeder van die reformasie.* HTS Religion and Society Series, Volume 12. AOSIS: Kaapstad.

Vos, C. J. A., 2008, Om die horison te verken: Op soek na ‘n eietydse homiletiese hermeneutiek. *Hervormde Teologiese Studies* 64(1).